KERKARGIEF

# GEBEURE RONDOM EN AANLEIDING TOT DIE ONTSTAAN VAN DIE NUWE PROSTESTANTSE KERK IN AFRIKA.

( DIE DE VOS-KERK ).

d e u r

THOMAS ARNOLDUS MARAIS.

Voorgelê ter vervulling van 'n gedeelte
van die vereistes vir die

PROPONENTSEKSAMEN

aan die TEOLOGIESE FAKULTEIT (AFD. B )

van die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA.

1971.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

INHOUDSOPGAWE.


| | Bladsy. |
|---|---|
| VOORWOORD: | 1 |
| HOOFSTUK I. | 2 |
| Dr de Vos voor sy beroep na Durban. | 2 |
| HOOFSTUK II. | 6 |
| Dr. de Vos in Durban - aanleiding tot die aanvra van demissie deur ds. van Rooyen. | 6 |
| (i) Ontvangs van dr. D. de Vos in Durban - April 1940. | 6 |
| (a) Verwelkoming by aankoms. | 6 |
| (b) Verwelkomingsgeselligheid. | 7 |
| (c) Die Bevestigingsrede. | 7 |
| (d) Nagmaal. | 7 |
| (e) Pinksterbidure 1940. | 8 |
| (ii) Dr. de Vos en die politiek. | 9 |
| (iii) Enkele gemeentetwiste waarby dr. de Vos intiem betrokke was. | 11 |
| (a) Dr. G.S. Rousseau. | 11 |
| (b) Mnr. W. Fullard. | 11 |
| (c) Natalse Onderwysersunie. (N.O.U.) | 12 |
| (d) Mnr. W.O. Read. | 13 |
| (e) Ouderling H. Theunissen. | 14 |
| (iv) Verkoop van Mooreweg Pastorie. | 15 |
| (v) Werksverdeling tussen die twee leraars. | 16 |
| (vi) Diverse insidente. | 17 |
| HOOFSTUK III. | |
| Aanleiding tot die buitengewone Ringsvergadering van Maart 1944. | 21 |
| (i) Ds. van Rooyen doen aansoek om demissie: Redes. | 21 |
| (ii) Die stryd wat volg op ds. van Rooyen se aansoek. | 28 |
| (a) Ringskommissievergaderings van 12 en 24 Januarie 1944. | 28 |
| (b) Die kerkraadsvergaderings van 21 en 22 Januarie 1944. | 31 |
| (iii) Gebeure net voor die buitengewone Ringsvergadering 7-11 Maart 1944. | 34 |
| HOOFSTUK IV. | |
| Aanleiding tot die stigting van die Nuwe Protestantse kerk in Afrika. | 37 |
| (i) Buitengewone Ringsvergadering : 7-11 Maart 1944. | 37 |


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Bladsy.


(ii) Pogings van dr. de Vos om uitspraak van die Ring te dwarsboom. 38

(a) Appél na hoër gesag. 38

(b) Die Kerkraadsvergadering van 17.3.44. 38

(iii) Verskerpte skeuring in die gemeente. 41

(a) Die gemeentevergadering van 18.3.44. 41

(b) Die stryd om 'n Buitengewone Kerkraadsvergadering te belê. 42

(c) Sondagoggend 26.3.44. 43

(d) Die sluiting van die Sondagskool 16.4.44. 46

(iv) Die Ringsitting van Melmoth se besluite en die gevolge daarvan: 48

(a) Die vergadering in die pastorie van dr. de Vos - Saterdagaand 15.4.44. 50

(b) Ds. Odendaal word die preekstoel geweier, Sondag 16.4.44. 51

(c) Die Kerkraadsvergadering van 21 April 1944, verander in die stigtingsvergadering van die Nuwe Protestantse kerk in Afrika. 53

UITSPRAAK: 56

SLOT: 58

VOETNOTAS: 60

BYLAE: 64


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

# VOORWOORD

Op 21 April 1944 word die Nuwe Protestantse Kerk in Afrika in Durban gestig. Die stigtersvergadering het plaasgevind binne die kerkgebou van die N.G. Gemeente, Durban Sentraal.

Die vraag ontstaan dan onmiddellik: Is dit nie vreemd nie? Wat het die N.G. kerk te doen met hierdie nuwe „sekte?" Dit is dan die doel van hierdie studie, om die gebeurtenisse wat hiertoe aanleiding gegee het, histories sinvol weer te gee.

Nader bepaal gaan hierdie studie oor die gebeurtenisse rondom die lewe van dr. D.J.J. de Vos binne die N.G. kerk met meer spesifieke verwysings na die laaste vier jaar van sy bediening in die N.G. kerk, en wel in die gemeente Durban. Die rede hiervoor is dat hy die stigter was van die Nuwe Protestantse kerk, oftewel, die De Vos-kerk soos dit in die wandel bekend is.

Die studie is in baie opsigte slegs breë riglyne, omdat daar soveel stof oor hierdie aangeleentheid bestaan. Om die skrywe egter vollediger te maak, word van tyd tot tyd verwys na dokumente wat saam met hierdie studie in 'n Bylae ingebind is. 'n Nadere doel met hierdie Bylae is om die geskiedenis direkter te laat spreek deur die insluiting van al die belangrikste dokumente waarin die hoofkarakters van hierdie geskiedenisdrama self aan die woord is. En 'n drama was dit beslis.

- - - - - - - -

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

# HOOFSTUK I

## DR. DE VOS VOOR SY BEROEP NA DURBAN.

Wanneer daar verwys word na die ontstaan van die Nuwe Protestantse kerk, word daar verwys na die gebeure in Durban rondom die jare 1940-44. En sou ons alleen na die gebeure kyk sou ons miskien genoeg rede vind om die ontstaan van die „Nuwe kerk" toe te skryf aan die sameloop van omstandighede. Dit sou moontlik nooit plaasgevind het as dit nie was dat dr. de Vos en ds. van Rooyen as medeleraars saamgevoeg is nie. Die spanning is verhoog deur besondere probleme wat uit die oorlogsjare gespruit het. Dit was ook in hierdie jare dat die A.E.B. sterk na vore getree het. Na aanvanklike samewerking waarsku die N.G. kerk sy mense teen hierdie beweging. Dit kweek vrugbare teelaarde vir ontevredenheid. Al sou dr. de Vos dan net 'n kerk van ontevredenes gestig het, sou hy reeds 'n groot gemeente gehad het. Die toestande was ryp om 'n sterk leiersfiguur soos dr. de Vos te ontvang.

Dit was sekerlik alles faktore wat 'n rol gespeel het en sy invloed uitgeoefen het op die gemeente in Durban. Dit het egter 'n man soos dr. de Vos geneem om die vuur in die kruitvat te druk. En dat hy reeds lank op aksie ingestel was, kan daar seker nie twyfel bestaan nie. Let maar op wat dr. de Vos self later skryf aangaande die rede wat hy gehou het by sy broer ds. J.F. de Vos se bevestiging „Dit sal o.a. aantoon of die aanvalle van die N.G. predikante gegrond is waar hulle oor en weer beweer, dat ek nooit in die dae toe ek nog in die N.G. kerk was die dinge gesê het wat ek vandag sê nie. Dit sal met verloop van tyd aangetoon word dat hierdie saak se wortels twintig jaar oud is".(1)

Dat dr. de Vos reeds baie jare voor sy verblyf in Durban besware opgebou het teen die bestaande kerklike „atmosfeer" en die ingesteldheid van „hervormer" aan die dag lê, raak reeds duidelik in sy studentejare aan die Universiteit van Stellenbosch. In hierdie jare skryf Dirk de Vos aan sy vader: „Ek het vir die kweekskool, wat ek as 'n heilige plek voorgestel het, geen respek meer nie. Ek weet nie hoe ek my dae daar moet gaan deurbring nie." (2) „Hier is nie 'n kwaad,

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

wat nie gedoen word nie. Ek moet met my eie hande admissiestudente smoordronk in hulle kamers insleep. Hulle bemors die gange so dat 'n mens daar nie kan loop nie. In een aand het ek twee Moderators se seuns papdronk in hul kamers help insleep. Dit is nie snaaks om dertig bottels drank in 'n admissiestudent se kamer te kry nie. Ek skaam my vir die toekomstige predikante." (3)

In dieselfde gees kon dr. de Vos in sy studentejare op 'n vergadering van Polumnia (die vereniging van kweekskoolstudente) verklaar: „dat die Satan self oor die drumpel van die kweekskool gekom het, en hier, nie student is nie, maar 'n leermeester in alle ongeregtighede". (4) Twee senior studente, wat albei volgens hom, later teologiese professore geword het, sou hom probeer teregwys het. Die een „het na afloop van die vergadering meer as twee ure getrag om hom tot ander insigte te beweeg. Waarin hierdie selfde student hom later in gedompel het, sal nie nou hier verhaal word nie, maar (is) te gruwelik om bedink te word." (5) Die ander student het „hom vir 'n wandeling ver buitekant Stellenbosch geneem en probeer oorhaal om sy nougesetheid te laat vaar, en die kweekskoolstudente minder aan te val oor hulle plesier. Dr. de Vos het hom egter herinner aan sy gedrag op die treine, sy verhouding teenoor die vroulike geslag, sodat hy sy poging moes gewonne gee". (6)

By die bevestiging van sy broer ds. J.F. de Vos te Roodepoort, 15 Februarie 1940, laat dr. de Vos hom soos volg uit: „... , Ons kweekskole het tot 'n groot mate worsmasjiene geword, waarin dikwels die afval vleis deurmekaar gemaal word, en dan aan die siele opgedis word in 'n pragtige gevormde stuk wors (nl. die proponent) maar binnekant verrot tot in sy wese." (7)

In April 1937, tydens die sinode van die N.G. kerk in die O.V.S. loods dr. de Vos 'n aanval op die sg. „hiërargiese groep" van die kerk. Hier op die sinode sou hy volgens latere geskrifte reeds sy keuse gedoen het of hy langer sou saamwerk „met 'n geestelik vervalle priesterdom" wat „die skuld dra van die geestelik en sedelik vervalle toestande van die Gefedereerde N.G. kerke". (8) Tydens die sinode is dr. de Vos gevra om die biduur te lei. Oor sy boodskap die volgende oggend, so verklaar hy later, sou

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

hy 'n geweldige sielestryd gehad het. Moes hy die boodskap lewer wat hy geglo het hy moes, of moes hy ter wille van die vrede daaroor swyg? (9) Uiteindelik het dr. de Vos besluit om nie te swyg nie (~~Bylae~~ ) en na die biduur sou die moderator oorgeleun het na dr. de Vos en verontwaardig gesê het: „Man, wat het jy alles gesê, jy moet baie versigtiger wees. Jou toespraak doen my leed aan." (10)

Op 22 Desember 1939 word prop. J.F. de Vos, die broer van dr. de Vos as hulpprediker ontvang in die gemeente Roodepoort. Op 15 Februarie 1940 is hy georden en bevestig deur sy broer die plaaslike leraar. Vir dié geleentheid word die Ring van Johannesburg oorgenooi, aangesien hulle toe ook besig was met 'n sitting. Hiervan maak dr. de Vos gebruik om sy idees op 'n ondubbelsinnige wyse wêreldkundig te maak voor 'n gehoor waar dit daardie teologiese studente die seerste sou maak. Sy tekswoord was Klaagliedere 4:13. „Dit was oor die sondes van haar profete, die ongeregtigheid van haar priesters......" Die toestande waarin die Afrikanervolk gedompel is, was dan, net soos in Israel se geval 'n gevolg van haar profete en priesters (die predikante) se sondes. Wat 'n heilige oomblik moes wees in die lewe van sy broer word 'n geleentheid waarin dr. de Vos sy oordele teen die kerk uitspreek. (Vir die preek vergelyk Bylae A ).

Die volgende oggend is daar 'n beroering in die Ring. 'n Kommissie word benoem om die saak te ondersoek. Dr. de Vos word ingeroep. Hy word versoek om sy preek te oorhandig sodat 'n akte van beskuldiging daarvolgens opgestel kan word. Dr.de Vos weier egter en die kommissie beveel toe aan na beraadslaging, „dat die Ring afstap van die saak".

By 'n ander geleentheid sou 'n aantal predikante uit die broederkring hom kom spreek het oor sy neiging om vir predikante te preek. Hulle sou gesê het dat hy hulle prestige „na die maan stuur". (11) Dit was dus nie alleen op sinodale vlak dat dr. de Vos probleme ondervind het nie, maar ook in die meer intieme kringe van gemeentelike geleenthede en predikantsbidure.

Soos ons later sal aantoon was hierdie spanningssituasies maar net die voorlopers van die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

groot krisistye waarin hy in Durban sou betrokke raak.

Ons mag egter nie nalaat om hier daarop te wys dat 'n baie gunstige verslag rakende werksaamhede in sy gemeente, Roodepoort, by die Ringsitting van 1939 ingedien is nie. Daar is aangetoon dat op alle terreine van die gemeentelewe daar 'n herlewing op geestelike gebied was. 'n Ander kenmerk egter van hierdie verslag is dat dr. de Vos toe reeds geneig was om skeiding te maak tussen s.g. „gereddes" en ‚ongereddes" in sy gemeente. Let op die volgende aanhaling. „In die praktiese uitvoering van hierdie doelstelling (nl. dat alleen gereddenes veroorloof is om die werk in God's Huis te doen) was die gevolg dat ons etlike bekende kerkgesigte nie meer gesien het nie - Egter is nie een sitplek in die kerk leeggemaak nie."(12)

Nog iets wat tref uit hierdie verslag is die intensiwiteit waarmee elke geval van bekering en gebedsverhoring beskryf word. Dit skep die indruk asof dagboek gehou is van elke geval.

Bogenoemde tendensies sê miskien op hulself niks nie, maar wanneer ons die latere verloop van sake in Durban volg, word hulle duidelike vingerwysings.

Met hierdie kort agtergrond en inleiding gaan ons nou in die volgende hoofstukke die geskiedkundige verloop van sake in Durban volg.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

# HOOFSTUK II

## DR. DE VOS IN DURBAN - AANLEIDING TOT DIE AANVRA VAN DEMISSIE DEUR DS. VAN ROOYEN.

Op 16 Februarie 1940 word dr. de Vos na Durban beroep. Hy aanvaar die beroep met die voorwaarde dat die verlof wat aan hom verskuldig is in Durban aan hom toegeken sal word. In April vertrek hy per motor na Durban.

### 1. a. ONTVANGS VAN DR. DE VOS IN DURBAN APRIL 1940.

By sy aankoms in Durban ontwikkel 'n spanningsituasie byna onmiddellik. Dr. de Vos kom die vreemde stad Durban binne sonder dat enigiemand hom en sy vrou langs die pad verwelkom. Soos hy dan later verklaar het hulle boonop 'n siek kind in die motor gehad. Ds. van Rooyen sou hom ook nie baie gesellig ontvang het nie en hom slegs beduie het waar hy sou tuisgaan. In die dae wat daarop gevolg het, sou ds. van Rooyen ook geen poging aangewend het om die nuwe medeleraar te besoek nie. (1)

Ds. van Rooyen erken ook later sy pligsversuim en skryf dit grootliks toe aan die stadsgewoontes om nie die leraar in te wag nie, weens 'n gebrek aan tyd. Hy wys daarop dat nóg hy nóg ds. Linde, die vorige medeleraar, langs die pad verwelkom is. 'n Verdere rede was die siekte van sowel ds. as mevrou van Rooyen op daardie stadium - hy met bloedvergiftiging in die hand.(2)
Alhoewel die toestande moeilik was, was dit nie onmoontlik nie. Die vraag kan egter gevra word: Hoe het dit gebeur dat twee leraars skynbaar vir 4 jaar in dieselfde gemeente gewerk het sonder dat hierdie sake ooit geopper is? Eers met die Ringsondersoek van 7 - 11 Maart 1944 word dit alles te berde gebring.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

b. VERWELKOMINGSGESELLIGHEID.

In sy latere klagskrif sê dr. de Vos dat hulle by sy verwelkomingsgeselligheid geen enkele welkomsadres aangebied is soos hulle gewoond is nie. Ds. van Rooyen gee self die antwoord hierop as hy verklaar dat dit die gewoonte in die gemeente is om slegs by die weggaan 'n adres aan te bied. Daar is wel 'n welkomstoespraak, en dit is gedoen. Verder is aan die pastoriemoeder mev. de Vos, 'n mandjie vrugte aangebied i.p.v. 'n ruiker sodat die kinders dit ook kon geniet. (3)

c. DIE BEVESTIGINGSREDE.

Ook tydens hierdie plegtigheid vind daar iets plaas wat skynbaar 'n blywende skadu gewerp het oor die samewerking tussen die twee leraars. Dr. de Vos het sy jonger broer ds. J.F. de Vos gevra om die bevestigingsrede te hou. Dit het tot 'n beroering aanleiding gegee. Want hoewel dit die eerste keer was dat ds. J.F. de Vos in hierdie gemeente kom; die eerste keer dat hy die leraar en kerkraad en lidmate ontmoet het, veroorloof hy homself die reg om o.a. te sê: „Priester van God, jy is geroep om in die gemeente suiweringswerk te doen, en om in staat te wees om dit te doen sal jy moet uitsmyt. Smyt uit die koor, smyt uit die strewers, smyt uit die kerkraadsbanke, en smyt uit die preekstoel".(4) In die preekstoel, naas die redenaar, sit die ouer leraar van die gemeente, wat die bevestiging moet waarneem. In dieselfde rede word ook gesê: „Onthou 'n os en 'n esel kan nie saamtrek nie." (5) Ds. van Rooyen skryf dat hy geskok deur hierdie onheilspellende woorde nie kon nalaat om saam met die gebruiklike handdruk en seënbede as volg te sê: „Broeder, ons het so pas gehoor dat as die een kom die ander moet padgee, maar daar is tog so iets as samewerking, mag God dit gee". (6)

d. NAGMAAL.

Die volgende oggend was dit Nagmaal. Ds. van Rooyen neem die diens waar. Hy wenk die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

ouderlinge om plaas te neem aan die tafel. Vir dr. de Vos laat hy in die banke sit. Wat vir dr. de Vos ʼn diskriminerende gebaar was, was vir ds. van Rooyen ʼn natuurlike optrede volgens „sy eie gevoel". „Ek sou dit verkies om tussen my mense te sit in ʼn vreemde plek, en hy het tussen sy twee broers gesit en ek het gemeen dat as dit ek is, sou ek liewers daar wou gesit het, maar mense verskil in geaardheid. (7) Ook hierdie voorval word eers 4 jaar later deur dr. de Vos in sy klagskrif opgehaal.

e. PINKSTERBIDURE 1940.

Aangesien ds. van Rooyen nog steeds las gehad het van ʼn vergiftigde regterhand neem dr. de Vos die pinkster bidure twee weke later alleen waar. Die opkomste was groot. Dit was ʼn nuwe leraar en dr. de Vos ʼn boeiende prediker. Veel seën kon uit hierdie pinkster gebore word, (volgens ʼn latere verklaring van ds. van Rooyen) maar „die kwaad wat veroorsaak is deurdat die medeleraar die eer daarvan vir homself alleen toegeëien het, het bepaald die seën en voordeel daarvan geneutraliseer". (8) Nie alleen hier in die gemeente nie, maar selfs jare daarna word daar in die geskrifte van dr. de Vos gewys op die herlewing van 1940 onder sy prediking.

Dr. de Vos was blykbaar ʼn beter orator as ds. van Rooyen. Daarby was lg. reeds 16 jaar werksaam in één gemeente en was hy reeds na aan die aftree ouderdom. Dat die hele situasie vol gevare was dat ʼn nuwe jong predikant in die versoeking van menslike roem kon verval is duidelik. Die moontlikheid was ook groot dat die ouer leraar hom die situasie oormatig sterk kon aantrek. Uit latere geskrifte van dr. de Vos blyk hierdie toestand van sake dan ook baie duidelik: „dat ons in 1943 (Ds. van Rooyen met langverlof) in alle opsigte ʼn rekordjaar agter die rug het. Vir die eerste maal is die gemeente vir jare deurgegaan, die grootste aantal mense wat ooit

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

die kerk besoek het was vanjaar daar, ons het die grootste kollekte in die bordjies van alle jare bereik, ....... grootste insameling ...... , ........ grootste dankoffer ...., ...... grootste enkele kollekte ...., ..... grootste jaarlikse inkomste in die geskiedenis van die gemeente,....... grootste herlewing, ...." (9) Volgens ouderling J. Celliers was sy uitlating meer direk: „wil julle hê ek moet so preek soos ds. van Rooyen, en wat het hy gemaak solank ek weg was?" (10)

ii. DR. DE VOS EN DIE POLITIEK.

Ouderling J.G. Rinken skets die toestand in die gemeente betreffende die politiek soos volg: „in 1941 het dr. de Vos so te kere gegaan op die kansel oor die politiek dat 'n mens dit byna nie meer kon uithou nie. Die gevolg was dat toe hy by my huis kom huisbesoek doen het, daar net oor politiek uitgewy was. Dit was in Julie 1941. Vanaf daardie tyd het dr. de Vos nog nooit weer ons huis besoek nie." (11)

Hierdie dinge het plaasgevind in 'n tyd toe politieke woelinge 'n ernstige wending geneem het. Dit was oorlogs jare en die Ossewa-Brandwag het 'n sterk gevolg gehad. „Dr. de Vos was voorsitter van die Reddingsdaadbond, ere-kapelaan van die staatsgevangenis, ere-kapelaan van generaal Smuts se troepe, en kapelaan van die Ossewa-Brandwag („sonder om lid van die beweging te word en sonder om 'n eed af te lê")". (12) (Die laaste gedeelte in hakies is in stryd met alle ander gegewens oor hierdie saak. Slegs die nodige amptelike dokumente sou die waarheid kon aantoon.)

Deur sy aktiwiteite het dr. de Vos vir ds. van Rooyen in 'n groot mate gedwing om deel te hê aan die Ossewa-Brandwag. (13) Dit lewer egter geen probleem op nie. Begin Augustus 1941 by die Lentefeesvierings te Wentworth verklaar dr. de Vos „dat hy dit 'n saak van gebed gemaak het en dat hy oortuig is dat die Ossewa-Brandwag 'n Godsgestuurde beweging is".(14)

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Maar later dieselfde maand woon dr. de Vos ŉ vergadering te Winterton by waar dr. Hans van Rensburg optree. Toe hy terugkeer het dr. de Vos „gedraai". Soos hy self verklaar: „het ek besluit om te draai, kos wat dit kos". (15)

Sondagoggend 21 September 1941 tydens ŉ radiodiens trek dr. de Vos teen die Ossewa-Brandwag te velde en veroordeel dit as ŉ stryd met die lewensbeskouing van die ware Calvinis. Volgens getuies was dr. de Vos se lewe daarna in gevaar. As gevolg van hierdie preek het die organiseerders van heldedag wat dr. de Vos eers gevra het om die hoofrede te hou by die fees, van besluit verander en hom slegs die slotgebed laat doen.
(Vergelyk hieroor Bylae ZZ )

Ons kan ons indink in watter warboel van gedagtes sy gemeente verkeer het. Deur hierdie gebeure is baie deure wat tevore vir dr. de Vos oopgestaan het, gesluit. Dat ds. van Rooyen, nog steeds bekend as lid van die Ossewa-Brandwag, in ŉ benarde posisie was, is te begrype. Ook hy sou hom (onder dwang?) moes onttrek. Op ŉ kerkraadsvergadering gehou 14.10.41 is die volgende genotuleer „Aangesien sommige van die Ossewa-Brandwag se leiers die volk in so ŉ beroering gebring het, versoek die kerkraad sy leraars om hulle so gou as moontlik van die beweging te onttrek. (Die twee leraars het hierdie versoek aanvaar)".

Nadat dr. de Vos die N.G. kerk verlaat het, het hy op hierdie gebeure teruggekom. Toe kon hy terugdraai en die leraars van sy ou kerk beskuldig dat hulle hul inlaat met politieke aangeleenthede en dat die kerk die magtigste politieke party in die land is. (16)

Interessant is die artikel wat jare daarna in die Hervormde Kerkbode (17) verskyn waarin beweer word dat ds. van Rooyen en sy vrou as uitgesproke lede van die Ossewa-Brandwag kant gekies het teen dr. de Vos. Verder word beweer dat die Natalse predikante in hul

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

naywer oor die geestelike groei in Durban, van hierdie geleentheid gebruik gemaak het om gemene sake met die Ossewa-Brandwag te maak en te sweer: „Dr. de Vos moet Natal verlaat!"

iii. ENKELE GEMEENTE-TWISTE WAARBY DR. DE VOS INTIEM BETROKKE WAS.

a. Dr. G.S. Rosseau.

Omdat dr. de Vos bg. se vrou onbeleefd sou behandel het, belet dr. Rosseau die leraar sy huis reeds in 1940. By sy eerste huisbesoek neem dr. de Vos mev. Rosseau, haar moeder en haar 12 jarige dogter onder kruisverhoor oor hul sielelewe. (Dr. Rosseau was afwesig). Aan die einde van die besoek sou dr. de Vos in die vertrek gekyk het na die skilderye en toe opgemerk het „dat die ryke moeilik in die hemel sal kom". (18)

b. Mnr. W. Fullard.

Sondagaand 2 November 1941 het die Radiokwartet, waarvan mev. Fullard 'n lid was, op versoek in die kerk gesing. Mev. Fullard was 'n onderwyseres in 'n Roomse skool, maar lidmaat van 'n buurgemeente, Durban-Wes. Na die sang merk dr. de Vos op „Die bose is in die kerk, en onder skyn van godsdiens tree hulle nogal op in die kerk. Vir die geld hou hulle skool in Roomse skole en dan tree hulle nogal in die N.G. kerk op". (19)

Twee aande na mekaar probeer mnr. Fullard die saak uitmaak, maar dr. de Vos wil niks weet nie. Mnr. Fullard skryf toe aan die kerkraad, maar op die vergadering word besluit, sonder dat die brief blykbaar voorgelees is deur die voorsitter dr. de Vos, dat die brief teruggestuur word „daar dit nie in Durbankerkraad tuishoort nie, asook dat hierdie kerkraad bevoeg is om sy eie sake te reël en sy eie huis in orde te hou".(20)

Nog nie tevrede nie probeer mnr. Fullard weer op 18.12.41 om die saak te skik. Met die kerkraadsvergadering in Januarie word 'n kommissie toe benoem om die saak te ondersoek. In Februarie rapporteer hulle dat daar wel moeilikheid is, maar dat hulle nie vrede kon

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

bewerkstellig nie. Dr. de Vos ontken egter enige wrywing.

Hierna skryf mnr. Fullard aan die scriba van die sinode wat die saak terugverwys na die kerkraad, sodat die saak eers daar ondersoek moes word voordat dit na die ringskommissie verwys mag word. Die saak is egter verder vertraag aangesien dr. de Vos toe met studieverlof was. Na sy terugkoms in Maart 1943 maak mnr. Fullard die saak weer aanhangig by die ring omdat „Al die pogings tot 'n oplossing nog van ons kant gedoen is, dr. de Vos het nog niks gedoen om die moeilikheid uit die weg te ruim nie." (21) Eers na 'n dreigende ringsondersoek vind ons 'n brief van die kerkraad waarin hulle met dank verwys na die moeilikhede wat opgelos en uit die weg geruim is tussen dr. de Vos en mnr. Fullard.

c. <u>Die Natalse Onderwysersunie</u> (<u>N.O.U.</u>)

Na dr. de Vos se terugkoms van Stellenbosch waar hy sy doktorale studies suksesvol voltooi het doen hy weer 'n aanval op die sosiale euwels en sou hy o.a. in 'n ongunstige lig verwys het na die onderwysers („intelektuele skurke" (22)). Volgens die kerkraadsnotules het dit slegs op 'n misverstand berus en is die preek foutiewelik oorgedra aan die onderwysers. „Dr. de Vos se preek soos dit gelewer was is in orde. Die kerkraad vind daarmee geen fout nie. Hy het geen kwetsende woorde teen die onderwysers van Durban nog ander uitgespreek nie." (23)

Dit blyk egter verder dat dr. de Vos 'n belofte gemaak het om die saak van die preekstoel af reg te maak. „Maar", gaan die brief in opdrag van die kerkraadsvergadering voort, „dr. de Vos kon egter nie so 'n belofte gemaak het, alvorens hy die kerkraad geraadpleeg het nie". In dieselfde brief word verder aangevoer dat die belofte ook nie uitgevoer sal word nie omdat beide partye geensins daarby sal baat nie „aangesien die kwaad buite veroorsaak is en nie in die kerk nie". (24) Hierdie brief laat egter baie vrae onbeantwoord.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Gestel die gewraakte woorde was heeltemal onskuldig, sou daar enige sprake wees van regstelling op die preekstoel ? Waarom het dr. de Vos teruggegaan op sy woord (ten spyte van die verklaring in die brief dat hy nie die belofte mag gemaak het nie) eers nadat hy die kerkraad se steun ontvang het? Indien die probleem werklik van „buite veroorsaak is", sou die N.C.U. sekerlik nie nog in Maart 1944 met die ringskriba korrespondensie gevoer het in 'n poging om die saak op te los nie? (25)

d. Mnr. W.C. Read.

Mnr. Read was die hoof van Port Natal skool. Op 'n kerkraadsvergadering maak dr. de Vos sekere uitlatings nl. dat hy nie 'n pennie vir bogenoemde skool se beursfonds sou gee solank mnr. Read hoof is van die skool nie. Hy is egter gewillig om by te dra as daar 'n oortuigde wedergeborene aan die hoof van die skool staan. (26) Op 14 Oktober 1943 rig mnr. Read 'n skrywe aan die kerkraad waarin hy protesteer teen hierdie uitlatings.

Op 19 November 1943 verskyn mnr. Read op aandrang van die reëlingskommissie voor die kerkraad en word hy daar aan 'n ondervraging onderwerp. Ds. van Rooyen teken beswaar aan teen die ondervraery, maar dr. de Vos dring daarop aan. Wat hierop volg is 'n gedetailleerde ondervraging oor die persoon van mnr. Read, blykbaar met die doel om aan te toon dat mnr. Read wel onwedergebore is.

Hierna verklaar dr. de Vos dat aangesien dit 'n ope vergadering is, die feite wat aan die lig gekom het, na buite beskikbaar is. 'n Heftige teenkanting ontstaan en na lang besprekings word dit beslis dat mnr. Read daar is in sy hoedanigheid as lidmaat en nie as hoof van die skool nie. Met hierdie besluit is die hef uit die hand van dr. de Vos geneem waarmee hy mnr. Read kon laat staan of laat val as 'n openbare leier. Dit is veral gedoen onder leiding van ds. van Rooyen wat dit noem „'n gees van vervolging waarteen hy moes reageer". (27) (Sien Bylaes F+L)

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

e. <u>Ouderling H. Theunissen.</u>

As hoofouderling het ouderling H. Theunissen baie met dr. de Vos te doen gekry. Na ꞌn paar gevalle waar dr. de Vos woorde gebruik het op die kansel, of geskimp het, wat na die ouderling se mening nie reg was nie, het hy probeer om ꞌn aantal ouderlinge vir ꞌn samespreking bymekaar te roep. Dr. de Vos sou hom egter hieroor gedreig het met die hof. (28)

By ꞌn ander geleentheid sou dr. de Vos aan ouderling Theunissen gesê het, dat hy ꞌn Fariseër is en sy pastorie moet verlaat. Ook is hy later die pastorie geheel en al belet as hy enige gemeentesake met dr. de Vos wou bespreek. (29)

Uit al hierdie gevalle van botsings tussen dr. de Vos en sy gemeentelede is dit duidelik dat dit nie bloot ꞌn geval was van botsings tussen twee medeleraars nie. Die hele atmosfeer was reeds troebel toe die groot probleme voor die dag gekom het. So was daar ook ander gemeentelede met wie dr. de Vos blykbaar in onmin geleef het. In een brief word slegs gemeld: „met dr. de Vos, sy huisbesoek in my wyk, waar ek met hom as ouderling saamgegaan het, het dr. de Vos hom in sommige huise onbeleefd gedra. Waarop as gevolg die mense hom hulle huise belet het en hulle bly nog by hulle besluit. So is daar nog huisgesinne waar hy belet is. Daar is baie mense wat nie hul voete in die kerk sal sit nie, as dr. de Vos preek. Daar is ook wat nie meer bydraes gee nie solang dr. de Vos hier is nie". (30)

Of dr. de Vos moontlik besig was om die raad van sy broer se bevestigingsrede aan te neem, weet ons nie, maar met die pinksterbidure van 1943 is ꞌn toestand geskep wat volgens een ouderling „net dien om sektes in ons midde te sterk in hul pogings om van ons swakkere lede af te rokkel". (31) Gedurende die Vrydagaand se diens het dr. de Vos gesê „dat daar in die kerk Sondagaand mense sal

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

kom wat die kerk sal oorstroom wat nooit in die weeksdae die pinksterbidure bygewoon het nie, of altans ongereeld bygewoon het, en dat hulle net die gees van die gereëlde pinksterbiduurgangers belemmer". (32) Dit is vanselfsprekend dat dit die reeds gespanne atmosfeer verder sou belemmer.

iv. <u>Die verkoop van die Mooreweg pastorie</u>.

Op 'n kerkraadsvergadering gehou op 21.11.42 word dit in beginsel goedgekeur om die pastorie van ds. van Rooyen te verkoop. Dit is wenslik geag om 'n nuwe woning in 'n beter woonbuurt aan te koop waar gemeentelede makliker besoek kon aflê. In die omgewing van die ou pastorie was daar woonstelle en huise wat deur Asiate besit is. 'n Daling in waarde is a.g.v. die feit gevrees.

Volmag is aan ouderling Theunissen gegee om die huis te verkoop aan die hoogste bod. Indien gelyke bedrae deur 'n blanke en 'n Indiër aangebied word, sou eg. die huis kry. Dit gebeur egter toe so dat die huis aan 'n Indiër (hoogste bod) verkoop word. Die transaksie is deur die kerkraad goedgekeur met „leedwese dat die witmanne ons teleurgestel het". Ds. van Rooyen en ouderling Theunissen onderteken die dokumente as gemagtigdes.

Oor hierdie transaksie heers daar egter ontevredenheid in die gemeente en wel in so 'n mate dat ds. van Rooyen op 'n gemeente vergadering (23.1.43) verklaar: „Dit spyt my dat daar van die gemeentelede is wie nie met die kerkraad se besluit saamstem nie, maar dit was nie 'n kwessie van persoonlike belang nie maar wel die bevordering van die gemeente se belange. Sentiment is opgeoffer vir die materiële waarde van die gemeente deurdat daar drie gebeurtenisse plaasgevind het wat nie maklik te vergete is nie nl. 'n geboorte, sterfgeval en huwelik". Die vergadering het toe die handelswyse van die kerkraad re. die verkoop van die pastorie goedgekeur. (Die opkoms na die vergadering was swak).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Intussen keer dr. de Vos terug van Stellenbosch terwyl ds. van Rooyen met langverlof vertrek. Die storm was nog nie uitgewoed nie. Dr. de Vos moes nou alleen al die klagtes aanhoor. Ten gevolge van 'n hofsaak het die transaksie baie bekend geraak en van alle kante kritiek uitgelok, ook van die Engels sprekende publiek.

In Oktober 1943 verskyn die kwartaalbrief van die gemeente. (Redakteur, dr. de Vos) waarin o.a. die pastorie van ds. en mev. van Rooyen bespreek word en die feite weer aangehaal word. Dr. de Vos verklaar later dat hy die feite weergegee het om homself te beskerm teen die persoonlike aanvalle wat teen hom geloods is. Dit is baie duidelik want die feite is só weergegee (feite reeds bekend in die gemeente waar die blad verskyn het) dat daar geen twyfel sou bestaan oor wie die voorsitter op daardie stadium was nie.

v. <u>Werksverdeling tussen die twee leraars</u>.

In punt 6 van sy klagskrif teen ds. van Rooyen noem dr. de Vos 'n hele aantal probleme wat hy en ds. van Rooyen ondervind het in hulle bearbeiding van die gemeente. Sy klagtes kom merendeels daarop neer dat ds. van Rooyen as die ouer leraar nie enige medeverantwoordelikheid aan hom wou gee nie. By die ringsondersoek het ds. van Rooyen punt vir punt daarop geantwoord. (Sien Bylae U ) Die aanvanklike probleme kan nog verskoon word in die lig van persoonlikheidsfaktore soos gebrek aan insig, of onnodige liggeraaktheid en gebrek aan wedersydse kommunikasie, maar vir die latere gruwelike foute wat gemaak is, kan geen regverdiging gevind word nie.

Na aanleiding van die aanvanklike probleme wat dr. de Vos noem, word 'n program van gemeentebearbeiding uitgewerk op die kerkraadsvergadering van 13.6.41. (Sien Bylae C ) Kyk ons weer na die verskillende klagtes dan is dit moeilik te begryp dat ten spyte van die reëls daar nog soveel onmin op hierdie gebied was. So het 'n belangrike voor-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

waarde dat „Hierdie reëls nie verander sal kan word tensy altwee leraars op 'n kerkraadsvergadering teenwoordig is nie," nie lank standgehou nie. Op die vergadering van 1 Junie 1943 laat dr. de Vos tydens die afwesigheid van ds. van Rooyen 'n drastiese verandering aanbring. Nie alleen die plan van gemeentebearbeiding is verander nie, maar ook die hele opbou van die gemeente. (vergelyk Bylae D ).

Laasgenoemde besluit het beslis nie bygedra tot 'n beter verhouding tussen die twee leraars nie, en soos ons later sal aantoon het dit indirek aanleiding gegee tot die uitkristallisering van die hele ongesonde verhouding tussen die twee leraars.

vi. Diverse insidente.

Soos aangetoon was daar reeds vanaf dr. de Vos se aankoms in Durban probleme. Dit was egter asof die verhouding tussen die twee leraars nooit enige kans gekry het om rustig en positief te ontwikkel nie. Gedurigdeur was daar groter of kleiner insidente wat die gees van broederlike samewerking versteur het. Wie werklik altyd die oorsaak was, is nie duidelik nie. Feit is egter dat nie een leraar totaal onskuldig is nie. Feite en briewe verkry van gemeentelede wys met 'n groot vinger na dr. de Vos, maar dit kan nie as bewys dien dat ds. van Rooyen nie ook skuld aan die verloop van sake gehad het nie.

Lees 'n persoon die besware van dr. de Vos wat hy voor die ringsvergadering van Maart 1944 ingedien het, (Bylae K ) is dit duidelik dat hy ook rede gehad het tot klagte. Hoevéél daarvan deur sy eie toedoen as reaksie uitgelok is, kan moeilik bepaal word.

Ons noem 'n paar insidente. Geïsoleerd gesien, sê hulle nie veel nie, maar gesien as 'n reeks gebeure in 'n verhouding vol spanning, kry hulle 'n ander kleur.

In 1941 stig twee dogtergemeentes gelyktydig af. Sonder om enigsins ds. van Rooyen of die kerkraad te raadpleeg sou dr. de Vos, volgens

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

ds. van Rooyen, van die kansel afgekondig het dat die laaste Sondagaand voor die afstigting 'n afskeidsdiens sal wees en dat hyself en sy broer ds. J.F. de Vos van Coligny die afskeidswoorde sou rig. (33). By die afskeidsgeselligheid was ds. en mev. van Rooyen soos gewone lede aanwesig. 'n Ouderling stel dit so: „sonder dat ds. van Rooyen, wat beskou kan word as die vader van die gemeente, die minste 'n deel gehad het aan die belangrikste mylpale in die gemeente..... dit was baie duidelik dat hy toe al nie meer erken was as die eerste leraar van hierdie gemeente nie." (34)

Aan die einde van Februarie 1942 vertrek dr. de Vos met 'n jaar studieverlof. By sy afskeid bedank hy almal en bid vir hulle groot en klein, behalwe vir die ouer leraar wat nou ook die vakante plek moes volstaan. (35)

Met Kersfees 1942 stuur dr. de Vos 'n telegram van Kersfeesgroete aan die gemeente, en wel via ouderling H.J. Theunissen. Die kerkraad het egter die voorlees van die telegram aan die gemeente **in die kerk afgekeur,** op grond van die gees wat die adressering openbaar. (36) Nogtans laat die aangeleentheid 'n onaangename nasmaak.

In die gewraakte gemeentelike kwartaalbrief van Oktober 1943 (vergelyk Bylae B ) gee dr. de Vos 'n uiteensetting van die verloftoelaes wat die twee leraars ontvang het. Pertinent word daarop gewys dat dr. de Vos in een jaar die gemeente £130 gekos het, en ds. van Rooyen £286. (Voor die ring bereken dr. de Vos lg. bedrag op £418). Ds. van Rooyen sê dit is 'n halwe of skewe voorstelling wat die gemeente ingestuur is. (37).

Ons sal nie ingaan op die korrektheid van die syfer totaal nie, maar wel op die gees waarin die berig geskryf is. As rede voer dr. de Vos aan. „Met huisbesoek het gemeentelede my gevra waarom ds. van Rooyen dan ses maande en ek twaalf maande verlof gekry het. Gemeentelede het nie besef dat ek op half salaris

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

was nie, en ds. van Rooyen vol salaris getrek het nie. Ek het dit net gedoen om misverstand uit die weg te ruim." (38)

a. In die eerste plek is die verstrekte gegewens in die kwartaalbrief nie 'n antwoord op die vrae van die gemeente nie. Die vraag aan hom was waarom en nie : Wat kos dit nie?

b. Die antwoord van dr. de Vos moes betrekking gehad het op die verskillende tipes van verlof - studieverlof teenoor langdiensverlof.

c. Dr. de Vos se verlof is aan hom toegestaan op eie versoek na 18 maande diens in die gemeente, terwyl ds. van Rooyen verlof ontvang het van die kerkraad as teken van dankbaarheid vir 18 jaar se getroue diens.

d. Dr. de Vos laat buite rekening dat 'n deel van die sg. onkoste aangegaan t.o.v. ds. van Rooyen 'n gevolg is van sy eie studieverlof. £55 is aan ds. van Rooyen betaal uit waardering vir die dubbele las wat hy moes dra in dr. de Vos se afwesigheid.

e. 'n Verdere deel van die „onkoste" t.o.v. ds. van Rooyen is die stoorgeld van sy meubels nadat sy pastorie verkoop is en daarna die huur van 'n woonplek. Dit het geensins tot enige finansiële voordeel van ds. vanRooyen gestrek nie. Die kerkraad is verantwoordelik vir die huisvesting van hulle leraar en in hierdie geval was hulle verplig om ds. van Rooyen op hierdie wyse te huisves, net soos hulle teenoor dr. de Vos 'n verpligting gehad het.

f. Om die eindbedrag onder sy eie naam te bereken trek dr. de Vos die huurgeld ingevorder op sy pastorie af van sy salaris. Dit maak geen verskil aan sy eie finansiële inkomste nie, maar verskerp tog die illusie dat daar meer op ds. van Rooyen spandeer word as op dr. de Vos. (Dit wil voorkom as juis dit sy doel was).

Al sou die motiewe agter die publisering van hierdie gegewens suiwer gewees het soos dr. de Vos dan ook later beweer (39), kan die valse indruk wat dit skep nie weggeredeneer

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

word nie. Ongunstige vergelykings wat dr. de Vos op ander gebiede maak, versterk die argument teen dr. de Vos. By verskeie geleenthede wys hy op die styging in kerkfondse sedert sy aankoms in Durban. By geleentheid word ook indirek geskimp dat hy nie erkenning daarvoor ontvang nie. (40)

Uit al hierdie gebeurtenisse word dit duidelik dat daar op hierdie stadium geen spore meer is van die lojaliteit wat 'n mens tussen medeleraars sou verwag nie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

# HOOFSTUK III

## AANLEIDING TOT DIE BUITENGEWONE RINGSVERGADERING VAN MAART 1944.

Verskeie gebeurtenisse het aan die einde van 1943 en begin 1944 plaasgevind wat aanleiding gegee het tot hierdie vervroegde ringsvergadering. Hierdie gebeurtenisse hang egter nie in die lug nie, maar is alles resultate van die spanning tussen die twee leraars wat al hoe meer opgebou het en toe ontplooi het in die ringsvergadering.

i. Ds. van Rooyen doen aansoek om Demissie - Redes.

In sy „redes vir aanvra van demissie" (Bylae L ) noem ds. van Rooyen die vyf vernaamste redes vir sy aansoek. „Alles wat ek hier aandui, het plaasgevind sedert die viering van die Oktober-Nagmaal 1943. Alles wat vooraf gegaan het het ons deur Gods genade te bowe gekom. Alles wat ek hier noem, het in meer of minder mate aanleiding gegee tot my besluit om 'n weg te volg wat nie die gemaklikste is nie." (1)

Die volgende redes word dan genoem:

1. Verskyning van 'n kwartaalbrief Oktober 1943.
2. Optrede van dr. de Vos teen mnr. W.O. Read - Kerkraadsvergadering 19.11.43.
3. „Dr. D.J. de Vos se onverklaarbare reaksie teen 'n poging van my kant om 'n vergadering in Desember van die 17e na die 10e te vervroeg." (2)

   Om hierdie aantyging beter te begryp moet daar teruggegaan word na die kerkraadsvergadering van 1.6.44 waar dr. de Vos in ds. van Rooyen se afwesigheid radikale veranderings voorgestel en laat goedkeur het. Na sy terugkoms het ds. van Rooyen kennis gegee dat hy 'n voorstel gaan indien dat die skema in hersiening geneem moes word. Hy laat ook deurskemer dat hy nie van die nuwe skema hou nie. (Vergelyk Bylae L ) Hierdie hersiening sou dan plaasgevind het op die vergadering van 17 Desember.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Op die kerkraadsvergadering van 19.11.43 vra ouderling Theunissen of die vergadering nie geskuif kan word nie. Geen besluit word egter geneem nie. Op Sondag 28.11.43 herhaal ds. van Rooyen die versoek in die konsistorie. Hy gee as redes aan: „omdat nuwe kerkraadslede op 12 Desember voorgestel word, die uitdienstreënde kerkraadslede kans gegee sal word om die agenda van 1943 af te handel, voordat nuwe lede intree, en dat daar sommige kerkraadslede was wat op vakansie wou gaan." Die versoek word toegestaan, maar dr. de Vos opponeer dit. Volgens 'n brief geskryf deur ouderling E.J. Muller sou dr. de Vos aan hom sy redes hiervoor verduidelik het. Volgens dr. de Vos sou die vergadering onwettig wees. 'n Verandering aan vasgestelde datums kon slegs deur 'n gekonstitueerde vergadering aangebring word en nie deur 'n vergadering voor of na 'n diens in die konsistorie nie. Dr. de Vos het die saak egter nie daar gelaat nie en sou steeds poog om die besluit wat in die konsistorie geneem is, nietig te verklaar.

4. Intussen besoek ds. en mev. van Rooyen op 6.12.43 die pastorie van dr. de Vos. Dit is dan die vierde rede vir ds. van Rooyen se aanvra vir demissie. Hierdie besoek het gevolg op 'n besoek wat dr. en mev. de Vos aan die ander pastorie gebring het. Dit was op 22.11.43, nog voor ds. van Rooyen se versoek om datum verskuiwing in die konsistorie. Hierdie besoek was volgens ds. van Rooyen in vrede en het die hoop gewek dat daar beter samewerking in die toekoms sou wees.

Die bymekaarkom van 6.12.43 was egter heeltemal die teenstelling. Want hier het blykbaar 'n gesprek plaasgevind wat net die resultaat kan wees van jare se opgehoopte gevoelens. Wát tussen hierdie wedersydse besoeke plaasgevind het om so 'n teenstelling te vorm is

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

sekerlik iets waaroor die buitestaander nooit sekerheid sou hê nie. Die reaksies was egter so hewig dat dit onmoontlik al sy oorsake kon hê in die twee weke tussenin. Dit was blykbaar slegs die vuurhoutjie om die stryd openlik te laat ontvlam. 'n Moontlike rede is die voorstel van ds. van Rooyen op 28 November. Ds. van Rooyen meld dan ook in sy redes vir demissie dat dr. de Vos sou gesê het: „Nou is dit te laat, nadat jy daardie onwettige vergadering belê het om my gedwing het om voor 'n vreemde predikant te moes opstaan en beswaar te maak." (4)

Hierdie besoek van 6 Desember 1944 geskied op oorreding van 'n sekere mnr. Retief op 5 Desember. Hy het blykbaar gepoog om die spanning te verlig tussen die twee leraars. 6 Desember was volgens ds. van Rooyen „'n onvergeetlike dag, meer onvergeetlik as enige ander donker dag in ons lewe". (5)

Om die gesprek of gedeeltes van die gesprek weer te gee sou slegs 'n duplisering wees van ds. van Rooyen se verslag daaroor. (Vergelyk Bylae L ) I.v.m. dieselfde aand sê dr. de Vos later aan die ringsondersoek dat hy nie 'n verslag daaroor wou skryf nie. „Omdat dit pynlike neperkussies kan hê as twee leraars mekaar weerspreek voor andere en daar moontlik geen middel is om uit te maak watter van die twee verslae korrek is nie." (6) By latere ondervraging blyk dit duidelik wat hy hiermee bedoel het. Hy ontken die meeste aantygings rakende die uitlatings wat hy die aand sou gemaak het. (7)

Na hierdie episode is die vergadering van 10 Desember nooit gehou nie. Al het ds. van Rooyen die vergadering twee Sondae na mekaar van die preekstoel af aangekondig, het hy toegegee dat dit die 17e Desember sou plaasvind „omdat daar nie skriftelik kennis gegee is nie en om selfs die skyn van onwettigheid te vermy". (8)

Die vraag ontstaan: Wat is die rede vir dr. de Vos se optrede ten opsigte van so 'n

onbenulligheid soos die datum van 'n kerkraadsvergadering. Die redes wat ds. van Rooyen aangegee het vir die vervroeging was goed gemotiveer veral aangesien nuwe kerkraadslede moeilik sou beslis oor sake uit die verlede. Dr. de Vos sê hy het alleenlik beswaard gevoel op kerkwetlikegronde. Ons kan dit egter nie aanvaar as die enigste rede nie. Sy een beswaar dat daar nie behoorlik kennis gegee is nie val weg aangesien dit wel afgekondig is. Die kerkwet bepaal: „met behoorlike kennisgewing". As dr. de Vos dit nie as behoorlik beskou het nie, (omdat kennisgewings nie uitgestuur is nie) kon hy ds. van Rooyen betyds gewaarsku het of self kennisgewings uitgestuur het.

Sy tweede beswaar dat die datum van 'n kerkraadsvergadering wat reeds bepaal is, slegs deur 'n gekonstitueerde vergadering gewysig mag word, gaan op, maar die probleem kon oorbrug word deur die besluit in die konsistorie geneem te bekragtig op die volgende vergadering. Dit was ook nie iets vreemd vir dr. de Vos nie. Soos ds. van Rooyen daarop wys: „'n Gemeentelike program is 'n werkende skema en nie 'n onverbiddelike wet nie. Daar is reeds daarvan afgewyk soos dr. de Vos ook al in die verlede gedoen het, as omstandighede dit genoodsaak het." (9)

Dit wil m.a.w. lyk asof dr. de Vos bymotiewe gehad het. Ds. van Rooyen meld twee sake wat moontlik 'n oplossing kan bied. „Die begeerte van dr. de Vos om met die hulp van 'n klomp aanhangers onder die nuwe kerkraadslede sy posisie te konsolideer en te verseker is skynbaar die enigste verklaring van sy houding, en sy reaksie, op wat ons as reg en billik beskou het, en probeer het om te bewerkstellig. Hy het dit beskou as 'n bedreiging van sy ywerig-voortgewerkte magsposisie". (10)

a. Die nuwe kerkraadslede sou dr. de Vos meer goedgesind wees. Kyk 'n mens na die gekose kerkraadslede (gekies op 20.8.43 na

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

'n redevoering van dr. de Vos waarin hy geweldig aangedring het daarop dat slegs wedergebore broers gekies moes word) (11) wat op 12.12.43 voorgestel sou word, dan is dit opmerklik hoeveel van die nuwe name onder hulle later verskyn op die ring se lys van kerkraadslede wat later saam met dr. de Vos geskors is. Daar kan ook op gewys word dat toe dr. de Vos die „nuwe kerk" gestig het daar 'n hangende ringsondersoek was na die wettigheid van die verkiesing van kerkraadslede in Durban.

Die teen-bedenking kan egter ook gestel word: Was ds. van Rooyen se motief met die gevraagde vervroeging van die vergadering nie moontlik ook bedoel om sekere sake deur 'n kerkraad te laat behandel wat hom (ds. van Rooyen) nog meer goedgesind was nie? Hierdie vraag word meer toegelig met die volgende kwessie:

b. „'n bedreiging van sy ywerig-voortgewerkte magsposisie".

Ds. van Rooyen kondig aan dat hy op die volgende kerkraadsvergadering die nuwe skema soos deur dr. de Vos voorgestel wil laat hersien. Die moontlikheid dat dr. de Vos se voorstel afgestem sou word was groot, aangesien ds. van Rooyen sterk daarteen gekant was en hy op die vorige vergadering nie teenwoordig was nie. Volgens die bepalings van die vorige program (12) was die nuwe program ook nie wettig nie want daarin word bepaal dat albei leraars teenwoordig moet wees by enige vergadering.

Kyk ons na die nuwe program van dr. de Vos, word dit duidelik wat ds. van Rooyen met „magsposisie" insinueer. Die steeds groeiende gemeente van Durban sou moes afstig. Dr. de Vos se idee was om hierdie gemeente in een groot kerkgebou te huisves met 'n orrel van £3000. Daar sou vyf leraars wees, drie emeritii of hulp-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

predikers naas dr. de Vos en ds. van Rooyen. Na nog 18 maande sou ds. van Rooyen aftree en sy plek sou gevul word deur nog 'n emeritus leraar. (13) (Vergelyk bylae D ). Die prentjie sou dan so lyk: 'n Geweldige groot gemeente, groot kerk, groot orrel, met dr. de Vos as jong predikant met vier ou leraars langs hom.

Vir dr. de Vos was dit dus 'n belangrike skema wat nou skielik in die weegskaal gehang het. Veral as die beslissing heel moontlik afgehang het van die datum waarop dit in heroorweging geneem sou word, (m.a.w. watter leraar het die meeste aanhangers op die vergadering) kan ons begryp waarom dr. de Vos nie in 'n vervroegde datum belang gestel het nie - en waarom ds. van Rooyen waarskynlik die datum wou vervroeg.

Dr. de Vos het die vervroeging hand en tand beveg en is in die proses soos hy dit self gestel het „gedwing om voor 'n vreemde predikant te moes opstaan om beswaar te maak".

Na die gebeure van 6 Desember het die gedagte om sy demissie aan te vra, sterk by ds. van Rooyen posgevat. Op die vergadering van 17 Desember gee hy dan ook kennis dat hy dit in die belang van die gemeente ag om binne 'n maand sy demissie aan te vra. Die volgende dag kom dit by dr. de Vos uit dat ds. van Rooyen wil weggaan oor die gebeure van 6 Desember.

Dr. de Vos het onmiddellik die implikasies hiervan besef. Sou ds. van Rooyen sy demissie aanvaar en dit raak bekend dat dit gaan om 'n saak waarby dr. de Vos ten nouste betrokke was, sou hy as die een wat agter bly, die sondebok wees. Daarom roep hy onverwyld die kerkraad op vir 'n buitengewone vergadering (27.12.43) „ten einde ondersoek in te stel na die samewerking van die twee pastorieë in die verlede of, as alternatief die samewerking van die twee leraars of, as alternatief die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

voorgenome uitdienstreding van ds. van Rooyen". (14) Hierdie keer is dit ds. van Rooyen wat die vergadering onwettig verklaar want hy maak beswaar daarteen dat dr. de Vos as betrokkene bevoeg sou wees om so 'n buitengewone vergadering te belê. Dr.de Vos sou ook as voorsitter optree by hierdie vergadering. Dit sou ook onwettig wees.

Alhoewel ds. van Rooyen hierdie vergadering aangee as sy vyfde rede vir die aanvra van demissie as synde 'n poging van dr. de Vos se kant om 'n „vredeliewende" weggaan te verhinder (15) was dit nie een van sy oorspronklike redes nie. Want op die stadium toe dr. de Vos hierdie vergadering wou belê, was dit reeds a.g.v. ds. van Rooyen se kennisgewing van sy voorneme om uit te tree. Hierdie 5e rede kon hom alleen in sy besluit versterk het.

Wat ds. van Rooyen blykbaar nie besef het nie, is dat die „vreedsame weggaan" wat hy so begeer het, op hierdie stadium onmoontlik sou wees. Die saak het reeds te ver gevorder. Gemeentelede en kerkraadslede was reeds bewus van die gespanne verhouding tussen die twee leraars. Dit was vir die meeste 'n toestand wat uit die weg geruim moes word. Uit vele oorde is die begeerte ook uitgespreek dat daar vrede gemaak moes word. Alle pogings was egter tevergeefs. Nogtans het ds. van Rooyen verkies om deur die aanvaarding van sy demissie die stryd as afgehandel te beskou sonder dat die vuil wasgoed van die verhouding tussen die twee pastorieë uitgehang sou word. Dit bring hom natuurlik in 'n verdere botsing met dr. de Vos wat soos ons reeds aangedui het, eerder sou wou hê dat die saak uitgemaak word terwyl ds. van Rooyen nog in die gemeente was en nie smeulend lê en wag vir die leraar wat agterbly nie. In hierdie lig moet die gebeure van Januarie 1944 gesien word.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

ii. Die Stryd wat volg op Ds. van Rooyen se aansoek.

a. Ringskommissie vergaderings van 12 en 24 Januarie 1944.

Op versoek van die voorsitter van die Ring, ds. D.P. Laurie, belê ds. J.S. Erlank 'n Rings kommissie vergadering vir die 12e Januarie. Die ander lid was dr. de Vos. Die doel was om ds. van Rooyen se aansoek om demissie te oorweeg.

Na die lees van die aansoek verklaar ds. Laurie dat 'n volgende vergadering belê sou moes word aangesien 'n verdere brief van ds. van Rooyen ontvang is, waarin hy sy redes vir sy aansoek gee. (Bylae L ) Die gronde daarin genoem het die ernstige toestand in die gemeente wa-wyd oopgevlek. Dit is egter ontvang nadat die vergadering belê is en verskyn derhalwe nie op die agenda nie. Om dieselfde rede maak dr. de Vos beswaar teen die lees van die brief en vra verlof om daar sy besware teen die demissieverlening in te dien (Bylae K ). Ook maak dr. de Vos beswaar teen ds. Laurie se bevoegdheid om as voorsitter onpartydig die saak te verhoor.

Die vergadering verdaag toe op hierdie stadium, aangesien die bespreking om die volgende redes nie verder gevoer kon word nie.

1. Die tweede brief van ds. van Rooyen.
2. 'n Versoekskrif van die gemeentelede van Durban.
3. Dr. de Vos se besware teen die Voorsitter.
4. Deur sy besware teen die demissie raak dr. de Vos nou persoonlik betrokke sowel as deur die redes deur ds. van Rooyen aangegee vir sy aansoek om demissieverlening. 'n Sekundus moes nou sy plek inneem. (16)

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Dr. de Vos se besware word in agt punte uiteengesit wat grotendeels gaan om die benadeling van sy eie posisie deur ds. van Rooyen. Hierdie agt punte is later uitgebrei tot 'n lywige klagskrif wat tydens die Ringsitting van Maart 1944 behandel is.

'n Verdere beswaar van dr. de Vos teen die demissieverlening was dat die kerkraad nog nie die geleentheid gehad het om die saak te ondersoek nie en daarom mag die Ringskommissie dit nog nie in oorweging neem nie. Hierdie beswaar van dr. de Vos hou egter nie stand nie. Normaalweg word so 'n aansoek by die Ring ingedien. Hierdie was egter nie 'n normale geval bv. siekte, ouderdomsgrens of aanvaarding van 'n beroep nie, maar a.g.v. probleme. Dit het egter eers by die Ringskommissie se behandeling van die saak uitgekom. In so 'n geval het die kerkwet bepaal dat die kommissie kon besluit of die saak ernstig genoeg was (m.a.w. of daar genoeg getuies was wat die erns kan bevestig) om na die Ring te verwys. Die kerkraad sou slegs in die hoedanigheid van ondersoeker kon optree (twee leraars was betrokke) en dit was op hierdie stadium oorbodig.

Op 24 Januarie 1944 word die volgende Ringskommissie vergadering gehou terwyl ds. J.E. van Heerden as sekundus van dr. de Vos op die vergadering sitting het. Eerste word dr. de Vos se beswaar teen die bevoegdheid van ds. Laurie as onpartydige voorsitter in die saak ondersoek. Die besware is as ongegrond afgewys. Die besware is gemeet aan die Natalse kerkwet en daar is bevind dat ds. Laurie geen belang by die saak het nie en tweedens nie alreeds 'n oordeel oor die saak uitgespreek het nie . (17)

Die volgende punt van bespreking was die aansoek van ds. van Rooyen en dr. de Vos

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

se besware daarteen. Daar word besluit om te handel volgens normale prosedure. Die saak sou nie terugverwys word na die kerkraad nie omdat lg. se funksie in hierdie geval slegs beperk is om vas te stel of die gerugte genoegsaam is vir die aandag van die Ring. Die ingehandigde stukke verwyder hier alle twyfel. Verder is besluit dat die kerkraad 'n growwe pligsversuim geopenbaar het omdat dit nie reeds lankal sy aandag aan die saak gegee het nie. 'n Deeglike ondersoek sou gehou moes word om tot 'n beslissing oor die aangeleentheid te kom. 'n Aanbeveling is ook gemaak dat die twee leraars hul liefs albei van die Nagmaal moes onttrek om alle geregtigheid te vervul. (18)

(Lg. aanbeveling het dr. de Vos verwerp omdat hy sou gevoel het dat hy onskuldig was en die kerkraad hom toestemming gegee het tot die gebruik van die Sakrament. Die Ringskommissie sou volgens hom geen reg hê om in te meng in die huishoudelike sake van 'n gemeente waarvan hulle buitendien niks weet nie) (19).

Boonop het dr. de Vos die prosedures van die vergadering betwyfel en hom op die Ring beroep i.s. sy beswaar teen ds. Laurie. Dr. de Vos het deurgaans die pogings van die kommissie probeer vertraag of dwarsboom. Dieselfde gebeur met die vergadering van 22 Februarie 1944. Hierdie vergadering van die kommissie is gehou om die ondersoek van die buitengewone Ringsvergadering te bespoedig en te vergemaklik. Daar is aanvaklik besluit om die hele ondersoek skriftelik af te handel. Om dit moontlik te maak moes die kommissie getuies voor die tyd ontmoet om beëdigde verklarings af te neem. Dit was geensins die doel om op die meriete van die saak in te gaan nie. (20) Dr. de Vos verskyn op die vergadering volgens afspraak. Hy dien beswaar in teen die wettigheid van die vergadering en herhaal

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

sy beswaar teen die voorsitter. Omdat die kommissie nie die saak verder wou bemoeilik nie, en aangesien daar tog 'n vergadering van die Ring belê is wat binnekort sou vergader, besluit die kommissie om die saak voorlopig daar te laat.

b. Die Kerkraadsvergaderings van 21 en 22 Januarie 1944. (Bylaes G + H)

Intussen word daar kerkraadsvergaderings op bg. twee datums gehou met o.m. die doel om kennis te neem van ds. van Rooyen se aansoek om demissie. Dr. de Vos tree by albei vergaderings as voorsitter op.

Na ds. van Rooyen se brief gelees, en gemeld is dat hy die gemeente wil verlaat sonder dat daar ingegaan word op al die kwessies, „t.w.v. die saak van die Heer in die gemeente" (21), sê dr. de Vos dat hý glo, 'n ander oplossing kan bereik word, met die doel om ds. van Rooyen 'n gelukkige afskeid te gee na sy 20 jaar diens. Hy en mev. de Vos sou daarin die voortou neem.

Uit die voorsitterstoel kom dr. de Vos toe met die volgende voorstel:

1. Die twee leraars kry elkeen 'n kans om in mekaar se afwesigheid hulle saak te stel voor die kerkraad. Geen diskussie sal dan verder daaroor gevoer word nie. Die volgende aand maak die twee predikantspare vrede voor die kerkraad.
2. Aan die ringskommissie word daarvan kennis gegee; ook dat ds. van Rooyen sy aangevraagde demissie terugtrek.
3. Dr. de Vos sou die volgende jaar hospitaalbearbeiding doen terwyl ds. van Rooyen in die gemeente werk. Lg. sou die voorsitter wees van die kerkraadsvergaderings waarvan dr. de Vos ampshalwe lid is, maar nie verplig sal wees om by te woon nie. (22)

   Hierdie voorstel is spontaan ontvang hoewel enkele besware veral teen punt een gelug word. Sommige voel ook dat die vrouens onnodig betrek word. Ds. van Rooyen opper die beswaar dat hy nie vir sy vrou kan besluit nie. Sy is 'n

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

aparte persoon. Dr. de Vos daarenteen meld dat hy vir sy vrou sal instaan. Volgens die kerkraadsnotule sou ds. van Rooyen toe tydens hierdie redevoering van dr. de Vos opgestaan en gesê het dat hy die voorstel aanvaar en vrede maak - Ook vir die pastorieë. (M.a.w. die vrouens ingesluit).

Die vrede was egter van korte duur want die volgende aand tydens die voortsetting van die vergadering kondig ds. van Rooyen aan dat mev. van Rooyen buite in die motor wag. „Sy het griewe en vra of sy haar saak nie voor die vergadering kon lê nie" (23) Dr. de Vos weier egter. Hy wou nie die saak weer open op die verantwoordelikheid nie. Op aandrang van 'n ouderling antwoord dr. de Vos: „... hoe kan ek; ons het gisteraand vrede gemaak en dit was nie ek nie;" (24) Selfs nadat vir 'n kwartier verdaag is met die doel om dr. de Vos die geleentheid te gee om die saak buite die vergadering te probeer uitmaak, het dr. de Vos geweier. Hy meen mev. van Rooyen moet nou na sy pastorie kom om haar griewe te lug. (25)

Hierna antwoord ds. van Rooyen dat aangesien dr. de Vos nie 'n tree uit sy pad wil gaan om vrede met mev. van Rooyen te maak nie - hyself het mev. de Vos om verskoning gevra - beskou hy die vrede van die vorige aand van geen waarde nie en gaan hy voort met sy aansoek om demissie. Hierna verlaat hy die vergadering.

Dr. de Vos versoek die kerkraad toe om hom van alle blaam te onthef. Op voorstel van ouderling Celliers word dit so aanvaar met 5 teenstemme. Hierdie 5 persone het gemeen dat dr. de Vos moes na die motor uitgegaan het om mev. van Rooyen die hand van vrede te reik. Een van hulle het later 'n memorandum opgestel (Bylae V ) waarin hy sy redes aangee vir sy teenkanting. (In sy laaste punt stel hy dit dat daar geen kworum was nie. Die Ring het later bevind dat daar wel 'n kworum was.)

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Wat hierdie twee vergaderings betref is daar heelwat vrae wat na vore kom. 'n Groot rede hiervoor is die „onvolledige en onchronologiese weergawe van sekere sake van belang". (26) in die notules van die vergadering.

Uit die notule is dit nie duidelik waarom dr. de Vos skielik met hierdie ingrypende vredesvoorstel voor 'n dag kom nie. Na aanleiding van sy toespraak voor die vredesvoorstel sou 'n mens hom die voordeel van die twyfel wou gee dat hy eerlik vrede wou hê.

Hoe ds. van Rooyen die saak gesien het blyk uit sy woorde tydens die vergadering. „Die voorstel was net 'n verdowingsmiddel, daar was ook geen vrede gisteraand nie, maar 'n wapenstilstand, 'n toesmeerdery ..." (27) Tydens die ringsondersoek verklaar hy: „Ek het gevoel soos iemand wat in 'n strik gevang is. Die vredesvoorstel was gemeng met 'n patetiese beroep op die gevoel". (28)

Die „strik" waarvan ds. van Rooyen praat is moontlik dat dr. de Vos hom so te sê gedwing het om vrede te maak en toe mev. van Rooyen nie by die vredesplan inval nie, kon dr. de Vos dit handig gebruik om sy eie posisie te sterk. Die blaam sou van nou af neerkom op die hoof van ds. en mev. van Rooyen. Daarmee was daar beslis 'n verandering in die situasie aangesien dr. de Vos die teendeel gevrees het. „In sy geskrif sê hy dan ook dat ds. van Rooyen se aftrede 'n moontlike refleksie kan werp op hom as medeleraar. (29) Dit is egter onmoontlik om mense se motiewe te lees. Waarskynlik het dr. de Vos wel vrede bedoel met sy voorstel en was daar nie sprake van 'n vooropgestelde set nie. Maar die vergadering het só verloop dat dr. de Vos, vlug van begrip, die geleenthede hom gebied, aangegryp het om sy eie posisie t.o.v. ds. van Rooyen te versterk.

Wat ds. van Rooyen betref is dit duidelik dat die vredesvoorstel hom onkant moes

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

gevang het. Hy is na die vergadering met die doel om sy demissie aan te vra. Hy het die redes daarvoor op skrif by hom gehad. Met die wending wat die hele saak geneem het met dr. de Vos se vredesvoorstel het ds. van Rooyen sy aansoek nie laat doen nie: „omdat ek dan beskuldig kon word vir 'n vredesversteurder." (30) Aangaande die vredesvoorstel van dr. de Vos kan die volgende bedenkings geopper word.

a. Onmiddellik na die lees van die notule by die gewone vergadering is die brief van ds. van Rooyen gelees waarin hy die kerkraad meedeel dat hy sy demissie aanvra. Hierop het dr. de Vos toe uit die voorsitter stoel met 'n vredesvoorstel gekom. Aangesien hy in die geskil betrokke was kon hy die voorsitterstoel nie behou het tydens die behandeling van hierdie voorstel nie, wat hy wel gedoen het (Art. 297(a)).

b. Die voorstel is nie gemaak ooreenkomstig Art. 45 (20) nie; bespreking is daaroor toegelaat.

c. Die voorstel is nie kragtens Art. 45 (13) gesekondeer nie.

d. Die voorstel is nie tot stemming gebring nie. (Art. 45(21)). (31)

iii. <u>Gebeure net voor die buitengewone Ringsvergadering 7 - 11 Maart 1944</u>.

Na bogenoemde vergadering was dit asof alle maskers neergewerp is en die stryd ontplooi nou in die ope. Dit word ook vanaf die kansel gevoer. Een ouderling skryf dat die toestand in Durban onuithoudbaar geword het. „Dinge ontwikkel nou so vinnig dat die vrees ons bekruip of die hele posisie nie binnekort hande gaan uitruk nie." (32). Van orals af stroom klagtes en briewe in na die ringscriba om te pleit vir 'n ringsondersoek. Klagtes word oor-en-weer gelê teen sowel dr. de Vos as ds. van Rooyen, maar veral teen eg. Die gebeure op twee agtereenvolgende Sondae voer tot 'n hoogtepunt.

Op Sondag 30 Januarie 1944 was dit nagmaal. Min gemeentelede daag op. Ds. van Rooyen gebruik nie

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

nagmaal nie, (op aanbeveling van die ringskommissie) maar dr.de Vos wel - met toestemming van die kerkraad aangesien hy „van alle blaam onthef was" op die vergadering van 22.1.44.

Die aand maak dr. de Vos melding van die swak bywoning en sê: „dat daar gerugte is dat daar skeuring in die gemeente is, maar hy sien geen skeuring nie, maar 'n groot herlewing, maar wat hy wel sien is dat die Fariseërs en die wêreldlinge wegbly" (33). Volgens ouderling J.A. Nel sou hy ook gesê het dat „die groot N.G. kerk tot niet sal val maar nie hierdie een (N.G. gemeente te Durban) nie" (34). Tereg vra ouderling J.S. Celliers waar dr. de Vos aan die reg kom om die onkruid van die tarwe te skei. (35) Of soos ouderling Nel dit stel : „So lyk dit vir my as 'n mens nie met dr. de Vos saamstem nie, dan bestempel hy jou as 'n Fariseër en onbekeerde" (36) 'n Week later, Sondagaand 6 Februarie, gebeur iets wat duidelik dui dat 'n breekpunt bereik is, dat 'n gees van skeuring sommige kerkraadslede beetgepak het en dat samewerking tussen die twee leraars onmoontlik geword het. (37) Ouderling Celliers sê later die diens was soos 'n apostoliese diens, net baie erger. (38)

Voor die diens in die konsistorie oorhandig ouderling J.A. du Preez 'n brief aan ds. van Rooyen wat hy voor die diens moes lees. Ouderling Theunissen protesteer daarteen en ds. van Rooyen weier en sê dat die saak by 'n kerkraadsvergadering tuishoort.

Dit blyk later dat die doel van hierdie brief was om ds. van Rooyen te verhinder om die aand te preek. In die brief was hulle besware neergeskryf. Dit het kortliks op die volgende neergekom:

a. Ds. van Rooyen weier om vrede te maak.
b. Hy beskuldig ouderlinge J.A. du Preez en G.J. Jordaan en diaken G.A. van Schalkwijk as deel van 'n sekte.
c. Hy het dr. de Vos beledig.
d. Hy gebruik nie nagmaal nie omdat hy in onvrede leef. (39)

Toe die eerste probeerslag om die brief te laat lees nie in die konsistorie slaag nie, probeer hulle in die kerk. Na die afkondigings en seëngroet spring ouderling du Preez op en sê aan

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

die gemeente dat hy 'n brief het wat ds. van Rooyen belet om te preek. Hy het nie die reg om op die preekstoel te staan nie. „Ds. van Rooyen het nie nagmaal gebruik nie en leef in onvrede met lede van sy gemeente." (40) Ouderlinge Theunissen en Celliers pluk hom toe af en beveel hom om stil te bly. Oral spring gemeentelede nou op en diaken van Schalkwyk herhaal die woorde van die anderkant af. Ses jongmans spring op en stap by die deur uit, blykbaar om 'n algemene uitstappery te suggereer. Dit was egter ouderling Celliers se optrede wat die gemeente tot bedaring gebring het. Hy het voor die preekstoel gaan staan en gesê: „Geagte gemeente! Asseblief! Net een minuut! As daar van u is wat ds. van Rooyen nie wil hoor nie, gaan dan uit, maar laat ons wat na hom wil luister, in vrede bly" (41) Die diens het verder rustig verloop.

By die ringsondersoek kon daar nie vasgestel word wie agter hierdie aanval gesit het nie, behalwe net die drie persone wie se name op die brief verskyn. Volgens ds. Erlank, die ringscriba en skrywer van 'n artikel in die Kerkbode na hierdie gebeure, sou dit aan die lig gekom het dat 'n ouderling en 'n diaken die vorige Donderdagaand by dr. de Vos in die konsistorie gekom het om raad en advies te vra i.v.m. hulle ontevredenheid. Dr. de Vos sou hulle geantwoord het: „Julle is grootmense en moet weet wat om te doen" (42). Die bewering kan egter nie gestaaf word deur enige ander dokumente nie.

Dr. de Vos wat daardie aand in die diens was, het vreemd genoeg die hele gebeurtenis gade geslaan sonder om op enige manier sy medeleraar te beskerm of 'n beroep op orde te doen.

1. Hy as mede-leraar moes ds. van Rooyen beskerm t.s.v. sy eie gevoelens en gepoog het om die orde in die huis van God te handhaaf. Dit het immers om meer gegaan as net sy eie gevoelens.
2. Op hierdie stadium was dr. de Vos voorsitter van die kerkraad.
3. Dit was sy aanhangers wat die beroering veroorsaak het en hy moes sy invloed positief gebruik het. Hulle was op die minste oortuig dat hulle vir dr. de Vos se saak in die stryd tree.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

# HOOFSTUK IV.

## AANLEIDING TOT DIE STIGTING VAN DIE NUWE PROTESTANTSE KERK IN AFRIKA.

### i. Die Buitengewone Ringsvergadering 7 - 11 Maart 1944.

Dinsdagaand 7 Maart begin die sitting van die Ring te Durban om die aansoek om demissie van ds.van Rooyen in behandeling te neem, sowel as die gebeure rondom die aansoek. As stukke sou voor die Ring dien die gronde vir demissie deur ds. van Rooyen aangegee, dr. de Vos se besware daarteen en 'n aantal klagskrifte van gemeentelede (Slegs 'n paar is behandel weens beperkte tyd).

Die twee hooffigure sou geleentheid hê om getuies te roep om hul saak te steun. Ook het albei geleentheid gehad om elke getuie te kruisvra. Die vergadering het elke dag van 9 uur die oggend tot laat in die nag gesit. Sekere gebeurtenisse is tot in die fynste besonderhede ontrafel.

Vrydagmiddag 10 Maart neem dr. de Vos sy papiere en stukke en plaas dit voor die voorsitter van die vergadering met die woorde: „Ek kan u net sê dat dit vir my nie 'n lekker saak is nie. Ek is doodmoeg binnekant. Ek het nie die minste gedagte om daardie stukke te ontken en om getuies te roep nie. Ek sal op hierdie stadium bly wees as die Ring dit sal aanvaar soos dit gestel is en doen daarmee wat u wil! Mag ek die Ring verlaat? Ek is doodmoeg en afgemat en sien nie kans om aan te gaan nie." (1) Die vergadering het egter besluit dat dr. de Vos die vergadering nie mag verlaat nie. Die scriba sou die stukke voorlees en dr. de Vos sou dan net moes antwoord op die vrae. Aan albei is geleentheid gegee om repliek te lewer na die tyd. Twee ure is aan albei toegestaan.

Sondagoggend 2 uur is die besluite van die Ring geformuleer. Die Ring het besluit om te voldoen aan die versoek van ds. van Rooyen en is die Akte van demissie aan hom oorhandig. Die Ring het ook aanbeveel dat die kerkraad £500 sou skenk aan ds. van Rooyen as blyk van waardering vir sy 20 jaar diens in die gemeente. Teenoor dr. de Vos is die wenslikheid uitgespreek „dat hy, terwille van die gemeente en die saak van die Heer, aansoek sou doen om demissie."(2)

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

ii. POGINGS VAN DR. DE VOS OM DIE UITSPRAAK VAN DIE RING TE DWARSBOOM.

a. Appél na hoër gesag:

Op 16 Maart rig dr. de Vos 'n skrywe aan ds. Erlank, die ringscriba waarin hy verlang dat die afskrifte van stukke wat voor die Ring gedien het, ook die wat opsy gesit is, die ringsnotule sowel as die ringskommissieverslae, aan hom gestuur moet word. Hy wil hom op hoër gesag beroep. Ds. Erlank weier egter om die stukke wat nie behandel is nie, aan hom te stuur (3) Aangesien hulle nie gelees is nie kon hulle nie die besluit van die vergadering beïnvloed nie.

Wat dr. de Vos met hierdie stukke wou doen word duidelik uit sy brief van 3.4.1944.

1. Hy wou die „partydigheid" van die Ring bewys.
2. Hy wou „onreëlmatighede" in die prosedures bewys. O.a. meld hy:
   - (aa) Sy pogings wat gedwarsboom is in sy beswaar teen die snelskrifskryfster wat die vergadering woord vir woord aangeteken het.
   - (bb) 'n Sekere notule is nie gelees nie.
   - (cc) Die „ongeldige konstituering van die Ring - sy pogings om dit te bewys en vrae daaroor te stel sou gedwarsboom gewees het.
   - (dd) Hy wou appélleer teen die uitspraak van die Ring.

Van hierdie voorneme het egter nooit iets gekom nie. Dr. de Vos se volgende brief aan die ringscriba was om sy bedanking in te dien as leraar van die N.G. kerk.

b. Die Kerkraadsvergadering van 17.3.44. (Bylae I)

Opmerking: 'n Interessante verskynsel word in die notuleboek van die kerkraad opgemerk: daar is 'n duplisering van die notule van hierdie vergadering. Die rede daarvoor is dat na die stigting van die „nuwe kerk" 'n kommissie van revisie aangestel is (16.6.44) om vanaf 17.3.44 alle notules te hersien. Die rede hiervoor kan moontlik gesoek word in die feit dat die vorige scriba, mnr. D.S. Strydom saam met dr. de Vos weggebreek het. Dit is opmerklik hoe onvolledig en vaag sekere vorige notules is, veral betreffende sake wat later blyk probleme te wees waar-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

mee dr. de Vos te kampe gehad het en wat moontlik 'n negatiewe lig op hom kon werp. Reeds al op die vergadering van 18 Februarie 1944 het drie kerkraadslede geweier om die notule van die vorige vergadering goed te keur weens die onchronologiese en onvolledige weergawe van die vergadering. Vrydagaand 17 Maart word die eerste kerkraadsvergadering na die uitspraak van die Ring gehou. Ds. M.W. Odendaal verskyn ook op die vergadering. Hy was deur die Ring aangestel as voorsitter van die kerkraadsvergadering, sowel as vir die gemeentevergadering die volgende aand. Dr. de Vos meen egter dat die Ring „ultra vires" gehandel het. In die eerste plek was ds. Odendaal aangestel as sy konsulent in die plek van ds. van Rooyen. Ds. Odendaal kon dus alleen as voorsitter optree indien hy, dr. de Vos, afwesig is. In die tweede plek was daar geen bevinding teen hom nie, slegs 'n bedenking en was hy geregtig om die vergadering te lei. Dit geld ook vir die gemeentevergadering. Hy sou die stoel alleen afstaan onder protes. Onder hierdie omstandighede staan ds. Odendaal die stoel af en sê hy sal bly in adviserende hoedanigheid. 'n Voorstel is verder aangeneem dat ds. Odendaal die stoel sal oorneem wanneer sake voorkom waar dr. de Vos nie die stoel kon behou nie.

Toe die vergadering dan ook kom by sake aangaande ds. van Rooyen, vra dr. de Vos ds. Odendaal om die stoel in te neem. Op versoek van dr. de Vos word die volgende sake op die agenda geplaas:

a. Salaris van ds. van Rooyen.
b. Pastorie, ds. van Rooyen, Manningweg 452
c. £500 skenking ds. van Rooyen ingevolge aanbeveling van Ring.
d. Afskeidspreek.
e. Afskeidsfunksie.

Onmiddellik daarna stel dr. de Vos 'n ordemosie voor dat die kerkraad lg. sake slegs in oorweging sal neem by die ontvangs van 'n geskrif onderteken deur beide dr. en mev. de Vos en ds. en mev. van Rooyen dat al die moeilikhede uit die weg geruim is. Na besware geopper is word dit egter 'n voorstel wat deur dr. de Vos bepleit word. Hy wys die vergadering op die moeilike posisie waarin hy as pastor loci sal verkeer by bv. die afskeidsfunksie terwyl daar nog onmin

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

heers tussen die twee leraars.
Ds. Odendaal wys egter daarop dat die voorstel ŉ klag inhou teen ds. van Rooyen en dat dit eise stel aan iemand wat reeds sy demissie ontvang het. Hy stel voor dat dr. de Vos sy voorstel slegs sal betrek tot punt (c).
Dr. de Vos weier en maak beswaar dat die voorsitter die vergadering probeer beïnvloed. Ds. Odendaal probeer toe die stoel aan dr. de Vos oorhandig, maar lg. weier. Dr. de Vos gaan toe verder en sê dat alhoewel ds. van Rooyen sy demissie ontvang het, is hy nog lid van die gemeente. Boonop is daar nog ŉ klag hangende teen mev. van Rooyen.
Op hierdie stadium begin die gevoelens hoog loop. Dit word duidelik dat die vergadering erg verdeel is. Daar is diegene wat meen dat dr. de Vos reeds geleentheid gehad het om vrede te maak op 22.1.44, maar dat hy nie mev. van Rooyen wou ontmoet nie. ŉ Vrede wat so afgedwing word sou net op papier en nutteloos wees. Die vrede moet dan „gekoop" word en sal nie uit die hart kom nie. Die aangeleentheid was nou privaat en het niks met diegene te doen wat aan ds. van Rooyen ŉ afskeid wou gee nie.
Die ander deel van die vergadering steun dr. de Vos. Hulle meen dit bly wenslik en dit is nie te laat om vrede te maak. nie. Na lang redevoering stel dr. de Vos weer ŉ ordemosie in dat van die saak afgestap word en dat die vergadering verdaag. Hy voer dit dan ook deur met ŉ meerderheid van stemme.
Hierdie vergadering was die laaste poging van dr. de Vos om ŉ „vredesbeeld tussen hom en ds. van Rooyen op te bou. Die dilemma waarin hy was kan begryp word. Hy was nou leraar van ŉ gemeente waarvan die helfte teen hom gekant was. Hy moes dan ook die afskeid reël van ŉ persoon met wie daar nog geen versoening plaasgevind het nie.
As hierdie vergadering ooit enige belangrike nagevolge gehad het dan was dit dat die voorstel van dr. de Vos almal finaal gedwing het om na een of ander kant toe te kies. Die diepe verdeeldheid is skerper na vore gebring. Diegene wat nog getwyfeld het, sou na aanhore hiervan beslis

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

kant gekies het.

Dit ly geen twyfel dat dr. de Vos die kerkraadsvergadering baie effektief gemanipuleer het nie. Hoewel die Ring 'n ander voorsitter stuur, laat dr. de Vos hom egter nie daardeur afsit nie en slaag daarin om die vergadering te oortuig van sy standpunt sonder enige teenspraak. Hy skroom nie vir bedekte dreigemente dat indien dinge in die gemeente verkeerd loop, dit op die hoof van ds. Odendaal en die Ring geplaas sal word nie. Sodra sake bespreek word waar hy graag 'n vrye woord sou wou hê, ongeag die sinspeling dat dit nou sake sou wees waar hy nie meer voorsitter mag wees nie, handig hy die stoel aan ds. Odendaal. En daar sou hy lg. die hele vergadering deur hou, terwyl hy 'n wakende oog op hom hou, sodat hy nie die geringste kans sou kry „om die vergadering te beïnvloed nie." As sake nie wil loop soos hy dit graag wil hê nie, het dr. de Vos nog steeds die hef in die hand. Hy verdaag die vergadering, met sy meerderheid aanhangers as steun. Dit is asof dr. de Vos nooit die voorsitterstoel verlaat het nie, maar slegs die reg gekry het om vrylik die woord te voer. Hy het geweet hoe om die posisie strategies op die voordeligste manier vir homself te stuur.

iii. <u>Verskerpte skeuring in die gemeente</u>.

a. <u>Die Gemeentevergadering van 18.3.44.</u> (Bylae J)

Op hierdie vergadering raak dit duidelik dat die gemeente moeg geword het vir die twis in hulle kerk. Daarom begin hulle self ingryp en probeer die hele saak na 'n kant toe dryf. Dit is nou dr. de Vos wat moet verdedig terwyl sy teenstanders aanval. Terwyl die saggeaarde ds. van Rooyen medeleraar was, wou hulle nie radikaal ingryp nie. 'n Mens kan ook aanneem dat die ware toedrag van sake eers in die ope gekom het met die aanvra van demissie deur ds. van Rooyen. Aan die begin van die vergadering van 18.3.44. verduidelik dr. de Vos dat die vergadering belê is ingevolge Art. 34 (10). Slegs die finansiële state van 1943 en sake wat daaruit voortvloei mag bespreek word. Hiermee wou dr. de Vos verseker dat die vergadering nie ontaard in 'n ongemaklike vraestellery oor die toestand in die gemeente nie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Hierdie voorsorgmaatreël het egter nie heeltemal gehelp nie. Reeds aan die begin is dit duidelik dat daar moeilikheid sou kom. Dit wil voorkom asof daar reeds voor die vergadering besluit is om die finansiële verslag te bevraagteken, want toe dr. de Vos die verslag van die ouditeure eerste lees maak mnr. R.P. Botha beswaar aangesien die finansiële state nie eerste behandel word nie, want hulle wou weet watter deel word deur die ouditeure behandel. Onder normale omstandighede, in 'n atmosfeer van vertroue sou so 'n beswaar sekerlik nooit voor die dag gekom het nie.
Hierna wou dr. de Vos weer die stoel aan ds. Odendaal oorhandig, hoekom weet ons nie, maar ds. Odendaal wou hom nie weer laat mislei nie en weier. Met die lees van die finansiële verslag verduidelik die kassier dat weens papierskaarste alle items nie op die verslag gespesifiseer is nie. Hy vul egter die ontbrekende detail mondelings in.
Mnr. R.P. Botha spreek onmiddellik sy bedenkings uit weens die onvolledigheid van die state en die laat vrystelling daarvan (by die deure die aand) en dien die volgende voorstel in wat met 199 teen 94 stemme aangeneem is.

a. Dat die genoemde state nie goedgekeur word nie, dog na die Ring vir nasiening verwys word en
b. die Ring ook versoek word om ondersoek in te stel na die prosedure wat gevolg is met die aanstelling van kerkraadslede teneinde vas te stel of dit op wettige wyse geskied het, aldan nie.

Tydens die vergadering raak dit al hoe meer duidelik dat sommige die vergadering wil omskep in 'n algemene vergadering sodat hulle op 'n breë front vrae kon stel. Dr. de Vos weier egter en sê dit sou onwettig wees. 'n Behoorlike versoek moet aan die kerkraad gerig word. Die gemoedere loop hoog maar dr. de Vos verklaar die vergadering verdaag.

b. <u>Stryd om 'n buitengewone kerkraadsvergadering te belê</u>.

Die Sondagaand (19.3.44) na die gemeentevergadering, oorhandig ses dienende kerkraadslede 'n versoek aan dr. de Vos om 'n buitengewone kerkraadsver-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

gadering te belê kragtens artikel 51 van die kerkwet. Die redes is kortliks as volg:

(aa.) Die volgende kerkraadsvergadering is eers 21 April en die Ring vergader reeds op 13 April. Daar heers ontevredenheid in die gemeente en dit moet bespreek word voor die ringsvergadering.

(bb.) Die gemeentelede versoek 'n gemeentevergadering vir 1 April. Voor daardie vergadering moet daar eers duidelikheid binne die kerkraad verkry word.

(cc.) Die besluit aangaande die finansiële state 1943 moet deurgestuur word na die Ring (4)

Dr. de Vos teken egter onmiddellik beswaar hierteen aan. Hy sê dat daar nie genoeg tyd is om die kerkraadslede skriftelik in kennis te stel nie, en hy glo nie artikel 51 verplig hom om die vergadering te belê nie.

Die Maandag deel dr. de Vos ouderling Theunissen en diaken de la Rey mee dat hy eers „hoëre outoriteit" wou raadpleeg oor artikel 51. Hy sou egter nie die vergadering kon belê op of voor die gevraagde datum nie. Na die actuaris van die Sinode uitspraak gelewer het en gesê het dat dr. de Vos verplig was om die gevraagde vergadering te belê, sê dr. de Vos hy sal sy besluit Sondagmôre in die konsistorie bekend maak. (5)

Dit is duidelik dat dr. de Vos nie begerig was om die vergadering te belê nie. Hy kon geen wettige redes aanvoer waarom die vergadering nie moes plaasvind nie. Sy huiwering is egter te verstane. Die hele gemeente was in beroering en 'n vergadering sou beslis probleme oplewer waarvan enigeen sou probeer wegskram. Sy belofte aangaande Sondagoggend is dan ook nooit nagekom nie, in elk geval nie soos die kerkraad dit verwag het nie.

c. <u>Sóndagoggend 26.3.44</u>.

Hierdie oggend lewer dr. de Vos 'n preek na aanleiding van 1 Joh. 2 : 18 & 19 wat in 'n groot mate die strekking gehad het dat hy die regverdige is, die „martelaar", en sy teenstaanders is die „vervolgers". Lg. is die wêreldlinge en die handlangers van die Antichris binne die kerk. Na analogie van die vervolging van Christus deur die kerk van sy tyd deur die skrifgeleerdes en Fariseërs, wys hy daarop dat hy vandag vervolg word deur ouderlinge en diakens, wat hier in die kerkbanke sit en wie se harte vir hom toe is;

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

wat geheime vergaderings in die donker hou om hom te vervolg.

Hy gebruik verder o.m. woorde tot die effek: „Kyk wie is my vervolgers - mense wat in die bioskope en danspartye gevind word en skemerpartytjies hou, wat in die Huis van die Here handeklap en dan steek ouderlinge hulle hande saam met hulle op. Die kerk en die kerkgronde is in die afgelope weke besmet en besoedel nie alleen deur gepraat nie, maar ook deur mense wat in die hoekies en holtetjies rondom die kerk weggekruip het om die afgod van die sigaret en die pyp te dien. Terwyl die Ring hier gesit het, is hierdie kerkgebou tot in sy fondasie besmet deur die stank van die rook wat vanaf predikante en ouderlinge opgewalm het. Die toestand is vandag so in die kerk dat daar besorgdheid is oor een persoon wat hier voor die kerk bid, maar nie oor die wat langs die kerk staan en rook nie. Die ouderlinge en diakens wat hom vervolg, sal rekenskap moet gee aan God; dit is julle, ouderlinge, wat die gemeente in die toestand gedompel het waarin dit vandag is. Diegene wat my vervolg is besig om die kerk deur die modder te sleep en tot skande te maak.

God het my na Durban geroep, en julle, ja selfs die kerk sal my nie hier weg kry nie, alleen God sal my weer hier oor die berg sien. Ek is nie bang vir vervolging nie, ek ag my gelukkig om betrokke te wees in hierdie stryd. Ons word bestempel as 'n sekte, hulle het van Christus en sy volgelinge ook gesê dat hulle 'n sekte was. Ek het hier in die Ring gesê, ja ek weet hulle spioene sit hier in die kerk en hulle kan dit maar aan hulle gaan sê - dat daar twee persone is van wie hulle my nooit sal skei nie en dit is die ware wedergebore gelowige en die arme sondaar in die „gutter", wat 'n besef het van sy sonde en hopeloosheid. Vir diegene wat regop in die hemel wil ingaan het ek geen tyd nie. Iemand hier voor die kerk het gedreig om my op die preekstoel dood te skiet. Dink die persoon hierdie hart is bang vir 'n koeël? 'n Ouderling het my hier voor die kerk met 'n Judaskus gegroet en daarna my in die rug gesteek en vervolg." (6)

„Terwyl dr. de Vos gepreek het, het hy by tye op

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

die preekstoel te kere gegaan en dit met sy vuis geslaan en na die ouderlinge en diakens met die vinger gewys terwyl hy oor die preekstoel heen neergebuig het." (7)
Na die diens, in die konsistorie, het die gemoedere geweldig hooggeloop. In sy afsluitingsgebed maak diaken Slabber melding hoe teleurgesteld hulle is dat dr. de Vos in hierdie tyd van krisis die preekstoel gebruik het om mense te veroordeel i.p.v. om liefde te verkondig. Terwyl hy besig was, het dr. de Vos hom stil gemaak met die woorde dat hy sy „toespraak" na die gebed kon voortsit. 'n Woordewisseling het hierna ontstaan waarna diaken Slabber om verskoning gevra het en toe afgesluit het.
Hierna wou diakens Smith en De la Rey protes aanteken. Dr. de Vos het lg. toe gevra om die preek neer te skryf op die stuk papier wat hy aan hom oorhandig het. Toe diaken De la Rey egter weier, het dr. de Vos geantwoord: „Hy is bang, kyk so 'n lafaard." (8) Van die ouderlinge het toe ook in die stryd betrokke geraak. Hulle het die mening uitgespreek dat dr. de Vos nie die reg gehad het om die kansel te gebruik vir sulke aanvalle nie. Dr. de Vos se antwoord daarop was dat hy nie een enkele woord daarvan terugtrek nie, tewens hy het nie genoeg gesê nie. „Ek het julle raakgeslaan, daarom raas julle so baie." (9)
Op hierdie stadium is dit duidelik dat 'n „nuwe kerk" reeds in die kiem teenwoordig is. Dr. de Vos probeer geensins meer om 'n skeuring af te wend nie. Waar dit voreër gegaan het om sy stryd teen ds. van Rooyen, die kerkraad soos 'n speelbal op die veld, was dit nou dr. de Vos teen 'n gedeelte van die gemeente. Sy teenstaanders was leierloos, maar vind tog hul leiding in manne uit die kerkraad wat dr. de Vos gedurende die vorige vier jaar goed leer ken het. Dr. de Vos probeer nie eens om vir eenheid te pleit nie. Uit bogenoemde preek is dit duidelik wat sy doel is: hy wou sy teenstaanders „raakslaan". Dit sou blyk dat a.g.v. hierdie hewige reaksie, sy aanhangers baie makliker met hom sou saamgaan. In 'n emosie belaaide en strydlustige atmosfeer sou lidmate, wat jare lank aan die N.G. kerk verbonde was, makliker oor-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

gehaal word om weg te breek. Uit die briewe wat later ontvang is van mense wat weer na die N.G.kerk wou terugkeer blyk hierdie gevoelens waarin die verandering plaasgevind het, baie duidelik. Dr. de Vos het skynbaar nie direk aangedring op 'n „nuwe kerk" nie. Die mense wat die besluit geneem het om weg te breek het dit waarskynlik beskou as hulle eie brein-rug. Hierdie „nuwe kerk" het egter reeds in die kiem in die N.G. kerk bestaan vóór die wegbreek. Die onderskeid wat dr. de Vos onder sy gemeentelede en kerkraadslede tussen ware wedergebore gelowiges en die res gemaak het, het die grondslag daarvan gelê. Hulle sou aanvanklik binne die kerk bly, maar toe die spannings in die Ring oplaai, moes dr. de Vos besluit het om nou buite die N.G. kerk voort te gaan met sy groepie aanhangers.
In hierdie lig kan dit waarskynlik verklaar word waarom dr. de Vos op 'n gegewe oomblik geweldig te velde trek vanaf die preekstoel. En dit in so 'n plofbare situasie.
Die woorde wat vroeër in enkele sinsnedes op die gemeente afgekom het, stort nou in 'n oorvloed neer. Met sy tong het dr. de Vos hierdie skeiding gemaak. Dis die „regverdiges", die „martelaars" teen die „vervolgers", die „Antichris", die „Fariseërs",„mense wie se harte toe is", ens.
Dan sê hy duidelik: „Ons word bestempel as 'n sekte, hulle het van Christus en sy volgelinge ook gesê dat hulle 'n sekte was."
Dit is begryplik waarom een ouderling gevra het vanwaar 'n leraar die reg kry om reeds nou al die onkruid van die tarwe te wil skei.

d. Die sluiting van die Sondagskool 16.4.1944. (BYLAE X)

Intussen was daar nog geen reëlings getref vir die afskeidsfunksie van ds. van Rooyen nie. Die kerkraad, wat in hierdie saak moes leiding gee, was erg verdeeld. Ds. van Rooyen se afskeid sou bespreek gewees het op die kerkraadsvergadering van 17.3.44. A.g.v. dr. de Vos se voorstel dat daar eers 'n vredesdokument onderteken moes word deur beide leraars, voordat enige reëlings vir die afskeid getref sou word, is daar geen besluite geneem nie. Op hierdie stadium het die „skakelkomitee van Kultuurliggame" besluit om in gebreke van die kerkraad, tog 'n afskeidsgeselligheid vir ds. en mev. van Rooyen te reël en 'n beurs vir

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

hulle te kollekteer. (10)

Die vermoede het blykbaar ontstaan dat daar nie vir ds. van Rooyen 'n afskeidsgeselligheid gereël sou word nie.

Toe dr. de Vos van bogenoemde besluit hoor verbied hy die Sondagskool en N.C.V.V. om iets met daardie funksie te doen te hê. (11) Hieraan het die Sondagskool nie gehoor gegee nie maar aangegaan met die reëlings. Op 5 April 1944 ontvang die onderhoof van die Sondagskool 'n brief van die sekretaris van die gemeente se Sondagskoolkommissie waarin gemeld word dat daar kennis geneem is van die aktiwiteite van die Sondagskool i.v.m. ds. van Rooyen se afskeid.

In die brief is die volgende gemeld: „Dit (die reëlings) is gedoen sonder medewete van die hoof van die Sondagskool; (dr. de Vos) en sonder die medewete van die Sondagskoolkommissie, of van die kerkraad. Derhalwe besluit die kommissie om die onderhoof met sy staf te skors, en dit voor die eerskomende kerkraadsvergadering te lê. Verder is besluit dat die Sentrale Sondagskool nie sal heropen voor die eerste Sondag in Mei 1944 nie. Sondagskoolfondse en - boeke moet so gou as moontlik aan die sekretaris van die Sondagskoolkommissie oorhandig word." (12)

Die onderhoof van die Sondagskool het hom blykbaar nie hieraan gesteur nie en het normaalweg voortgegaan. Bogenoemde brief het hy egter aan die ringscriba gestuur en om raad gevra. Die Ring was toe juis besig met hul sitting en kon uitspraak lewer oor die saak. Daar is besluit om die Sondagskool te laat voortgaan.

Ten spyte van die Ring se besluit moes die kinders en onderwysers van die Sondagskool, Sondagoggend 16 April voor 'n toe saaldeur omdraai. Die ouderling verantwoordelik vir die oopsluit van die saal het toegang geweier. Dit blyk later dat hierdie selfde ouderling die vorige aand deel gehad het aan 'n onwettige gemeentevergadering waarop besluit is om die Ring te ignoreer.

Daar het veral ontevredenheid geheers omdat:

(aa.) 'n Spontane gevoel onder die kinders en die onderwysers om aan ds. van Rooyen 'n geskenk te gee, onderdruk was.

(bb.) Dit het geblyk dat die sameroeper van die Sondagskoolkommissie geen kennis gedra het

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

van die besluit nie.

(cc.)Dr. de Vos het die Sondagskool slegs een maal in vier jaar besoek en wel op uitnodiging. Hy was derhalwe vrywel onbekend aan die kinders en personeel.

(dd.)'n Skeuring word nou ook in die Sondagskool gevrees omdat dit nou ook by die gemeenteprobleme ingesleep is.

iv. Die Ringsitting van Melmoth se besluite en die gevolge daarvan:

Met die jaarlikse ringsitting wat Melmoth gehou het,is daar talle dokumente ontvang waarin dr. de Vos se optrede bekla word. Op die eerste dag van die sitting, die 14 e April het die scriba 'n telegram voorgelees van ses ouderlinge van die kerkraad van Durban, 'n versoekskrif en memorandum deur 12 kerkraadslede, asook 'n brief van die onderhoof van die Sondagskool van Durban aan die vergadering gerig.

Hierteen het dr. de Vos protes aangeteken. Hy het gesê dat hy geen kennis dra van die stukke nie en geeis dat die kerkraad en hy die geleentheid sou kry om hulself te verdedig met getuies. Hy het verder voorgestel dat die saak terugverwys word na die ringskommissie.

Die vergadering wou egter geen verdere vertraging hê nie, veral nie nadat ds. M.W. Odendaal daarop gewys het dat dr. de Vos wel die geleentheid gehad het om hierdie klagtes aan te hoor by 'n kerkraadsvergadering wat aangevra is deur ses kerkraadslede. Dr. de Vos het nie van daardie geleentheid gebruik gemaak nie, alhoewel hy deur die Actuaris aangeraai is om dit wel te doen. (Volgens kerkwet het hy nie die reg gehad om die vergadering te weier nie. Die rede vir die aanvra van die vergadering was o.a. om die ontevredenheid in die gemeente te bespreek vóór die ringsitting. Vergelyk verder (iii)b punt (aa) van hierdie hoofstuk). Dr. de Vos se verskoning dat daar wel sekere redes was vir sy volharde weiering om die vergadering te hou en dat die agenda wat sou dien nie van die klagstukke melding gemaak het nie, kon derhalwe nie die Ring oortuig om die saak verder uit te stel nie.

Hierna is 'n mosie van orde ingestel waarvolgens dr. de Vos kans sou kry tot die aand om sy demissie aan te vra; weier hy, sou die hele saak behandel word deur die Ring. Hierteen teken dr. de Vos beswaar aan. Na bespreking is besluit om toe te gee aan dr. de Vos se beswaar dat die optrede te kras is. Maar die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

ordemosie sou weer in werking tree, indien 'n bevredigende oplossing nie gevind kon word nie. Hierna het een ouderling aan dr. de Vos die versekering gegee dat wat die Ring gaan doen, nie haastig gedoen sou word soos hy aan die hand gegee het nie. „Ons sal niks sê of doen wat die eer van die Ring aantas nie." (13)
Die volgende voorstel is toe deur die Ring aangaande die moeilikhede in Durban aangeneem.

1. Die Ring besluit om al die ontvange stukke i/s die moeilikhede in die gemeente van Durban te verwys na die Ringskommissie vir ondersoek en om daarna na bevind van sake uitspraak te doen.
2. Met die oog op die verdere ontwikkeling in die toestande in die gemeente Durban sedert die sitting van die Buitegewone Ringsvergadering, besluit die Ring, dat terwyl die bogenoemde saak hangende is en tot tyd en wyl die Ringskommissie uitspraak gedoen het, dat die plaaslike leraar dr. de Vos hom geheel en al moet onttrek van die uitoefening van sy ampspligte. Gesien die buitegewone omstandighede wat daar in die gemeente geskep word sal die konsulent onderwyl alle reëlings tref i.v.m. die bearbeiding van die gemeente. Art. 324.
3. Die Ring besluit dat die werksaamhede van die Sondagskool onmiddellik sy normale gange sal neem (14)

Die Saterdagoggend met die 3e sitting van die Ring is die klag i.s. die onreëlmatigheid in die verkiesing van kerkraadslede te Durban bespreek. Aan die ringskommissie is toe opdrag gegee om vas te stel in watter mate onreëlmatigheid plaasgevind het. Hulle moes alle stukke en boeke van die kerkraad vir hierdie doel opeis en daarna na bevind van sake handel. Kort daarna, het die vergadering verneem dat die twee afgevaardigdes van Durban die vergadering sonder verlof verlaat het en saam met hulle leraar na Durban vertrek het.
Na die vergadering is ds. M.W. Odendaal, die konsulent van Durban, agterna gestuur om die besluit van die Ring aan die kerkraad van Durban mee te deel en reëlings te tref vir die tydelike bearbeiding van die gemeente.
Oor hierdie ringsvergadering se besluit aangaande die probleme in Durban skryf dr. de Vos later in „Die Nuwe Protestant" (Junie 1945) - „toe die kerk my in sy blindheid geskors het sonder die klag van 'n kerkraad, sonder die klag van 'n Ring, en sonder die klag van 'n

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Sinode en sonder verhoor. Die hele affêre het slegs vier minute geduur. Toe was alles verby. Dit was my laaste oomblikke in 'n wettige vergadering van my moederkerk. En waarom? Die bytende, kwellende jaloesie van mede kollegas!! (Spr. 27:4)"

a. Die vergadering in die pastorie van dr.de Vos, Saterdagaand 15.4.44.

Dieselfde aand is op versoek van dr. de Vos 'n vergadering aan sy pastorie gehou. Ongeveer 60-70 gemeentelede was teenwoordig waarvan 36 kerkraadslede was. Op hierdie vergadering is die besluite van die Ring bekendgemaak deur die afgevaardigdes. Die voorstel is aanvaar om die besluit van die Ring te ignoreer en dr. de Vos is as leraar van die gemeente herstel. Op aandrang en advies van dr. de Vos is die besluit só geformuleer ;

(aa.) Ds. Odendaal sou nie toegelaat word om die volgende môre in die konsistorie in te kom of enige uitvoering te gee aan die besluit van die Ring nie.

(bb.) Die Sondagskool sou nie toegelaat word om die volgende oggend gehou te word nie; die deur sou gesluit word;

(cc.) Al die kerkraadslede moes die volgende oggend vroeg daar wees om uitvoering te gee aan die besluite. Ander goedgesinde kerkraadslede moes in kennis gestel word. (15)

Ds. Erlank beskryf in sy geskrif hierdie vergadering as 'n „komedie" (16) Lees 'n mens die beëdigde verklaring deur ouderling Mentz (Bylae Y ) dan kry jy egter 'n bewondering vir die beplanning van hierdie vergadering. 'n Mens kry bewondering vir die mensekennis van dr.de Vos en hoe hy daarvan gebruik gemaak het.

Hierdie vergadering is gehou in die spanning wat gepaard gaan met geleenthede wat „onwettig" is. Onwettig hier in die sin dat dit teen die besluite van die Ring is, en dat dit as vergadering geen bevoegdheid gehad het om die besluite te neem wat hulle wel geneem het nie. Daar was beslis die afwagting dat hier „iets" sou gebeur. Vooraf word 'n vyandige gevoel opgewek teen die Ring. Daar word gemeld dat „die Ring alles vooraf klaar afgehandel het", „die Ring hulle swak behandel het" ens. Toe moes die aankondiging gemaak word wat daar wel op die Ring besluit is, maar dr. de Vos

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

roep diaken Roux eers eenkant toe en vra dat hy hom eers wil spreek. Wat hier gepraat is, is nie bekend nie. Die resultate daarvan is egter duidelik . By sy terugkoms verduidelik diaken Roux: „ons moet verstaan dr. de Vos is nie nou op hierdie vergadering teenwoordig nie, maar ons sal as ons klaar is, hom inroep om ons toe te spreek." (17) Dit wil dus lyk asof dr. de Vos daarop uit was om die indruk te skep dat die inisiatief nie van hom uitgegaan het nie.

Hierna is daar weer klem gelê op die onregverdigheid van die Ring en hoedat dr. de Vos as 'n „onskuldige" gely het. Die massagees neem nou oor en 'n „rebellie" in die klein ontstaan. Daar word besluit om dr. de Vos te behou as predikant. Op hierdie stadium word dr. de Vos ingeroep, d.w.s. direk na die besluit van die vergadering. Intussen het dr. de Vos „wat nie nou op hierdie vergadering teenwoordig" is nie, (en nie weet wat besluit sal word nie,) hom gaan aantrek in sy ampsgewaad met manel en witbef. Met die toga oor die arm het hy binnegekom. Wat dit suggereer is baie duidelik. Dit was soos 'n kroningsplegtigheid, waar alles vooraf haarfyn beplan is.

Na die tyd moes almal teken. Hiermee is die name op papier vasgelê van diegene wat teenwoordig was en m.a.w. deel gehad het aan hierdie vergadering. Daardie persone sou nie nou so maklik teen hierdie „wegbreek" - handeling kon draai nie. Ouderling Mentz, wat hierdie vergadering beskryf was dan ook die enigste ooggetuie wat nie die lys onderteken het nie.

Al word die volgende Vrydag eers beskou as die amptelike „stigtingsdatum van die „nuwe kerk", is daar sekerlik nie veel twyfel oor wat eintlik hierdie aand gebeur het nie. Dit blyk baie duidelik uit dr. de Vos se antwoord op 'n vraag wat sou gebeur as hulle die saak verloor: „<u>Dan</u> weet ons wat om te doen" (18) Dr. de Vos moes ongetwyfeld geweet het dat daardie „dan" definitief sou kom. Die besluite geneem t.o.v. die plan van aksie vir die volgende dag sou daarvoor sorg.

b. <u>Ds. Odendaal word die preekstoel geweier.</u>

<u>Sondag 16.4.44.</u> (BYLAES W en X)

Toe ds. Odendaal die Sondagoggend by die konsistorie kom, is hy toegang geweier deur twee ouderlinge en 'n diaken wat daar geplaas is om uitvoer-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

ing te gee aan die besluit van die vorige aand. Na 'n woordewisseling waarby 'n hele aantal kerkraadslede betrokke geraak het, is ds. Odendaal die konsistorie toegelaat. Binne het dr. de Vos gewag.

Voor die diens begin het, lees dr. de Vos toe die telegram van die Ring wat o.a. bekendmaak dat dr. de Vos van sy ampspligte onthef is. Hierby voeg hy toe dat hy (dr. de Vos) deur 'n hele aantal kerkraadslede genader is om te preek en as daar gekyk word na 'n soortgelyke gebeurtenis waar dr. A. Murray 'n konsistorie geweier is, dan kan daaruit afgelei word dat ds. Odendaal nie reg het om daar te wees nie. „Kragtens art. 25 van die Kerkwet mag geen leraar in die gemeente van 'n ander preek sonder toestemming van die pastor loci of die kerkraad nie en ds. Odendaal sal dus nie toegelaat word om te preek nie."(19) Na verdere argument het dr. de Vos gevra dat daar gestem moet word. Die stemming het geblyk ten gunste van dr. de Vos te wees. Hierna het ds. Odendaal gevra dat diegene wat teen hom gestem het asseblief hul name moes teken. Aangesien die diens reeds moes begin, is toe gewaarborg dat dit na die diens sou gedoen word. Dit sou egter nooit gebeur nie want na die diens het dr. de Vos gesê: „Broers, niemand kan julle verplig om te teken nie, julle doen dit nie, kom ons loop!"(20)

Ds. Odendaal het ook voordat die diens begin het, 'n beroep gedoen op die kerkraadslede wat hom ondersteun, om nie die diens te verlaat nie. Van die gemeentelede het egter nadat dr. de Vos die afkondiging van die Ring en die besluit van die kerkraad bekend gemaak het, die gebou verlaat.

Wat hierdie gebeurtenis betref kan daar op enkele aspekte gelet word:

(aa.) Dr. de Vos het blykbaar voorgegee dat hy op aandrang van 'n hele aantal kerkraadslede" die diens waarneem. Die <u>besluit</u> wat op die vergadering van die vorige aand geneem is, loënstraf hierdie woorde.

(bb.) Uit latere geskrifte blyk dit dat dr. de Vos 'n geweldige waardering gehad het vir dr. Andrew Murray. Dat dr. Murray 'n konsistorie geweier is, was vir hom genoeg om sy eie optrede te regverdig.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

(cc.) Die artikel wat dr. de Vos aanhaal wys daarop dat ŉ ander leraar nie kan preek in ŉ gemeente sonder die toestemming van die pastor loci en die kerkraad nie. Wat dr. de Vos egter gerieflikheidshalwe vergeet is dat die gemeente op daardie oomblik „sonder ŉ leraar was". Dr. de Vos was onthef van sy ampspligte en sy toestemming was nie nodig nie. Indien die kerkraad enige besware gehad het teen hulle konsulent, ds. Odendaal, moes hulle dit vroeër bekend gemaak het, of ten minste op hierdie môre die ander leraar wat teenwoordig was, nl. ds. Liebenberg, die emiritus leraar, laat preek het. Ons hoef nie verder op die feit in te gaan dat die kerkraad hier direk teen die besluit van die Ring opgetree het nie. Die aanhaal van artikel 25 was buite verband en slegs om die skyn van wettigheid te handhaaf. Dit alles moet gesien word in die lig van die vorige aand. Dit het ŉ openlike uittarting beteken van die besluit en gesag van die Ring. ŉ „Nuwe kerk" was reeds in sig.

c. <u>Die kerkraadsvergadering van 21 April 1944, verander in die stigtings vergadering van die „Nuwe Protestantse kerk in Afrika."</u>

Die Ringsvergadering wat nog op Melmoth in sitting was, is dadelik in kennis gestel van wat daar die naweek in Durban gebeur het. Nadat die Ring sy werksaamhede afgehandel het, het die Ringskommissie na Durban gegaan om die saak te ondersoek (21) Die toestande soos die kommissie dit in Durban aangetref het, het dit nodig gemaak dat daar op 19 April te Pietermartizburg ŉ vergadering van die kommissie gehou moes word om sy aandag te gee aan sekere stukke wat ingedien is oor die gebeurlikheid te Durban oor die naweek van 15-16 April 1944". (22)

Op hierdie vergadering is ŉ hele aantal ouderlinge en diakens uit hulle amp geskors tot tyd en wyl hulle aan die Ringskommissie of Ring bewys gelewer het dat hulle nie die besluite van die Ring geneem te Melmoth verontagsaam, geminag en oortree het nie. (23) Verder is ŉ buitengewone vergadering van die Ring bepaal vir 11 Mei 1944 te Durban om bogenoemde verontagsaming, minagting en oortreding deur sowel dr. de Vos as ŉ deel van

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

sy kerkraad te ondersoek en uitspraak te lewer, en ook die klagtes wat by die vorige vergadering voorgelê is, te behandel indien nodig. 'n Regsbevel sou ook verkry word om dr. de Vos te gebied om die besluit van die Ring te Melmoth geneem, i.s. sy tydelike skorsing te gehoorsaam. (24) Die betrokke persone is in kennis gestel van die besluite van die kommissie asook van die Buitengewone Ringsvergadering wat belê is vir die 11e Mei. Hulle is volgens Art. 300 versoek om persoonlik te verskyn en verantwoording te doen vir hulle optrede. Hulle sou egter nooit voor die vergadering verskyn nie.

Vrydagaand 21 April 1944 het die gemeente vergader in die kerksaal van Durban Sentraal. Die saal was volgepak met mense. Elkeen was op sy eie manier betrokke by die vergadering. Wat die houding was van die hele vergadering is moeilik om te sê. Diaken Roux, 'n aanhanger van dr. de Vos gee die volgende beskrywing daarvan: „Vrydagaand, 21 April is daar kerkraadsvergadering. Telkemale is dr. de Vos en ander kerkraadslede gewaarsku deur die dag dat daar 'n klomp mense organiseer om ons die aand daar te kom uitmekaar slaan . . . . . . - en ons is voort na die vergadering. Ons het nie geweet of ons mense ons weer lewendig by die huise sou verwelkom nie. Terwyl die kerkraad hul plekke ingeneem het in die kerksaal, pak die kerk vol van mense wat seker nooit in die kerk kom nie of bloedweinig. Dis aan my rapporteer dat hulle kieries, sambokke en fietskettings onder hul klere versteek het om by die aand se funksie te hanteer. Ons het dinge deurgekyk en 'n mens se hart het werklik gesmelt by die gedagte dat dit die toestand van ons kerk is en dat die predikante soiets nog in die hand werk. Seweuur staan dr. de Vos, wat die voorsitterstoel ingeneem het, op en sê: „Broers, die wat saam met my voel kom ons verlaat die saal." Vier-en-veertig kerkraadslede verlaat die saal in stilte en daar staan ons buite op die vlak. Waar nou heen? Een van die wat nie geskors was nie sluit die kerk oop en nooi ons binne. Toe ons binne is, sluit ons die deure maar pas het ons gesit of daar word geruk-en-pluk aan die kerkdeure. Ons was egter veilig. (25)

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Op 'n latere vergadering op Edenville vertel dr. de Vos van hierdie laaste gebeurtenis „dat die aand met die stigting van sy kerk, die destydse Moderator, ds. M.W. Odendaal, met 'n bende van twee honderd die saal omsingel het, en as hulle die deure sou oopgemaak het, daar 'n bloedbad sou plaasgevind het." (26)

Diaken Roux verhaal verder dat terwyl hulle binne die kerkgebou was, het hulle besef dat hulle vervolg word t.w.v. God se Naam. Daar is gevoel dat hulle dit nie langer kon uithou in die kerk nie en dat daar niks anders was om te doen as om God te gehoorsaam en hulle af te sonder nie. Op die vraag of dr. de Vos hulle nuwe predikant sou wees indien 'n nuwe kerk gestig sou word, het hy bevestigend geantwoord.

„Daar is besluit om die Nuwe Protestantse Kerk in Afrika te stig. Die kerk dateer dan ook van daardie dag af (21 April 1944). Die kerk sal Skrifkerk . wees en daarom sal die Kerk teruggevoer word na die Skrif." (27).

Dieselfde aand nog skryf dr. de Vos sy bedanking uit as leraar en as lidmaat van die N.G. Kerk. „Ek is soos u weet onverhoord geskors deur die Ring van Pietermaritzburg " (28) (Bylae Z )

Die bedanking van al die betrokke kerkraadslede is ook ingedien, en hulle lidmaatsertifikate is aangevra: „Goddank die ysterring se bande is gebreek. Waar die Gees van God is, daar is vryheid. (29)

In die gemeente waar die stryd gewoed het, sou die wonde 'n lang tyd neem om te genees. 'n Nuwe begin sou ook daar gemaak moes word. Gouer egter as wat verwag sou word het die stof in hierdie gemeente gaan lê. Die grootste probleem wat die nuwe kerkraad hierna ondervind het was om 'n nuwe leraar te kry. Die enigste herinnering aan die ou stryd is die aansoeke van lidmate wat terugkeer in berou oor hulle haastige optrede.

Die Ring het nog op sy bepaalde tyd in Durban vergader. Op hierdie vergadering is die volgende uitspraak na deeglike oorweging gelewer. Hierdie uitspraak weerspieël dan ook die houding van die N.G. kerk t.o.v. hierdie tragiese gebeure in Durban:

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UITSPRAAK.

Die Hoogeerw. Ring vergader te Durban op 11 Mei 1944, het tot sy beskikking gehad:

A. Die Notule in snelskrif afgeneem, van die buitengewone Ringsvergadering te Durban van 7 tot 11 Maart, 1944.

B. Memorandum van ds. G.C. van Rooyen insake aansoek om Demissie.

C. Memorandum van dr. D.J.J. de Vos teen demissieverlening aan ds. G.C. van Rooyen.

D. Appendices op B. en C. hierbo.

E. Appel van onderwysers teen besluit van Kerkraad insake uitlatings van dr. de Vos.

F. Verwante stukke en indiwiduele Klagbriewe en Korrespondensie.

G. Klagbrief van 12 Kerkraadslede ingedien by Ring te Melmoth op 13 April 1944, insake gemeentelike toestande in Durban.

H. Notule en Besluite van die Ringsitting te Melmoth op 13 April, 1944, e.v.d.

I. Drie Beëdigde Verklarings insake gebeure oor naweek 15-16 April, 1944, wat 'n oortreding was van die Ringsbesluit.

J. Koerantberigte insake stigting van die „Nuwe Kerk in S.A."

Met al hierdie stukke is gehandel in terme van die Wette en Bepalings van die Ned. Geref. Kerk van Natal, en hieruit het voortgevloei:

1. By die behandeling van die saak in verband met die aansoek van ds. G.C. van Rooyen om demissie kragtens Art. 251, wat gedien het op die Buitengewone Ringsvergadering te Durban op 7 Maart, 1944 en volgende dae, het die volgende, gebasseer op dokumentêre sowel as persoonlike getuienis, duidelik aan die lig gekom;

   a. Dat die geopperde besware van dr. de Vos teen die verlening van demissie aan ds. van Rooyen op persoonlike gronde berus het, en dat hy veral bekommerd was dat dit 'n ongunstige refleksie sou werp op hom, as agterblywende leraar.
   Die belange van die gemeente en die eer van die kerk was van minder belang, solank as die eie eer nie skade lei nie, en die drif tot selfverheerliking nie gestuit word nie.

   b. Dat die gemeentelike Kwartaalbrief deur dr. de Vos misbruik was om op oneervolle wyse vergelykings in sy guns te tref tussen die twee leraars.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

c. Dat die onverkwiklike episode wat op Sondag, 6 Februarie, 1944 in die kerk plaas gevind het, toe ŉ ouderling vanuit die kerkraadsbank ds. van Rooyen in die kansel die swye opgelê het, dr. de Vos in die kerk aanwesig was en geen vinger verroer het om die wanorde te stil en die gemoedere te kalmeer nie.

d. Dat dr. de Vos hom herhaalde male vanuit die kansel so uitgelaat het, dat hy die gemoedere van menige vroom en gelowige lidmaat van die kerk onnodig geskok en gegrief het en van die kerk vervreem het, veral ook die onderwysers van Durban.

e. Dat dr. de Vos ŉ onheilige beroering in die gemeente van Durban aan die gang gesit het, en dat hy hoofsaaklik die verantwoordelikheid dra van die ongelukkige feit dat ds. van Rooyen genoodsaak was om sy demissie aan te vra.

2. Die N.G. Ring betreur die feit dat die wenk, wat die Buitengewone Ringsvergadering van 7 - 11 Maart te Durban dr. de Vos aan die hand gedoen het, om naamlik terwille van die rus en eensgesindheid in die gemeente, in ernstige bedenking te neem die noodsaaklikheid van aansoek te doen om demissie, nie aanvaar was nie. ŉ Gulde geleentheid was aan hom verskaf om homself te rehabiliteer in die diens van die Kerk, en bowedien sou rus en orde in die gemeente herstel gewees het.

3. Met diepe leedwese het die W.E. Ring kennis geneem van die onbroederlike optrede van dr. de Vos teenoor die konsulent van die Durbanse gemeente, en tewens ook Moderator van die Kerk, deur wederregtelik die Ringsbesluit geneem te Melmoth op 14 April, 1944 te verontagsaam en te verkrag, deur aan die Konsulent die kansel te belet en self te bestyg, kragtens ŉ onwettige besluit geneem die vorige aand in sy Pastorie deur lede van die Kerkraad wat hom volg en na sy bewering twee derdes van die Kerkraad uitmaak.

Die H.E. Ring wil hier terloops daarop wys dat daar ŉ ondersoek hangende was insake die wettigheid van die samestelling van die Kerkraad waardeur dr. de Vos die meerderheid in die raad verkry het.

4. Verder het die H.E. Ring kennis geneem dat dr. de Vos volgens persberigte die „Nuwe Kerk in S.A." gestig het en na die N.G. Kerk verwys as ŉ 'leë dop van formele godsdiens' wat 'politiek, goddelose kultuur en rassehaat duld. ŉ Kerk dus 'waarin daar vir die gevorderde gelowige' geen ruimte is nie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Sulke taal word sterk afgekeur, veral waar dit kom van iemand wat hom in die verlede skuldig gemaak het aan politiek in die kerk te sleep, waarteen kerkraadslede sowel as gemeentelede geprotesteer het. Uit genoemde persverslae asook uit sy optrede en sy prediking, blyk baie duidelik dat dr. de Vos sektariese neiginge toegedaan is en in daardie rigting opgaan, en also in die hande speel van die vyande van ons kerk.

5. Die hierbo aangehaalde feite toon onomstootlik aan dat dr. de Vos ŉ houding ingeneem het wat in stryd is met die christelike sedes, asook met die verordeninge van die N.G. Kerk van Natal, wat die beklaagde kragtens sy Legitimasie Akte plegtig met sy handtekening beloof het om te gehoorsaam en met alle ywer te bevorder. Die verbreking van die belofte gedoen by die Legitimasie van ŉ leraar, is ŉ ernstige oortreding.

6. Die H.E. Ring het in sonderheid daar aandag aan gegee, dat die beklaagde nie slegs enkele misstappe begaan het nie, maar dat hy hom skuldig gemaak het aan ŉ stelselmatige en doelbewuste volharding in die uitoefening van wanpraktyke. Daarby is ewe-eens in sonderheid gelet op die hardnekkige ontkenning van die beklaagde, by wie daar geen sweem van ootmoedige belydenis of onderwerping te eniger tyd te bespeur was nie, derhalwe vind die Ring dit moeilik om versagtende omstandighede aan te toon. Art. 282.

7. Daar dr. de Vos op grond van woord en daad duidelik getoon het, dat hy hom van die N.G. Kerk afgeskei het, so verval sy Legitimasie as Predikant van genoemde kerk, en vra die H.E. Ring die suster kerke om hiervan kennis te neem.

8. Die H.E. Ring wil dit onder die aandag van die kerklike publiek bring, dat die nuwe kerk deur dr. de Vos gestig, nie kerklik erken word nie, en ook geen verband het met ons kerk nie. Verder neem die H.E. Ring met waardering kennis dat die groot meerderheid van die lede van die gemeente van Durban trou staan by die N.G.Kerk.

<u>S L O T</u>:

So het die gebeur dat daar in Durban ŉ nuwe Afrikaanse Kerk gebore is. Daarmee is daar nie alleen ŉ nuwe fase in die Suid-Afrikaanse kerkgeskiedenis begin nie, maar het dit die kerklike toneel op ons bodem al hoe meer verskeurd laat voorkom. Soos in die meeste kerkskeurings sou die groot verskille eers later ontwikkel. Sou die kloof al hoe dieper word met die jare. Maar op hierdie stadium is dit duidelik dat menslike

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

temperamentsverskille en historiese omstandighede in hierdie skeuring die hoofrol gespeel het eerder as die teologie. Die bitter stryd het soos te verwag nie met hierdie gebeurtenis ten einde geloop nie. Dit sou nie tot Durban beperk bly nie. Die gebeure in Durban het weerklank gevind oor die hele land. Die stryd sou verder hoofsaaklik gevoer word vanaf kansels en verhoë, deur koerante en pamflette en tot in die landshowe gevoer word. Vir 'n tyd het dit na 'n betekenisvolle wegbreking van die N.G. Kerk gelyk. Spoedig sou dit blyk 'n blote splinter te wees wat met verloop van tyd verder sou versplinter. Die verdere verloop van die Nuwe Protestantse kerk sal ons nie hier kan volg nie. Hier was dit ons bloot te doen met die stigting en die stormagtige gebeures rondom die gemeente Durban Sentraal van die N.G. Kerk in die vroeë veertiger jare van ons eeu.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

## VOETNOTAS.

### HOOFSTUK I.

(1) Die Nuwe Protestant - Junie 1945.
(2) „Helaas! Ek is 'n Proponent." bl. 22.
(3) Idem. bl. 24.
(4) Idem. bl. 25.
(5) Idem. bl. 25.
(6) Idem. bl. 25.
(7) Die Nuwe Protestant - Junie 1945. (Vergelyk bylae )
(8) Petra of nie -
(9) Idem.
(10) Idem.
(11) „Helaas ! Ek is 'n Proponent."
(12) Ringsverslag 1940.N.H. of G. gemeente Roodepoort.

### HOOFSTUK II.

(1) Beswaar teen demissieverlening aan ds. G.C. van Rooyen - Punt 6 No 1.
(2) Notule van Buitengewone Ringsvergadering 7-11 Maart 1944.
(3) Idem.
(4) Brief: Ds. van Rooyen aan die Ringscriba - 10.2.44.
(5) Idem.
(6) Idem.
(7) Notule van Buitengewone Ringsvergadering 7-11 Maart 1944.
(8) Brief: Ds. van Rooyen en aan die Ringscriba - 10.2.44.
(9) Beswaar teen demissieverlening aan ds. G.C. van Rooyen - Punt 2.
(10) Brief: Ouderling J. Celliers aan die Ringscriba - 7.3.44.
(11) Brief: Oudl. J.G. Rinken aan die Durban kerkraad 18.1.44.
(12) Hervormde Kerkbode: Julie 1956, Jaargang 2 No 4.
(13) Kerkbode 25 Oktober 1944: „Wat het in Durban gebeur?"
(14) Notule van Buitengewone Ringsvergadering 7-11 Maart 1944.
(15) Beswaar teen demissieverlening van ds. G.C. van Rooyen - Punt 6 No 19.
(16) Kerkbode 25 Oktober 1944:„Wat het in Durban gebeur?"
(17) Hervormde Kerkbode: Julie 1956 Jaargang 2 No 4.
(18) Notule van Buitengewone Ringsvergadering 7-11 Maart 1944.
(19) Brief: Mnr. W. Fullard aan die Durban Kerkraad 10.12.41.
(20) Notule van Kerkraadsvergadering 12.12.41.
(21) Brief: Mnr. W. Fullard aan die Ringscriba 3.4.43.
(22) Kerkbode 25 Oktober 1944 „Wat het in Durban gebeur."
(23) Brief: Scriba van die Durban Kerkraad aan Mnr. J. Booysen die Sekretaris Durban Tak N.O.U.
(24) Idem.
(25) Verslag van Ringscriba - tydperk 1943-1944.
(26) Notule van Kerkraadsvergadering 19.11.43.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

(27) Redes vir aanvra van Demissie - Punt 2.

(28) Brief: Ouderling H. Theunissen aan die Ringscriba - 8.2.44.

(29) Idem.

(30) Idem.

(31) Brief: Ouderling E.J. Muller aan die Ringscriba 8.2.44.

(32) Idem.

(33) Brief: Ds. van Rooyen aan die Ringscriba 10.2.44.

(34) Brief: Ouderling J. Celliers aan die Ringscriba - 7.3.44.

(35) Brief: Ds. van Rooyen aan die Ringscriba - 10.2.44.

(36) Brief: Ouderling J. Celliers aan die Ringscriba - 7.3.44.

(37) Brief: Ds. van Rooyen aan die Ringscriba - 10.2.44

(38) Notule van die Buitengewone Ringsvergadering 7-11 Maart 1944.

(39) Idem.

(40) Idem.

HOOFSTUK III.

(1) Kerkbode 25 Oktober 1944 „Wat het in Durban gebeur?"

(2) Redes vir aanvra van Demissie.

(3) Brief: Oudl. E.J. Muller aan die Ringscriba 8.2.44.

(4) Redes vir aanvra van Demissie: punt 4.

(5) Idem. : punt 5.

(6) Notule van die Buitengewone Ringsvergadering 7-11 Maart 1944.

(7) Idem.

(8) Idem.

(9) Redes vir aanvra van Demissie.

(10) Redes vir aanvra van Demissie: punt 3.

(11) Notule van die Kerkraadsvergadering 20.8.43.

(12) Notule van die Kerkraadsvergadering 13.6.41

(13) Notule van die Kerkraadsvergadering 1.6.43
Vergelyk ook ds. van Rooyen se redes vir aanvra van Demissie.

(14) Besware teen demissieverlening aan ds. G.C. van Rooyen: punt 7.

(15) Redes vir aanvra van demissie : punt 5.

(16) Notule van die Ringskommissievergadering 12.1.44.

(17) Notule van die Ringskommissievergadering 24.1.44.

(18) Idem.

(19) Idem.

(20) Verslag van Ringscriba - tydperk 1943-1944.

(21) Notule van kerkraadsvergadering. 21.1.44.

(22) Idem.

(23) Notule van kerkraadsvergadering 22.1.44.

(24) Idem.

(25) Idem.

(26) Notule van kerkraadsvergadering 18.2.44

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

(27) Notule van kerkraadsvergadering 22.1.44.
(28) Notule van buitengewone ringsvergadering 7-11 Maart 1944.
(29) Besware teen demissieverlening aan ds. G.C. van Rooyen. punt 1.
(30) Redes vir aanvra van demissie.
(31) Memorandum i.s. sekere gebeure in die N.G. kerk Durban sedert Ringsitting 7-11 Maart 1944.
(32) Brief: Ouderling J.S. Celliers aan die ringscriba - 9.2.44.
(33) Notule van buitengewone ringsvergadering 7-11 Maart 1944.
(34) Brief: Ouderling J.A. Nel aan die ringscriba 8.2.44.
(35) Brief: Ouderling J.S. Celliers aan die ringscriba - 9.2.44.
(36) Brief: Ouderling J.A. Nel aan die ringscriba 8.2.44.
(37) Kerkbode: 25 Oktober 1944: „Wat het in Durban gebeur?"
(38) Notule van buitengewone ringsvergadering 7-11 Maart 1944.
(39) Brief: Klagskrif teen ds. van Rooyen 9.2.44.
(40) Notule van buitengewone ringsvergadering 7-11 Maart 1944.
(41) Notule van buitengewone ringsvergadering 7-11 Maart 1944.
(42) Die Kerkbode; 25 Oktober 1944: „Wat het in Durban gebeur?"

HOOFSTUK IV.

(1) Die Kerkbode: 25 Oktober 1944: „Wat het in Durban gebeur?
(2) Idem.
(3) Brief: Ds. Erlank aan dr. de Vos - 28.3.44.
(4) Memorandum i.s. sekere gebeure in die N.G. Kerk Durban sedert Ringsitting 7-11 Maart 1944.
(5) Idem.
(6) Idem.
(7) Idem.
(8) Idem.
(9) Idem.
(10) Die Kerkbode; 25 Oktober 1944:„Wat het in Durban gebeur?"
(11) Idem.
(12) Brief: Sekretaris van Sondagskoolkommissie aan die onderhoof van die Sondagskool. 5.4.44.
(13) Notule van Ringsitting te Melmoth 14.4.44.
(14) Idem.
(15) Beëdigde verklaring van ouderling Mentz oor die vergadering in dr. de Vos se pastorie 15.4.44.
(16) Die Kerkbode; 25 Oktober 1944: „Wat het in Durban gebeur?"
(17) Beëdigde verklaring van ouderling Mentz.
(18) Idem.
(19) Beëdigde verklaring van diaken W.D. de la Rey oor die gebeure Sondagoggend 16.4.44.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

(20) Idem.

(21) Die Kerkbode: 25 Oktober 1944; „Wat het in Durban gebeur?"

(22) Verslag van ringskommissie se werksaamhede (11.5.44) sedert Ringsitting te Melmoth.

(23) Notule van ringskommissievergadering 19.4.44.

(24) Idem.

(25) Vlugskrif - Wat het aanleiding gegee tot die stigting van die Nuwe Protestantse kerk in Afrika? - J. Roux.

(26) Volksblad: 6 Oktober 1945.

(27) Vlugskrif - Wat het aanleiding gegee tot die stigting van die Nuwe Protestantse kerk in Afrika? - J. Roux.

(28) Brief: Dr. de Vos aan ringscriba 21.4.44.

(29) Idem.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

# B Y L A E.

## INHOUDSOPGAWE.


| Nommer. | | | Bladsy. |
|---|---|---|---|
| A. | (i) | Gedaag voor die ring van Johannesburg - Februarie 1940. | 1 |
| | (ii) | Rede uitgespreek by die ordening van prop. J.F. de Vos. | 2 |
| B. | | Kwartaalbrief aan die Gemeente Durban. No.2. (Uittreksel). | 6 |
| C. | | Notule van Kerkraadsvergadering 13.6.41. (Uittreksel). | 6 |
| D. | | Notule van Kerkraadsvergadering 1.6.43. (Uittreksel). | 9 |
| E. | | Klagbrief teen dr. de Vos - J.S. Rinken. | 11 |
| F. | | Notule van Kerkraadsvergadering 19.11.43. (Uittreksel). | 11 |
| G. | | Notule van Kerkraadsvergadering 21.1.44. (Uittreksel). | 19 |
| H. | | Notule van Kerkraadsvergadering 22.1.44. (Uittreksel). | 24 |
| I. | | Notule van Kerkraadsvergadering 17.3.44. (Uittreksel). | 29 |
| J. | | Gemeentevergadering 18.3.44. | 36 |
| K. | | Besware teen demissieverlening aan ds. G.C. van Rooyen. | 39 |
| L. | (i) | Brief van ds. van Rooyen. | 62 |
| | (ii) | Redes vir aanvra van demissie. | 63 |
| | (iii) | Uitbreiding op die redes aangegee. | 64 |
| M. | | Klagbrief teen dr. de Vos - J.A. Nel. | 68 |
| N. | | Klagbrief teen dr. de Vos - E.J. Muller. | 69 |
| O. | | Klagbrief teen dr. de Vos. | 71 |
| P. | | Klagbrief teen dr. de Vos - J.S. Celliers. | 72 |
| Q. | | Klagbrief teen ds. van Rooyen. | 73 |
| R. | | Klagbrief teen dr. de Vos - dr. G.S. Rossouw. | 74 |
| S. | | Klagbrief teen dr. de Vos - J.S. Celliers. | 75 |
| T. | | Verslag van die Scriba van die Ring van Pietermaritzburg. | 77 |
| U. | | Notule van die Buitengewone Ringsvergadering 7 - 11 Maart 1944. (Uittreksels). | 79 |
| V. | | Memorandum opgestel deur W.D. de la Rey. | 137 |
| W. | | Beëdigde verklaring deur W.D. de la Rey. | 139 |
| X. | | Beëdigde verklaring deur E.J. Muller. | 143 |
| Y. | | Beëdigde verklaring deur H. Mentz. | 144 |
| Z. | | Dr. de Vos se brief van bedanking as leraar van die N.G. Kerk. | 147 |
| ZZ. | | „Wat het daar in Durban gebeur?" | 148 |


---

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Bylae B

DURBAN. N.G.K. IN S.A.

# Kwartaalbrief aan die Gemeente Durban

DEEL I. OKTOBER 1943. No. 2.

**Verloftoelaes aan die Predikante.**

Aan Dr. De Vos is 'n bedrag van £240 uitbetaal. Hierteenoor het die kerkraad uit die verhuur van die Pastorie (Evans-weg) ingekry 'n bedrag van £110. derhalwe was die werklike uitgawe £130 uit die kas.

Aan Ds. Van Rooyen is uitbetaal 'n bonus van £50 en £246, tesame £296. Hierby word gevoeg plus-minus £12 stoorgeld vir meubels. Hierteenoor het die kerkraad ingekry £22 vir rente op geld van Moore-weg Pastorie, derhalwe was die werklike uitgawe £286 uit die kas.

**Pastorie: Ds. en Mev. Van Rooyen.**

Op die oomblik woon Ds. en Mev. Van Rooyen in 'n huis (Manning-weg 452) wat deur die kerkraad teen £16 p.m. vir hulle gehuur word. Dit is 'n mooi, ruim en doeltreffende huis. Wat die ou Pastorie, Moor-weg 232, betref, heers in die gemeente, afgesien van aan wie dit verkoop is, soveel misverstand dat 'n kort verklaring, helderheid mag bring. Sommige gemeentelede meen dat die ou Pastorie verkoop is onderwyl Ds. Van Rooyen op verlof was, en sommige meen dit was teen hulle begeerte. Die feite is, dat die Pastorie verkoop is in Desember 1942 onderwyl Ds. en Mev. Van Rooyen nog hier was. Ds. Van Rooyen het self opgetree as voorsitter by die vergaderings. Dit is met die goedkeuring van beide Ds. en Mev. Van Rooyen gedoen. In hierdie tyd was Dr. en Mev. De Vos nog afwesig uit die gemeente. Dit is verkoop geheel en al sonder hulle medewete. Die Pastorie is verkoop vir £2250—en besluit is om £2750 vir 'n nuwe te betaal. Vir sewe maande is onafgebroke getrag om 'n nuwe pastorie te koop. Die bedrag is selfs opgeskuiwe na £3000, dog alle pogings was vrugteloos.

Bylae C

Uittreksel uit Kerkraadsnotule — 13/6/41

Program van Gemeentebearbeiding: Die volgende reëls en besluite is deur die Vergadering goedgekeur: Die twee Leraars.

A 1. Die twee Predikante is medeleraars, elk met dieselfde posisie en verantwoordelikheid.

2. Hulle sal deur die Kerkraad op elke gebied eners behandel word en met dieselfde besoldiging

3. Hulle werk sal as volg ingedeel word.

(1) Elk sal 500 huisgesinne per jaar besoek

(2) Die wyke wat besoek moet word en deur welke Leraar sal deur die Kerkraad aangewys word.

(3) Vir die bearbeiding van die onge huisgesinne sal voorsiening voor gemaak word [illegible] die Kerkraad.

(4) Elke week sal 'n Leraar 'n biduur [illegible] in Sentraal of in buitewyk.

(5) Die hoof-superintendent van die Sondag[illegible] sal aangestel word om die [illegible]

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

sondagskole te kan besoek.

(6) Die Doop sal al om die jaar deur 'n Leraar waargeneem word.

(7) So ook met huwelikke.

(8) Al om die jaar sal 'n Leraar vir die afkondigingboek verantwoordelik wees.

(9) Dienste sal sover moontlik om die beurt waargeneem word en sal deur (10) 'n Kommissie bestaande uit die Leraars en Ouderlinge Theunissen, du Preez en Vermaak opgestel word.

(10) Geen Leraar sal vir die anderen werk of diens bepaal sonder vooraf toestemming van die ander een nie, en eers wanneer toestemming verkry is, sal reëlings vir sulks getref kan word.

(11) Besoeke aan hospitale sal jaarliks omgeruil word. In 1941 sal Ds van Rooyen vir Addington neem en Ds de Vos vir Entabeni.

(12) Elke Leraar neem die begrafenis uit sy eie wyke en hospitaal waar.

(13) Al die Kerk se korrespondensiewerk sal deur die Skriba gedoen word en alles word voor die Kerkraad gelê.

(14) Dit sal goed wees as die Leraars so nu en dan verslag gee van hul werk.

(15) Alle tjeks vir drie maande om die beurt deur die Leraars geteken word.

(16) Die Leraars sal om die beurt die voorsittersstoel van die Vergaderings inneem.

(17) Leraars sal om die beurt met die somervakansie op verlof kan gaan.

Program vir Predikantsvroue en Werksters:

(1) Mev. van Rooyen bly die leidster van die N.C.V.V. en Mev de Vos die van die Vroue

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Sendingbond en Kinderkrans.

(2) Dit word aanbeveel dat die Sentrale Ba-wer deur Mevre van Rooyen en de Vos waargeneem sal word. Die eerste en derde Woensdag deur Mev. de Vos en tweede en vierde Woensdag deur Mev. van Rooyen. As daar 'n vyfde Woensdag is sal Mej. Cronje dit waarneem.

(3) Mej. Cronje bly verantwoordelik vir alle buite bedure in oorleg met die twee Predikantsvroue.

(4) Mej. Cronje sal die armes besoek en is hiervoor verantwoordelik by die Kerkraad.

(5) Mej. Cronje sal ook die Vroue-afdeling by die hospitale besoek.

(6) Mej. Cronje sal ook die Fabriekwerksters besoek.

(7) Mej. Celliers sal onder die verpleegsters en jongdogters werk. Sy doen haar werk saam met die Strewers en gee aan die Kerkraad verslag.

(8) Meje Cronje en Celliers sal elke ses maande verslag gee.

(9) Meje. Cronje en Celliers se aanstelling bly tydelik

(10) Hierdie ~~reeks~~reels sal nie verander kan word tensy altwee Leraars op 'n Kerkraadsvergadering teenwoordig is nie.

Hiermee het die vergadering ten einde geloop waarop die VS met gebed gesluit het.

G. van Rooyen Voors

Gelees 11/7/41

P. S. Styddom

J. Slinde

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Bylae D

<u>Uittreksel van die Notule van Kerkraadsvergadering gehou op 1/6/43</u>

Wat die toekomstige organisasie en bearbeiding van die Gemeente betref, is twee planne voor die Kommissie gel en bespreek. Een van Oudl Theunissen die ander van Dr DJ de Vos. Die plan van Oudl. Theunissen is as volg:- Die Gemeente word in drie dele verdeel met elk sy eie predikant. Daar sal twee sale gebou word; die een in Greyville, die ander te Umbilo. Die predikante sal preekbeurte omruil. Na die oorlog sal die huidige Kerk verkoop word, die Gemeente in drie gesny en die geld gelykop verdeel tussen die drie Gemeentes. Vir eers gaan al die geld inkomstes na een algemene Kas. 'n Aparte hospitaal-arbeider sal aangestel word.

Die plan van Dr de Vos is as volg:-

1. Die Gemeente sal nie gesny word nie.
2. Indien Rossburgh besluit om by Durban aan te sluit ontvang ons haar en neem die eiendom te Rossburgh oor vir die selfde prys as wat daarvoor betaal is nl. £1300.
3. Daar sal twee Kerksale gebou word t.w. een in Greyville - Stamford Hill en die ander te Rossburgh of Umbilo.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

4. Die Gemeente sal deur vyf predikante bearbei word t.w. Ds van Rooyen, Dr de Vos en drie emeriti-predikante of hulppredikers, waarvan een 'n hospitaalarbeider sal wees. Een predikant sal in Rossburgh, die ander een in Durban Noord woon. Beide hospitaal- en sosiale werksters (slegs twee voltydse werksters sal daar wees) moet binne die grense van die gemeente woon.
5. Die werk van die vier leraars sal deur 'n programkommissie gereël word.
6. [Op 'n gelêe tydstip sal die huidige kerkgebou verkoop word en met dieselfde geld 'n nuwe gebou word – miskien met 'n hoër koste op 'n centrale plek in die stad.]
7. In die nuwe Kerk sal 'n orrel teen min of meer £3000 opgesit word.

Die Kommissie het die plan van Dr de Vos met algemene stemme aanvaar. geteken: Dr D J de Vos, H R Theunissen, C P Opperman, H A Cilliers

Sien notule on 10/11/43 re aankoop van Kerk.

Bylae E                    12 Jan. 194?.                    11

Eerwaarde Voorsitter en Kerkraad,

Daar dit in die verlede herhaaldelik gebeur het dat Dr. de Vos persoonlike aantyginge gemaak het, teen persone aanwesig of afwesig wanneer hy 'n vergadering lei, en daar hy hom dikw. skuldig maak aan skimpe, sal ek graag wil weet wat die houding van die Kerkraad in hierdie verband is. Ter stawing van bogenoemde wil ek die volgende onder u aandag wens te bring; met die kiesing van die laaste gekombineerde Kerkraadsvergadering het Dr. de Vos die volgende uitlating gemaak n.l. dat die Broers versigtig moet wees om wedergebore kinders te kies, so nie wys dit op dáé eerste of tweede vergadering uit dat hulle nie wedergebore kinders van die Here is nie. Mag ons weet of Dr. de Vos refleksie hou op enige Kerkraadslid, en op wie? En op watter Kerkraadsvergadering is daar van die Kerkraad as nie Christene gewys nie?

Ek wil hiermee aan die Kerkraad kennis gee dat ek die optrede van Dr. de Vos ver benede die waardigheid van sy roeping beskou, n.l. dat hy 'n mens se geestelike toestand met kleingeestige benullighede oordeel. Sy bewering dat ek nie 'n wedergebore kind is, omdat ek met my hand in my broeksak gestaan het, beskou ek in hierdie lig en neem dit ook as 'n persoonlike belediging. Ek vra die Kerkraad wat my in die amp as ouderling gekies het, se beskerming. Daar ek persoonlik deur die Kerkraad tot ouderling gekies is, wil ek ook weet of Dr. de Vos die reg het om aan my te beveel om my manel uit te trek?

Dr. de Vos het die bewering gemaak, dat Ds. van Rooyen aan hom sou gesê het dat hy nie meer weerstand aan die Kerkraad bied nie maar dat hy dit al lankal opgegee het, omdat die Kerkraad hom oorreed het. Mag ons van Ds. van Rooyen bevestiging van hierdie aantyging kry as dit gemaak is.

Met Agting,
Die Uwe,
J.S. Bonthuys [signature]

Bylae F

Uittreksel – Kerkraadsvergadering 19/11/43

Brief Mnr. W.O. Read (14 Okt 1943). Brief van Mnr Read word gelees. Daarna deel die voorsitter mee dat die reelingskommissie Mnr Read gevra het om hierdie vergadering by te woon. Kerkraad keur dit goed. Mnr Read word toe ingeroep. Op aandrang van Diak Slabber en Mnr Read verlaat Dr de Vos die voorsittersstoel en vra Ds van Rooyen om te lei. Ds van Rooyen neem toe voorsittersstoel in en vra of dit nie nou beter sal wees om die vergadering te verdaag en dan 'n broederlike onderhoud te hê nie. Dr de Vos meen dat dit 'n wettige vergadering moet wees aangesien

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

dit oor 'n baie belangrike saak handel nl. die onderwys. Dr de Vos verduidelik dat nie hier geensins oor 'n persoonlike saak tussen Mnr. Read en hom gaan nie maar oor die skool waarvan Mnr Read prinsipaal is. Dr de Vos verduidelik dat hy in 'n vorige Kerkraadsvergadering gesê het dat hy persoonlik nie 'n pennie vir daardie skool sal gee solank Mnr Read prinsipaal is nie. Hy wou hê dat die Kerkraad 'n beursfonds vir die skool sou stig. Hy is egter gewillig om by te dra as daar 'n oortuigde wedergeborene aan die hoof van die skool staan. Hy herinner hom nie dat hy gesê het dat Mnr Read nie 'n Christen is nie.

Die Voorsitter het Dr de Vos toe geleentheid gegee om vrae aan Mnr. Read te stel. Dr de Vos vra toe wie van die Kerkraadslede het aan u gaan sê wat ek gesê het? Mnr Read: "Ek weier om te sê. Die lede is hier, hulle kan self getuig" Die Voorsitter sê dat aan Mnr Read 'n direkte vraag gestel is en dat 'n direkte antwoord verwag word. Mnr Read weier egter.

Daarna staan Oudl. de Jager op en getuig dat hy die man is maar dit goeder trou gedoen het. Diak Slebber staan toe op en sê dat hy ook met Mnr Read gaan praat het en vir hom gevra om die moeilikheid tussen hom en Dr de Vos op te los. Diak Slebber sê ook dat hy geen kwaad daarmee

bedoel het nie. Dr de Vos wys die ...
of dat hierdie twee lede die ...
deur hul handelswyse gepresidieer het.
Dit word deur hierdie twee lede erken.
Dr de Vos gaan toe aan met vrae:
Hoelank is u al in Durban? — vanaf 19..
Is u lidmaatsertifikaat hier ingehandig? ...
vir die Kerkraad. Ja.
Het u al gedien as Kerkraadslid? Nee
Was u al hier Sondagskoolonderwyser? Nee.
Woon u die Kerkfunksies van die Kinders
by? Nee; ek weet nie wanneer dit is ...
Woon u die Kinderdienste by? Nee.
Besoek u die ouers van kinders wie
by u op skool is? Ja - soveel ek k...
Neem u die Godsdiens waar op skool? Ja
soms - ander onderwysers ook. In 1942
ook waargeneem.
Hoe word die Godsdiens waargeneem op sk...
en hoeveel tyd laat die regulasies toe
Hang af van omstandighede — regulasies s...
niks. Dis nie 'n kerkskool nie.
Woon u soms bidstonde in die gemeente
by? Nee.
Wat is u maandelikse bydrae aan die Ke...
Niks.
Bestaan 'n lak van die Voortrekkers in
u skool? Het bestaan — miskien 'n
bietjie dood nou. Ek lei dit nie nie
so min as wat u dit lei.
Was daar 'n sluitingsfunksie aan die ...
van die tweede kwartaal? Ja.
Het net die onderwysers(esse) daaraan
deelgeneem? Nee. Dit was afgesl...

Was daar nie ook 'n afsonderlike [illegible]
net vir die onderwysers (esse) nie? [illegible]
Weet u van die 2/6 lys wat daar [illegible]
gaan het vir 'n funksie in die skool?
By my het geen lys gekom nie. Hulle
hoef nie my toestemming te [illegible] so'n
lys rond te neem nie.
Is dit met u toestemming? Weet nie daarvan
nie.
Het u op 10 Okt 1940 die kinders gestraf
wie daardie dag uit die skool gebly het?
Nee. Twee kinders is per abuis vir 'n
½ uur agtergehou. 'n Paar kinders het
briewe gebring van hulle ouers.
Hoeveel maak was u gedurende 1942 in ons
Kerk? Weet nie.
Wanneer laas nagmaal gebruik? Weet nie.
Het daar al petisies rondgegaan om u uit
die skool te kry? Daar was so iets
na 10 Okt 1940.
Hoeveel kinders van ons Kerk is in u
skool? Vra nie aan welke Kerk die
kinders behoort nie. Ek het geen idee nie.
Was u gedurende 1940 teen die Reddingsdaad-
bond? Nee. nog nooit teen die Bond nie.
Is u 'n wedergeborene? Ek weet net van
een geboorte. Was nog nie gestorwe om
dit te kan sê nie.
Is u 'n bekeerde? Ek weier om te
antwoord. Laat my nie katkiseer nie.
U was nog nooit by my huis om met
my daaroor te praat nie.
Dr de Vos sê dat hy en 'n ouderling
sy huis besoek het. Mnr Read sê

„die 'n infame leuen". Dr de Vos vra dan op dat die Kerkraad hom teen! hierdie lasterlike woorde moet beskerm. (Hier verlaat ouderl. de Jager die vergadering sonder toestemming van die voorsitter.)
Glo u aan Godswoord as onfeilbaar geïnspireerd van begin tot end? Ek glo wat ek voor die Kansel belowe het. Ja.
Wat verstaan u daaronder? Geen antwoord.
Het u probeer om die Port Natalse Skool vir ons te kry as 'n Sondagskool-lokaal? Ek het aan die departement geskrywe. Departement het my gevra watter aanbeveling ek doen. Ek het aanbeveel dat die skool vir die Sondagskool gebruik kan word op voorwaarde dat die hoof van die Sondagskool verantwoordelikheid dra.
Is dieselfde eise te Bulwerpark Skool gestel? Nee omdat daar andere ook was wat die skool gebruik het.
Is daar nie andere wat die Port Natal Skool ook gebruik nie? Ja. vir volkspele.
Hierop verklaar Dr de Vos dat dit 'n ope vergadering is volgens die Kerkwet en dat die antwoorde van Mnr Read ook vir die publiek is. Hieroor was 'n lang diskussie gevoer. Ouderl. Burger dien sy bedanking in aangesien hy onder die indruk verkeer het dat dit 'n geslote vergadering was. Hy verlaat die vergadering sonder verlof van die voorsitter.
Die voorsitter verduidelik toe dat die Sinode, Ring en Kerkraadsvergaderings

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

met ope deure gehou word en wanneer lede verlang dat dit in kamera gehou moes word, moes hulle dit aan die begin voorgestel het.
Dr de Vos verduidelik nogeens dat hy as persoonlik teen Mnr Read het nie en dat Mnr. Read hom geen kwaad aangedoen het nie behalwe die woorde wat hy netnou gesê het, maar dat ons met 'n saak te doen het.
Op 'n vraag van die voorsitter of Mnr. Read hier in sy kapasiteit as lid van die Kerk of as prinsipaal verskyn is met 23 teen 17 besluit dat hy nie as prinsipaal hier is nie.
Dr de Vos verduidelik dat die voorsitter en kerkraad hom toegelaat het om Mnr Read as lid sowel as prinsipaal vrae te stel. Die voorsitter sê dat Dr de Vos nie in die begin gemeld het dat hy dit teen Mnr Read of die prinsipaal het nie en was onder die indruk dat dit 'n persoonlike kwessie tussen Mnr Read en Dr de Vos is. As voorsitter geweet het dat dit 'n ander rigting sou neem het hy nie die voorsitterstoel ingeneem nie.
Geleentheid is toe aan Mnr Read gegee om vrae te stel. Hy sê dat al die vrae wat hy as prinsipaal beantwoord het wegval. Mnr Read vra aan Dr de Vos wie met hom saam was en wanneer Dr. by sy huis was. Dr antwoord dat dit in 1940 was maar

hy sal in sy boekie moet kyk wie met hom saam was. Die dag toe hulle daar was het hy sy seun daar ontmoet. Mev. Read was toe of 'n lang kuier êrens heen. Die Voorsitter vra Mnr Read toe om die woorde "infame Leuen" terug te trek, wat hy dan ook gedoen het. Mnr Read sê dat wat die vrae betref oor sy prinsipaalskap draai hy sy rug op die Raadslede. Die Voorsitter sê hy is baie jammer dat Mnr Read dit sê want dit is juis die grief wat die ouers van Natal het nl. dat hulle geen seggenskap oor die onderwysers het nie. Die voorsitter getuig dat hy waardeer Dr de Vos se strewe nl. dat Christene (Kalviniste) sake moet reël en dat ons belyders aan die hoof van inrigtings wil sien en daarom sou voorsitter graag wil sien dat daar verbeterings moet kom. Hy lig die vergadering in aangaande toestande in die skool onder andere dat eenkeer hy die onderwysers besig gevind het bier te drink, en dat die staf op 'n paar uitsonderinge na wêreldsgesind is, waarmee ons nie tevrede is nie. Dr de Vos vra aan die Voorsitter word daar bier gedrink. Voorsitter antwoord „Ja".
Die Voorsitter sê dat Dr de Vos na geregtigheid strewe en wil sien dat geregtigheid geskied. Sy Dr de Vos se optrede is dikwels bietjie te sterk

waar hy dikwels bulpie moed ontvang.
Groot dinge het in die Gemeente gebeur vanaf 1940 waarvoor ons dankbaar is.
Dr de Vos sê dat hy en Ds va Rooyen mekaar pragtig behoort aan te vul.
Die een tiek mense wat die ander nie kan nie en omgekeerd.
Die Voorsitter sê dat gemeentelede is wat probeer wieë indrywe tussen die twee predikante.
Mnr Read vra toe die Voorsitter waar hy nou staan. Die Voorsitter antwoord dat uit die antwoorde blyk dat Mnr Read nie van sy wedergeboorte oortuig is nie maar hy hoef nie weg te gaan met die idee dat ons hom veroordeel as 'n wêreldling nie. Ons sal vir hom en sy stof bid.
Dr de Vos gaan toe onder byval van die hele Kerkraad na Mnr Read en gee hom die hand as bewys dat dit nie 'n persoonlike stryd is nie.
Ds van Rooyen oorhandig die V/stoel weer aan Dr de Vos. Weens die late uur het ~~die~~ Dr de Vos 'n broer gevra om af te sluit. Terwyl die lede staan het Oud. Theunissen gevra of ons nie die volgende vergadering vroeër kan hou nie en dat die Broers asb die kaart by sy huis moet kom besigtig voordat dit na die pers gaan. Daar dit te laat was is egter geen besluit oor die vervroegde vergadering geneem nie en vergadering verdaag tot 17 Des. 1943.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Bylae G 

<u>Uittreksel geneem uit die Notule van Kerkraadsvergaderings gehou op 21 De[illegible] en 22 Jan 1944</u>

<u>Kommissering Ds G van Rooyen</u> 10/12/43: Die voorsitter lees 'n brief van Ds G.C. van Rooyen voor waarin hy kennis gee dat hy aansoek om sy demissie gaan doen by die Ringskommissie. Die V/s sê dat die brief baie mooi gestel is en dat Ds van Rooyen die begeerte daarin uitspreek dat alle kwessies wat moontlik, veral in hierdie tyd verwarring kan veroorsaak terysde gestel mag word ter wille van die saak van die Heer in die Gemeente. Die V/s sê hy glo dat daar 'n oplossing te vinde is wat uiters wenslik is, veral dat Ds van Rooyen byna twintig jaar die gemeente bearbei en nog maar één jaar het voordat hy moet aftree en sodoende kan ons aan Ds van Rooyen 'n gelukkige afskeid gee. Hy is gewillig om met Mev. de Vos

---

die voortou te neem en het reeds toe daar sprake was van aftree aan Oud. Theron sy plan verduidelik.
Die V/s vra of daar iemand is wat iets hierop wil sê en toe daar niemand is nie vra die voorsitter of hy 'n oplossing aan die hand kan gee. Dit is aanvaar.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Bylae G

## Uittreksel geneem uit die Notule van Kerkraadsvergaderings gehou op 21 Jan 1944 en 22 Jan 1944

Kennisgewing Ds G. van Rooyen 10/12/43: Die voorsitter lees 'n brief van Ds G. van Rooyen voor waarin hy kennis gee dat hy aansoek om sy demissie gaan doen by die Ringskommissie. Die V/s sê dat die brief baie mooi gestel is en dat Ds van Rooyen die begeerte daarin uitspreek dat alle kwessies wat moontlik, veral in hierdie tyd verwarring kan veroorsaak tersyde gesit mag word ter wille van die saak van die Heer en die Gemeente. Die V/s sê hy glo dat daar 'n oplossing te vinde is wat uiters wenslik is, veral dat Ds van Rooyen byna twintig jaar die gemeente bearbei en nog maar één jaar het voordat hy moet aftree en sodoende kan ons aan Ds van Rooyen 'n gelukkige afskeid gee. Hy is gewillig om met Mev. de Voor

die voortou te neem en het reeds toe daar sprake was van aftree aan Oud. Theron sy plan verduidelik.

Die V/s vra of daar iemand is wat iets hierop wil sê en toe daar niemand is sê nie vra die voorsitter of hy 'n oplossing aan die hand kan gee. Dit wr aanvaar.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

<u>Voorstel</u>: Broers ek wil 'n groot ernstige beroep... die volgende aangee as oplossing by die Haagse toestand wat ontstaan het deur die vermeende twisgeskil tussen ons Herders van die gemeente. Dit sal nie net Kerksake beëindig nie maar moontlik hofsake. Dit is nl. dit:-

(1) U gee aan Ds van Rooyen en myself die geleentheid om aan u te verduidelik wat plaasgevind het met ons sedert ons Kerkraadsvergadering in Nov l.l. Ds van Rooyen kry die eerste geleentheid terwyl ek uit die vergadering is. Nadat dit gedoen is praat niemand daaroor nie of vra geen vraag nie. Daarna gaan ons voort met ons gewone werk soos ons kan kom. Die twee predikante kry kennis om met die predikantsvroue op Saterdagaand die 22ste Jan om 7 uur N.M. in die voortgesette vergadering te wees. Daar word hulle gevra om mekaar te vergewe, verskoning te vra en vrede te maak sonder bespreking van die saak. Sondagmôre word dit deur my aan die gemeente bekendgemaak en Sondagaand deur Ds van Rooyen volgens 'n afkondiging wat die Kerkraad opstel. Nagmaal neem Ds Zuidenberg waar terwyl die twee Leraars saam met hom aan tafel gaan.

(2) Aan die Ringskommissie word kennis gegee
(a) Dat die saak in der minne opgelos is.
(b) Deur Ds van Rooyen dat hy sy aangevraagde demissie terugtrek asook andere stukke
(c) Deur Ds de Vos dat hy sy stukke sal terugtrek
(d) God al die eer.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

3) [illegible] dra aan my as een van die [illegible] 21
van die gemeente kommissie vir een jaar die
bearbeiding van die hospitale op en indien
ek verkies dan langer. Ds van Rooyen lei die
kerkraadsvergaderings waarvan ek ampshalwe
lid is maar nie verplig sal wees om by
te woon nie. Ek doen skriftelik of mondelings
verslag aan die kerkraad van my werk.
Nu V/S sê hy doen dit nie uit
swakheid nie maar uit 'n verlange na
rus en vrede. Dadelik was daar 'n
spontane reaksie van die kant van die
kerkraad dat dit ons 'n oplossing
aanbied. Verskeie lede spreek hulle
opinie uit en elkeen voel dat die
voorstel goed is maar dat nie toegelaat
moet word dat die twee leraars elk
hulle kant van die saak hier stel nie
en vra die V/S om daardie deel terug te
trek. Sommige voel ook dat dit nie nodig
is om die predikantsvroue hier te hô
nie aangesien as daar vrede is tussen
die predikante dit ook vrede sal wees tussen
die pastorieë. Die V/S is egter nie genee
om sy voorstel te wysig nie. Verskeie
lede vra dat Ds van Rooyen sy opinie
daaroor moet uitspreek.
Ds van Rooyen staan toe op en sê dat
hy nie graag hierdie gedagte in die
kiem wil smoor nie. Hy lees uit die
skrif voor waar Paulus van sy swakhede
praat en sê dat wanneer 'n mens
swak is dan is hy sterk. Hy voel

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

[illegible]
moet word aangesien sy vrou 'n aparte persoon is en hy haar dus moet raadpleeg. Hy sê daar is 'n bestrede man en as hy nie sy voorstel wil wysig nie sal hy dit net so aanvaar maar sal bly wees as hy die woord „hofsake" wil uitlaat. Hy voeg by dat hy in die verlede te veel oor liefde en vrede gepraat het en dit te min beoefen; 'n mens moet wat gy praat in praktyk bring.

Die V/S sê toe hy sal die woord „hofsake" skrap en voel dat ons die voorstel ten-minste in beginsel moet aanneem en dan kan ons môreaand bymekaar en die predikante en vroue maak die saake vóór die Kerkraad uit. Ons kan dan godsdiens saam, bid saam, sing saam, en al doen ons verder niks meer werk nie; die saak is so groot dat dit die moeite werd is.

Diak Elsebeth sê ons moet dit aanvaar, dis 'n vredesvoorstel en kan nie uitgestel word nie; môreaand kan dit dalk te laat wees.

Die V/S sê hy sal vir sy vrou instaan

vir vrede; hulle is een en dink eners.
Terwyl die V/S nog besig was om oor die voorstel te praat, staan Ds van Rooyen op en sê indien hy meen dat dit die beste sal wees aanvaar hy die voorstel waarop hy na vore gaan sy hand aan die V/S gee en sê „ons maak vrede". Die V/S gee sy hand en vra „is dit vir die Pastorie" Ds van Rooyen antwoord „Ja dis vir die Pastorie". Die hele vergadering het toe onder blyke van groot vreugde „Prys die Heer" gesing.
Die V/S sê toe die Broers moet goed verstaan dis vir die Pastorie. Al die Kerkraadslede het toe na vore gegaan en albei die leraars die hand gegee; sommige het geween van blydskap.
Die V/S vra toe aan die Kerkraad wat moet nou met die papiere gedoen word wat op die saak betrekking het?
Ds van Rooyen sê hy gee aan die hand hulle word verbrand – ons maak 'n groot "bonfire" van hulle. Dit word algemeen aanvaar.
Al wat dus van die V/S se oorspronklike voorstel oorgebly het was die afkondiging van die Kansel, kennisgewing aan Rings-Kommissie en die hospitaalbearbeiding.
Die vergadering besluit toe dat die bespreking oor die hospitaalbearbeiding uitgestel word tot later.

22 Jan 1944 — Voortsetting van die vergadering van 21 Jan 1944.

---

Op hierdie oomblik staan Ds van Rooyen op en stel die vergadering in kennis dat Mev. van Rooyen buite in die kar sit. Hy deel mee dat hy nie daarin geslaag het om haar tot vrede te beweeg nie. Sy het grewe en vra of sy haar saak nie voor die vergadering kan lê nie. Ds van Rooyen sê dit sal nie help om hier vrede te hê en daar is nie vrede in sy huis nie; dit kan tot onenigheid lei.

Die V/S sê hy is baie jammer om dit te verneem daar die saak gisteraand finaal afgehandel was. Elke predikant het vir sy vrou onderneem, dit maak dit 'n private saak. Hy wil dus die saak nie op sy verantwoordelikheid oopmaak in die Kerkraad nie.

Oudl Steiger vra toe of Ds van Rooyen nie saamgestem het dat die besluit gisteraand geneem, die twee pastorieë betref nie. Ds van Rooyen antwoord „Ja" maar dat hy die vergadering daarop gewys het dat Mev. van Rooyen 'n aparte persoonlikheid is en daarom het hy om uitstel gevra.

Hy het gereken dat dit die beste sou wees
indien die twee pastorieë persoonlik mekaar
maar gesien het en dan voor die Kerk-
raad sê kan getuig dat alle moeilikhede
uit die weg geruim is. Ds van Rooyen sê
hy het vrede gemaak met Dr. maar
Mev. van Rooyen het nie vrede nie. Hy
wil dus die vrede nie versteur nie daarom
dink hy dat dit tog maar die beste
sal wees om vir sy demissie aanvraag te
doen.

Die V/S sê dat hy op 6 Des Mev. van
Rooyen se hand gevat het en vir haar
gesê: Mev. nou vat ek u hand soos nog
nooit voorheen nie. Ds van Rooyen sê u
het gesê „Nou vat ek jou hand beter
as ooit voorheen". Die V/S sê ons het
vrede gemaak en ek hou haar hand
van daardie aand af.

Oudl. Meintjes vra toe of Dr nie sal uit-
gaan en Mev. van Rooyen gaan vra wat
sy nog teen hom het nie. Die V/S ant-
woord: Br Meintjes hoe kan ek; ons het
gisteraand vrede gemaak en dit was nie
ek nie; ek wou dit Saterdagaand hê met
die vrouens hier. Die Kerkraad het die
vrede tussen die twee pastorieë aanvaar en
deur Ds van Rooyen is alles gisteraand
afgesluit in plaas van vanaand. Die
V/S sê hy hou by die Kerkraad se be-
sluit sowel as die vrede van 6 Des. Mev
van Rooyen het lyk dit my altwee omgeskop.
Laat u dus toe dat 'n gemeentelid ons op
hierdie wyse verskeur! Die V/S sê dat

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

hy onskuldig is aan die verbreking van die vrede hier binne en daar buite.
Ds van Rooyen sê toe dat hy onder die indruk was dat die vrede net tussen die twee vroue was, ander uitgesluit, en dat Dr die vir hom nie in druk gelê het.
Na nog wat besprekinge vra Ds van Rooyen of die vergadering nie vir 15 minute kan verdaag sodat kerkraadslede in private samespreking met haar kan gaan praat nie. Dit word toegestaan.

Na die pouse het die Kerkraad met sy werk aangegaan.
Hierop staan Oudl Kuiken op en verklaar dat Mev. van Rooyen geestelik gekrenk voel en vra aan Dr of hy nie gewillig sal wees om Mev. van Rooyen die hand te gaan gee nie — sy sal dit nie weier nie. Oudl Theunissen doen ook 'n beroep op Dr en sê hy moet gaan en net om ekskuus vra vir wat hy aan haar gesê het. Diak Esterhuizen sê dat Mev. van Rooyen om verskoning gevra wil word.
Die V/s sê hy is nie onwillig om haar hand te vat nie maar wys daarop dat hy as voorsitter dit nie kan doen nie. Sy is hier om haar griewe voor te lê; indien hy gaan en een of ander word gesê, wat moontlik is, en hy moet dit straks ontken dan maak hy homself skuldig deur die saak wat reeds tweemaal afgesluit is, weer te open. Dan moet hy straks terug kom en sê dat hulle die vrede van gisteraand en van 6 Des verbreek het.
Mev. van Rooyen wil hê hy moet om ver-

skenning vra van enige van die 27
andere gesê het en dat hom by nie
dam nie. Hy sê dat hy hulle kans
antsê is en dat hy meer as een maal
daarheen sou gaan maar mag nie.

as sy iets teen hom het dan is dit van
haar plig om na sy pastorie te kom.
Ds van Rooyen sê gisteraand en vanaand
se vergadering was om vrede te maak,
maar omdat Dr nie in tree uit sy pad
wil gaan om sy vrou te ontmoet nie —
ek het aan Mev de Vos vanmiddag ver-
skoning gevra — verklaar ek die vrede
van gisteraand van nul en gener waarde.
Die voorstel was net 'n verdowingsmiddel,
daar was ook geen vrede gisteraand nie
maar 'n wapenstilstand, 'n toesmeerdery
en derhalwe trek ek die aanvraag om my
demissie nie terug nie. Ds van Rooyen vra
toe dat die vergadering hom sal verskoon
waarop hy toe die vergadering verlaat.
Die V/s sê hy het waaragtig vrede
gemaak en hy hou daarby sowel as
hy wat die Kerkraad gisteraand gedoen
het. en vra dat die Kerkraad hom
sal onthef van alle medepligtigheid aan
die breek van hierdie saak van gister-
aand tot vanaand.
Oudl H Cilliers stel toe voor dat hierdie
vergadering Dr de Vos van alle skuld aan die
verbreking van die vrede en handhaaf wat
deur die Kerkraad gisteraand bereik is.
Oudl. H Steyn sekondeer. Tot stemming gebring
was 31 voor en 5 teen.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die V/s vra toe aan die wyk of skuldig dat hy skuld aan hierdie affêre het ... staan op en sê nie skuld daaraan maar meen die V/s moes uitgegaan het. Diaken de la Rey sê hy voel dat ons Kerkraad verplig is om te doen wat ons kan om vrede te herstel.

Die V/s sê indien daar vrywilligers is om verdere stappe te doen om sodoende moeilikhede uit die weg te probeer ruim, dit hulle vrystaan.

Oudl W. Cilliers sê dat verskeie pogings aangewend is om vrede te bewerkstellig. Hy het self op 'n kommissie gedien wat na Ds van Rooyen gegaan het dog hulle wil die ander pastorie onder geen omstandighede toelaat nie. Andere kan nou probeer maar hyself sal nie weer gaan nie.

Diak Robertse vra toe dat die Oudl en Diaken van die wyk waarin Dr de Vos en Ds van Rooyen woon ondersoek in te stel sonder om as 'n kommissie op te tree.

Nagmaal: Aangaande die nagmaal vra die V/s of daar een van die broers is wat meen ons moet die nagmaal nie laat deurgaan nie of wat meen ek moet my van die nagmaalsbediening onttrek? Niemand maak beswaar nie. Die V/s sê toe goed dan laat u die nagmaalsbediening wat my betref aan my diskresie oor; ons het nog 'n Leraar om te help.

Hiermee het die vergadering ten einde geloop waarop 'n versie gesing is en Oudl Steyn met gebed gesluit het.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

174 Bylae I 

C1 Notule van 'n Gewone Kerkraadsvergadering gehou in die Kerksaal, Smithstraat 151, Durban, op 17 Maart, 1944 om 7.15 n.m., soos deur die Kommissie van Revisie hersien.

1. Teenwoordig: Dr. D. J. de Vos en Ds. M. W. Odendaal.
Brs. Ouderlinge: Thunnissen, J. Cilliers, Vogel. Bezuidenhout. Oosthuizen, Uys, Bucknall, Steigers, van Rensburg, Botha, H. Cilliers, Hattingh, A. Meyer, van Aardt, Jordaan, Prætorius, Jouker, Steyndom, Wente, de Klerk, Hudson, McLachlan, Rinken, Meritjes, Kruger, Mentz, en Koekemoer.
Brs. Diakens: C. Botha, Burger, du Toit, J. van Wyk, Roodman, Badenhorst, Etschertz, Blomers, de la Rey, Germishuizen, Roux, Pieters, A. B. Blignaut, Bergh, E. Blignaut, v.d. Merwe, Opperman, P. H. van Wyk, Smith, Stabber, Kok, P. Botha, Maartens, Esterhuizen, van Schalkwyk, Caletz, Smidt (Greyville) en D. Odendaal, Scriba.

2. Dr. de Vos neem die voorsittersstoel in en open die vergadering met skriflesing en gebed. Daarna verklaar hy dat die Ring Ds. Odendaal aangestel het as voorsitter vir die onderhawige vergadering asook vir die Gemeentevergadering die volgende aand, dog dat hy meen dat die Ring ultra vires gehandel het. Hy lees toe 'n brief voor wat hy aan Ds. Odendaal in dié verband geskryf het. Dr. de Vos verduidelik dat hy en Ds. van Rooyen aangestel was as Konsulente vir 'n ewe; val Ds. van Rooyen weg, soos nou die geval is, wil hy die vakature as Konsulent. Ds. Odendaal is in die plek van Ds. van Rooyen aangestel as Konsulent vir hom (Dr. de Vos) en kan dus net optree as hy afwesig is. Hy lees ook art.

244 [illegible]

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

sê hy verder daar was geen skeuring [illegible] deur die Ring nie, - slegs 'n bedenking, en wat hy dus ten volle geregtig is om as voorsitter op te tree en hom self aan om die onderhawige vergadering en die Gemeentevergadering die volgende aand ordelik te lei. Hy is gewillig om die stoel aan Ds Rendal af te staan dog dan slegs onder protes en as daar iets gebeur rus die verantwoordelikheid op Ds Rendal en die Ring.

Ds. Rendal antwoord dat hy maar net hier is om die besluit van die Ring te gehoorsaam; hy is jammer oor Ds de Vos se houding dog wil nie dat Ds de Vos die stoel onder protes moet ontruim nie. Onder die omstandighede sal hy dus tevrede wees om die vergadering en die Gemeentevergadering die volgende aand by te woon in 'n adviserende hoedanigheid. Op 'n vraag uit die vergadering word dit ooreengekom dat Ds. de Vos die stoel sal behou en dat waar sake voorkom waar hy dit nie kan behou nie, die wetlike prosedure gevolg sal word.

3. Notule. (a) Die Notule van die vorige vergadering word gelees. Die Voorsitter vra of daar enige aan- of opmerkings oor die Notule is. Diaken de la Rey versoek dat die volgende by die notule opgeneem word, naamlik: dat hy by die laaste vergadering gevra het om ingevolge Art 42(2) met opgaaf van redes te laat notuleer dat hy op die vergadering van 22/1/44 teen die voorstel dat Ds de Vos van alle blaam uit die verstoring van die vrede onthef word, gestem het, dog dat Ds de Vos teen sodanige notulering beswaar gemaak het op grond daarvan

dat dit by die vergadering van 20/1/44 moes geskied het en dat die Voorsitter Dr. de Vos toe gelyk gegee het.

Die Notule word daarna goedgekeur en geteken.

(b) Diaken Smith vra toe of die vorige notule (21 en 22/1/44) geteken is, waarop die Scriba ontkennend antwoord en verduidelik dat hy na afloop van die vergadering (18/2/44) gemerk het dat Ds van Rooyen nie geteken het nie. Hy het sy aandag daarop gevestig en Ds. van Rooyen het beloof om later te teken.

Die Voorsitter (Dr de Vos) sê die Notule is aangeneem met 54 teen 2 stemme en is derhalwe wettig. Ds van Rooyen hoef dus nie meer om te teken nie, en as hy wou weier moes hy dit in die vergadering gesê het; - wat hy nie gedoen het nie. Aangesien Ds van Rooyen nou weg is, sal hy, Dr. de Vos, dit teken.

(c) Ouderling Vel vra dat sy naam aangeteken moet word dat hy teen die aanname van die Notule by die vorige vergadering gestem het. Diaken van Wyk vra ook dat genotuleer moet word dat hy teen die aanname van die Notule gestem het, dog dat sy stem nie deur die Voorsitter bygetel is nie.

items op die Agenda afgehandel is.

16. Sake aangaande Ds. van Rooyen en Ring-aanbeveling:-

Toe dit kom by die behandeling van die items op die Agenda aangaande Ds. van Rooyen, vra Dr. de Vos vir Ds. Oosthuizen om die stoel in te neem wat laasgenoemde dan ook doen.

Op versoek van Dr. de Vos neem die Voorsitter die sake op die Agenda betreffende Ds. van Rooyen, nl:-

(a) Salaris Ds. van Rooyen.
(b) Pastorie Ds. van Rooyen, - Ontruiming Nr. 452.
(c) £500 Skenking Ds. van Rooyen ingevolge aanbeveling van Ring.
(d) Afskeidspreek.
(e) Afskeidsfunksie.

Dr. de Vos stel hierna 'n mosie van Orde ten effekte dat die Kerkraad die voorgenoemde sake in oorweging sal neem op ontvangs van 'n geskrif onderteken deur Ds. en Mev. van Rooyen en Dr. en Mev. de Vos, waarin verklaar word dat hulle met mekaar vrede gemaak het en dat al die moeilikhede van die verlede uit goed uit die weg geruim is.

Na sekere besware deur die Voorsitter teen die Orde-Mosie, willig Dr. de Vos in om dit te wysig tot 'n gewone voorstel. Ouderling Botha sekondeer die voorstel en Dr. de Vos bepleit tot die aanname daarvan. Hy sê hy is dit eens dat aan Ds. van Rooyen 'n afskeidsgeskenk en -geselligheid gegee word, dog dan moet daar eers vrede gemaak word. Hy wys op die moeilike posisie waarin hy as

[illegible]

gestel sal word - d.w.s. die afskeidspreek van die afskeidsgeleentheid en ander aan Ds. van Rooyen, indien daar nie vooraf vrede tussen hulle gemaak is nie. Hy sê dat as die Kerkraad nie die voorstel aanneem nie en Ds. en Mev. van Rooyen gaan weg sonder dat daar vrede gemaak is, die Kerkraad dan verantwoordelik sal wees vir die bestendiging van die onvrede.

Die Voorsitter wys Dr. de Vos op die onmoontlikheid om al die punte op die Agenda aangaande Ds. van Rooyen in sy voorstel saam te vat, en gee aan die hand dat Dr. de Vos sy voorstel maak wanneer punt (c), nl. die skenking van £500 aan Ds. van Rooyen aan die orde kom. Dr. de Vos weier egter.

Ouderling Strydom sê die Kerkraad het nie die reg om aan Ds. en Mev. van Rooyen voorwaardes te stel nie. Ons kan seker wees dat as die geskenk met sulke voorwaardes gepaard gaan, Ds. van Rooyen dit nie sal aanneem nie. Die Ring het aanbeveel dat die Kerkraad aan Ds. van Rooyen ten minste £500 sal betaal en hy stel dus voor dat die Kerkraad £600 skenk. Ouderling McLachlan sekondeer.

Ouderling Wentzel wys op die beroering wat daar alreeds in die Gemeente is en waarsku dat indien die voorstel van Dr. de Vos aangeneem word, dit die Kerkraad en Gemeente nie goed sal doen nie.

Nadat verskeie ander lede hul teen die voorstel gekant het, daag Diaken de la Rey

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

'n beroep op die leraars om nie die [illegible] van Ds. de Vos te steun nie omdat dit [illegible] meebring dat die vrede gekoop moet word. Alwal begeer seker dat daar vrede moet kom voor Ds en Mev. van Rooyen weggaan, dog dit het nou 'n private saak tussen die betrokke party geword en moet apart gehou word van die verpligting en sentiment van die Gemeente teenoor hul oud-leraar, Ds. van Rooyen en sy gade. Op die vergadering van 27/1/44 het Ds. de Vos geweier om Mev. van Rooyen om verskoning te vra op grond dat hulle alreeds die aand by die Erasmusrug-pastorie vrede gemaak het, terwyl Mev. van Rooyen dit ontken het. As albei dus konsekwent wil wees, is daar die gevaar dat daar nie vrede verkry mag word nie, en wat is dan die posisie? Daar moet rekening gehou word met die mense van die Gemeente.

Die Voorsitter wys daarop dat Ds. de Vos se voorstel 'n klag inhou, en dat dit nie reg is om aan Ds. van Rooyen, wat reeds sy demissie ontvang het, eise te wil stel nie. Ds. de Vos maak beswaar dat die Voorsitter besig is om die vergadering te beïnvloed. Die Voorsitter vra Ds. de Vos om dan die stoel in te neem sodat hy ook 'n kans kan kry om sy sienswyse te stel. Ds. de Vos weier egter en sê dat alhoewel Ds. van Rooyen sy demissie ontvang het, beide hy en sy vrou nog onder die Gemeente resorteer en praat van 'n ernstige klag wat nog teen Mev. van Rooyen hangende

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

is.

Ouderling de Klerk noem dat Ds. de V. sy kans gehad het om vrede te maak en dit nou te laat is. Sy voorwaardelike, afgeperste vrede is slegs 'n papier-vrede, wat nie veel werd sal wees nie.

Ouderling A. Steyn sê hy is bitter jammer om te hoor dat daar mense is wat meen dit is te laat om vrede te maak. Hy meen dit is die plig van die Kerkraad om te sorg dat daar vrede kom, en steun derhalwe die voorstel.

Diaken Stabler stel voor dat die Kerkraad £750 aan Ds. en Mev. van Rooyen toeken.

Die Voorsitter wys daarop dat die aanname van Ds. de Vos se voorstel sal beteken dat Ds. en Mev. van Rooyen niks sal kry nie en spreek nie die mening uit dat Ds. de Vos nie die reg het om al die items op die Agenda saam te vat nie en dat sy voorstel uit orde is omdat dit 'n Klag inhou. Ds. de Vos sê dat al die praatjies ons nêrens bring nie en stel 'n mosie van Orde dat van die saak afgestap word en dat die vergadering verdaag.

Die Voorsitter en sommige lede teken protes aan teen die Orde-mosie, dog Ds. de Vos eis dat dit tot stemming gebring word, en dit word aangeneem met 29 teen 21 stemme. Die volgende lede vra dat hul name aangeteken moet word dat hulle teen die mosie gestem het:—

Bylae 6

<u>Notule van 'n Gemeentevergadering in die Kerkgebou</u>
<u>op 18 Maart, 1944 om 7-30 n.m.</u>

Dr. de Vos neem die voorsitterstoel ... en verwelkom die gemeentelede asook ook Ds. Odendaal. Hy sê laasgenoemde is teenwoordig aangesien die Ring dit wenslik geag het dat hy die vergadering sal lei.

Die Voorsitter verduidelik daarna dat die vergadering belê is ingevolge Art. 34(10) van die Kerkwet en dat slegs die Finansiële State vir 1943 en sake wat daaruit voortvloei behandel kan word.

Hy lees toe die verslag van die Ouditeure voor. Vervolgens maak Mnr. R. P. Botha beswaar teen die lees daarvan voordat die Finansiële State behandel was en wil weet met watter doel dit gedoen is. Die Voorsitter reël dat Mnr. Botha beswaar moes gemaak het toe hy dit begin lees het.

Hierna wou Dr. de Vos die stoel aan Ds. Odendaal oorhandig dog laasgenoemde wys daarop dat die kwessie van voorsitterskap reeds die vorige aand afgehandel is. Hy is dus nou teenwoordig in 'n adviserende hoedanigheid.

Mnr R. P. Botha gee aan die hand dat slegs besluite van die vergadering genotuleer sal word en dat elke voorsteller en sekondant hulle voorstel skriftelik sal indien en onderteken. Dit word deur die Voorsitter aanvaar.

Die Kassier lees vervolgens die Finansiële Verslag voor en verduidelik dat ... [illegible]

[illegible]

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

drukte verslag gespesifiseer kon word nie. Die ontbrekende detail word egter deur Dominee mondelings uit sy breëre verslag verstrek.

Na sekere bedenkings teen die onvolledigheid van die gedrukte state en die laat voorstelling daarvan, naamlik eers die aand by die deure, dien Mnr. R.P. Botha die volgende skriftelike voorstel in, gesekondeer deur Mnr. C.C. Pheiffer.

Aangesien (a) Ons geliefde Leraar eervolle demissie ontvang het en die ander Leraar deur die Eerw. Ring aanbeveel is om demissie aan te vra, en

Aangesien (b) die Eerw. Kerkraad blykbaar nie gekies is volgens ons Kerkwet nie en dus onderregtelik gedisponeer het oor die gemeentelike gelde, —

So is hierdie Gemeente van Durban bekommer oor die beheer van sy finansiële sake en besluit as volg:—

(a) Om die finansiële state wat voor die vergadering lê, nie goed te keur nie, maar dit te verwys na die Eerw. Ring om die verskillende poste te beproef en na bevinding te handel.

(b) Die Eerw. Ring word versoek om ondersoek in te stel na die prosedure wat gevolg is met die aanstelling van Kerkraadslede, en indien bevind dat in stryd met die Kerkwet of beginsels van ons Kerk gehandel is, om dan die Kerkraad te ontbind en 'n ander daar te stel en alles te doen om die vertroue en agting van die Gemeente vir die Kerklike ampte van [illegible] Leraar, Ouderling en Diaken, te herstel.

[illegible] (Art. 77 [illegible])

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Hierdie voorstel word met 117 stemme ge-stemme aangeneem. Dr. de Vos verduidelik dat die voorstel eers na die Kerkraad sal moet gaan vir deursending aan die Ring.

Verskeie persone wil vrae gevra wil hê omtrent sekere gemeentelike sake, dog die Voorsitter reël dit buite orde omdat dit nie betrekking het op die 1943 Finansiële Verslag nie.

Ouderling Ruiken vra aan Dr. de Vos of ingeval die Gemeente ontevrede is met 'n besluit van die Kerkraad geneem in die begin van die jaar, hy dan moet wag tot die behandeling van die finansiële State die volgende jaar. Dr. de Vos antwoord: „ja".

Iemand vra wat die Kerkraad besluit het aangaande die Ring se aanbeveling insake Ds. van Rooyen. Dr. de Vos sê geen besluit is nog geneem nie.

Sommige lede meen dat aangesien daar dringende sake van belang is waaroor die Gemeente meer inligting wil hê en waaroor hulle hul wil uitspreek, die vergadering, indien die meerderheid daarvoor stem, moet omskep word tot 'n algemene vergadering.

Die Voorsitter weier egter om dit toe te laat, en sê dit sal onwettig wees. Hy sê dit sou dat niks bedek moet bly nie, dog dan moet 'n behoorlike versoek aan die Kerkraad gerig word om 'n algemene vergadering te belê. Die gemoedere loop hoog. Die Voorsitter verklaar die vergadering uit.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Bylae K.

57

(9) B2

Evansweg 203,
Durban.
7 Feb. 1944.

Ds. J. S. Erlank,
Scriba, Ringskommissie
Pietermaritzburg.

Weleerw. Heer en Broer,

Daar die kerkraad alleen aan u kan laat weet dat daar op 21 Januarie ll. vrede gemaak is en dat Ds. en Mev. van Rooyen die volgende aand die hele vrede omvergewerp het, antwoord ek nou op u versoek om my ingelewerde besware te staaf sover ek dit wyselik ag, maar doen 'n ernstige beroep op die Ringskommissie om geleentheid te skep om getuies te roep. Ek sien geen moontlikheid dat die saak skriftelik afgehandel kan word nie. Daar sal moet 'n kruisverhoor plaasvind. Getuies wat weier om iets op skrif te stel sal verplig wees om onder kruisverhoor op vrae te antwoord. Ek gee aan die hand dat die saak terwille van die gemeente in die openbaar in Durban afgehandel word. Wat die weggaan van Ds. v. Rooyen betref weet ek nie wat aangaan nie, maar as hy wil demissie ontvang en die vrede is nie herstel wat die hele gemeente betref, bly my besware teen sy demissie gehandhaaf omdat hy die huidige toestand veroorsaak het en hy skriftelik die vrede van 21 Jan. sowel as mondeliks, as ongeldig verklaar het. Hy het die vrede gemaak, hy het dit gebreek. Daarteen het die kerkraad my onthef van alle skuld aan die verbreking van die vrede.

Mag ek so gou as moontlik die klagskrif van Ds. v. ROOYEN teen my ontvang. Ek wag ook nog steeds op antwoord van u. Daar is tye in die Kerkwet bepaal vir dinge, en ek moet my binne daardie tye hou. Sal u my daarin behulpsaam wees as scriba van die Ringskommissie en Ring.

Vriendelike groete,
U broer in Xtus.
D. J. de Bos

van Rooyen sal
jurisdiksie kwy [illegible]
[illegible] on [illegible] 15 [illegible] [illegible]
[illegible] al dan [illegible]. D. J. d. B.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

1.

B.3. BESWAAR TEEN DEMISSIEVERLENING AAN DS.G.C.VAN ROOYEN.

Hiermee teken ek ernstig beswaar aan teen die verleen van demissie aan Ds.G.C. van Rooyen, omdat:-

Punt I

Sy aftrede 'n moontlike refleksie kan werp op my as sy medeleraar, aangesien hy nog nie die ouderdomsgrens bereik het nie en gerugtes die gemeente oorstroom is.

Ek wil aanneem dat dit nie nodig is om hierdie punt breedvoerig uit te werk nie. Alles wat in die ander punte volg toon onteenseglik dat ek diep gemoeid is in die saak van die aanvra van sy demissie. Die hele kwessie werp 'n refleksie op my en my huis, sy preke, sy verklarings, uitings, sowel as dit wat reeds voor die Ringskommissie is.

Dit mag skyn asof ek hom hier weg werk as onder die gemeente daardie indruk gelaat word, watter onheil sal dit nie bewerkstellig nie.? Die teenoorgestelde is die waarheid.

(9)

Punt 2

Hy ses teenstrydige verklarings gemaak het waarom dat hy uit diens wil tree.

Ek wys daarop dat toe ek in Desember 1942 vanaf Stellenbosch in die O.V.S. kom, het ek op meer as een plek verneem, dat Ds.v.Rooyen hom voorgeneem het, dat hy teen die einde van 1943 gaan aftree as ek weer terug kom in die gemeente. Hoof getuie hiervoor Mnr.C.B.Zietsman, organiserende sekretaris van die Polisievereniging en dan ook andere. Tog het hy voor die volle kerkraadsvergadering op 13 Feb.1942 getuig, dat hy niks teen my het nie en as blyk daarvan sy hand my aangebied. Hy het 'n ondersoek as totaal onnodig bestempel omdat ons twee mekaar in die gemeente aanvul. Dis op hierdie vergadering waar ek vir die twede maal probeer het om 'n ondersoek te laat instel en met die volgende voorstel:

"Die kerkraad stel 'n deurtastende ondersoek in na die samewerking van die twee predikante-veral met die oog op die aanmerking van 'n broeder (G.J.du Preez) in die vergadering gemaak nl. dat die samewerking van die twee leraars nie is wat dit behoort te wees nie. Die kerkraad doen hierin uitspraak en stel hulle uitspraak tot die beskikking van die Hoogeerw. Sinode. 'n Spesiale vergadering word hiervoor so gou as moontlik belê, desnoods vroeg binne a.s. week."

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Op aandrang van Ds. van Rooyen en verskillende ouderlinge en nadat Ds.v.R. met sy hand uitgestrek na my gestaan het ,het ek ingegee; maar net daarna gevra om xxxx vir 'n jaar op studie verlof te gaan. Tenspyte van daardie gebaar van vrede en goeie gesindheid dreig hy om af te tree as ek weer terug kom van studieverlof. 'n Maand vóór my terugkoms verlaat hy dan ook die gemeente sonder om te wag totdat ons terug is. Dit was vir ons baie onaangenaam. Hoe anders het ons gehandel met sy terugkoms, tenspyte van die feit dat ons moes weg na die bed van 'n sterwende vader, het ons gebly en vir hulle 'n baie aangename gesellighied georganiseer. Hulle het Ds. Liebenberg se koms hierheen tenspyte van 'n besluit van die kerkraad in Feb. 42 ook belet en dit nadat hy al gevra was. Hoe dit gebeur het weet die kerkraad vandag nog nie. Die gemeente werk is op 'n skreiende verwaarloos en dit tenspyte dat hulp kon gekry gewees het, en vir die kerkraad is elke keer gerapporteer dat daar nog nie in geslaag is om hulp te kry nie. Ds. Liebenberg en ek moes die gemeente in sy verwaarloosde toestand kom aanpak en dinge het onmiddelik xxxxx herstel. Selfs so dat ons in 1943 in alle opsigte 'n rekord jaar agterdie rug het. Vir die eerste maal is die gemeente vir jare deur gegaan, die grootste aantal mense wat ooit die kerkx besoek het was van jaar daar, ons het die g grootste kollekte in die bordjies van alle jare bereik, die grootste insameling vir die diakens, die grootste dankoffer op 'n Sondag, die grootste enkele kollekte op een Sondag nl. vir die weeshuis te Greytown, die grootste jaarlikse inkomste in die geskiedenis van die gemeente, die grootste herlewing in die laaste jare, dit tenspyte van die verdonkering en oorlogstoestande. Toe ons xxxx een gemeente was wis ons van omtrent 1200 huisgesinne. Vandag dat drie gemeentes afgestig is weet ons nog van 1400 huisgesinne in ons gemeente. Wie het hulle gevind en wie het hulle besoek? Ds. van Rooyen xxx is sowat 34 wyke agter my met huisbesoek. Toe hy in Sept. l.l. teruggekom het, het die Komm. hom net 5 wyke gegee om te besoek. Hy kon dit nie eers doen nie. Met hulle terugkoms het ons dinge onmiddelik agteruitgegaan en so dat ons nou in 'n gaos verkeer en dit deur verterende JALOESIE wat uitgekom het in alle moontlike opsigte en waarvan honderde mense sal getuig. Verwoestingswerk is aangerig sonder dat ek 'n strooi in hulle weg gelê het.

Met bostaande as agtergrond kan die volgende verklarings goed-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

verstaan word.

I. " Wat ek lankal wou doen gaan ek vanaand doen." Dit is om weg te gaan. (10 Desember 1943 voor 'n groot getal kerkraadslede.) Hy skrywe: "Tot die oortuiging dat dit bes sal wees om nou uit te tree het ek gekom in ernstig gebed, en soos ek glo duidelike leiding van Gods Gees en Woord. .......... Die kwessie van 'n oorhaastige aankoop van 'n pastorie, onder huidige omstandighede word dan ook uitgeskakel." U sien dus, hy voer sy 1942 besluit nou uit en ontkom die groot moeilikheid waarin hy die gemeente gedompel het met sy bepleiting van die verkoop van die Pastorie, en dit aan die hoogste bieder asiaat of blanke. Toe 'n kerkraadslid waag om hom daarin te opponeer en aansoek doen om in die minderheid te stem, het dinge gebeur waarvan die kerkraad sal getuig. Vir ses maande het die kerkraad alles gedoen wat hulle kon om 'n pastorie te koop, maar sonder sukses en vir 5 maande sukkel hy nou al saam en nog is daarin nie geslaag nie. Ek kan goed verstaan dat hy nou dit opnoem as 'n rede om weg te gaan. Ons kan g'n huis kry nie en die een wat ons nou huur het ons net tot April. Ek het selfs sover gegaan om my pastorie aan die voorsitter van die finansiële kommissie aan te bied en dan buitekant in 'n ou huis te gaan woon. Dit kom korteliks hierop neer:

(A) Hy besluit om 'n 1942 besluit uit te voer.

(B) Dis in belang van die gemeente.

(C) Skakel oorhaastige aankoop van pastorie uit.

II. Op 17 Desember verklaar hy dat hy demissie gaan aanvra. Dit is in belang van die gemeente. Hy is op dertigjarige diens dws. dis 'n ouderdomskwessie.

III. Op 18 Desember verklaar hy aan ouderling dat hy onder omstandighede tot die besluit gekom het oor wat op 6 Desember aan my pastorie gebeur het. Dis in totale stryd met wat vooraf gaan. Hy wil weg, maar sal eers alles op my pak en te sien of ek ook nie dalk sal moet trap nie. Vanaf die kansel, in die bidstonde, in die konsistorie, in die kerkraad en in hulle huis moet ek dit ontgelde, so selfs dat hy al drie maal om verskoning moes vra en nie die Avondmaal kan en mag gebruik nie. Reggeneem kan hy ook geen preek meer lewer nie, kerkraadslede het al met hom daaroor gepraat. Hy noem mense wat goedgesind is teenoor my „my aanbidders wat geen fout in die man kan sien nie." Hy het selfs sy hand tot driemaal aan 'n kerkraadslid geweier. Hy het drie kerkraadslede aangeval oor hulle gebede en dit waar hulle doodonskuldig is.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

IV. Op 26 Desember vanaf die kansel in Durban verklaar hy dat daar twis onder die herders van die gemeente gekom het en dat ons moet maak soos Abraham gesê het; laat ons in vrede uitmekaar gaan." Op 27 Des. sê hy: "Dr de Vos en ek het nog nooit russie gemaak nie." Daardie hele preek was oor die vermeende toestande wat bestaan en oor die onmoontlikheid van nagmaalsviering. Hy sê dat die kananiet in ons midde is en dat Bileam wat 'n valse profeet was het God ook deur gespreek. 'n Dergelike ding het hy aan my persoonlik gesê. Hy sê aan andere dat die duiwel het die gawes wat God aan my gegee het beetgekry. Is dit dan nie 'n geval van Beelsebul wat die duiwels uitdrywe nie? Voorwaar geskiedenis herhaal homself!

V. Op 26 Desember die aand verklaar hy op Rossburgh in 'n diens: "Dit is heelmoontlik my laaste diens hier. Ek voel na 20-jarige diens dat my taak in die gemeente afgedaan is, daarom het ek besluit om my demissie aan te vra." Dit is normaal en wat dit behoort te gebly het tot op die end dan was ons nie in hierdie toestand nou nie. Soos dit nou is, voorspel hy 'n gevog na sy vertrek en so voorspel ouderling Theunissen ook. Hy weg, dan ek ook weg. ~~Dit kon alles in stilte geskied het.~~ Net na 10 Desember en wel op 11 Des. vra ek aan Mnr. Theunissen: Wat dink u staan daar in die brief wat Ds. v. Rooyen gisteraand wou gelees het? Mnr. T. antwoord: Ek dink hy wil weggaan. Daarop sê ek aan Mnr. T.: As dit die geval is moet ons hulle baie billik behandel. Ons moet vir hulle 'n groot geselligheid reël. Mev. de Vos en ek sal die voortou neem. Ek sal die kerkraad vra om aan hulle £500 te skenk as blyk van waardering van hulle 20-jarige diens in die gemeente en omdat hulle nie pensioen sal trek voor volgende jaar nie." Daarop se Mnr. T. "Nee ons kan aan hulle £20 per maand aan hulle gee vir 'n jaar lank." 'n Ouderling sê aan my: "Die kerkraad moet sy geld gee dat hy trap." Ek antwoord: "Dis te hard. Hulle verdien meer as dit na hulle vir 20 jaar hier gewerk het." Sulke dinge kan vermenigvuldig word.

VI. In sy verwarde en teenstrydige verklarings se hy op 27 Des. voor die kerkraadslede slegs minute nadat hy glad iets anders gesê het, die volgende: " Ek het tot die verskriklike besluit gekom om af te tree omdat ek nie ~~mag~~ met Dr de Vos mag verskil nie. Hy is 'n diktator!" Op 19. II. 43 verklaar Ds. v. Rooyen voor die kerkraad na aanleiding van 'n gesegde van Mnr. Read (Mnr. Read teenwoordig) nl. dat hy as prinsipaal sy rug op die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

kerkraad kan draai,dat hy baie jammer is dat Mnr. Read dit se want dit is juis die grief wat die ouers van Natal het nl. dat hulle geen seggenskap oor die onderwysers het nie. Die voorsitter getuig dat hy waardeer Dr de Vos se strewe nl. dat Christene (Kalviniste)( Dis soos ek dit gestel het) sake moet reëlen dat ons belyders aan die hoof van inrigtings wil sien en daarom sou hy graag wil sien dat daar verbeterings moet kom. Hy lig die vergadering in aangaande toestande in die skool, onder andere dat eenkeer hy die onderwysers besig gevind het, bier te drink, en dat die staf op 'n paar uitsonderinge na wereldsgesind is, waarmee ons nie tevrede is nie. Dr de Vos vra aan die voorsitter; Word daar bier gedrink? Voorsitter antwoord:"Ja". Die voorsitter se dat Dr de Vos na geregtigheid strewe en wil sien dat geregtigheid geskied Dr de Vos se optrede is dikwels bietjie te streng waar hy weer dikwils bietjie moed kortkom..............Dr, de Vos gaan ~~matx~~ toe onder byval van die kerkraad na Mnr. Read en gee hom die hand as bewys dat dit nie 'n persoonlike stryd is nie.

## PUNT 3

Hy en sy vrou ons pastorie beklad het en dit nog nie weggeruim is nie.

(Sien Bl 4)

Die brief van Mnr. Morris Retief is na my oordeel al genoeg bewys dat bostaande bewering die waarheid is, sonder dat Mnr. Retief meld wat gesê en gedoen is. Aan die Voorsitter van die Ringskommissie sal ook nog gevra word wat op II Des. 1943 aan hom meegedeel is, om te sien of dit klop met wat aan andere vertel is. O.a. is die volgende verklaar en gese:

I. Aan 'n ouderling het Ds. van Rooyen gese; dat hy besluit het om sy demissie aan te vra deur wat met hulle aan my pastorie gebeur het sonder om te se wat dit is. Watter suggestiewe invloed het so'n verklaring? Watter uitwerking op 'n gemeente? Watter gevolge mag dit vir ons pastorie hê en meewerk tot die aanraak van iemand se broodwinning? Ds van Rooyen sal moontlik verplig word om die blaam te verwyder, veral daar dit bewysbaar is dat hy lankal besluit het om weg te gaan. (Hierdie ouderling is Mnr. H.R. Theunissen wat dit aan my persoonlik gesê het en later weer voor getuie.)

2. "Ons is baie onvriendelik ontvang by die ander pastorie. Dr. de Vos gee te kenne op 'n vraag van Ds. Van Rooyen, dat dit baie sleg gaan en wil weet wat ons daar kom soek. (Gtuies ouderl. H.A. CILLIERS en diaken RouX.)

3. Dr. de Vos vaar uit teen Ds. van Rooyen en praat met minagting van sy

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

werk en se ook dat hy ryk is en Ds. van Rooyen arm en nog meer dat die bekeerlinge sy kindertjies is. Dit grief Ds. en Mev. van Rooyen dat Dr. de Vos kan se dat Mev. van Rooyen ongered is. Sy beweer dat Dr de Vos gese het hy haar al van haar jong dae in Johannesburg af ken. Toe gee sy haar getuienis hoe sy onder Gipsy Smith gered is toe sy twaalf jaar oud was en hoe sy altyd gebid het om met 'n predikant te trou. Ds. en Mev. van Rooyen dring daarop aan dat vrede gemaak moes word maar Dr. de Vos is hardkoppig en weier totdat Mev. van Rooyen vir Mev. de Vos vra om tog met haar man te praat maar hy wil nie. Voordat hulle uitmekaar is gee Ds. v. R. aan die hand dat hulle eers moes saam bid. Toe se Dr. de Vos vir Ds. van R. "bid jy". Ds. en Mev. v. Rooyen was nog skaars die trappe af toe is Dr. en Mev. de Vos al in die huis en die lig af. 3

4. Dr de Vos het groot gawes van God ontvang maar die duiwel het nou besit daarvan gekry en nou kry hy mense onder sy invloed. Hy kry dit reg om die kerkraad om sy vinger te draai- want toe Mnr Roux - 'n beskermling van Dr. de Vos, soos Ds. v.R. beweer- deur hom voorgestel is as jeugarbeider, niemand opgestaan om dit tee te staan nie en te se dat hy eers 'n proeftyd moes deurmaak nie.

5. Vir vier jaar vervolg Dr de Vos noual vis ds. v.R. en verkleineer en verag sy werk en bring homself op die voorgrond.

6. Dr. de Vos het goed deur gekyk wat Ds. v. Rooyen nagelaat het met sy tydperk van bediening alhier en toe gaan hy en le hom veral daarop toe om dit op te hef.

7. Toe Dr. de Vos aan hierdie gemeente voorgestel is, het sy broer 'n preek gelewer waarin hy die man van God (gevra?) om die hele kerk saam met die kerkraad en die kansel te suiwer.

8. Die biduur wat by Dr. de Vos gehou is wis ds.v.R. niks van nie en moes liewer in die kerksaal gehou gewees het.

( Getuies vir punte 3,4,5,6,7,&8 is ook o.a. oudl. Cilliers en diak. J. Roux.)

<u>ANT"2</u>

<u>N.B.</u> Ek ontken beslis dat ons hulle onvriendelikontvang het. Die verder deel van die sin bevat 'n halwe waarheid. Dis 'n uitverbandgerukte stukkie.

<u>Punt 3</u>

Ek het nog nooit met iemand met minagting van Ds.v.R.se werk gepraat nie nog minder met homself. Die teenoorgestelde is waar. Dat ek ryk is en hy arm het ek nie gese nie. Ek het nie gese dat Mev. v. R. ongered is nie. Ek het nie 'n woord oor haar jong dae gepraat nie. Ek wis nie eers waar sy groot geword het nie. Sy het haar getuienis gegee- dis waar. Sy of Ds. het nie een-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

maal vir my gevra dat vrede moes gemaak word nie maar wel dat die hangende ondersoek moes teruggetrwk word en deur my toestemming om dit terug te trek het dit uitgeloop op 'n vredemaking nadat ons ooreengekom het om dan die kwessie tussen op-te los,wat dan ook op 'n lieflike vrede uitgeloop het. Ek het nie gese "bid jy" nie.Dit is nie die geval dat ons die lig so ga uitgesit het nie.

Hierdie bewerings is 'n bekladding en moet terug getrek word.Sover moontlik moet die skade wat daardeur aangerig is herstelword en sowel die pyn en smart daardeur aangedoen gekompenseer word vir die moontlike gevolge wat dit vir ons bediening ook kan he.

PUNT4

Die eerste sin is 'n verregaande beskuldiging.Dit is van 'n predikant aan sy gemeentelede gese! Watter skade doen dit hom aan? Dis nie ek wat Mnr. Roux in die kerkraad voorgestel het nie.

PUNT 5

Dit moet bewys word.Ek ontken dit beslis.

PUNT 6

Dit is vir Ds.v.R. om te verduidelik.

PUNT 8

Ds.v.R. wis daarvan en het dit self tweemaal afgekondig en ek nie eenmaal nie.

PUNT 7

Dit is nie ek wat gepreek het nie.

Die indruk wat hierdie gesegdes en die manier waarop dit gese is op onwetendes gemaak het is die volgende: "Die opgewonde manier en die gesindheid waarin lug gegee is aan die gemoed teen die ander pastorie sal die buitestander die indruk gee dat so'n pastorie- wat 'n gemeentehuis behoort te wees -'n goeie plek vir die duiwel en sy gaste is.Dit neem alle vrymoedigheid weg om selfs by so'n plek besoek af te lo,wat nog te se om by so'n plek geestelike hulp en raad te gaan soek! Wat meer is dit laat 'n vreemdeling in sy hart 'n wrok koester teen so'n pastorieen alles wat kwaad is , word teen so'n leraar uitgedink.Hoe kan dit anders as die leraar wat so lank in die gemeente is,met handgebaar en afsku van die ander leraar praat en selfs sy beriedwilligheid te kenne gee om met die vuis te slaan as dit daarop aankom.(Get.H.A.Cilliers en J.Roux.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

N.B. Wat die kwessie van Ds.van Rooyen en Mev. Van Rooyen se besoek aan ons pastorie betref beroep ek my om geregtigheids wil om my die geleentheid te gee om Ds.en Mev. van Rooyen apart onder kruisverhoor te stel. Dit is die enigste uitweg wat ek sien.

PUNT 4.

Hy (Sy pastorie) direk aanleiding gegee het dat ons mi.belaster is.

---

Op 29 Desember 1943 skrywe Mnr. Morris Retief aan my uit Pretoria as volg: " Tot my verbasing en verdriet verneem ek nou net van Mnr. Krige van u gedrag teenoor my suster en Ds. van Rooyen,by geleentheid van hulle onlangse besoek aan u. Die beoefening van my professie vir meer as dertig jaar het my geleer om albei kante van 'n saak onder oe te sien alvorens oordeel te vel. My kennis wat gemeentelike geskille betref is onvoldoende om tot 'n gegronde gevolgtrekking te geraak. U gedrag en uitings,egter,by geleentheid van die gemelde besoek,is iets waaroor ek nie kan swyg nie,viral waar dit die karakter van my suster,en deur haar,die van my en my familie raak.As daar maar 'n helfte van wat ek verneem waar is,en as ek by daardie slegmakery teenwoordig was ,sou dit seker nie so vreedsaam verloop het nie.Selfs nou kan ek u verseker u verantwoording sal moet doen vir die leed en droefheid wat u <u>gewetenlose gedrag</u>( Onderstreep deur my) veroorsaak het.So'n aantyging mag en sal nie ongestraf gelaat word nie.Soms word 'n mens gebruik om dit na verdienste te beloon, en ek hoop dat dit my lot mag wees om daardie middel te wees-......."

Op die aand van 6 Desember 1943 was net Ds.en Mev. van Rooyen., Mev. de Vos en myself in die pastorie bymekaar,derhalwe is hulle pastorie verantwoordelik vir wat Mnr. Retief te hore gekom het.Ek hou Ds.& Mev. van Rooyen,Mnr. Krige,hulle skoonseun,en Mnr. Retief elk afsonderlik sowel as ~~afsonderlik~~ gesamentlik verantwoordelik vir wat in bostaande brief voorkom.

PUNT 5

Hy (hulle) pogings tot minsame skikking nog ter elfder ure verwerp het.

---

I.Ek gee hier 'n gesprek weer wat tussen Mnr.K.R.Theunissen en Mnr.F.J.Retief plaasgevind het. (30.12.43)

Mnr.T. " Met my gaan dit goed maar by die pastoriee is die vuur aan die brand." Ek het pogings aangewend om die drie predikante bymekaar te bring.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Twee het opgedaag maar die derde een het nie sy verskyning gemaak nie.

Mnr.R." Wie het nie sy verskyning gemaak nie?"

Mnr.T. " Nee dit kan ek nie vir jou se nie."

Mnr.R. "Wel ek beskuldig die een wat afwesig was. Hy is die een wat nie wil versoen nie."

Mnr.T. " Die afwesige predikant kan altemit gegronde redes he."

Mnr.T "Daar is nou weer moeilikheid. Die saak was opgelos, maar toe het die vuur weer opnuut uitgebreek."

Mnr.R. "Ek het probeer versoening teweeg te bring. Ek het met trane in my oe seker vir 'n uur lank vir Ds. en Mev. van R. gesmeek en gevra om die saak met Dr. de Voos te skik. Sy kan net vir Dr. de Vos om verskoning vra en hom ook belowe om haar mond te hou. Maar sy was te koppig."

Mnr.T." Ja sy is baie koppig en eiesinnig. Ds.v.R. is inskiklik."

Mnr.R. "Die moeilikheid is tussen Dr. de Vos en Mev. v. R. Ds. en Mev. v.R. het my belowe dat hulle na Dr. de Vos sal gaan. Ek weet gladnie wat hulle toe uitgevoer het nie. Niemand kan of wil my iets se nie."

Mnr.T. "Die saak was opgelos maar toe het daar weer 'n vars moeilikheid uitgebreek..................Daar sal 'n skeuring in die gemeente kom as Ds. v. R sy demissie vra. Hulle het my gese. Ons wag net totdat Ds. v.R. sy demissie vra en dan gaan ons losbreek."

Mnr. R. "Ongelukkig het mev. v. R. te veel in die verlede gepraat...."

Mnr. T. "Dis jammer Mev. v. R. het te veel van die ander pastorie gaan praat." ( Mnr T. hethaar dikwels gaan waarsku oor die pratery.)

Ds. en Mev. v. R. was gladnie van plan om ons pastorie te besoek nie hulle is op 5 Des. 43 daartoe oorgehaal deur 'n boesem vriend van hulle. Deur hom het hulle ons op 6 Des. besoek.

Op 5 Januarie is ons besoek deur Mnr. P.J.Retief . Hy wou van ons weet of ons gewillig is om na die ander pastorie te gaan. Ek gee Mnr. R. se letterlike woorde hier weer in 'n stuk wat hy aan my oorhandig het.

ONDERHOUD ~~TUSSEN~~ met DR. EN MEV. DE VOS EN met DS. EN MEV. VAN ROOYEN
5JAN.1943.

---

Retief. "Is u gewillig om die saak in der minne te skik? Ek sal eers na Ds en Mev. v.R. gaan en vra of hulle gewillig sal wees om u te ontmoet."

Dr. de Vos. "Ja ek is gewillig om die saak in dre minne te skik."( Hier

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

het Dr de Vos Mev. de V. gevra om na die studeerkamer te kom.)

Retief. "Mev. de V.ek gaan nou na Ds en Mev. v. R. en dan wil ek hulle vra of hulle gewillig sal wees om u en Dr. de V. te ontmoet."

Mevr. de V. "Ja ons is gewillig om te gaan want ons het nog altyd versoenend opgetree."

Retief. "Ja dit weet ek dat u nog nooit eits in my teenwoordigheid teen die ander pastorie gese het nie..

Dr.de.V. " Dankie Mammie jy kan nou maar gaan."

Van hier is ondergetekende toe na Ds. en Mev. v. R.

Retief aan Mev.v. R. " Dr. en Mev. de Vos is gewillig om hierheen te kom sodat die saak in der minne geskik kan word."

Mev.v. R. (Kopskuddend) "Nee,nee.Nooit nie!"

Retief. "Ek het eerste met Dr. de V. gepraat en gevra of hy gewillig sal wees om hierheen te kom sodat u die saak kan skik .Hy is heeltemaal gewillig om te kom."

Mev.v.R. " Nee Mnr. R. jy kan daar niks aan doen nie.Ons het klaar besluit om hier weg te gaan."

.............Retief. "Hoe mooi sal dit wees as die twee predikante Sondag op xdie preekstoel en die twee pastorie moeders voor die preekstoel kan verskyn en dan mekaar die broederhand kan reik."

Mev. v. R. Staan toe op en se: "Nooit! Nooit ! Ons het al baie probeer" ( Mev. v. R. verlaat voorkamer en laat my alleen agter.Naderkom sy en nooi my vir tee.Na ons tee gedrink het is Ds. en Mev. v R. en ek na die voorkamer.)

Retief. "Ds. Dr.de Vos is gewillig om hierheen te kom sodat julle die saak kan skik." Ds.v.R. baie ontvlambaar en slaan met sy vuis op die tafel. "Ek sal dit nie langer duld nie.Daardie vrede wat hy na soek is maar van korte duur.Dr.de V. sal die eerste wees wat weer moeilikheid in die weg sal bring.

Retief. " Ek is seker dat Dr. de V. versoenend sal optree." (Ds. v. R. weer onvlambaar en slaan met die vuis op die tafel.)

Ds. v. R. "Ek het al te veel verdra.Julle aanbidders van die man kan nou maar die saak onder julle uitveg. Jy Mnr. R. is ook een van sy aanbidders.jy wil geen fout in die man sien nie.Ek waarsku jou om jou voete nie weer tussen die twee pastorie te sit nie."

Retief. " Nee maar u maak my nou baie seer.Ek voel dit vreeslik dat die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

twee pastoriee so lewe.Ek bid al vir 'n maand lank oor die saak."

Mev. van Rooyen. " Wat soek jy hier?Jy behoort nie eers aan die gemeente nie.

Retief. " Ek is jammer dat u die hucding inneem."

Mev.v.R. " Ons is vertrap,vergruis en gekrenk.Ons het lank genoeg sy skoene skoongemaak.Jy bemoei jou met alles.As jy nie jou neus in die onderwysers se saak gesteek het nie dan was dit al lankal opgelos."

Retief. " Ek sal Dr. en Mev. de V. hierheen bring.As Dr. de V. 'n onversoenlike houding inneem om dadelik die pastorie te verlaat.Hy neem nou he heeltemaal 'n ander houding in."

Ds. v. R. " Waarom het hy nie van die begin af dit gedoen nie?"

Mev.v.R. " Die groot meerderheid van die gemeente staan nog agter ons en hulle voel dit dat ons so behandel word."

Ds.v.R. " Hy behoort meer eerbied te toon teenoor 'n ouere broeder."

(Hier wou ek weer iets se maar Mev.v.R. het my gewaarsku om niks verder te se nie omdat Ds.v.R. so opvliend word.)

Retief. "Na ek u 'n maand omtrent gelede gevra het om Dr. de V. te gaan spreek, het u toe gegaan?"

Mev.v.R. " Ja ons het gegaan.Maar net toe ons daar kom vra hy: 'Wat kom maak julle hier?'Ons het 'n slegte onthaal gehad."

Retief.( Kopskuddend) "Dis jammer.As die saak voor die Ringskommissie kom sal hulle ons vredemakers ook vra om ons verskyning te maak."

Mev.v.R. "Julle kan gaan en se net wat julle wil."

Ds.v.R. " Ek is 'n man vir vrede en ek het nog altyd vrede gesoek maar nou (slaan met die vuis op die tafel)kan ek dit nie meer langer staan nie.Hy wil my hier weg he. Met sy broer se bevestigingsrede het sy broer al gese: ' Een moet hier weg' " Nadat Ds. met iemand op die telefoon gepraat het se Mev. v. R aan Ds. "Ek het vir hom nou net gese: die beste sal wees om nou reguit huistoe te gaan en nie by die ander pastorie aan te gaan nie"

Ds. " Ja ek dink ook so."

Ds.v.R. reik my toe eerste die hand as teken dat ek nou moet gaan. Mev.v.R. vergesel my na die deur en groet vriendelik.Ek is met ~~dexixx~~ die vaste oortuiging daarweg om nooit weer my voete in die Pastorie te sit nie.As vredemaker het ek nog nooit so'n behandeling gehad nie.

Get.
P.J. RETIEF.

**Naskrif.**

Ds,v.R. "Jy is 'n opstoker ! Mnr.R. jy het baie kwaad gedoen."
Mev.v.R. " Die besluit wat ons geneem het is deur goddelike ingewing."
Retief. " Ja maar u kan aan die Ringskom.skryf en se dat u die saak in der minne geskik het."
Mev.v. R. " Nee,nee ( kopskuddend) Jy se mos die Christene staan rotsvas ager Dr. de V. en die wereldlinge staan agter ons."
Retief. " Geen antwoord.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Mnr. Retief het in 'n treurige toestand by my op die stoep kom sit en kon byna nie praat nie. Hy het my net gese dit het misluk-hulle wil ons nie ontvang nie. Dit was vir my en Mev. de Vos 'n harde ontnugtering. Ons was seker dat Mnr. Retief ons sal kom haal en het ons klaargemaak daarvoor.

Mnr. Theunissen het 'n poging aangewend om deur bemiddeling van ouderlinge die vrede te herstel maar dit het op mislukking uitgeloop so het hy my meegedeel sonder om te wou se wie dit laat misluk het.

..............................

Daar het later dinge gebeur wat 'n bewys is dat die stuk van Mnr. juis is. Sonder die medewete van die twee pastorie het die Strewers besluit om 'n kommissie na die twee pastoriee af te vaardig ten einde 'n oplossing vir die geskil ~~txax~~ te vind en die twee pastoriee bymekaar te kry.

DIE BEVINDING VAN DIE AFGEVAARDIGDE KOMMISSIE VAN DIE DURBANSE CHRISTELIKE STREWERS IN VERBAND MET DIE TWEE PASTORIEE IN DURBAN.

Die doel van hierdie kommissie was om 'n poging aan te wend om vrede tussen die twee pastoriee te bewerkstellig aangesien daar nog nie 'n geestelike liggaam van die gemeente hul met soiets besig gehou het nie.

Die kommissie is Saterdagaand na Ds. van Rooyen wat die oudste leraar is. Toe probeer is om die ander pastorie oor te kry, is Ds. v. R. gedetermineerd en weier hy beslis om die ander pastorie te ontvang voordat 'n radikale verandering-'n ander gesindheid-van hulle kant bespeurbaar is.

Op 'n baie opgewonde manier word die gemoed gelug teen die ander pastorie en word dit beklemtoon dat, hoeminder die twee pastoriee mekaar sien hoe beter dit sal wees.

Die kommissie is Dinsdagaand, 18 deser, na Dr en Mev. de Vos. Dr. de Vos was van 5 uur namiddag besig met 'n reelingskommissie vergadering en het eers sowat 9.45n.m. tuisgekom. Die strewerskommissie het geen ander tyd in die week oopgesien om weer die pastorie te besoek nie, en was Dr en Mev. de Vos so goed om die afgevaardigdes aan te hoor.

Die kommissie is oortuig dat Dr de Vos dit wel meen met Ds. en Mev. van Rooyen. Deur die kalm manier van praat en die gesindheid waarin vrae wat hom gestel is, beantwoord word, is die kommissie oortuig dat Dr. en Mev. de Vos niks teen Ds. en Mev. van Rooyen omdra nie. Hulle is enige tyd gereed

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

om Ds en Mev. van Rooyen te ontmoet as bogenoemde hulle sou toelaat om by hulle pastorie te kom.



Die kommissie voel dat,wat die Strewers betref ,hulle niks aan die saak kan doen nie,behalwe om te bid.

Get. J.ROUX (VOORSITTER)

J.CALITZ

A.CALITZ

P.A.BOTHA

ELIZABETH BOTHA.

N.B. Daar was nog drie ander strewers o.a. die langsdienende ouderling in die kerkraad van Ds.van Rooyen,nl.H.A.CILLIERS.Hierdie verslag is nie deur hulle geteken nie,blykbaar omdat hulle verhinder is om ook my pastorie te besoek.Oudl.Cilliers het in die kerkraad gese,dat verskeie pogings aangegewend is om vrede te bewwrkstellig.Hulle wil die ander pastorie onder geen omstandighede toelaat nie.Hy self sal nie weer probeer om na Ds. en Mev. van Rooyen te gaan nie.

BOSTAANDE VERSLAG OORTUIG MY VAN DIE JUISTHEID VAN MNR.RETIEF SE VERSLAG

DAAR is egter nog meer om bostaande te bevestig.Tenspyte van die feit dat die kerkraad my onthef het van alle skuld aan die verbreking van die vrede, en die Nagmaalsviering aan my diskressie oorgelaat is,het ek gedagtig aan die Skrifwoord in Matt.5:23 en 24,op Saterdag voor Nagmaal die laaste poging aangewend en die volgende skrywe aan Ds. van Rooyen gerig en die brief met die kassier na hom gestuur.

Geagte Ds.van Rooyen,

U briefie van 29 l.l. ontvang en op die inhoud biddend gelet.U se aan die einde van u brief: "Mag die Heer u lei deur Sy Gees en Woord in alle waarheid." Ek het daaroor nagedink.

Ons wil as pastorie en persoonlik net weer aan u en Mev. laat weet dat ons sedert 6 Des.volkome gemoedsrus het.Ons het mekaar op daardie aand gevind en hou dit so vas.Waar dit die skyn mag gee dat ek aanval is dit alleen tot verdediging om die blaam van ons verwyder te kry wat u op ons le.Nogtans is daar geen greintjie vab kwaad in ons harte teen u nie. As u u huis van middag vir ons sou oopmaak,sal ons om in daad te wys waaraan u miskien twyfel,na u toe kom,ons hand weer u aan bied soos op 6 Des. deur my en op 2I Jan.deur u,sodat u ook kan vrede he. Die pastoriee kan,as hulle wil met Gods wil verenig word,more saam Nagmaal vier.

As die afgedane sake tog weer voortgang het,sal ek puur om regsprosedure en verdediging,sonder die minste bitterheid,my kant moet stel. My besware teen u demissie het op 21 Jan. weggeval en is alleen gemaak om die blaam wat op ons rus deur u vroegtydige aanvra van demissie verwyder te kry.Had u nie 'n addisionele stuk nie sou ek myne nog weerhou het.U,Ds,het saam met die kerkraad aanvaar dat Ds. L. die Nagmaal bedien en ons twee saam aan tafel.U hoef nie u plekkie leeg te laat nie. Wat sal die kinders van God nie juig as ons more saam is nie! Is dit moontlik? Luk.I8:27.

Minsame groete,

U broer in Hom,

D.J.de Vos.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Háérop antwoord Ds. v. Rooyen o.a. dat Mev. deur die geneesheer aanbeveel is om haar stil te hou en geen besoek hoegenaamd te ontvang nie en dat nie 'n basis van versoening in ~~mys~~. my brief is nie.

PUNT 6

Ds.G.C.van Rooyen het van die begin ons samewerking ernstig benadeel.

I. Orals waar ons nog na 'n nuwe standplaas gegaan het is ons deur die konsulent en gemeente ergens langs die pad verwelkom. Dit is 'n staande ge-gebruik. Ons moes alleen die stad inkom tenspyte daarvan dat die dag van ons aankoms bepaal is. Dit tref so dat ons 'n dodelike siek kind op die kar had. Na heelwat soek het ons die Pastorie van Ds. van Rooyen gevind. Ons het aangeklop. Hulle het uitgekom, ons gegroet en bitter ongesellig gelyk. "Ons is nou net besig om te eet anders kon Ds. vir julle gaan wys het waar julle moet tuisgaan, maar ons sal julle beduie waar dit is." So is ons daar weg om die tuisplek te gaan soek. Ons het 'n kinderspesialiteit en 'n verpleegster gaan soek. Vir tien dae het ons daar met 'n dodelike siek kind gebly en hulle het ons nie eenmaal kom besoek nie. Sommige gemeentelede het ons bygestaan. Daarna het 'n paar ouderlinge ons by ons huis verwelkom.

2. By ons welkoms geselligheid is nie 'n enkele welkomsadres ons aangebied nie. Die eerste maal dat dit ons ondervinding is.

3. Daardie naweek was dit Nagmaal. Ds. van Rooyen wenk die ouderlinge om plaas te neem aan die tafel. Vir my laat hy in die banke sit.

4. Deur die pos is aan my die werksaamhede gestuur wat vir my voorle. Uit die 1250 huisgesinne waarvan ons toe bewus was is 800 aan my toegese sowel as die grootste hospitaal.

5. Vir meer as 'n jaar is ek nie soveel as eenmaal geraadpleeg oor ons program van werksaamhede in die gemeente nie. Hulle is opgestel deur Ds. en Mev. van Rooyen en iedere slag vir my deur die pos gestuur. Dikwels verander sonder sonder om my te raadpleeg. Vir die hele tydperk het ek die programme uitgevoer soos 'n kind sonder om te murmureer. Dit sal geen predikant selfs met sy hulpprediker doen nie. Ek is sy medeleraar. Later toon ek aan hoe en waarom die kerkraad die reeling van die werksaamhede uit Ds. van Rooyen se hand geneem het en wat sy reaksie daar op was. (Getuies noodsaaklik)

6. Kort nadat ek gekom het, het die finansieele kommissie aan huis van Ds. v. Rooyen vergader. Daar het die kommissie aan my volmag gegee om te probeer om die skuld afbetaal te kry. Ek het onmiddelik gevra om die bassar

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

af te skaf sowel as die winter kollektes by die deure by die vreemdeling besoekers aan die kerk. Ek het tien dae dienste gehou-Ds. v.R. was ongesteld gedurende pinkster. Ek het vrywillige bydraes gevra en die gemeente 'n jaar tyd gegee om die skuld af te betaal. Vir byna ses maande het hy nie 'n enkele keer daardie poging aangemoedig van die kansel nie. Ek moes alleen die mas opkom. Later moes ek alleen planne maak om die laaste ontbrekende plus-minus £1200 te vind. Ek het 1300 briewe en 1200 kaarte gesirkuleer. Toe die twee kassiere in hulle rapporte begin melding maak van die feite het Ds. v. R. opgestaan in die kerkraad en gese dat die kerkraad nie onder misverstand moet verkeer nie en die dinge aan Ds. de Vos moet toeskrywe nie. (Die Rappore kan getoon word.) (Getuies noodsaaklik)

7. Die las van die huisbesoek het hy groteliks op my skouers laat rus. So selfs waar die gemeente mandag uit sowat 38 wyke bestaan is daar sowat 34 (51) wyke wat hy verplig is om te besoek voordat ek daar kom en 4 (6) wat ek moet besoek voordat hy weer daar kom. Dit is ten spyte daarvan dat ek 5 maande langer uit die gemeente was as hy. Ek het my kapot gewerk vir die vooruitgang van die gemeente. Hy het saam die vrugte gepluk.
(Die Kerkraad is hiervoor my getuie)

8. Nog voordat die ouderlinge die program kwessie in hulle geneem het was ek oortuig dat dinge verkeerd loop, derhalwe het ek aan Ds. van Rooyen voorgestel dat ons die werksaamhede saam moet bespreek. Hy het my nie eers daarop geantwoord nie. Hy sal dit hom seker nog herinner.

9. Kort voor Pinkster van 1941 doen Ds. v. R. 'n baie eienaardige ding. Die programme is deur Mev. V. R opgestel reeds al die einde van Maart en bekend gemaak. Hy probeer my toe op baie mooi en oulike manier my uit die sentrale kerk te skuiwe na elders sonder om te se waar die elders is. Ds. v. Rooyen sal dit nog onthou. Hy bestel sonder my wete 300 onderwerp ~~kns~~boekies en gee my vlak voor pinkster daarvan kennis:-

10. Met bostaande nie tevrede nie en wetende dat ek besig is om die ou program uit te voer verander hy ~~dnis~~ die ou selfopgestelde progam binne in pinkster ten spyte daarvan dat hy die buite kerkraadslede self in kennis gestel het dat ons die ou program uitvoer. Samewerking belemmerend.
(Die oproep van getuies noodsaaklik)

11. In Mei 1940 het Ds. v. R. my verwittig dat ons die huwelikke om die helfte moet bevestig. Van Mei 40 tot Junie 41 het hy 42 bevestig en ek 27. Daarna is dit ook deur die kerkraad verander. Tot in 43 het hy ongeveer

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

245 huwelikke bevestig teenoor I43 deur Ds. Linde en my gesamentlik. Dit in weerwil van 'n fooi van Io/- wat aan die huweliksbevestiger gaan vir elke huwelik wat hy bevestig. (Huweliksregister moet ingedien word.) So iets werk belemmerend in op samewerking.

I2. Met die begrafnis van oud-koster Pienaar was ons drie predikante in die konsistorie. Ds. v. Rooyen vra Ds. Vorster, die Gereformeerde leraar om met hom saam op die kansel te gaan. Ek moes in die banke gaan sit. By die graf vra hy my of ek ook nie iets wil se nie. Ek het in die kerk bitter ongelukkig gevoel oor die hele saak. Wat moes die mense daaroor dink dat ek in die banke sit en 'n vreemde predikant van 'n susterskerk praat vanaf ons kansel? Heelwat mense is nie na die graf nie en het my later daarom gevra. Hulle wou weet waarom ek nie op die preekstoel was nie. So'n handelwyse krenk die medeleraar.

I3. Vir ongeveer 'n jaar het ek nooit kennis gekry van 'n enkele sendingkommissievergadering nie. Ek wis nie eers waar dit gehou word nie. Dit het so geduur totdat twee ouderlinge my daarvan verwittig het. Volgens Art. I42(a) is die voorsitter van die kerkraad ook voorsitter van die sending-



kommissie. Nog nooit behalwe as hy weg is had ek die eer om daardie vergadering te lei nie. (Notulle van sendingkomm. Vergaderings toon dit aan )

I4. Nooit het Ds. van Rooyen met my oor my preke gepraat nie, maar in die kerkraad se hy :"Julle het julle plig versuim wat die preke van Ds. de Vos betref. Hy het julle in die konsistorie gevra of daar een is wat objeksie maak teen 'n sekere preek gelewer in Julie I94I, en julle het nie." Ek het dadelik gevoel hy is besig om die kerkraad te beinvloed teen my preke en het ernstig beswaar daarteen gemaak.

I5. In die kerkraad het Ds. v. Rooyen in Okt. I94I vir die eerste maal sy griewe gelug teen 'n die bevestigingsrede van my broer in Apr. 40. En gee toe voor dat my broer ons hele samewerking vir die toekoms belemmer het. Op 6 Des. 43 het hy hierdie beskuldiging in my pastorie teen my broer [illegible] en gese. - Van daardie oomblik was dit met ons klaar. Dieselfde het hy gese aan 'n afvaardiging om vrede te maak op I5. I. 44.
(Die oproep van getuies noodsaaklik)

I6. In begin I942 het my eggenote 'n baba verwag. Ds. van Rooyen en ek kom ooreen dat ek my jaarlikse verlof net na Kersfees sou neem en hy dan later. Ek is net na Kersfees op verlof. Sonder my daarvan te se gaan hy vir

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

I0 of I4 dae na Pretoria.Baie gemeentelede wis dat ek tuis is weens huislike omstandighede.Niettemin sou hulle verstaan as die dienste deur ouderlinge gehou word?Mnr. Theunissen het my dan ook genader om maar die dienste waar te neem.Wat kon ek doen in hierdie predikament as om die dienste te hou ,selfs die middernagdiens,en 'n uitsaaidiens op die eerste Sondag in Januarie-ek meen 4 Jan.Die kindjie is op 5 Jan,gebore.Die rede vir my vervroegde vakansie was juis om tuis te wees om enige oomblik my vrou na die verpleeginrigting te kan neem.Ek moes al die werk in die gemeente behartig.Nie tevrede daarmee nie gaan Ds. v. Rooyen en verwoes toe nog daarna my hele vakansie.Daar was 'n klag teen my -ek meen net in kerkraadsvergader- 23

vergadering wat deur die kerkraadsvergadering afgehandel is.In die Jan. vergadering stuur dieselfde persoon weer sy klag in ,maar toe is ek nie in di vergadering nie.Sonder om die saak in revisie te laat neem gee Ds. v. R. aan die hand om 'n kommissie af te vaardig na my.Dit ten spyte daarvan dat ek op verlof is.Dit het my diep seergemaak en ek het dit aan die Kommissie gese.

17. Dit het gebeur dat ek met 'n gemeentelid moeilikheid kry weens 'n preek en dat daardie lid direk sy kar neem en na Ds. v.R toe gaan om raad. Hieroor is in die kerkraad aan Ds. v. R. ~~inxdiexkerkraad~~ deur 'n ouderling vrae gestel."Het u Ds. de Vos beskerm?" Sy antwoord was:"hoe kan ek."
(Die ouderling wat gevra het is in Transvaal en sal moet geroep as getuie hiervoor sowel as vir iets wat later sal genoem word)

I8. Uitdrukkings soos die volgende spreek vir hulle self:"Julle verwag al julle heil van een man." " Dr. de Vos het nie 'n heidense gemeente hier kom kry nie."" Julle moet nie dink dis Dr. de Vos wat die gemeente hier uit die skuld kom haal het nie.Die gemeente was ryp daarvoor,en ons was jare daarmee besig." "Dit is 'n skande dat julle meen dat een man uit Johannesburg kan kom en alles hier regmaak." "Dr. de Vos is 'n diktator." "Hy het 'n one-track mind-hy laat niemand by hom op die pad verby kom nie." " Dr. de Vos het groot gawes van God ontvang maar die duiwel het nou besit daarvan gekry en nou kry hy mense onder sy invloed." "Hy voed die mense met yster en staal in plaas van met melk" " Jy swyg,jy praat nie 'n woord hier nie.As julle hom laat praat gaan ek weg-ek bedank." " God wees jou genadig" " Ek is hier baas- ek reel dinge hier-ek moet sien dat dinge hier reg gaan."

I9. Alles:het met my in die gemeente oorweldigend goed gegaan tot in Augustus I94I.Ek was kapelaan-kommandant van die [illegible]

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

uitgevind dat 'n Calvinis nie 'n nasionaal-sosialis kan wees nie en die hele saak het vir my 'n gewetenssaak geword. Na 'n geheime vergadering van

Dr. van Rensburg op Winterton in Aug. 41 het ek besluit om om te draai kos wat dit kos. In die onverkwiklike stryd war daarop gevolg het het Ds. en Mev.v.Rooyen openlik kant teen my gekies. Dit het op die kerkraadsvergadering gehou op 14.10.41 uitgekom. Inweerwil daarvan het die kerkraad die volgende besluite geneem:-

(I) " Aangesien sommige van die Ossewabrandwag se leiers die volk in so'n beroering gebring het, versoek die kerkraad sy leraars om hulle so gou as moontlik van die beweging te onttrek. (Die twee leraars het hierdie versoek aanvaar)

(II) "Die kerkraad betreur die houding van die skakelkomitee teenoor die voorsitter van die kerkraad en onttrek hom van die skakelkomitee."

(III) " Die kerkraad versoek die N.C.V.V. wat 'n kerkelike liggaam is om hulle ook van die skakelkomitee te onttrek."

Die skakelkomitee met Ds en Mev.v.Rooyen het my ontse om my toespraak op 10 Okt. in die stadsaal te hou. Die kerkraad het met een teestem die volgende mosie aanvaar:-

"Ds.D.J.de Vos het die heelhartige vertroue van die kerkraad en die heelhartige ondersteuning in sy leiding. Verder wil ons ons dankbaarheid te boek stel vir wat hy vir ons in hierdie gemeente beteken het op geestelik en finansieele gebied sedert sy aankoms hier. Daar het 'n ware herlewing in die gemeente ontstaan. Ons wil God dank vir hierdie seeninge en die toekoms tegemoet gaan met vertroue. Ons wil DS.D.J. de Vos steun in sy verset teen ongewenste leiding onder ons volk en sy verdediging van die kerklike standpunt teen verkeerde invloede van oossee."

Die genome besluit om te breek met die beweging was my onbelemmerde-selfverantwoordelike keuse sonder die raad van 'n twede persoon. Dit was my gewete en Godswoord. Omstreeks 400 Afrikaners het met 'n petisie my gesmeek om hulle nogeens toetespreek. O.a. se hulle:

Met u kom hier na Durban het daar eg nie alleen vir ons opgegaan 'n lig helderskynend om ons weer terug te lei op die pad waarlangs ons as kinders van Suid-Afrika moet wadel nie, maar het met elke boodskap wat u aan ons gebring het, die vlam van innige verlange hoër en hoër gebrand, innige verlange om nader aan God te lewe en met bande van hegte liefde nouer saam met ons volk tewoon"

Die ellende het gekom omdat die ander pastorie kant gekies het. Die een se dood is die ander se brood.

20. Ek het baie uitnodigings gekry om dienste elders te gaan hou en selfs spesiale dienste-byna almal is afgesit en slegs eenmaal het ek gegaan.

25

en dit is na P. Maritzburg. By die ringsitting vra Ds v. Heerden my vir nagmaal - ek meen vir 20 April. Ek roep Ds.v.Rooyen na ons twee toe. Ons was besig om tee te drink en vra hom of dit in orde sal wees. Hy se, ja. Gedurende die week voor nagmaal se ek aan Ds.v.Rooyen dat daar doop is op

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

wenthworth en dat hy dan Sondagmiddag liewer daarheen moet gaan en 'n ouderl die diens op Seaview laat wwarneem in sy plek.Sondag kondig Ds.vR. nie af dat ek weg is nie,gee aan Wenthworth geen kennis nie en gaan hou sy diens op Seaview.Die saal op W. was vol mense,die doopouers was daar en ok rakeer. Tot halfvier het die mense daar gewag vir my.Die volgende week bel iemand my op en vra my waar ek Sondag was.Die mense was baie ontevrede.Op 9 Mei word ons in die kerkraad berispe.Ds.v.R. staan op en se hy wis van die doop niks.Ek staan toe op en se: Brs al wat ek wil se is dat alles gereel was. Daarna staan Ds.v.R. op en se dat hy al die skuld op hom neem.Daarmee was af en gedaan.

Op 18 Mei preek Ds.vR. op Wentworth.Sonder om my te raadpleeg kondig hy daar af dat ek eerskomende Woensdagaand daar 'n bidstond sal lei.Hy se my daar niks van nie.Daardie aand kom die mense en moes daar wag tot 8 uur in die koue en is toe huistoe.Omtrent 8.15 bel Mnr. Paul v.d Merwe my en vra waar ek is.Ek bel Ds.v.R.Hy se hy het vergeet om my te se. N.B. dit was nie op ons gewone program nie.Waarom daar 'n biduur bepaal daardie aand en dit vir my terwyl Ds.v. Rooyen daardie Woensdagaand geen biduur had nie?

20. Mev.Vera Fullard was ons orreliste.Met dieafstigting van Durban-Wes val sy toe onder daardie gemeente.Oudl. du Preez stel toe voor dat ons 'n ander orreliste kry . Applikasies is gevra. Mev. de Vos is herhaaldelik deur ouderlinge versoek om te appliseer en dit nog op die laaste dag toe die applikasies gesluit het.Haar kwalifikasies was die hoogste.Sy is deur die kommissie aanbeveel in my afwesigheid.Die kerkraad het haar aangestel.

Sy het haar plek voor die orrel ingeneem.Dsv. R. sal haar nog vandag verwelkom.Hy het dikwels vir alle kerkamptenare gebid-nooit 'n enkele maal vir haar nie.Tweemaal het hy dit nou onlangs gedoen toe die scriba van die Ringskommissie in die kerk was. Dit was opvallend.

21.. In Julie 41 besluit die kerkraad dat ons 'n spesiale poging s al aanwend om nog die laaste ontbrekende geld vir die kerkskuld sal insamel en dit moet in wees voor 15 September omdat die verbande dan vernuwe of afgelos moet word.In die kerkraad is gepraat dat ons dan op 15 Sept. as genoeg geld in is 'n dankdag sal hou. Die geld het ingekom.Die koor moes 'n danklied sing.Net voor die diens oorhandig 'n kerkraadslid aan my 'n

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

nota van Ds.v.R. adviserende dat die dankdag nie vandag gehou sal word nie. Ek moes my preek verander op die preekstoel. Die koor het geweg en niks gehoor nie. Nodeloos om te se: die dankdag is eers in Feb. die volgende jaar gehou toe ek op verlof was en toe is dit gehou i.v.m. die 18-jarige bediening van Ds.vn Rooyen.

22. Ds.v.Rooyen gaanweg om nagmaal elders te gaan hou. Hy se my daar niks van nie. Saterdag bel Mnr.Theunissen my en se dat Ds.v.Rooyen weg is. Vier dienste is op ons program. Ek word gevra om die twee hoofdienste in die te hou ente probeer reel vir die ander dienste.

23. Ds.v. Rooyen gaan weg op verlof. Hy teken die diplomas vir die Sondagskool,blanko.

24. Ds. van Rooyen gaan op sy jaarlikse verlof. Dan handig hy al die noodsaaklike boeke oor aan my of aan Mnr.Theunissen dws.Afkondigings,

Sondagskool,blanko.

24. Ds. van Rooyen gaan op sy jaarlikse verlof. Dan handig hy al die noodsaaklike boeke oor aan my of aan Mnr.Theunissen dws.Afkondigings,
geboorebriewe,registers ens.en met sy terugkoms moet ek alles teruggee asof ek 'n hulpprediker is. Hy kom hulle self haal.

25. Ek word gevra om aan 'n gesamentlike diens met die Engelse deel te neem. Ek se ek sal Ds.v.Rooyen as ouer leraar eers raadpleeg. Ek doen dit. Hy se ons moet dit liewer nie doen nie-liewer hulle kwaad as ons gemeentelede. Ek sit dit af ~~mm~~. Hulle bel hom. Hy se hy voel 'n bietjiesleg en sal nie kan nie.

## PUNT 7

Daar 'n hangende ondersoek is na die heersende toestande tussen die twee pastoriee en die samewerking van die twee leraars.

---

Deur die vrede wat op die aand van 6 Des. aan ons pastorie bereik is tussen die pastoriee is 'n hangende ondersoek afgewend deurdat dit die volgende dag van die agenda vir die volgende kerkraadsvergadering verwyder is. Op die aand van 10 Des. verklaar Ds.Van Rooyen voor 'n groot aantal kerkraadslede, onderwyl hy 'n brief uit sy sak trek: "Wat ek lankal wou doen gaan ek vanaand doen." Hy is gevra om die brief nie te lees nie omdat dit nie 'n kerkraadsvergadering was nie. Van daardie moment af is die gerugtes oor 'n moontlike weggaan van Ds.v. Rooyen versprei. Hy het gese hy sal die brief aan die scriba oorhandig. Aan sy houding het ons gemerk dat daar dinge

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

verkeerd is.Ek vra aan hom privaat wat in daardie brief staan maar hy wou my dit nie se nie.Hierdie brief met sy inhoud is vir die eerste maal voor die kerkraad gelees op 21 Jan.44. Op I7 Des het hy die brief nie gelees nie, maar kennis gegee dat hy dit in belang van die gemeente ag om binne 'n maand of so sy demissie aan te vra. Op I3 Des. verneem ek dat hy wil weggaan oor wat op 8 Des aan my pastorie gebeur het. Op 19 Des. gee ek kennis van 'n spesiale vergadering vir 27 Des.Die kennisgewing was as volg:

> " Hiermee word die lede van die kerkraad opgeroep volgens Art 5I van die Natalse Kerkwet, tot 'n buitegewone vergadering in die kerksaal op Maandag 27 Desember I943 om 7 n.m. ten einde 'n ondersoek in te stel na die samewerking van dietwee pastorie in die verlede of, as alternatief : die samewerking van die twee leraars of, as alternatief die voorgenome uitdienstreding van Ds. van Rooyen."

Dit is met opset so gestel dat ons een van drie dinge kon behandel.Dit laat die moontlikheid oop om Mev.v. Rooyen buite rekening te laat omdat sy op verskillende kere te kenne gegee het dat sy 'n sieklike vrou is,derhalwe uit konsiderrasie vir haar is die kennisgewing so gestel.Verder as Ds.van Rooyen se weggaan ons nie in die gedrang sou bring nie,dan kon ons alleen sy uitdienstreding bespreek.Die vergadering is egter vir onwettig verklaar nadat 'n brief van die ~~aktuaruis~~ voorgelees is.Ek dink nou nog nie dat daardie vergadering onwettig was nie.As daardie vergadering gehou was sou baie dinge gekeer gewees het.Op daardie aand het ettelike kerkraadslede gese dat on sdan maar dieselfde dinge op die gewone vergadering in Jan. moet bespreek.Ds.van Rooyen het die geldigheid van hierdie vergadering met mag bevegmet selfs 'n beroep op Art. I26. Daar het Ds.van Rooyen verklaar dat as daar 'n ondersoek sou gehou word dit sy doel om in stilte weg te gaan sou verydel en dat so'n ondersoek slegte gevolge in die gemeente sal he.

Een van die ouderlinge het gese dat ons vergaderinge in die laaste maande 'n skande is.Ds.van Rooyen het onmiddelik aangeval en gese:

> " Ek weet nie waar ouderling Meintjes die reg kry om te se dat ons vergaderinge in die laaste tyd 'n skande is nie.Dr. de Vos en ek het nog nooit russie gemaak nie.Ons het oor beuselagtige dinge hier voor julle verskil en waarom mag ons dan nie verskil nie?"

Hiermee is die onnodigheid van 'n ondersoek beklemtoon.Hy se ons egter niks dat hy reeds op 22 Desember by die Ringskommissie sy demissie aangevra het nie.Op I7 Des. so het verskillendes van ons dit verstaan,het Ds.v.R. gese dat ons dit op die volgevde vergadering kan bespreek.Deur ouderling Theunissen is dit so op die agenda geplaas en is dit deur die scriba ge-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

notuleer en later gerojeer.

Ds.v.R. se versoek aan die Ringskom. was om so gou as moontlik te maak. Daarop stel die voorsitter van die Ringskom. voor om op II, I2 of I3 Januarie te vergader. My antwoord aan die scriba van die R.K. was o.a.:

> " Die datums wat u opnoem nl. XXXX II, I2 of I3 Januarie skyn my baie ongewens te wees aangesien die kerkraad van Durban nog nie in die geleentheid was om die voorgenome uitdienstreding te bespreek nie en daardie datums val voor die volgende kerkraadsvergadering, waarvoor kennis gegee is om die aangeleentheid te bespreek. As dit 'n normale uitdienstreding is, ouderdom ens. dan goed, so nie wil ek my in geen opsig kompromitteer met die bogenoemde datums nie."

Wetende van die toestand en toedrag van sake gaan die voorsitter nogtans [illegible] vergadering vink voor die kerkraadsvergader[illegible]
stukke
het ingekom waarvan die datums my nou nie bekend is nie. Hierdie stukke het getoon dat dit nie 'n normale demissie-aanvraging is nie. Een vandie stukke het op my betrekking. Moes die voorsitter nie dadelik die te worde gehoue vergadering gekanseleer het nie? My sekundus moes dan opgeroep ge word. Tussen hakies, die een stuk is gelees maar die ander nie, hoewel ek daarom versoek het. Ek het my op die kerkwet beroep, dat dit 'n saak is wat by die kerkraad moet begin en dat die kerkraad daarmee besig is deurdat kennis gegee is op dit op die volgende vergadering te bespreek. Ek het my beroep op Arts. 289, 28I, 286, en3⁰6. Ek het die brief van die aktuarius voorgelees wat my sienswyse steun, nogtans niks gehelp nie. Hierteenoor kom die Ringskom. nou en beskuldig die kerkraad van growe pligsversuim.

Die ondersoek van die saak deur die kerkraad was hangende. Om dit nog maxmxx meer te bewys kwoteer ek 'n brief van vier kerkraadslede gedateer 2.I.44

Voorsitter en Broers?,

Volgens wat ons gesien en gehoor het in die laaste tyd, in ons gemeente, is ons die ondergetekendes oortuig dat daar twis tussen die herders gekom het. Deur 'n preek gelewer deur Ds. v. R. op die oggend van 26 Desember 1943, het ons etlike bewerings gehoor wat noodlottige afbrekende gevolge mag he vir die gemeente, en veral vir diegene wat nie op hoogte van sake is nie. Dit bring ons tot die besluit om die kerkraad te versoek om die saak deeglik te ondersoeken ons is oortuig dat jaloesie die grond rede is van die wrywende verwydering, wat tussen ons twee leraars gekom het. Ons wil ons wil net die kerkraad dringend dog vriendelik versoek om die omstandighede so spoedig moontlik te ondersoek, want dis haas onmoontlik dat omstandighede langer op die voet sal voortbeweeg.

Hoogagtend die uwe,
Broers,
E.J.Kotze
J.H.van Aswegen
J.P.Roodman
J.Calitz.

Punt 8 val ook uit die aard onder punt 7 in. Op 21 Januarie kon die saak vir die eerste maal onbelemmerd bespreek word. en [illegible]

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Bylae L

A.3

(i)

Durban,
Manning weg 452,
10 Feb 1944.

Ds. J. S. Erlank
Scriba, Rings kommissie,
Ring van Pietermaritzburg.

WelEerw, Heer en Broer,

Hoewel ek in my redes vir die aanvraag van d miss e slegs bepaal het by gebeurtenisse na die viering van Nagmaal in Okt 1943, sal ek die loop van die gebeurtenisse moet skets teen die agtergrond van die aanvangs periode en wel van April 1940. By geleentheid van die bevestiging van die medeleeraar het Ds J. de Vos, Broer van Ds. D.J. de Vos, wat die bevestigingsrede uitgespreek het, o.a. gesê Priester van God jy is geroep om in die gemeente suiweringswerk te doen en om in staat te wees om dit te doen sal jy moet uitsmyt Smyt uit die koor, smyt uit die strewers, smyt uit die kerkraadsbanke, en smyt uit die preekstoel. In die preekstool naas die redenaar sit die ouere Leraar van die gemeente, wat die bevestigings moet waarneem. In dieselfde rede het hy ook gesê- onthou 'n os en 'n esel kan nie saamtrek nie. Geskok deur hierdie onheilspellende woorde kon ek nie nalaat nie omby die gebruiklike handdruk en seenbede as volg my uit te druk nie. Broeder, ons het so pas gehoor dat as een kom die ander moet padgee, maar daar is tog soiets as samewerking, mag God dit gee. In verbinding met die bevestigingsrede was die intreerede deur die medeleraar, ook betekenisvol en by die lig van wat later plaasgevind het onheilspellend. Hoe sal twee saam wandel as hulle nie eers ooreengekom het nie. In die lig hiervan was die moontlikheid van samewerking skynbaar van die begin uitgesluit.

Aaan gesien ek in hierdie tyd las moes verduur van 'n vergiftigde regterhand het Ds. De Vos die Pinksterbidstonde alleen waargeneem. Die belangstelling en die opkomste was groot, soos trouens gewoonlik by die koms van 'n nuwe Leraar, en hy had dan ook 'n unieke geleentheid om met die Pinkster iets uit te rig Hy het dan ook meteens gekonsentreer op die kerkskuld. Beloftes van gemeentelede gekry vir die gee van tiendes inverband met die kerkskuld. Tussenhakies kan ons hier sê dat die gemeente goed op weg was om die kerkskuld aansienlik te verminder en binne afsienbare tyd dit ook sou afbetaalhet. Die gee van tiendes vir die doel het dit pas versnel, waarmee dit gesk ed het, maar die kwaad wat veroorsaak is deurdat die medeleraar die eer daarvan vir homself alleen toegeeien het, het bepaald die seen en die voordeel daarvan grootlik geneutraliseer.

Trouens hy roem vandag nog daarop. Die Pinkstertyd van 1940, het 'n onuitputtelike bron van selfverheerliking geword, net soos d e van 1943m wat Dr de Vos ook alleen gelei het.

Dat die oordrewe nadruk op die Pinkstertyd, 'n ongesonde gees van menslike roem geskep het is duideli, en blyk vandag nog soos ons kan aantoon uit 'n geskrif wat voor han e is.

Ons dink aan die afskeid van die medeleraar teen die end van Feb 1942 op 'n jaar studieverlof, toe Ds de Vos sy liefdelose kleinsieligheid op so'n pynlike wyse openbaar het deur almal te bedank, groot en klein en ver almal te bid, behlawe vir die ouer Leraar en sy gade, wat ~~mpx~~ die oop gevalle plek ook moes volstaan, en die las van die hele gemeente moes dra totdat 'n hulp gevind kon word.

Die medeleraar het tewens van elke geleentheid wat hy gunstig geag het, uit sy pad gegaan om sy kollega aan te val en te verkleineer voor die kerkraad, en gemeente, Ons kerkraads vergaderinge was byna deurgans ontsier deur 'n gees van liefdelose kritiek, beoordeling, bedryging en belediging, sodat dit eer die atmosfeer van 'n magistraathof vertoon het as 'n kerklike vergadering. Weens 'n gevoel van verantwoordelikheid teenoor kerkraad en gemeente, en die vrees dat daar skeuring sou kom (iets wat Dr de Vos skynbaar altyd verwelkom en verwag het) het ons laat swyg en verdra, maar met 'n gevoel van geesteskrenking.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Pas voor d e afstigting van die twee dogtergemeentes- Durban-suid en Durban-wes het Ds de Vos, sonder om sy kollega daarin te ken, en die kerkraad daaroor te raadpleeg, afgekondig dat daar 'n afskeidsdiens gehou sou word op die laaste Sondagaand voor die afstigting en het hy gesê Ds de Vos van Colingy en ek sal die afskeidswoord tot julle rig. Ook by geleentheid van 'n afskeidsgeselligheid van Kerkraadslede was die ouere leraar totaal uitgeskakel en geignoreer . Dit was besonder in die ooglopend.

Wat ons hier neergeskryde het is nie gedoen in 'n gees van verwyt of weerwraak nie, aangesien ons voor die Nagmaal in Oktober 1943, die Heer in alle opregthied gevra het om ons in staat te stel omte vergeel met die oog op 'n beter verhouding en samewerking.

Hoe pynlik die hernude ondervindings van wanverhouding dan nou moet wees, na twintigjarige diens in die Gemeente, en in die skemerte van ons lewe en bediening , laat ons u Christelike verbeelding oor.

Hierdie skets, hoe onvolledig ook , is bedoel om te dien as agterbrond van die gebeurtenisse van November- Desember 1943 en Jan 1944.

Welwillende en Broederlik,

Die uwe ,

(get: Ds v Rooyen)

(ii)

Kopie

Redes vir aanvra van Demissie:-

I. Die verskyning van 'n Kwartaal brief ( deur Dr D.J. de Vos in lewe geroep en onder sy redaksie) pas na Nagmaal, met materiaal wat my en andere geskok het as hoogs onbillik.

2. Daarna die gebeurde op 'n Kerkraadsvergadering op 19 Nov. 43 toe Dr. de Vos deur sy optrede veral teen Mnr. W.O. Read 'n gees van vervolging openbaar het, waarmee ek my nie kon vereenselwig nie, en waarteen ek ook moes reageer .

3. Dr D.J. de Vos se onverklaarbare reaksie teen 'n poging van my kant om 'n vergadering in Des. van 17 na die 10e vervroeg te kry. opversoek van Kerkraadslede wat op vakansie moes gaan. Die geskil het ons nie as ernstig beskou nie. omdat daar intussen tekens was van 'n kans tot samewerking, wat veral versterk was deur 'n vriendskappelike besoek van Dr en Mevr de Vos by ons aan die tydelike Pastorie in Manningweg.

4. 'n Terugbesoek aan die Pastorie n Evansweg 'n tyd daarna het ons, egter 'n ontnugterende en pynlike skok besorg. Buitensporige veroordelings opbeuselagtige gronde verdere dre gemente can skokkende onthullings bygeleentheid van 'n ondersoek- met 'n besliste weiering om die gronde daarvan op daardie tydstip te openbaar; 'n algehele gebrek aan eerbiedvir grys hare of ouderdom ,'n ongenadige kranking van die gees van die gene wat nie gesond of sterk is nie, het ons 'n skrikwekkende insig besorg in die gemoed en gesindheid van 'n kwaadwillige medeleraar, wat niks anders geword het , as 'n meedoenlose vervolger nie. Geen billike gronde vir die verwagting van 'n harmoniese samewerking het vir ons oorgebly nie- veral nadat die medeleraar:-

5. Getrag het om 'n spesiale vergadering op outokratiese en onwett ge wyse te belê, en ook bekendgemaak het- 'n agenda ( hierdieby aangeheg) wat duidelik aantoon dat 'n vredeliewende vertrek ons nie gegun word nie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

64

H 3. (vervolg) Durban,
Manning weg 452,
IO Feb I944 .

(iii).

Ds. J. S. Erlank,
Greylingstraat 34,
Pietermaritzburg.

WelEerw. Heer en Broer,

In antwoord op u skrywe onder datum 26 Jan. I944, re my redes vir aanvraag van demissie dien die volgende..

I. Die verskyning van 'n Kwartaal-brief Okt I943 No.2 onder redaksie van Dr D.J.J. de Vos, waarin daar onder die hoof Verloftoelaes aan die Predikante, 'n halwe waarheid , of skewe voorstelling van die saak , die gemeente ingestuur is. 'n Verkeerde indruk eenmaal gemaak kan nie so maklik weer ongedaan gemaak word nie. Wat die kwaad in die Gemeente daardeur gestig is kan ons nie bereken nie, maar van die skok, wat ons gemoed daardeur onvang het, weet ons ongelukkig genoeg. Dit het net op 'n geseënde Nagmaalsviering gevolg. Die ware toedrag van sake kan deur die Voorsitter van die Finansiële kommissie gegee word.

2. Onder die hoof.. Pastorie-Ds en Mevr van Rooyen, word daar 'n verklaring gegee van die verkoop van die ou Pastorie, en die verhouding van Ds en Mevr van Rooyen daarteenoor, kon tog seker met meer welgoeglikheid deur Ds van Rooyen self gegee gewees het, aangesien hy beskikbaar was, en gevra is om 'n bydrae te lewer. Onder die voorwensel dat daar dan misverstand sou bestaan het in die gemeente daaroor, is toe 'n verklaring die gemeente ingestuur, wat meer kwaad gestig het as die beweerde misverstand. Die saak was reeds vir 'n jaar lank afgehandel, en die indruk dat dit met opset weer opgehaal is om seer te maak, sal nie so maklik weer weggeneem kan word nie. As daar werklik 'n goeie broederlike gesindheid aanwesig was kon dit tog seker op 'n meer Christelike wyse geopenbaar geword het . As de de Vos werklik die waarheid teenoor sy kollega in liefde wou betrag het, kon hy eenvoudig na sy medebroeder gegaan het om inligting in te gewin het, wat hy toe waarskynlik by andere gaan soek het .

Altwee die stukkies onstigtelike leestof was nie alleen vergesoek en onnodig nie, maar ook nie juis 'n mooi voorbeeld van takt en welwillendhied nie. Doen aan ander wat jy graag aan jouself gedaan wil hê, is tog seker nog 'n beginsel wat betragtenswaardig is.

Dit is egter nog maar 'n begin van die smarte, wat die vervolgsugtige medeleraar vir sy ouere kollega en sy liggaamlik-verswakte gade bestem het. Veel meer het daarop gevolg, wat getuig het van 'n wreedheid en vervolgsug, wat 'n mens nie juis by 'n Christelike Leraar sou gesoek het nie.

Maar laat ons op die ondervindings van iemand anders in die gemeente let.

2. Die gebeurde op 'n kerkraadsvergadering, wat gehou is op die I9de Nov I943. Mnr. W.O. Read, wat 'n brief aan die kerkraad gerig het inverband met iets, wat Dr de Vos in 'n vorige vergadering aangaande Mnr. Read sou gese het, is deur die Reelings kommissie gevra of hy moontlik na die Vergadering van die I9 Nov kon kom om die geskil op te los. Mnr Read het derhalwe vrywillig in die vergadering verskyn, en 'n redelike mens sou verwag het dat Mnr. Read op 'n menslike indien nie op 'n Christelike manier behandel sou geword het.

Wat egter het gebeur? Nadat Dr vds Vos teens beswaar, dat Dr de Vos die voorsitterstoel sou behou, Ds van Rooyen gevra het, om die stoel in te neem, het Dr de Vos Mnr Read aan 'n ongenadige, en vernederende [illegible] onderwerp, wat nie net gerig was op Mnr Read se [illegible] lewe en voorbeeld nie, maar ook en veral op sy [illegible] Port Natal Hoërskool, Ongelukkig het [illegible] besef wat Dr se Motief was met die vrae en [illegible] nie, maar toe ek dit merk wat juis gaande was het [illegible] en die vergadering vera om sy te steun in

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

oortuiging dat dr alleen die reg had om Mnr Read vrae te stel oor sy lewe en gedrag as lid van die gemeente, en dan tog seker nie in 'n kerkraadsvergadering in die eerste instansie nie. Die Kerkraad het my gesteun met 'n meerderheid van stemme en Dr het sy verdere vrae beperk tot die gemeentelike aspekt van die saak, maar toe die papier met gegewens omhoog gehou en gesê-- dit is nou publieke eiedom nie waar nie. Dadelik het daar egter stemme uit die vergadering opgegaan in protes.

Ek noem hierdie geval nie om Mnr Read se stryd te voer nie, daarvoor is hyself bekwaam genoeg, maar om aan te toon hoedanig die vervolgmetode van Dr de Vos eintelik is. Die vraag kom nou pertinent gestel.. Is dit 'n metode wat 'n Christelike Herder en Leraar pas?

Wat dan van sulke uitsprake van Godswoord soos die volgende .. Matt II/29 Leer van My want ek is sagmoedig en nederig van hart.. Matt I2 : 20 'n Geknakte riet sal Hy nie verbreek nie, en 'n lampit wat rook sal hy nie uitblus nie.. Gal 6v I Broeders as 'n mens ewenwel deur een of ander misdaad oorval word, moet julle wat geestelik is, so een reg help met die gees van sagmoedigheid, terwyl jy op jouself let, dat jy ook nie versoek word nie.
2 Tim 2 v 24 'n Dienskneg van die Heere moet nie twis nie, maar vriendelik wees teenoor almal. Maar genoeg. Mnr Read was nie die eenigste slagoffer van hierdie soort metode nie. Twee ouderlinge het onder protes teen d e soort dinge gesê dat hulle gaan bedank, en het die vergadering verlaat .

3. Dr de Vos se onverklaarbare reaksie teen 'n poging van my kant om 'n Kerkraadsvergadering vervroeg te kry van I7 tot I0 Des I943

Dr de Vos het skynbaar groot waarde geheg aan die vergadering van 17 Des, In 'n vorige vergadering het ek kennis gegee dat ek op I7 Des. gaan voorstel dat 'n skema van bearbieding van die gemeente reeds op I Junie I943 , tydens my afwesigheid deur die kerkraad goedgekeur 'n hersiening geneem moet word. In die skema word o.a. bepaal dat die gemeente nie verdeel sal word nie, dat die teenwoordige Kerkgebou verkoop sal word, dat 'n groot nuwe Kerk gebou sal word waarin 'n orrel van ten minste £3000 s sal pryk, dat daar vier leraars sal wees, twee xxxxxxxxx emeritii naas die twee teenswoordige leraars, en nog 'n aanvulling van 'n emeritus leraar wanneer diekou leraar aftree oor agtien maande. Ds van Rooyen het aangevoer dat die skema deels onprakries en deels onnodig bindend is .

Die ondervinding in groot stede toon in die rigting van kleiner gemeentes, elk met sy eie leraar. In plaas van groter kerkgeboue, meer d sentralisasie , om d e moeilikhede van vervoer te vermy. Dr en Mevr. de Vos het kort na die verg. van I9 Nov. n.l. op 22 Nov. die tydelike Pastorie in Manning weg 'n besoek gebring wat baie op prys gestel is, en waaraan groot waarde geheg is as voor teken van 'n betr samewerking in die toekoms. Ons het hulle vertrou ons met gebruiklike gasvryheid ontvang en trakteer.

As ons 'n oordrewe waarde daaraan geheg het, dan is dit seker nie ons skuld nie. By die afskied het Dr de Vos gewag gemaak van die verskil in ons sienswyse inverband met die toekomstige bearbieding van die gemeente, en die wens uitgespreek dat ons mekaar weer sou ontmoet nog voor die volgende vergadering, sodat moontlik 'n vergelyk getref, wat deur die kerkraad aanvaar mag word . Ek beloof toe om hulle 'n terugbesoek te bring. Xxxxxxxxxxxxxxxxxxx Tegelykertyd spreek ek egter my mening uit dat die volgende vergadering 'n week vervroeg moes word aangesien 'n hele paar Br. Kerkraadslede op verlof gaan en derhalwe nie die vergadering sal kan bywoon nie. Buitedien sou daar 'n voorstelling van die Kerkraadslede met die oog op 1944 op die I2 Des plaasvind en ek die mening toegedaan was dat die Brs nie behoort te beslis oor sake, wat in 1943 afgehandel sou word nie. Mev. van Rooyen het ook haar mening uitgespreek dat die volgende vergadering op 10de Des gehou moes word.

Trouens Mevr de Vos het ook haar mening uitgespreek oor die afstigting van meer gemeentes .

As ons ooit kon dink wat uit die poging om 'n vergadering vervroeg te kry sou spruit, sou ons daar nooit aan gedink het nie. In die verlede was ons maar altyd te gretig om dinge te vermy wat wrywing kon veroorsaak het. Ons was te angstig om die lewe vrede te bewaar, en het dit soms gedoen ten koste van wat reg of billik was .

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die begeerte van Dr de Vos om met die hulp van 'n klomp aanhangers onder die nuwe kerkraadslede sy posisie te konsolideer en te verseker is skynbaar die enigste verklaring van sy houding, en reaksie op wat ons as reg billik beskou het, en probeer het om te bewerkstellig. Hy het dit beskou as 'n bedreiging van sy ywerig-voorgewerkte magsposisie.

Dit is in elk geval deur Dr de Vos qongevoer as die enigste rede van sy onvriendelike ongasvrye ontvangs , wat hy ons besorg het met ons terug besoek op Maandag de 6 Des 1943. Onvergetelike dag vir ons meer onvergeetelik as enige ander donker dag in ons lewe. as ons dink aan al die onaangenaamhede wat van daardie dag ons tebeurt geval het

4. Onder 'n Stortvloed van veroordelings, aantygings, bedreigings, en neledigings het ons met verbasing maar met 'n God-gegewe geduld en lydsaamheid sit en luister. Mevr de Vos het ons binne gehooi en pas na ons gaan sit, sonder 'n vermoede van wat ons gewag het, het Dr tevoorskyn gekom, bleek en nors, en dadelik met die begroeting en die gebruikelike vraag hoe dat dit gaan het die storm losgebars.
"Sleg sleg My hart is nie met jou hart nie, en jou hart is nie met my hart nie en ek weet nie wat julle hier kom maak nie. " Ons kom omdat ons gesê het dat ons sal kom. was my kalme antwoord. Ja maar nou is dit te laat, nadat jy daardie onwettige vergadering belê het en my gedwing het om voor 'n vreemde Predikant te moes opstaan om beswaar te maak, Ek kan nou nog nie sien waar die onwettigheid in kom nie. Maak dit asb. vir my duidelik. Onee dit sal op die 10De. duidelik gemaak word. Toe draai Dr hom na Mevr van Rooyen en se op sy egte bluf manier , En waar kom jy aan die reg om te sê dat die vergadering op 10 de gehou sal word ? Wat ek, het ek gesê dat dit dan gehou sal word? Ek kan nie dink dat ek dit sou gesê het nie, tensy ek dit agter my aan kon gesêa het. Wat weet ek daarvan?
Ja juis wat weet jy daarvan. Maar dit is juis jou fout jy praat te gou. Ek kan my nie voorstel dat my vrou soiets ~~xxxx~~ sou gedoen het nie. So het jy ook met julle ontvangs die middag gesê, as ek klaar gepraat het sal ~~xxxxxx~~ Ds van Rooyen ook miskien iets sê.
( Mevr. het haar verwonder dat Dr haar gevra het om teen alle gebruik in eerste te praat) Werkelik was dit nie sy, wat Ds v.R. beledig het nie maar die sermoonmeester ).

~~Hy~~ Dr .sou sorg dat daar 'n kommissie van ondersoek benoem sou word, wat nie een dag sou sit nie maar dae, en die resultaat sal wees dat een sal moet trap. As dit jy is , is ek vir julle jammer, want ek weet julle is arm, en afhanklik van die gemeente, maar Goddank ek is nie. Maar dit kan julle ook nog verseker dat as ek ~~(?)~~ wat moet trap, kan ek 'n julle verseker dat julle orige tyd hier sal wees., roes en moes, in stof en met trane. Daar sal getuies van ooral kom en die kerkraad sal die onkoste moet betaal. Toe sê Mevr. van Rooyen Maar daar kan valse getuies ook wees, soos in die geval van die Here Jesus toe Hy voor die regbank moes staan. Ja ons sal sien. Dan sal predikante ook kan lieg. Toe sê ek Dr jy sê ons is arm maar ek het al skape opgepas en ek kan dit weer doen. Ons het 'n ryk hemelse Vader Hy sal vir ons sorg. Dr het toe verklaar dat hy goed is in ondersoekwerk, en dat hy al vier jaar lank getuienis teen ons bymekaar maak en op skrif het. So sê Mevr en ons het niks want het nie so iets verwag nie. Het nie 'n storm verwag nie, ons is daar in.
Tot drie maal het Mevr aan hom gevra, maar kan ons dan nie die saak hieruitmaak nie? Kan ons dit dan nie op die Christelike manier volgens Godswoord uitmaak nie? terwyl ons nou bymekaar is.
Mevr. de Vos het haar ook daarin gesteun, maar Dr was onversetlik in sy weiering, en het net gese.. Nee die kommissie sal dit moet uitwys. Toe het Dr hom na my gedraai en gesê.. dat hy getuienis dra dat ek 'n wedergeborne is, omdat ek dit eenmaal op Pieter,aritznurg daarvan getuig het. Ek het toe gese dat ek dit waardeer dat hy dit tog erken want ek het al d kwels gevoel asof hy mu minag. Mevr van Rooyen vra toe: En ek dan Dr ? en kry toe antwoord. Jy is gans onbekeerd. Toe vra sy weer.. waarom oordeel U my so Dr . Omdat jou lewe heeltemal vrugteloos is. Haar kommetaar hierop was " Ek dank God Dr dat my saligheid nie van u afhang nie.
Jy het 'n baie groot fout sê Dr. daarop. Ek sal bly wees as u dit aan my wil openbaar. Dr. was haar antwoord. Dit is jaloesie

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

jy is opgevreet van jaloesie" Daarven is ek nie bewus nie was haar antwoord. "O, dit sal ek bewys sê Dr. selis uit Johannesburg . Toe sê Mevr wel Dr ek gee U die volste reg om my lewe na te gaan van my vroegste jeug, want ek is gebore en het ek groot geword in 'n godvrugtige huisgesin. Op twaalfjarige leeftyd het ek my hart aan die Heere oorgegee onder dienste van Gipsy Smith. Later was ek Sondagskool onderwyseres Strewerlid en het ek in die Koor gesing, en daar het my man my gevind. Dus gee ek U die volste reg om my lewe daar na te gaan . Tot driemaal toe het hy die vinger op Mevr gerig en gesê jy praat nie uit my Pastorie..

Dit was letterlik die stortvloed van veroordelings, aantygings, be dreigings en beledigings, wat op ons losgelaat is. Ek het dit toe ook my plig geag om sekere dinge voor sy aandag te bring.

Dit skyn vir my of ~~xxxx~~ jy nou besig is om jou opdrag by jou bevestiging ontvang uit te voer. In die bevestigingsrede is o.a. gesê Priester van God jy is geroep om in hierdie gemeente reinigings en suiweringswerk te doen, en om daartoe in staat te wees sal jy moet uitsmyt.. smyt uit die koor Smyt uit die strewers smyt uit die kerkraadsbanke , smyt uit die Preekstoel. En in die preekstoel naas die redenaar het gesit die ouere leraar wat as Konsulent die bevestiging moes waarneem.

Ook het ek gesê . Jy span die allerheuligste dinge in jou kar tot jou eie verheerliking, en vir jou eie eer,. Jy roem op bekerings en het jou loon weg. Ja, maar Kyk hoe seen God my, het hy geantwoord God seen jou werk ten spyte van jou foute en gebreke," was my bewering "daarop. God seen die verkondiging van Sy woord soos dit in Jesaja 55 verkondig word. dit sal nie leeg na my terugkeer nie. Paulus het ook in die Brief aan die Filip. gesê dat hy hom verbly oor die verkondiging van die evangelie al geskied dit ook onder 'n voorwendsel en nie suiwer bedoelings nie. Jy was skynbaar daarop uit om leemtes te soek om dan sonder om ons daarin te ken of ons reedpleeg nuwe dinge te stig, Soos b.v. Die vroue Sending Bond en die Kinderkrans ver. So is ek ook nie geken met die bepalings van Spesiale dienste nie. So het u onlangs 'n bidstond aan die Pastroie in Evansweg belê vir die gelowiges, om te bid vir herlewing, sonder om ons daarin te raadpleeg. As u so begaan is oor die behoefte aan herlewing waarom dan nie saamgewerk om 'n bidstond in die Kerk te hou wat almal 'n kans sou gee om mee te doen nie. Nou skyn dit of u die een Pastorie wou afspeel teen die andereen. As daar ware herlweing sal kom moet daar eers verootmoedigings wees.

Toe was dit ook al tyd om te gaan, en niks is gesê wat enig lig kon werp op die groot vraagstuk van 'n moontlike samewerking nie behlawe 'n wenk dat daar moontlik iets opgetrek kan word vir ons ondertekening. Dr sou dit in konsep optrek en weer na ons bring , om te sien of daar iets aan gedaan kan word .

As in wanhoop het ek toe gevra.. sal ons nie bid voor ons uitmekaar gaan nie? Ja sal u bid het hy laat volg. Daar was ons gestaan het, het ek gekniel en gebid . Here onse God wys u vir ons die weg aan van versoening en samewerking tot heil van die gemeente en tot eer van u naam Amen.

Dat dit nou voorgstel word dat ons onder daardie gebed vrede gemaak het kom my voor as die oppervlakkigheid self.

Mag God ons help om by die waarheid te bly .

Ons vermag niks teen die waarheid nie.

(Get.: Ds v Rooyen)

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Bylae N1 68

Florida weg 245
Durban,
8 -2- 44.

Ds. J. S. Erlank,
Ringskommissie van N.G. Kerk,
Greylingstraat 34,
Pietermaritzburg.

Beswaar teen die handeling van Dr. D.J. de Vos.

Wat die moeilikheid tussen Dr de Vos en Mevr. van Rooyen was, weet ek nie, maar wat ek wel weet , dat daar onenigheid is.

Vrydagaand die 21-I-44 het Dr. de Vos en Ds van Rooyen vrede gemaak , die 22-I-44 het Mevr van Rooyen na die Kerkraadsvergadering gekom met die doel om ook persoonlik vrede re maak met Dr de Vos.
Mevr. van Rooyen het vir 2 uur lank buite gewag, maar Dr. de Vos het beslis gewier om Mevr van Rooyen te ontmoet. Sy antwoord was Ds van Rooyen moes met sy vrou gepraat het, Hy sê toe ook dat hy nie 'n huigelaar is nie.

Daarna het Ds van Rooyen gesê dan moet hy maar gaan om vir Mevr. van Rooyen terug te neem. Na Ds van Rooyen uit was, het Dr. de Vos op gestaan en gesê , dat die Kerkraad hom nou moet beskerm. Hy vra toe die vergadering om hom te onthef van wat plaasgevind het .

Ek en vyf ander broers het in die minderheid gestem. So dit was nie 'n voorstel van die kerkraad nie, maar 'n beroep wat Dr. de Vos op die kerkraad gedoen het .

Die 30-I-44 die aand het Dr de Vos in sy preek gesê dat daar gerugte is dat daar 'n skeuring in die gemeente is, maar hy sien geen skeuring nie, Hy sien 'n groot herlewing.
Maar wat hy wel sien is dat die Far seers en wereldlinge bly weg.
So dit lyk vir my as 'n mens nie met Dr de Vos saam stem nie, kan bestempel hy jou as 'n Fariseer en onbekeerde.

Dr de Vos het ook gesê dat die groot Bed. Geref. Kerk sal tot niete val, maar die hierd e een nie. Ek verstaan hom nie is ons leer dan verkeerd of vals, dat Dr de Vos so iets kan sê van die kansel af. So is daar nog baie ander sake soos by wyse die kiesing van die Kerkraadslede, is in my sienswyse nie reg nie. Ek ook daardie kwessie wat daar tussen Dr de Vos en Mnr. Road was die prosedure was ook nie reg volgens my seins wyse nie.

Met agting

D e uwe

~~xxxxxxxxxxx~~

J. A. Nel.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Bylae 14 Palm Grove 39, 67

Overport,

Durban.

8 Februarie 1944.

Die Skriba,

Ringskommisie,

Pietermaritzburg.

Weleerwaarde Heer,

Weens 'n versoek wat aan die Kerkraad gedoen was op 28 Nov. 1943, in die konsistorie dat die gewone kerkraadsvergadering wat vir 17 Des. 1943 belê was vervroeg moes word tot 10 Des.. Die rede was, omdat nuwe kerkraadslede op 12 Des. voorgestel word, die uit diens treënde kerkraadslede kans sal gee om die Agenda van 1943 af te handelvoordat nuwe lede intree, en dat daar sommige kerkraadslede was wat op vakansie wou gaan, het daar 'n verskil van opinie ontstaan.

Op 28 Nov. 1943 het ek met Dr. de Vos reëlings getref om op 30 Nov. wykshuisbesoek te doen, nadat 'n paar huise besoek was, het Dr. de Vos my gevra of ek verstaan het waarom hy (Dr. de Vos) Ds. van Rooyen se versoek vir 'n vervroegde vergadering ge-opponeer het.

My antwoord was dat ek nog nie so op hoogte met die Kerkwet is nie. Toe het Dr. de Vos die wet as volg verduidelik en gesê.

(a) Dat 'n gewone Kerkraadsvergadering 'n wet is wat deur die Kerkraad vasgestel is.

(b) Dat 'n byeenkoms van kerkraadslede voor 'n erediens in die konsistorie 'n ongekonstitusioneelde vergadering is, en as sulks die mag nie het om 'n kerkwet wat deur die Kerkraad vasgestel is kragteloos te verklaar of te onderbreek nie, tensy 'n buitengewone kerkraadsvergadering belê word, deur die leeraars, of deur drie kerkraadslede So 'n kennisgewing moet in 'n vorm van 'n brief opgestel word, waarin die rede kortliks gemeld word, waarom so 'n buitengewone vergadering belê is, en dan aan elke lid gepos word. Dus het Dr. de Vos gesê dat so 'n buitengewone vergadering nie belê was en as sulks onwettig is.

Verder het Dr. de Vos gesê dat dit vir hom baie makliker sou maak as een van die kerkraadslede die vervroegde vergadering on onwettig kon verklaar, en dus vir hom 'n beter kans sou gee om so 'n voorstel te ondersteun.

Die volgende was toe aan my gedikteer, dat die besluit wat in die konsistorie gemaak was op 28 Nov. 1943 om die gewone kerkraadsverg-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

.gadering te vervroeg 'n ongeautoris...



en as sulks bots met die egte kerkswet,en dus onwettig is, omdat 'n buitengewone kerkraadsvergadering nie belê was om die ou kerkraadswet kragteloos te verklaar nie.Dus gaan ek die kerkraadsvergadering wat vir 17 Des. vasgestel is,bywoon.

Weens sulke propaganda het ek die brief ann die Kerkraad nie gerig nie.

Verder moet ek beswaar aanteken teen Dr de Vos se uitlatings met die afsluiting van die Pinkster Bidstonde van 1943.Gedurende Vrydagaand se diens het Dr de Vos gesê, dat hier in die kerk Sondagaand mense sal kom wat die kerk sal oorstroom wat nooit in die weeksdae die Pinkster Bidure bygewoon het,of altans ongereeld bygewoon het, (waarvan ek een was), en dat hulle net die Gees van die gereëlde Pinkster Biduurgangers belemmer,derhalwe het menige hongerige siel afgeskrik wat wetlik deur hulle werksaamhede gedurende die week die Pinkster-Bidure nie kon bywoon nie,en soos is deur Dr de Vos se onbedagsame en taklose uitlatings by 'n
afgeskrik wat wetlik deur hulle werksaamhede gedurende die week die Pinkster-Bidure nie kon bywoon nie,en soos is deur Dr de Vos se onbedagsame en taklose uitlatings by 'n
Godsdiensoefening menige hongerige siele afgeskrik om Sondagaand die afsluiting van die Pinksterbidstonde by te woon.

Ek het Dr de Vos die volgende week by sy pastorie oor hierdie ombedagsame en taklose uitlatings gaan sien.Dit laat my dink aan die ryk man en Lasarus en Lukas 17 verse 1.

Wel Eerwaarde Heer,as kinders van die Heer voel ek dat die toestand in ons gemeente dien nou net om sektes in ons midde te sterk in hulle pogings om van ons swakkere lede afterokkel,en soos ons weet is daar al reeds 'n aansienlike gedeelte van ons lede deur die sektes weggeraap.Welke rede het ons as dienaars op die mure van Zion om die gedurige aanvalle van kwaaddinkendes te weerlê as ons die feite van 6Feb. in ons kerk net voor die erediens neem as voorbeeld? As ook die dreigement aan ouderling Jonker met burgerlike hof.As hy (Ouderling Jonker) nie met sy brood moet speel wat vir hom (Dr de Vos) honderde van ponde gekos het.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Dan ag ek dit meer as tyd dat U as 'n gesaghebbende liggaam om gou te maak ~~xxxxxx~~ en ons tot hulp te kom tot eer en verheerliking van Sy Groote Naam.

met agting,

die uwe in Christus.

Bylae O

Umgeni weg 441
Durban
7- 2- 1944.

Ds. Erlank Scriba,
Greylingstraat 34,
Pietermaritzburg
Natal.

Geagte Ds.,

Ek wil net hiermee u in kennis stel, dat ons baie ontvrede is met wat onlangs plaats gevind het in ons kerk.

Daar Ouderling J.A. du Preez Ds van Rooyen si beledig het en so'n skande op ons kerk gebring het om te wag net dat Ds van Rooyen met die diens wil begin en dan op te staan en Ds van Rooyen te versoek om af teklim van die Preeksteol omdat Ds van Rooyen nie die vorige Sondag Nagmaal gebruik het nie.

Geagte Ds, is dit die belyd van ons Kerk? Wel ons het besluit om geen geldelike bydrae aan die kerk te gee nie, tot tyd en wyl hier die saak geondersoek is en op gelos is en Ouderling J.A. du Preez en Diaken P. van Schalkwyk wat ook een seel in die kerk op J.A. du Preez se belediging gedruk het, uit die Kerkraad banke uit is.

Eindelik, terwyl daar so een opskudding in ons Kerk plaats gevind het, waarom het Dr de Vos nie in getree en dit gekeer nie daar hy teenwoordig in die kerk was.

Ons versoek is, dat die twee persone Ds van Rooyen en die volle gemeente om verskoning moet vra en daarop die Kerkraadsbanke te verlaat.

Met agting,

die uwe,

A.P. Beetge,
M. Beetge,
J. Beetge,
C.J. Pienaar
gesin 6 Larch Road.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Byl ae 72

**Kopie**

Buxton Tuine 44
Umbilo,
9 Feb 1944 .

Skriba Ringskommissie,
N. G. Kerk,
Pietermaritzburg .

Weleerwaarde Heer,

Die toestand in ons gemeente hier te Durban Sentraal word nou onuithoubaar, en dinge ontwikkel nou so vinnig dat die vrees ons bekruip of die hele posisie nie binnekort hande gaan uitruk nie.

'n Skeuring is op hierdie stadium onvermydelik en is r reeds deur Dr de Vos van die kansel en in die Kerkraad in vooruitsig gestel. Tewete dat dit net die Sondaars en Fariseers is wat wil a skei, dit het hy in 'n preek gesê Sondagaand die 30 ste Jan. 1944, die kinders van die Heer, werk lie lik saam het hy gesê.

Ek vra u Weleerwaarde Heer is dit volgens ons kerkleer, vir 'n predikant om in sy eiegeregtigheid, nou al die onkruid van die tarwe te skei? Is dit nie in stryd met die leer van ons Heiland in Matt 7 nie. Dog as 'n mens nie met Dr de Vos saamstem nie is jy waarskynlik 'n ongeredde.

Ons waardige ou Kerkvader Ds. J.P. Liebenberg en ons geeerde saakgelasfigde ouderling H.J. Theunissen is deur De, de Vos tot leunaars gemaak. Oud. Theunissen is deur Dr ee Vos sy Pastorie belet, vir einge Kerksake.

Ouderling W. Jonker is uit sy huis na buiten geroep deur Dr de Vos , met diaken J. Roux as getuie, en het hy ouderling Jonker gewaarsku dat hy ouderling Jonker speel met sy Dr de Vos se brood, en waarsku hom vir die gevolge, daar sy Dr de Vos se beroep hom honderde van ponde gekos het .

Dondagaand die 6 de Feb. is 'n skynbare georganiseerde " Blitz kricht van ui die Kerkraadsbanke net voor die aanvang van die openbare erediens op Ds van Rooyen geloods, terwyl hy op die preekstoel gestaan het, deur Ouderling du Preez en Diaken van Schalkwyk, en as dit nie was vir die besliste en tydige optrede deur 'n paar ouderlinge om die posisie onder beheer te kry nie, dan weet ons liewe Heer alleen waarheen dit alles kon gelei het.
.Dit alles het gebeur in die teenwoordigheid van Dr de Vos sobder dat hy 'n vinger verroer het om sy Kerkraad tot bedaring te bring of ten goede te beinvloed, voorwaar 'n stilswyen wat 'n mens onwillekeurig onder die indruk bring dat dit sy f goedkeuring wegdra.

Weleerwaarde Heer 'n mens wonder soms o. Rom. 16:17-18 nie op Dr de Vos betrekking het nie, en 2 Tim 2:24 staan waarskynlik nie in sy Bybel nie.

Die Kerkraad het al die onreelmatigheid en ongehoordheid in die gemeente cerdra en gehoop dat dit beter sal gaan, en het onder die gees van verdraagsaamhe d geswyg, want ons wou die gesalfde van die Heer nie aanraak nie, en Sy profeet geen kwaad doen nie, dog die vrees vekruip ons of hy wel 'n gesalfde van die Heer is, is dit dan moontlik dat hierdie dinge die vrugte van die Heilige Gees kan wees.

Derhalwe Weleerwaarde Heer vra ek u beleefd dog dringend om uw onmiddelike en ernstige aendag aan hierdie saal te wei, want die toestand is onheilspellende .

Met agting u dienswillige dienraar in Christus,

J. S. Cilliers
Ouderling .

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Bylae Q



Ds. J. S. Erlank.
Scriba Kerngs Kommissie.
Pietermaritzburg

Geagte Ds.

Ons wil Ds J. G. Van Rooyen aan kla by die Kerngs-kommissie oor sy gedrag hier by ons.

Ons het dit in geslote brief geschrijwe wat hy Sondag aand moes lees voor die diens, hy het geweier om dit te doen, 'n brief wat hy teen Dr de Vos geskrywe het, het Dr de Vos sonder om iets te sê gelees, maar ons brief wou Ds Van Rooyen nie lees nie.

Ons kla omdat hy drie maal geweier het om sy hand vir een van ons ~~x-de~~ broers gee en dit voor die preekstoel. Hy maak ons uit vir rebles.

Hy lewe in onvrede met Dr de Vos en kan nie nagmaal gebruik nie.

Hy het vir Dr de Vos ook gruwelik beledig in die konsistorie en in die kerkraad.

Ons verneem van andere dat hy nie omgee om Dr de Vos met die vuis te slaan.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Hy het ook die [illegible]
saam voor die kerkraads[illegible]
gemaak het verbreek.
Ds. G. C. van Rooyen kan nie
verder preek nie, die Driemige-
kommissie moet dadelik ingree.
Met hoogagting en eer.
U mede Broers,

Ouderling G. H. du Preez.
Ouderling G. J. Jordaan
Diaken J. G. van Schalkwyk

Bylae R.

Manningweg 396.
Durban,.
Feb 7- I944.

Ouderling H. R. Theunissen,

Geagte Mnr. Theunissen,

Hiermee wil ek net konstateer dat ek alreeds in I940 aan u te kenne gegee het dat Ds tans Dr de Vos my huis belet is. Dit het gekom soos u miskien sal onthou , na die eerste huisbesoek van Ds de Vos saam met u as ouderling in hierdie wyk.

By daardie geleentheid het hy hom onbeleefd teenoor Mevr Rossouw gedra asook teenoor haar eerbare moeder Mevr de Villiers.

Ek staan nog by daardie besluit n.l. dat Dr de Vos belet is om hier by my aan huis te kom,

Hoogagtend ,

Die uwe

G.S. Rossouw.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Bylae S.

Durban,
7Maart, 1944.



Weleerwaarde Heer,

Tans het een van die onaangenaamste oomblikke van my lewe aangebreek. As predikants vriend, en liefhebber van ons kerk, en as Kind van die Heer, is dit voorwaar nie vir my aangenaam om onder hierdie betreurenswaardige omstandighede hier voor u te staan nie, nogtans wil ek my verantwoordelikheid nie ontduik nie, en na veel gebed en nadenking glo ek vas dat ek tans onder die leiding en beskikking van 'n alwyse God voor u staan, en mag Hy my genadig wees en help om nie een haar breedte vandie waarheid af te wyk nie.

Weleerwaarde Heer wat ek nou voor u gaan getuig het alleen betrekking op die demissie van Ds. van Rooyen, en is my eie waarnemings, en wat ek gehoor het van andere word geheel en al verswyg, oor die sektariese elemente wat my insiens sy verskyning in die gemeente gemaak het sal ek alleenlik uitwei indien u my later daartoe die tyd en geleentheid wil gee.

AFSKEIDS FUNKSIE 1941.

Wat baie in die ooglopend was, was die afskeidsfunksie van die gemeentes Durban Suid en Durban Wes. By hierdie geleentheid was hier 'n besoekende Dominee van die Transvaalse Kerk, naamlik Ds. de Vos se broer, van Coligny, wat 'n baie prominente aandeel aan die verrigtinge geneem het, Dr. de Vos het laaste aan die beurt gekom, en die stormagtige verskriklikheid van daardie aand sit vergoed in my geheûe gegraveer, die diens, as mens dit 'n diens mag noem het twee ure lank geduur, Ds. de Vos het soms so hard geskree dat hy baie ver in die strate kon gehoor word, dan weer so sag dat iemand met die allerfynste gehoor, hom nie kon volg nie, aan skimp en skeltaal het dit nie ontbreek nie, onaangename aanmerkings oor Pastorie en verebeddens is gemaak, dog dit was so 'n deurmekaar frommelende warreboel dat ek met my ou dowe ore hom nie kon volg nie. Dit alles het geskied terwyl Ds. en Mev. van Rooyen sos twee gewone lede in die kerk aanwesig was en sonder dat Ds. van Rooyen wat kan beskou word as die Vader van die gemeente, die minste 'n deel gehad het aan die belangrikste mylpale in die gemeente, dit was baie duidelik dat hy toe al nie meer erken was as die eerste leeraar van hierdie gemeente nie, dit moes onbepaald, vir hom 'n baie pynlike klap in die gesig gewees het.

DS. DE VOS VERTREK 1942.

Met die vertrek van Ds. de Vos in 1942 het hier 'n tydperk van seer stille waters aan gebreek. Ds. van Rooyen het met baie groter vrymoedigheid voor die gemeente opgetree, en het hom veral toegele op die plaaslike Sending, waarvoor hy 'n groot yweraar is.

Ds. Stofberg die Sendingsekretaris van Transvaalse Kerk was uitgenooi, vir 'n sending-kruistog in die gemeente, en ons Sending saak sos reeds bekend het 'n geweldige stoot vooruit gekry.

KERSFEES 1942.

Dog helaas het die tydperk van stille waters maar baie gou verby gegaan en die stille vrede is versteur, deur 'n onbedagsame telegram van Kersfees groete deur Dr. de Vos aan die gemeente gerig, via ouderling H. J. Theunissen, dadelik het ek beswaar gemaak teen die gees en beginsel waaraan die telegram onderhewig was, immers was Ds. van Rooyen die Predikant van die gemeente, en nie ouderling Theunissen nie, maar die predikant is met minagting behandel, die onbroederlikheid en [illegible]manoor Ds. van Rooyen het andermaal sy kop maar al te duidelik uitgesteek, nodeloos om te se, die genoemde telegram is deur die kerkraad afgekeur, en is met minagting wat dit verdien het behandel, en nooit aan die gemeente voorgelees nie. Met hierdie onaangename voorval was ook ons goeie verwagtings en hoop wat ons gekoester het vir die toekoms diep geskok. Ons het gehoop en gebid dat die Dokter met 'n nieuwe gees besiel sal trug kom van Stellenbosch, dog helaas, al verandering wat hy ondergaan het was van Dominee na Dokter de Vos. Baie gou moes ik persoonlik uit sy eie mond

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

hoor, wil julle hê ek moet so breek met Ds. van Rooyen, [illegible] my Kollega gemaak so lank as wat ek weg was. Hierdie smalende aan- 16
merkings van een leeraar teenoor 'n ander was vir my om die minste daarvan te sê, skokkend. Dog ek het deur Gods genade dit nie aan Ds. van Rooyen gaan oor vertel nie, nogtans het dit hom ter ôre gekom, deur vriende wat dit goed bedoel het, en onder hierdie pynlike bewustheid van die kretiese houding van sy kollega, moes hy as ou man sy werk in die gemeente voortsit, wat ver hom as "vrede mens" 'n onmoontlike taak geword het.

## KWARTAAL BRIEF OKTOBER 1943.

Die laaste strooi wat die kameel se rug gebreek het, Weleerwaarde Heer, was die kwartaal brief van Okt. 1943 ver hierdie gemeente. ~~Die~~ Die smalende aanmerkings teen Ds. van Rooyenen en self vererende opmerkings vir Dr. de Vos is in die oogloped en vereis voorwaar nie 'n persoon met 'n B. A. graad om die onbroederlikheid wat so deurstralend is raak te sien nie, nodeloos om te se, ek het geweier om die brief in my wyk te versprei, en die hele pak le nog in my lessenaar weg gebere.

## 'n PYNLIKE VOORVAL.

Met die voorstelle van kerkraadslede in Desember 1943, het Dr. de Vos om besering by belediging te voeg nog die grootste bedekte onopregtheid op die kansel wat te bedenke is afgespeel, en die gebaar het nogal 'n geslaagde uitwerking gehad op sommige gemeente lede.

Ds. van Rooyen het sos gewoonlik agter die ouderlinge blok in geneem, maar onverwags word hy deur Dr. de Vos versoek om op die Kansel te verskyn, ten einde die pas voorgestelde kerkraadslede toe te spreek, en vir hulle 'n gebed te doen, 'n gebaar wat die gemeente onder die indruk moes bring, dat die samewerking van Dr. de Vos se kant lieflik volmaak is, nooit sal ek die weemoedige uitdrukking op Ds. van Rooyen se gesig daardie aand vergeet nie, sy gevoelens kan alleen deur homself weergee word., ek het so onder die indruk van die huigelary gekom, dat ek daar en dan besluit het om as ouderling te bedank, en as dit nie was vir die goeie raad en invloed van my groot vriend Ds. J. P. Liebenberg nie dan sou ek my plan uitgevoer het. Dog ek het geluister na ou Leraar Liebenberg met sy rype ondervinding, en onbeperkte invloed op my.

## KERKRAADS BESLUIT 22 JAN. 1944.

Terwyl Mev. van Rooyen vir twee ure voor die kerk in haar man se kar gesit het, gereed om Dr. de Vos te ontmoet, weier hy beslis om háár te ontmoet, en neem die kerkraad die noodlottige en myns insiens die onwettige besluit, waarby ~~hulle~~ Dr. de Vos, onthef word van alle verdere blaam, vir die onenigheid tussen die twee pastorie. Waarop ek geskok was, deur die verregaande onkunde wat deur so 'n stoomroller besluit 26 teen 6 aan die lig gebring is, het ek bitter teleurgesteld die vergadering verlaat. Want ek het dadelik geweet dat met hierdie besluit die treurige toekoms van die gemeente verseel is.

Kan u dus verstaan Weleerwaarde Heer en broeders waarom Ds. en Mev. van Rooyen gekrenk na siel en ligaam, onder hierdie onuithoubare omstandighede verkies het om ons te verlaat, en te vertrek na 'n oord van rus en vrede , waar hulle ou vriende in Transvaal gereed staan om hulle weer in hul boesem op te ~~neem~~. neem.

[signature]
Ouderling

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Verslag van die Scriba van die Ring van Pietermaritzburg 77

++++++++++++++++++++++++++++++++++++++++++++++++++++++++++++
7/3/44.

WelEerw. Heer en Broeders,

Op 3 Jan het ek terwyl ek op verlof op Durban was 'n brief ontvang van die Voorsitter van die Rings. kommissie, waarin hy my in kennis stel dat daar 'n aansoek gekom het van Ds G.C. van Rooyen om sy demissie volgens Art 25I. Die voorsitter het my gevra om in oorleg met die ander lede van die kommissie 'n Ringskom vergadering te belê Art 9I om die versoek te oorweeg. Hierdie vergadering is toe belê vir I2 Jan te Durban.

In die tussentyd het daar 'n verder' skrywe ingekom van Ds G.C. van Rooyen , waarin hy 'n meer breedvoerige verklaring gee waarom hy hom genoodsaak gevoel het om tot daardie stap oor te gaan. Daar het ook 'n versoekskrif ingekom wat deur twintigtal of meer lidmate van die gemeente onderteken is , waarin die Ringskom. versoek word om weens die uitgebreidheid van die werk van die gemeente op die tydstip nie aan die versoek van Ds van Rooyen te voldoen nie.

Op I2 Jan het die Ringskommissie vergader. Al die lede was teenwoordig. Die Voorsitter het by aaan vang van die vergadering die brief van Ds van Rooyen voorgelees maar het daarna ook gesê dat daar 'n tweede stuk in die tussentyd ontvang is waarin hy sy redese gee vir die versoek. Op grond daarvan het die voorsitter verklaar dat die vergadering nie in die meriete van die saak sou kon ingaan nie omdat een van die lede van die kommissie nou in die saak betrokke geraak het en dat die saak tot die volgende kommissie vergadering verwys moes word wanneer die sekundus van Dr de Vos dan sy plek sal moet inneem.

Dr de Vos maak beswaar teen die lees van daardie laat ontvange stuk van Ds van Rooyen op grond van die feit dat dit ontvang is nadat die vergadering reeds belê is. Hy vra ook verlof om beswaar in te dien teen die verlening van demissie aan Ds van Rooyen . Hy lees sy besware voor en handig die stuk aan die Voorsitter van die kommissie.

Die vergadering besluit toe dat op grond van die indiening van die tweede stuk van Ds van Rooyen die ontvangs van die versoek 'skrif van die aantal gemeentelede en op grond van die besware deur Dr de Vos ingedien teen die verlening van demissie die saak terug verwys word na die Ringskommissie vir behandeling. Dit word ook verder besluit dat aangesien Dr de Vos nou in die saak betrokke geraak het sy sekundus in kennis gestel sal word om sy plke op die kommissie in te neem .

Maar voordat die vergadering afgesluit het , het Dr de Vos verlof gevra om aan die Voorsitter enige vrae te stel. Verlof is aan hom toegetaan. Op grond van die antwoorde wat die Voorsitter op die vrae gegee het , handig Dr de Vos 'n stuk aan die Voorsitter oor waarin hy beswaar maak teen die begoegdheid van die Voorsitter om as onpartydige die saak te ondersoek. Die stuk word nou op die tafel gelê .

Op 24 Jan het die Ringskom met Ds van Heerden as plaasvervanger van Dr de Vos weet te Pietermaritzburg vergader. Om- I. Die beswaar van Dr de Vos teen die bevoegdheid van die Voorsitter van die Kommissie te oorweeg. 2. Om verder ondersoek in te stel of die klagtes wat deur dr de Vos en Ds van Rooyen ingedien is van so'n aard is dat dit deur Ringskom na die Kerkraad verwys moes word en of dit op grond van Art 25I na die Ring verwys moet word.

Wat die besware teen die Voorsitter betref het die Ringskom gevind dat dit nie van so'n aard is dat dit die Voorsitter kan belet om sy plek op die kommissie in te neem nie en om as onpartydige persoon die saak te ondersoek nie. Die antwoord van die kommissie word aan die Ring ter oorweging voorgelê.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Wat die tweede punt betref, het die Kommissie geoordeel dat die klagte van so'n ernstige aard is, dat daar genoegsame rede bestaan dat die saak nie weer na die Kerkraad terugverwys moes word nie, maar dat dit wel onder die aandag van die Ring behoort gebring te word .

Die Ringskommissie het verder gevoel dat die klagtes wat die een Leraar teen die ander Leraar ngehandig het, dit wenslik maak dat nie een van beide die Nagmaal behoort te bedien nie en het dan ook besluit om so'n wenk aan die hand te gee, dat om alle geregtigheid te vervul hulle liefs albei hulle van die Nagmaal moet onttrek.

Dr de Vos het appel aangeteken teen die besluit van die Ringskommissie en hom op die R ng beroep i/s sy beswaar teen die Voorsitter .

In tussen het die toestande te Durban n erns toegeneem. Klagtes het van allekant dag na daag ngestroom. Kerkraadslede en gemeentelede het hulle na my gewend met die versoek dat die R ngskommissie dadelik hulle aandag aan die saak moes gee. Ek het toe vir Ds van Heerden geraadpleeg en ons het gevoel dat daar dadelik ites gedoen moes word. Ek het inverbinding getree met Dr de Vos en die erns van die saak ook onder sy aandag gebring en gevra of hy dit nie wenslik ag dat daar so gou as moontlik 'n buitegewone vergadering van die Ring belê moes word nie. Hy het dadelik ook d e noodsaaklikheid gevoel waarna ons toe besluit het om 'n buitegewone vergadering te belê.

Dr de Vos het gesê dat indien die saak na 'n Ringsvergadering verwys word hy sy besware teen Ds Laurie as voorsitter van die Ringskommissie sou terugtrek.

Dit was in die eerste instansie besluit om die saak volgens Art. 285 skrifteliks te behandel. Die twee Leraars Ds van Rooyen en Dr de Vos is in kennis gestel om hulle saak breedvoerig te stel en om ook die bewys gronde waarop die klagtes baseer word op skrif aan die Scr ba te stuur.

D e Kommissie het verder besluit dat dit wenslik sou wees om die saak te bespoed en vir die Ring voor te berei , om die verskillende persone wat klagtes opgestuur het of wat versoekskrifte onderteken het persoonlik te ontmoet om sodoende meer informasie in te win . Daartoe is 'n vergadering van die Kom. te Durban belê vir Dinsdag 22 Feb.

Met die aanvang van die vergadering het Dr en Mevr de Vos volgens afspraak verskyn. Dr de Vos het beswaar aangeteken teen die wettigheid van die vergadering omdat dit nie volgens Art 319 belê was nie. Hy het ook weer op nuut sy beswaar teen die onpartydigheid van die Voorsitter van die Kom gehandhaaf deur die indiening van die vereiste stukke.

Die kommissie het nooit vir een oomblik gemeen om in die meriete van die saak in te gaan nie , maar omdat daar so baie getuies was wat of 'n klag ingedien het of 'n stuk onderteken en daardie persone moeilik persoonlik voor die Ring kon verskyn om getuie af te lê , wou d e kommissie daardie persone alleen ontmoet en beëdigde verklarings van hulle afneem .

Die kommissie het gevoel dat hy sover nog altyd binne sy perke en magte gehandel het, maar omdat die kommissie nie die saak in die minste wou bemoeilik nie en aangesien daar dan tog 'n vergadering van die Ring belê is wat eerdaags sou sit, het die kommissie besluit om die saak daar te laat berus sonder om een van daardie persone verder te spreek.

Dit is op grond van Art 251 b en Art 318 dat die hele saak nou voor die Ring d en .

U dienswillige dienaar ,

J. S. Erlank

Scriba v Ring.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Ringsvergadering 7-11 Maart 1944 79

Tweede Sittingsdag 8 Maart 1944 Bylae U

Die vergadering neem 'n aanvang om 9.30 v.m. met die sing van Gesang 7 :I en Skriflesing deur Voorsitter en gebed deur Oud, I.A van Niekerk.

Die Scriba verduidelik dat die Quorom van die Verg I9 Lede is. Art. 85:2

Notule van die aandsitting 7 Maart I944 word gelees .

Ds. C. Nel stel voor dat alle stukke wat voor die vergadering gedien het as addendum aan die Notule geheg word.

Voorletter van Oud Rall is F.R . en nie A. Oud. Maartens N.F.

By die presensielys sal gevoeg word die afgevaardigdes van Noordkus wat per abuis weg gelaat is. Oud. Ouul. G.I. v. Rooyen inplaas van Oid. G.I. van Rooyen afgevaardigde van Greytown.

Dat by die voorstel Ds. Erlank - Viviers as die stukke wat behandel sal word deur die Ring gevoeg word " Volgens Art 78:2.

Oud. van Niekerk meld dat Ds C. . Brink weens ongesteldheid afgesi wesig is van die vergadering.

Die n otule word goedgekeur en onderteken.

Dr. de Vos lewer skriftelik in protes teen die uitspraak van die Ring i/s sy aansoek om appèl . Dr de Vos lees die Protes aan die vergadering voor.

Die Voorsitter wys daarop dat die eerste bewering in die Protesskrif onjuis is. ( Voeg in Protes 7 Maart I944)

Die Sctiba bring onder die aandag van die vergadering van 'n voorval wat gisteraand in die konsitorie plaasgevind het n.l. dat 'n persoon van buite getrag het om notule van die vergadering wat in Kammera gesit het .

Scriba vra verlof, Dat stukke wat moet dien en waar getuies geroep sal word met die middagsitting 9 Maart afgehandel sal word .

Brief van verskoning van Diak Muller Durban Wes word gelees. Verlof word toegestaan dat hy die aandsitting kan bywoon.

Die Ring besluit dat wanneer 'n getuie geroep word aan Art 298 voldoen sal word.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die stuk van Ds van Rooyen waarin hy aansoek doen om demissie word aan die orde gestel. Die Rings Scriba verklaar dat behalwe hy self geen persoon kennis dra van al die stukke wat die inhoud. voor die Ring sal dien nie.

Die Scriba wil dit graag weer onder die aandag van die Ring bring dat hierdie saak voor die Ring dien op grond van Artt 25I en 3I8

Die Ring besluit op voorstel van Ds. C.Nel- Oud I.A. van Niekerk dat alle stukke waarna gerefeer word as aanhangsel by die notule gevoeg word .

Vervolgens dien die skrywe van Ds. G.C. van Rooyen gedateer 22-I2-43. Stuk AI. As ook die skrywe van Ds. van Rooyen gedateer 28-I2-43 stuk A 2. Ook die brief van die Rings Scriba wat vra dat 'n meer breedvoerige klag met die bewys gronde waarop die klagte rus aan Ds van Rooyen gerig.

(Ka) As antwoord daarop dien die skrywe van Ds van Rooyen gedateer I0-2-44. Stuk A. 3.

In die stuk van 22-I2- 43 is sekere kwellinge genoem waarin Ds. van Rooyen nou meer breeëvoerig behandel.

Die Voorsitter vra Ds. van Rooyen om te voldoen aan Art 298 waarop Ds van Rooyen bevestigende antwoord .

Ds van Rooyen wys op 'n vaarval n.l. 'n kennis gewing in die konsit van 'n vergadering van die Kerkraad belê vir 27 -I2-44.deur Dr de Vos, soos hy beweer hy die reg had om te doen as voorsitter . ( Stuk A2 a.) Dit beskou hy as onwenslik en gemik om die wrywing tuseen die twee Pastorie en predikante te vererger.

Ds van Rooyen sê datby aan die begin van die vergaderin beswaar gemaak het teen I die wettigheid van die vergadering. 2 teen die reg van Dr de Vos om te ageer as voorsitter . Art 297 I.

Daarna is 'n brief waarin 'n aantal kerkraadslede gevra het om 'n vergadering op die tafel gelê, waarteen Ds van Rooyen beswaar gemaak het omdat die brief die kennisgewing A2a nie vergesel het nie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Ds van Rooyen sê dat " Uit alles blyk dat Dr de Vos my nie 'n vreedsame weggaan uit die gemeente gegun het nie. "

Die aansoek word nou puntsgewyse behandel.

Punt I. i/s Verlofstoelaë stuk A3.

Ds. Viviers vra wat is persies geskryf inverbnad verloftoelaes.

Ds van Rooyen lees as antwoord uit die Kwattaalbrief No2 en beweer dat die bewering deur Dr de Vos gemaak onjuis is.

Sittingsure word nou bepaal. Vergadering besluit dat dit sal wees 9.30 v.m. tot I n.m. en van 2n.m. tot 6 en 7.30---

Die eerste Oud. van P.M.Burg-wes vra Dr de Vos wat sy bedoeling was met die publikasie was met die finansiele verslag wat die verskil toon tussen die vaksnie toelae van die twee leraars.

Dr de Vos antwoord." Dat met huisbesoek het gemeentelde my gevra waarom Ds van Rooyen dan ses maand en ek twaalf maande verlof gekry het. Gemeentelede het nie besef dat ek op half salaris was nie, en Ds van Rooyen vol salaris getrek het nie.Die feite het ek gepubliseer om die waarheid aan die o lig te bring n.l. dat Ds van Rooyen ses maand verlof met vol salaris had en ek maar half salaris ontvang het . "

Oud. P.M.Burg-wes vra of Dr de Vos die syfers deur Ds van Rooyen kan veerlê. sy antwoord dra hy voor en dien dit skriftelik in.

Stuk A4.

Dr de Vos verklaar dat Ds van Rooyen sy versoek voor die kerkraad bepleit het en sy versoek vir 'n toelae van £20 ondersteun het , op die vergadering van I3 Feb I942.

Dr de Vos verklaar verder dat op 28-2-42 word sy naam geskraap uit die finansiele verslag van die jaar op 'n Gemeentevergadering. Geen woord was op daardie vergadering gerep van pofins van uit-delging van Kerkskuld nie maar daar is aanbeveel dat Ds van Rooyen se salris met £50 verhoog sal word. Mnr. Theu ssen het dit teengestaan, dat vermeerdering van salsris aan hom toegestaan

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

sal word. Op die volgende vergadering word daar kennis gegee dat dit bespreek sal word. Ds van Rooyen deelmee dat hy tevrede is om by sy teenwoordige salaris te bly, maar volgens die reels deur die Kerkraad opgestel versoek die Voorsitter om gelyke regte ook aan hom toe te staan. Op 8 Mei besluit die Kerkraad om uit dank en waardeering v r die I8 jaar arbeid aan Ds van Rooyen ~~xxxx~~ langdiensverlof van ses maand toe te staan . 82

Op I8 Julie is besluit om vanaf I Junie nog £3-I0-0 by sy salris te voeg as lewenskoste toelaë. Op I5 Aug kry hy bo-op drie weke ekstra verlof met volle salaris.

Op 2I Nov besluit die Kerkraad uit waardering vir die arbied en kragte deur Ds van Rooyen aan die gemeente bestee gedurende die afwesigheid van Dr. D.J. de Vos op studie verlof eenparige om 'n bonus van £50 aan Ds en Mevr van Rooyen toe te ken, plus helfte van motor regëstrasie.

Dr de Vos verduidelik dat Ds van Rooyen hierdie gemeente in een jaar se tyd £4I8 kos waarvoor hulle niks gekry het nie teen oor £I30 aan sy kant.

Die van Rooyen maak beswaar teen die woorde . "Wat Ds van Rooyen bepleit het" gebesig inverbnad met die verkoop van die Pastorie.

Die Scriba vra aan Dr de Vos met watter doel hy daardie hy n a Nagmaal daardie gegewens die gemeente ingestuur het. Het hy n ie geweet van moontelik gemeentelike wrywing en tweedrag wat daarduer vererger kon word nie.

Dr de Vos sê dat hy dit net gedoen het om misverstand uit die weg te ruim.

Ds. Swart vra aan Dr de Vos of die Kwaartaalblad No 2 uitgegee is met die toestemming van Ds van Rooyen. Dr de Vos antwoord dat hy nie tuis was nie. Ds van Rooyen sê " En het ook nie die inhoud gesien voor publikasie nie."

Die Eerste O d van P.M.Burg-wes vra toe wie is d e redakteur Dr de Vos antwoord dat hy was. Is hy verantwoordelik wat in die blad verskyn . Dr de Vos antwoord Ja.

Die Scriba vra aan Dr de Vos of die Kerkraad kennis gedra het van die inhoud van die kwaartaalblad No 2. Antwoord Nee.

Ds can Rooyen het na agtien jaar ses maand verlof gekry; hoe lank was Dr de Vos se diens toe hy 'n jaar verlof gekry het . Antwoord agtien maande.

Ds van Rooyen sê dat daar op die gemeente vergadering van

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

28-2-42 besluit is dat senioriteit sal tel i/s salaris verhoging. Op grond daarvan het die kerkraad besluit om £50 verhoging toe te staan. Maar hy het die verhoging van £50 nie gegeem nie terwille van vrede.

Voorstel Ds Swart - Oud P.M.Burg-wes dat die syfers n die Kerkboeke gekontroleer word . Dit word verwys na die finansiele kom. .

Die vergadering besluit om voorlopig van die punt af te staan.

Punt 2. Ds van Rooyen verklaar dat hy daarteen d.i. die verkoop van Pastorie , beswaar gemaak het as ook Mevr van Rooyen wat sentementele waarde geheg het aan die woning, maar weens woons omstandighede het Kerkraadslede dit wenslik geag om 'n nuwec woning aan te koop in 'n beter woonbuurt waar gemeentelde gemakliker besoek aan die pastorie kan aflê. Om die rede het ek toegestem maar dit nie bepleit nie. Dat dit deur 'n Asiaat gekoop is, is 'n ongelukkige feit waaroor ek geen kontrole gehad het nie. Ek was selfs gewillig om aan te bveel dat dit vir £250 minder aan 'n blanke te verkoop.

Die Scriba vra of die Kerkraad aan 'n ouderling volmag gegee het om die pastorie te verkoop . Ds van Rooyen antwoord .Ja.
Was daar sprake van verkoop aan 'n Asiaat . Antwoord Ja.
Ds van Rooyen beweer dat wonings naby die pastorie deur deur Asiate besit is as ook woonstelle in die buurt en dit is besluit om die pastorie te verkoop so gou moontelik voordat die waarde van huise n d e buurt asgevolg daarvan sou daal.
Voorkeur sou gegee word aan 'n blanke. Selfs 'n redelike toeslag sou aan 'n blanke gegee word bo 'n Asiaat. Die moontelik om aan 'n Asiaat te verkoop was nie uitgesluit nie.
Voorsitter versoek Dr de Vos om aan Art ~~389~~ 386 te voldoen. Staande word daar bevestigende daarop geantwoord .
Dr de Vos:- Met my terugkoms in Maart was hierv 'n groot storm oor die berkoop van die pastorie in die gemeente aan woed en ook op die volgende Kerkraadsvergadering, waar geeis is dat die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

saak oop gemaak word.

Die saak het deur die hofsaak baie bekend geraak en baue kritiek uitgelok van die kant van gemeentelede as ook van die Engelse publiek. Die gevolg was dat daar 'n stroom van briewe in die koerante verskyn het wat hy op aandrang van Ds van Rooyen probeer stop sit het. Die blaam daarvan was op Dr de Vos geplaas deur mense daarom die geskrif in die kwaartaalblad.

Met verwysing na die notule van die Kerkraad i/s verkoop van die pastorie wys Dr de Vos daarop dat besluit is: Dat indien 'n gelyke aanbod ontvang is van 'n Asiaat en 'n blanke sal voorkeur gegee word aan die blanke. Maar dat die pastorie verkoop sou word vir die hoogste aanbod.

Op Kerkraadsvergadering I6-I-43 rapporteer Oud Theunissen dat die pastorie verkoop is vir £2250. Hierdie lerkraadsvergadering het egter nie 'n kworum gehad nie en die besluit is goedgekeur deur 'n onwettige spesiale kerkraads vergadering van 22-I-43.

Die Scriba vra of Oud. Theunissen die minste vermoed het dat 'n Asiaat daarin sou gaan woon. Geen antwoord.

Die Scriba vra aan Dr de Vos waarom hy nie aan die Engelse koerant inligting gegee het inverbnad met die saak nie. Wat is sy doel om dit in 'n gemeente blad te pubilseer waar die gemeente alreeds op hoogte van sake was dat Dr de Vos geen persoonlike verantwoordelikheid daarvir dra nie. Ek beweer dat die motief wat agter die pub l kasie van daardie stuk die selfde is as die publikasie van die verloftoelae .

Ds van Rooyen sê dat hy en Oud Theunessin gepoog het om die betrokke Asiaat af te raai om die huis te bewoon, maar nie daar ingeslaag het nie.

Ds Swart vra aan Dr de Vos het iemnad volmag verkry om die Pastorie te verkoop. Hy antwoord Ja. Is dit in die Kerkraads notule genotuleer - Ja. Het die Kerkraad toegestaan om te verkoop of aan 'n blanke of aan 'n Asiaat. Watter blaam kan dan rus op

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

die Voorsitter van die Kerkraad. Is die Voorsitter persoonlik dan verantwoordelik vir die besluite van die Kerkraad . Geen antwoord.

Het Oud. Theunissen geweet toe hy die koopbrief geteken het dat Asiaat die koper is? Het mense Dr de Vos as Persoon aangeval? i/s die verkoop van die pastorie of die kerk as geheel? Antwoord hy was persoonlik aangeval. Waarvoor i/s gelukkie verkoop
Aangesien dat die vergadering geen verdere getuie nverbnad met die saak wil hê nie word besluit om van die punt af te stap.

Punt 2 I/s Mnr. W.O. Read.
Ds van Rooyen lees hierdie punt voor, en lig dit toe.
Die Scriba versoek dat die Notule van die Kerkraadsvergadering voorgelees word .
Vergadering verdaag tot 2 n.m.

Met die aanvang van die middagsitting word die sittings ure in revis e geneem. Aandsitting 7.30 tot 9.45 Volgende oggend-sitting 9 v.m. tot I n.m.
Ds Swart vra waarom Mnr Read voor die Kerkraad verskyn het .
Ds van Rooyen antwoord dat hy deur die reelings kommittee versoek is om die Kerkraad te ontmoet i/s 'n brief wat hy geskrywe het waarin hy beswaar gemaak het dat Dr de Vos hom be-nadeel het .
Watter saak bestaan daar tussen Mnr Read en Dr de Vos? Dit word in die brief vermeld. Voorstel Ds Swart- Ds Nel dat die brief aangevra sal word.

Dr de Vos vra dat genotuleer word dat die Scriba nadat hy gevra het wat Dr de Vos se motief was i/s stukkies in kwaartaalblad sy motief in twyfel getrek het . En dat hy hierteen ernstig protesteer.
Oud. van P.M.Burg-wes wys dat dr de Vos geen protes kan aanteken nie omdat die Ring nie sy motief hoef teksepteer .

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Ds Viviers vra wat is dan die eintelike unksie van die Ring of die HoogEewr, Ring nie mag oordeel na die motiewe van die pwrsone in die saak betrokke nie.

Versoek van die Scriba word toegestaan dat:- Mnr. Read sal verskyn as getuie, as sy brief ter tafel kom, daar hy saam met ses en twintig ander persone 'n versoekskrif onderteken het wat as stuk voor die Ring sal dien.

Vergadering besluit om van punt twee af te stap.

Punt 3. I/s verskuiwing van vergadering van I7 Des na IO Des.

Ds van Rooyen noek twex redes waarom hy dit wenslik geag het dat die vergadering op Io Des nplaas van I7 Des gehou sou word. soos die program en die besluit van die Kerkraad was.

I. Voorstelling van nuwe Kerkraads lede sou plaasvind op I2 Des., wat die ongewenste posisie sou mee bring dat pasgekose kerkraadslede sou beslis oor sake wat die vorige jaar voorgeval het .

2. Dat daar van die Kerkraadslede by 7 Des met verlof afwesig sou wees.

Ds van Rooyen vervolg:- Wat sonderling was was dat Dr de Vos so beslis aangedring het op 'n vergadering vir I7 Des daar, daar op die vorige vergadering deur 'n lid van die kerkraad die wenslikheid uitgespreek is om die volgende vergadering so gou moontelik te bepaal.

Ds van Rooyen beweer dat hier 'n motief uitgekom het wat buite belang van eweredigheid met die saak self was n.l. dat Dr de Vos blykbaar lede op die vergadering van die I7 Des wou hê wat nie op IO Des sitting sou hê nie. Die vergadering was twee keer afgekondig dog nie skriftelik van kennis gegee nie .

Aan Dr de Vos word gevra op watter grond het hy beweer dat die vergadering onwettig was. Hy antwoord dat volgens kerkraads besluit datv twaakf vergaderings 'n jaar gehou word elke derde Vrydag van die maand en volgens hietdie besluit is die vorige vergadering verdaag tot I7 Des I943. Watter datum ook op

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

die gemeentelike program verskyn.

Ds Swart vra , Wat bepaal die Kerkwet bverband met kennis-gew ng van gewone Kerkraads vergadering.

Antwoord Art 51 bepaal - Met behoorlike kennisgewing.

Is van die vergadering wettig kennis gegee? Ds van Rooyen antw. dat dit op twee Sondae afgekondig is.

Ds van Rooyen beweer dat een lid op die kerkraads vergadering gevra het dat die volgende vergadering so spoedig moontlik sou wees. Maak die notule melding daarvan? Antw. Ja. dit is aangeroer maar daar is geen besluit geneem inverbnad daarmee nie.

Ds van Rooyen wys daarop dat 'n gemeentelike program is 'n werkende skema en nie 'n onverbiddelike wet nie. Daar is reeds daarvan afgewyk soos Dr de Vos ook al in die verlede gedoen het, as omstandighede dit genoodsaak.

Ds C. Nel vra:- Wat was Dr de Vos se werklike beswaar wat hy in die konsistorie geopper het teen die wettigheid van die vergaderir

Dr de Vos antwoord:- 'n Wets rede.

Waarom het Ds van Rooyen dan toegestaan dat die vergadering op I7 Des gehou word? Ds van Rooyen antwoord omdat daar nie skriftelik kennis gegee is nie en omdat selfs die skyn van onwettigheid wou vermei, het hy toegestem.

Daar word afgestap van die punt.

Punt 4 i/s besoek aan Evansweg pastorie 6 Des I943.

Was die besoek afgelê op 6 Des? Dr de Vos antwoord Ja.

Was daar toe vrede tussen die partye? Dr de Vos antwoord nie kwaa vriendskap nie maar wel verskille in beleid i/s gemeentelike gearbeiding. Sou die vergadering van I7 Des in daardie atmosfeer gehou word ? Ja reeds 28 Nov is dit vergadering afgekondig.

Vraag aan Ds van Rooyen:- Is u welkom geheet aan huis van Dr de Vos met u besoek? Ds van Rooyen antwoord dat Mevr de Vos ons binne genooi het.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Dit word aan Ds van Rooyen gevra of hy gemeen het dat daar nog 'n kans is om 'n beter verhouding te bewerkstellig nadat aan hom gesê is - Dit is te laat?

Ds van Rooyen antwoord daarom was ons juis daar om samewerking te soek. Ek het gedult beoefen ten spyte van beledigings.

Die Scriba vra aan Dr de Vos:- Dr de Vos het gehoor wat gelees is n Ds van Rooyen se stuk, Is dit waar , onwaar, wat is waar en wat is onwaar? Ds van Rooyen beweer dat wat hy gesê het is dit waarheied , hy het sekere dinge verswyg in sy versoek skrif maar by die waarheid van wat daar staan daarby sal hy staan of val.

Oud. J. A. van Rooyen van aan Ds van Rooyen of hy moeilikheid vermoed het toe hy gegaan het . Ds van Rooyen antwoord dat hy verwag het om gesellig ontvang te word daar by die vorige besoek geen blyke van 'n moontelike storm geopenbaar is nie.

Die Scriba herhaal sy vorige vraag. Dr de Vos antwoord dat hy nie daarop kan antwoord somder om die saak in behandeling te neem nie. As dit waaris (en die stuk is geskrywe twee maande nadat die gebeurde voorgeval het) dan sal ek nooit weer my voete op die kansel gesit het nie. Nou verduidelike Dr de Vos dat die saak inverband met die pastorie besoek het begin op kerkraads vergadering van 2I Nov waar die vergadering in mooi gees afgeloop het . Daar is op die vergadering gesê: Uit die vergadering sal veel goeds gebore word. Op 2I Nov. Kom ek in die konsistorie voor die diens, en vra aan Ds van Rooyen kan Mevr de Vos en ek op 22 Nov by julle besoek kom aflê. Ds van Rooyen reel die besoek vir die 22 Nov om 7.30. Met ons besoek — Na I5- 20 minute seh Mevr van Rooyen dat sy gaan tee maak, want predikante kuier gewoonlik kort en u het mos reeds op u oorlosies sit en kyk. Die besoek het geduur tot omstreeks Io uur met vertrek vergesel Ds en Mevr van Rooyen ons tot op die stoep daar sê ek, " As daar weer dinge kom waaroor ons verskil, moet ons vier of altans ons twee saamkom en 'n ooreenkomstref en so-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

sulke sake uit die kerkraad uithou.

Mevr. van Rooyen sê:- Dat die Kerkraads vergadering moet gehou gehou moet word :- " Omdat julle baie werk oorgelaat het van die laaste vergadering en omdat daar op die I7 Des. nuwe kerkraads lede by sal wees. Met die bewering het ek vriendelike verskil. Verder is ook bespreek die moontelike verdeleing van die gemeente die nuwe Kerkgebou, ens

Daar was geen stryery nie.

Ds van Rooyen herhaal wat hy op die I9 Nov in die kerkraadsvergaing van kennis gegee het naamlik dat die aanbeveling i/s die gemeentelike bearbeiding die groot kerk ens nie sy goedkeuring weg dra nie.

Ons het egter geen ooreenkoms bereik nie maar is vriendelike uiteen. Met die versekering dat hulle ons weer sal kom besoek.

Die volgende week het ons mekaar nie gesien nie. Op die 28 Nov. voor d e diens in die konsistorie ~~inxdie~~ vra Ds van Rooyen die Kerkraad verlof om die volgende vergadering te vervroeg tot IO Des omdat sekere kerkraadslede op vaksnsie gaan . Ek sê toe:- Broers ek dink ons moet hou by die I7 Des, omdat dit volgens agenda en program is . Daarop antwoord Ds van Rooyen:- Hier is verskil laat ons daaroor stem. I5 stem vir IoDes en ek meen I3 vir I3 Des. Ds van Rooyen sou die vergadering afkondig, maar vergeetbdit egter waaroor ek bly gevoel het . Met die aandiens sê ek aan vir Ds van Rooyen, " Daardie vergadering van die Io Des is onwettig". Hy kondig egter af dat dit op die IO Des sou wees.

Die volgende Sondag weer .

Op twee vorige kere het ek versoek dat die geskille tussen die predikante ondersoek word. Die eerste maal I Junie of Julie I94I die tweede keer o p 13 Feb I942 het ek 'n stuk ingehandig en versoek, dat die geskille deur 'n kommissie ondersoek en behandel sal word en hulle bevinding na die Sinode verwys word. Hierdie stuk is in die hande van die Scriba van Kerkraad.

Scriba eis dat die stuk aan die Ring oorhandig sal word.

In Julie I94I het die Kerkraad die reeling van die werksaam-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

van die gemeente wat Ds van Rooyen in sy hand had tydens my afwesigheid uit sy hande geneem en 'n kommissie benoem wat die werk moes reel. Ds van Rooyen het die aand ernstig beswaar gemaak teen Mnr Theunissen wat dit voorgestel het. ek het die stoel aan Ds van Rooyen afgestaan en gese'n vir die Kerraad dat dit hoogtyd is dat ek die Kerkraad vertel wat die laaste jaar aangegaan het. Ds van Rooyen weier egter die stoel ek bied dit aan Oud Theussen aan en ook hy weier. Ek het toe die stoel self behou

Die reeling van die werk is toe uit die hand van Ds van Rooyen geneem en in die hande van 'n kommissie gestel.

Op I3 Feb I942 het ek die kerkraad skriftelike gevra om die saak te ondersoek en Ds van Rooyen het gesê dat dit geen oplossin van die saak sou wees nie, sy hand my aangebied om my te wys dat hy niks teen my gehad het nie ek het 'n hele ruk gedraal om sy hand te vat, omdat ek die ondersoek wou hê, om te bepaal wat onse verhouding teenoor mekaar moet wees. Van die Oudlinge doen toe 'n berope op my om Ds van Rooyen se hand te neem, waarop ek ingestem het. En vab my ondersoek het niks gekom nie. Ek is toe weg daarna.

Na 28 Nov I943 met die verskil in die konsistorie was dit die eerste keer dat oor 'n geskil tussen ons twee in die konsistorie laat stem is, iets wat ek persoonlik nog nooit in 'n konsistorie laat doen het nie. Ek het die voorval, na ons kuier bogemeld as baie onbillik van as van Rooyen beskou en 'n nngeering van wat ons gese'n het dat ons nie verskille voor 'n kerkraads s eers sal lê nie alvorens ons mekaar ontmoet het en dit bespreek het. Ek het daarna aan Oud Theuissen kennis gegee om op die agenda te plaas 'n ondersoek na die verhouding van die twee Leeraars of pastorie om deur 'n kommissie ondersoek te word. Op 5 Des Sondag het daar 'n ding aan Ds van Rooyen sy pastorie gebeur, waarvoor ek 'n noodsaalike getuie sal moet inroep. Daardie persoon het vir Ds van Rooyen en Mevr gesmeek, om Dr en Mevr se pastorie te gaan besoek( op 'n vraag na die identiteit

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

van die persoon is genatwoord , dat dit 'n boesemvriend is van die pastorie t.w. P.J. Retief.

Daar is a.o. dit aan Retief gesê:- " Dat as dit tot 'n ondersoek moes kom deur die Ring of Sinode weet hulle dat die predikante van Natal Rotsvas agter hulle staan ".
Hierdie gerug is wyd versprei in die gemeente.
Nou antwoord Ds van Rooyen op vraag van Oud van Nikerk Toe hulle na ons gekom het het hulle geen vermoede gehad dat iets verkeerd is nie.

Dr de Vos verklaar dat op 6 Des bel Ds van Rooyen my die oggend en vra my of hulle die aand ons kon kom besoek omtrent 7.30. Ek antwoord ja. Die aand op 6 Des het ek in die studeerkamer gesit Ds en Mevr van Rooyen om aangeklop om 7.45. Mevr de Vos het hulle ingenooi en sitplek gegee. Mevr de Vos het langs Mevr van Rooyen gaan sit. Dr de Vos vestig die aandag van die Ring daarop, dat Ds van Rooyen se verslag eers op 10 Feb opgestel is en dat Oud Theunessen dikwels by hom geklar het dat Ds van Rooyen se geheue hom in die steek laat. Hy moet telkens Ds van Rooyen herinner op wat hy moet doen en dit was een van die redes waarom hy Ds van Rooyen as arbeider van die hospitale wou plaas sonder gemeente arbeid en dit was ook een van die redes waarom hy Ds van Rooyen beroep wou hê na Stanger en beweer as dit nie was dat die gemeente £1000 sou moes deponeer in die pensioenfonds hy dit sou reg gekry het .

Dr de Vos vra of die Ring 'n metode het waar die Ring twee verslae het oor die selfde sake sonder getuie om te oordeel oor die meriete . Omdat ek vermoed het dat daar nie 'n metode was nie het ek dan ook nie verslag van die besoek van Ds en Mevr van Rooyen aan die pastorie , aan die Ring gestuur nie. Omdat dit pynlike reperkussies kan hê as twee leraars mekaar kan weerspreek voor andere en daar moontelik geen middel is om uitmaak watter van die twee verslae korrek is nie. Ek sal alleen verslag daarvan moet gee as die Ring my daartoe dwing . Ek is van gevoele dat die HoogEerw Ring elke saak wat nie kan bewys word deur getuies

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

nie van die tafel behoort te reel. En op 'n onoffiesiele wyse d è prtye tot vrede te beweeg.

Die Scriba vra weer dat aan die orde gestel word die vraag wat hy gevra dat Dr de Vos op direkte wyse seker vrae inverbnad met die versoekskrif van Ds van Rooyen in besonder 'n antwoord op elke deeltjie van die beweer gesprek in die pastorie sal beantwoord. Dit word so gereel deur die voorsitter.

Dr de Vos wil 'n geskrif indien as antwoord op die gesprek van 6 Des in die pastorie. Die Scriba dring aan dat vrae gevra word en antwoorde geeis word. Voorsitter reel dit in orde.

Vraag. Of dit waar is dat toe hy van sy studeer kamer uitgekom het en die gebruikliie vraag hoegaan dit gevra is , gesê is Sleg Slej---- tot jou hart nie. Nee . Ds van Rooyen het gevra hoe gaan dit ek het geantwoord nee Ds nie goed nie.

Vraa~~g:- Ek weet ---- Maak nie. Ja ek het dit ges~~ê.

Na redekabeling of dit stuk ter tafel toegelaat sal word of nie stel die predikant van P.M.Burg voor dat bo-genoemde stuk van die tafel gereel word . Dit word die besluit van die vergadering.

Vraag. Dr de Vos kom uit studeerkamer--- jou hart nie. Antwoord onwaar.

Vraag ek weet nie wat --- maak nie .Onwaar.

Vraag:- Ons het---- nou is dit te laat beswaar te maak. Antwoord hier is dinge wat Ds van Rooyen bymekaar veeg wat nie bymekaar behoort nie, geheel nie soos hy gesê het nie.

Vraag:- Toe draa ........ Nie gehou sal word nie. Antwoord ook nie gesê soos dit daar staan nie.

Vraag Maar ...jy praat te gou. Antwoorrd ook nie gesê soos dit hier staan nie.

Vraag . Hy dr de Vos sou sorg.... Moet trap. Antwoord Onwaar.

Vraag. As dit jy is... Ek is nie. Antwoord Onwaar .

Vraag. Maar d t kan... met trane Antwoord . Onwaar .

Dr het toe verklaar dat hy dit vier jaar lank opskrif het. Onwaar

Vraag Tot drie maal. Tot bymekaar is Antwoord Onwaar.

Vraag . Nevr de Vos .. Sal dit uitwys . Antwoord Onwaar .

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Vraag Mevr van Rooyen en ek... Onbekeerd. Antwoord onwaar.

Vraag :. Jy het 'n baie groot fout.. Antwoord Ja erken.

Vraag:- Jy is opgevreet van joelsie. Antwoord Ja maar nie so gestel

Vraag. Word Jaloesie gebesig Antwoord Ja .

Vraag. Dit skyn... Uit te voer . Antwoord Nie so gestel nie maar dit is die gees van die saak en die inhoud.

Vraag:- Jy span... Loon weg. Antwoord . Dit was nie so gestel nie maar Gees waar.

Vraag. Ja... seen God vir my. Amtwoord Nie so gestel nie maar gees vaandarvan is waar.

Vraag. God ... was my bewering daarop Antwoord nie so gestel nie.

Vraag. Van wie die voorstel uitgegaan dat daar moontlik iets op gestel kan word vir ondertekening. Antwoord van myself.

Vraag. Toe .. gedaan kan word. Antwoord Kom op die selfde neer.

Vraag. As in Wanhoop... Gaan nie. Antwoord. Ja.

Vraag sal u Bid: Antwoord Ja.

Vraag . Dat ... Oppervlakhiedself Antwoord Daar is vrede gemaak

Vraag. Het na gebed. Ds en Mevr pastorie verlaat sonder verede diskuss e. Amtwoord . Nee.

Vraag was daar vrede bereik. Antwoord Ja daar was vrede gemaak. Hoe is die vrede bereik? nie antwoord.

Is daar die aand tee gedrink aan pastorie 6 Des. Antwoord Ds van Rooyen nee Het by ons huist-egaan net Mevr flou wou word en het Mevr de Vos koeldrank aangebied .

Ons het gekom maar nou is dit te laat . Antwoord ek het nie die woorde gebruik nou is dit te laat Onken die res van die sin.

Op die stad um word die voorstel Ds Nel-van Herden aanvaar, dat die Rings eis dat Dre de Vos vrae beantwoord soos geeis word Art 297.e

Vraag . Het u gesê dat IO Des sal dit beslis Antwoord Ja.

Vraag Was u omgeraak nors en bleek. Antwoord Nee.

Vraag Is daar gepraat van bekeerd of onbekeerd inverbnad met Mevr van Rooyen. Antwoord. Ek het my hand op my hartvgesit en gesê daat daar n my hart niks is dat my oortuig ~~xxxxxxxxx~~

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

van u wedergeboorte nie. Ek kan nie help vir wat in my hart is nie. Die enigste wat ek kan sê is dat die boom aan sy vrug geken word .

Ds Viviers vra is dit dan nie insinuasie dat Mevr nie die vrugte van bekering egtoon het nie.

Vraag. Het u enig iets gepraat van vier jaar se ondersoek i/s Ds van Rooyen Skriftelik .Antwoord Notule van Kerkraad en briewe van Ds van Rooyen aan my . Dr de Vos beweer dat ek sal die saak behandel oor die hele vier jaar as die voor die kom. kom.

Vraag. Het u einge ns nuasie gemaak op die verlede van Mevr van Mevr van Rooyen. Antwoord Nee.

Was Dr de Vos onversettelik om enige poging aan te wend om vrede te maak. Antwoord Dis vir my gevra deur mevr van Rooyen :" Assebl Dr trek die ondersoek terug dan maak ons die saak hier uit". Ek het geantwoord :" Nee ek kan dit nie doen nie dit moet voor 'n onpartydige kommissie kom want as ons dit nie hier deur maak nie sal die vuur hoër opvlam as wat die reeds is . Aan my het sy dit weer gevra aan Mevr de Vos gevra om by my aan te dring om die ondersoek terug te trek. Daarop antwoord ek,:" Ek sal die ondersoek terugtrek dan maak ons die saak hiervuit

Vraag Was Retief 'n huisvriend.? Vraag sal later beantwoord word.

Dr de Vos verklaar U sal in die kerkraad notule opmerk dat Ds van Rooyen in die Kerjraadvgesê het op wat ek aan Mevr van Rooyen gesê het:" Ek vat nou u hand soos nooit voorheen nie gesê het "Ja Dr u het gesê ek vat nou u hand beter as ooit voorheen" Dr sê verder ek sal getuie roep aan wie verklaar is deur Ds en Mevr van Rooyen dat vrede gemaak is in diepastorie Dr de Vos voeg by dat Mevr van Rooyen gesê het ons moet die nou aan die Kerkraad meeldeel dat ons ekaar gevind het . Daarop sê Dr de Vos aan Mevr, van Rooyen" Ons moet verder gaan as dit Ons moet di op papier stel d t teken en aan Kerkraad wys dat ons mekaar gevind het . Ds van Rooyen het geantwoord. Dat ek dit moet opstel

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Dit is nadt ons gebid het en koeldrank gedrink het.

Voorsitter vra. Het Ds van Rooyen ook iets gedrink. Antwoord Dr de Vos ja.

Voorsitter vra wanneer het u met u vinger na Mevr gewys en gesê Jy praat nie uit my pastorie nie. Dit is nie gesê nie en daar is nie gewys nie,

Vraag Van Breda Is d e konsep opgetrek . Antwoord ja dit is nie geteken nie. Dr de Vos verklaar waarom nie, Daar sou die Io Des vergadering bymekaar kom . Mevr verklaar dat Ds van Rooyen verstaan dat die vergadering inwettig is en dat hy dit aan die vergadering sou mee deel. Ds van Rooyen het die aan na d e onwettig verklairng van die vergadering 'n brief uit sy sak getrek en met dien woorde:" Wat ek lank al wou doen gaan ek nou doen - dit begin lees. Dr de Vos het hom versoek om d t nie te lees nie Ds van Rooyen steek die brief in sy sak . Na die vergadering het Dr de Vos na Ds van Rooyen gegaan en gevra Ds ek is mede leraar en mede Voorsitter van die Kerkraad sal u nie sê wat in die brief staan nie . Ds van Rooyen het gewier,en na die deur geloop. Dr de Vos loop hom agterna en vra by die deur Ds wat is daar ver keerd. Laat ons saam praat., en ek sal dit stuk van die 6 Des optrek. Dit na u oorbring dat u dit onderteken voor die /7 Des. Ds van Rooyen antwoord dit sal nie meer help nie.

Oud van Breda i/s bevestiging wil weet of die woorde in die klagskrif besig is. Antwoord Dr de Vos sover ek weet defenetief nie. Oud van Breda. Kan Ds van Rooyen getuie roep om sy bewering te staaf? Het Dr de Vos nie eksepsie da r een geneem nie? Ds van Rooyen antwoord Ja op die eerste deel. Die Ring besluit dat daar getuig ter stawing geroep sal word.

J.H.

Oud van Rooyen van toe daar verde gemaak is het Ds van Rooyen aleen gebid Antwoord Beide sê Ja.

Repliek van Ds van Rooyen:- i/s besoek van P.J. retief op 5 Des ontken Ds van Rooyen dat Reteif 'n boesem vrined van hulle is.

Hy kom baie daar maar uit vrees dat u hy nie opreg was nie het hulle hom geveel. Ds van Rooyen ontken dat hy gesê het

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

dat die predikante van Natal Rotsvas agter hom staan.

en vra duer wie die gerug versprei~~d~~is.

Dr de Vos antwoord. d e bewering is nie bedoel op Ds van Rooyen

(Dr de Vos)
Wat hy weer gegee het aangaande sy besoek aan die pastorie op

6 Des is onwaar.

Die stuk naamlik sy klagskrig is kort daarna opgestel

by die inhoud stem Ds en Mevr van Rooyen van die begin af saam.

Mevr van Rooyen het nie gesoebat dat die voorstel inverbnad met

die komm ssie terug getrek sal word nie.

Wat betref die bewering dat hy in die kerkraad met sy hand uit-

gestrek gestaan het solank oudreling gepleet het is onwaar.

Hy Ds van Rooyen is daar meedooloos aangeval sonder redes.

Die Kerjraasdvergadering van Des 41 dien 'n brief van Mnr

Fullard Dr de Vos reel die man behoort nie aan ons gemeente nie

In Jan 1942 is daar weer 'n brief van Fullard Dr de Vos was op-

verlof maar twee Ouderling is afgevaardig na Dr d Vos deur

d e kerkraad om die saak van die Ring af weg te hou. Hulle is

warm ontvang en oor die tellefooon is Ds van Rooyen geroskam

oor die deputasie wat hom gedurende sy vakanie besoek het .

Met die Feb vergadering is Dr de Vos hoewel nog op vaksnie teen-

woordig. Daar is 'n aanval op Ds van Rooyen gemaak en is

besluit om die hele saak te herroep i/s die kommissie en die

ver adering lê hom neer by die besluit van Des 1941.

Ds van Rooyen onken dat gesê is :"Ons moet aan die Kerkraad mee

deel ons het mekaarvgevind. Hy erken dat die dokument opgestel

sou word maar tot die 10 Des het dit nie gekom nie. Die 10 Des wo

hy nie brief aan die veragdering oorlees , hy onken dat hy sou ge-

sê hetvdat hy gaan doen wat hy lank al wou doen. Dr de Vos het ni

gevra wat in die brief staan toe hy na die deur stap nie

Dr d Vos het veredre gesê dat hy nog nie die k dokumnet opgetrek

het nie omdatbhy wis dat die vergadering onwettig was Dr de Vos

het gevra of dit nog nodog was en hy het geantwoord nee.

Vergadering verdaag tot aans tting.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

**Dr. de Vos.**

Ek het die Ring gevra om my die geleentheid te skep om Mevr. v. Rooyen onder kruisverhoor hier of in haar Pastorie te kry en so nie die Ring te verdaag totdat sy in staat sal wees om voor die Ring te verskyn.
Hier is gesê in die Ring dat hierdie saak sal vir Dr. de Vos 'n lewensstryd kos om dit afgewas te kry van hom.

Ek het aan die Scriba op 7/2/44 geskrywe, maar ek doen 'n ernstige beroep op die Ringskommissie om 'n geleentheid te skep om getuies te roep. Ek sien geen moontlikheid dat die saak skriftelik afgehandel kan word nie. Daar sal moet kruisverhoor plaasvind. Getuies sal verplig wees om op vrae te antwoord.

**Pred. Noordkus.**

Die saak is alreeds afgehandel.

Dr. de Vos kan Mevr. v. Rooyen laat roep. Die Ring roep nie vir Mevr. v. Rooyen nie.

Dit is besluit dat die Ring elke persoon se saak apart behandel. ; Persoon roep getuies. Die Ring roep nie getuies nie. Die Ring roep nie getuies om vir Dr. de Vos te getuig nie.

**Pred. Noordkus.** Stel voor dat van die punt afgestap word.

Algemeen aangeneem.

**Aan Orde Stuk Dr. de Vos.**

Gaan oor om die stuk punt vir punt te behandel.

**Punt 1.** Lees.

**Voorsitter:** Mag ek van Dr. de Vos verneem of hy bewus is dat hy reeds kan aftree op 60 jarige leeftyd as hy 30 jaar in die bediening is.

**Dr. de Vos.** Ek het nie daaroor gedink nie.

**Voorsitter:** Ds. v. Rooyen is reeds 64 jaar oud.

**Ds. v. Rooyen:** Ek wil net sê in verband met Punt No. 1. My kom dit voor dat al die dinge wat hier genoem word in die saak nie als beswaar teen my aanvraag om demissie, maar eerder met klem steun.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

**Ds. v. Rooyen** /... klem steun

Dit dui onteenseglik aan dat daar geen samewerking bestaan het nie.

**Punt 2.** word gelees deur Dr. de Vos.

**Dr. de Vos.** Ek besef hier dat die stel van hierdie voorstel nie volgens die Kerkwet korrek is nie , in die sin dat die Kerkraad kan nie uitspraak gee nie, maar kan slegs ondersoek instel.

Ons het aan die Kerkraad verduidelik dat ons nie sal weggaan nie, omdat dit nie goed sal wees nie./

Hierdie saak van Ds. Liebenberg dat die Kerkraad met my weggaan aan die Finansiële kommissie volmag gegee het om my plek te vul en die saak te reel in verband daarmee staan.

Die Finansiële Kommissie het bymekaargekom. In die Kerkraad het ek aan die hand gegee dat Ds. Liebenberg my plek sou inneem. Die Finansiële Kommissie het daar uitspraak gegee en algemeen is besluit. Ds. Liebenberg te vra om my pl plek hier in te neem... Hy is gevra en het hom gewillig verklaar om te kom, maar Mevr. v. Rooyen het dit verhoed. Toe ek vertrek het ek aan die Kerkraad gevra hoekom hulle nie hulp gekry het nie. Vir my is gesê dat daar niemand was om te kry nie.

**SCRIBA:** Is dit 'n besluit van die Kerkraad? Daar is geen besluit in verband daarmee deur die Kerkraad geneem nie. Die Finansiële Kommissie mag dit besluit het, maar dit is nie deur die Kerkraad besluit nie.

**Ds. v. Rooyen.**

Dit is 'n wenk wat aan die hand gegee is nie 'n besluit nie wat geneem is nie.

**~~Afgevaardigde~~ Ouel. 2 P.M.Burg**

Stel voor dat elke punt in sy geheel gelees word voordat repliek daarop uitgebring word.

**Dr. de Vos.** Dr. de Vos stem toe.

Algemeen aangeneem.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Dr. de Vos.

Ds. v. Rooyen se versoek om haastig weg te gaan na die redes of rede daarvoor aangegee word in werklikheid nie geglo. Daar sien u dat dit bekend is dat hy al 'n jaar gelede besluit het om weg te gaan.

Pred. Durban-Suid.

In verband met daardie vergadering waar Mnr. Read op verskyn het is daar in die geskrif van Ds. v. Rooyen melding gemaak van metode van optrede van Dr. de Vos, waarteen hy eksepsie geneem het. Volgens Dr. de Vos se stuk het Ds. v. Rooyen daardie eksepsie nie in die vergadering gelig nie. Die vraag is sou Dr. de Vos verwag het dat Ds. v. Rooyen voor die Kerkraad en Mnr. Read eksepsie wat hy teen 'n kollega ~~het~~ moes gelig het ?

Dr. de Vos.

Ek raak nie daaraan nie en raak aan die verklaring wat Ds. v. Rooyen gegee het teenoor my werk, sy houding teenoor my en my houding teenoor Mnr. Read.

Pred. Durban Suid Hoe is dit dat Ds. v. Rooyen nie mag en kan Nagmaal gebruik nie? Is dit 'n Kerkraadsbesluit.?

Dr. de Vos. Nee nie 'n Kerkraadsbesluit nie.

Ds. v. Rooyen het self verklaar van die kansel af dat hy nie Nagmaal sal ~~mag~~ gebruik nie..

Daarby moet ek voeg dat die feit dat Ds. en Mevr. van Rooyen ons nie in die Pastorie wil toelaat nie vir vrede glo ek dat hy nie Nagmaal kan gebruik nie.

Pred. Noordkus. Daar is gespreek dat Ds. v. Rooyen nie Nagmaal mag gebruik nie, wanneer was dit?

Dr. de Vos. Daar is net een geval. Ek noem net die feit dat hy nie Nagmaal kon gebruik nie. Ek verstaan nie wat u bedoel nie.

Pred. Noordkus.

Wat het bepaal in die geval dat Ds. v. Rooyen nie Nagmaal kon gebruik nie ?.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

**Scriba.** Was dit nie die aanbeveling van die Ringskommissie dat die Broeders hulle liewers sou onttrek van Nagmaal en dat Ds. v. Rooyen derhalwe terugstaan om dat die Kerkraad Dr. de Vos gelyk gegee het.

**Dr. de Vos.** Die Ringskommissie het nooit gevra dat hulle nie mag Nagmaal gebruik nie ook nie 'n wenk aan die hand gegee dat ons nie mag gebruik nie.

Die voorval wat ek noem het van Ds. v. Rooyen van die kansel gekom lank voor die Ringskommissie besluit aangaande Nagmaals bediening.

**Diaken Melmoth:**

Dr. de Vos het netnou melding gemaak van die vetjaar. Dink hy nie dat die donkerwolk wat oor ons ge- hang het die oorsaak was dat die mense meer na die kerk gekom het nie en terselfdertyd die oorlog geld meer volop hier gemaak het.

**Dr. de Vos.**

Laat ons dan die 2 jaar 1942 en 1943 vergelyk. Dit wys dus die toestand.

Die Syfers in 1934:-

Inkomste £1368. Gemeentelede was toe ± 1500 lede

6 Jaar later, 1940, In die tussentyd Ds. Linde ook gekom.

Inkomste styg na £4463. Kollekte in die bordjies £323. 1934.

Dit toon die opkoms na die Eredienste.

1940 kollekte in die bordjies £777.

**Pred. Noordkus.**

Tot watter nut is hierdie gegewens.?

**Voorsitter:**

Gee die broeder 'n kans.

**Dr. de Vos.** In 1941 was die Inkomste £5297. Kollektes styg in die bordjies na £803.

In 1942. Een van die Oorlogsjare was syfers aan die vermindering. Inkomste £3770. Kollektes sak tot £635 met min of meer £200.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

In 1943 styg die inkomste van die Gemeente tot £5638 hierby moet gevoeg word die bedrag wat nog afkomstig is van die ander verenigings van oor die £400. Derhalwe die Inkomste £6057 met geen pogings tot die insameling vir skulddelging. Die kollektes styg in die bordjies van 1942 £630. na £990. Dit wys die opkomste in 1943.

In 1942 is die vermindering op die kerkfondse op die vorige jaar £1527.

**Pred. Noordkus.** Op die punt van orde Tot watter nut strek daardie syfers.

**Voors.** Gee hom maar die kans om aan te gaan.

**Dr. de V.** In 1943 styg die inkomste van die Gemeente op 1942 met £1868. Dit wys 'n vermeerdering van 50% kerk kollektes.

Dit is onmoontlik vir hierdie Ring om met so 'n jaar met wat hier beskrywe is, te kan sien dat die kerk in 'n chaos kon gewees het in 1943.

Ek hoop in 'n bietjie billikheid teenoor my, sal die Ring hierdie punte in aanmerking neem.

Ds. Liebenberg was saam met my.

Die Diakens se kollektes het gestyg tot £1995. Dit wel was 'n vermeerdering van 60%. Ek kan dit toon en die Finansiële verslag toon dit.

Dit is vir my 'n baie ernstige saak dat die Ring voel dat ons dan in 1943 so 'n toestand gehad het dat die Ring nou moet kom vrede maak.

**Voorsitter** Voorsitter vra dat Dr. de Vos sal aanneem dat in die laaste jare dinge verander het. Ons is hom dankbaar vir daardie gegewens. In die laaste jare is daar finansiële vooruitgang in al die gemeentes. Net vir informasie wil ek weet is daar in die laaste tyd, omdat daar nou soveel lidmate meer is, is dit onder andere nie toe te skrywe aan die verskuiwing van die mense van die platteland na die stede ten gevolge van die oorlog.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

**Dr. de Vos.** Dit is moontlik, maar ek wys die Ring daarop dat ons nou 1400 huisgesinne het waar ons in 1940 geweet het van 1250. en dit in wyke wat net 1 ouderling gehad het waar daar 30 tot 40 huisgesinne gewoon het.

Verlede jaar is die gemeente deurgegaan.

**Pred. Noordkus.** Ek wil weet of hierdie getal huisgesinne die getal van Rosburrough insluit.?

**PredDurban-Suid** antwoord 32 huisgesinne.

**Dr. de V.** Hier is verklaar op 'n Programkommissie: Hoeveel is daar wat u moet besoek.

Die saak is so gereël dat die een predikant gaan in sy afdeling in en hy doen daar klaar huisbesoek en die ander predikant in syne. Ons gaan nie weer dieselfde wyk of afdeling in voor die ander predikant inkom.

Die Programkommissie het voorgestel dat soveel huisgesinne nie besoek is nie.

**Scriba:** Lees voor Bladsy 5. "Die Kananiet .....

**Vraag:** Het Ds. v. Rooyen dit in sy preek gebruik.

**Dr. de Vos.** Hy het dit op die kansel gebruik.

**Scriba** Het hy dit uit die bybel gelees.

**Dr. d.V.** My indruk is dat hy daardie woorde gebesig was nie toe hy die bybel aan die gemeente gelees het nie, maar dat hy dit in die preek aangehaal het.

**Scriba** Ek sal sê dit is sy woorde self van die begin toe hy die bybel gelees het.

Ek was in die kerk. Dit was besonder treffend dat ek die woorde hier het. Die woorde het in die Bybel voorgekom. Ek kan my gladnie herinner dat hy dit weer gebruik het in die preek.

**Dr. de V.** Dit kan nie so in die Bybel staan nie.

**Ds. v. Rooyen.** Ek wil beslis ontken dat ek my voorgeneem het om teen die einde van 1943 af te tree. Dit is absoluut nie so nie vir die eenvoudige rede dat ek eenvoudig nie kon aftree nie op pensioen.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die woorde wat ek gebruik het toe ek 'n brief wou lees op 10 Desember voor die Kerkraardslede was gladnie so nie . Dit was die aanhef van my brief wat gekontroleur kan word.

"U kan gemaklik begryp dat dit nie maklik vir my was om tot die besluit te kom wat ek nou aan u wil bekendmaak nie" Toe word ek gestop.

Dat Ds. Liebenberg gevra is om op te tree in die plek van Dr. de Vos, ontoken ek. Dit is 'n wenk wat deur hom aa die hand gegee is.

Hier kan ek net sê dat Dr. de Vos erken dat dit gérapporteer is hoe dit met die saak staan. Dit is derhalwe die verantwoordelikheid van die Kerkraad om my te kom kapittel daaroor en nie Dr. de Vos nie.

Ds. Liebenberg en ek het mekaar gespreek en verstaan toe dit plaasgevind het.

Om dit onnodig te maak om Ds. L. te roep vir getuie wil ek net sê dat toe ek met Ds. L. daaroor gepraak het en of hy beskikbaar was, want hy was nie hier toe Dr. de Vos weg is, hy het eers later gekom, omdat sy huis nie gereed was vir hom ni, ons gepraat het oor die saak. Hy het gesê hy was gevra deur Durban-Suid , maar as u my wil hê, dan sou ek voorkeur gee aan Durban Sentraal, as u my dadelik kan sê. Dit is 'n bietjie moeilik het ek geantwoord, want ek is op die oomblik in korrespondensie met 'n propponent en ek verkies om 'n jong man te kry as ek kan kry vir die moeilike werk van die bearbeiding van die Gemeente. Ds. Liebenberg het my verstaan.

Ek het nie antwoord gekry van die Prop. voordat Ds. Liebenberg besluit het om na Durban-Suid te gaan nie.

Punt 3 . Die Rekortjaar 1943 is niks anders as 'n stukkie selfverheerliking. Die noem van syfers sou tog gekontroleur moet word deur 'n finansiële verslag of verslae van die Kassier en die vorige Kassier, want 1934 is genoem.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

1934 was in die depressie.

Omtrent die besluit om weg te gaan en teenstrydige dinge. Hier rus -die op 'n wanvoorstelling van Dr. de V. oor die saak. Hy besluit nie op wat hy van my gehoor het nie, maar van andere.

Hier word gesê op bladsy 4 dat ek my hand driemaal geweier het aan 'n Kerkraadslid. Dit is 'n bewering wat nog nie gestaaf is nie. drie kerkraadslede aangeval kan niks anders wees as 'n vermenigvuldiging met 3. Sulke dinge kan vermenigvuldig word andere ook.

Bladsy 5 : Wys hy dit is normaal ens.
Van wanneer af is Dr. de V. 'n outoriteit op normaliteit.
Hy voorspel 'n geveg in sy preek. Ek erken dat ek as profeet verbeter het.

Op dieselfde bladsy teen die voet "Die ouderling sê aan my die Kerkraad moet sy geld gee dat hy trap." Vraag: Watter ouderling.

Ant: Ouderling Bezuidenhout.

Ds. v. R. Ek sal graag wil weet watter geld nog aan my verskuldig is, sodat ek dit kan opeis.

Verder Bladsy 6 "Ek het tot die verskriklike besluit gekom om af te tree omdat ek nie met Dr. de Vos. ......'"n Diktator is""

Hier is twee dinge saamgevoeg, wat nie in dieselfde adem gebruik kon word nie.

Ek wil beweer dat ek gesê het dat Dr. de Vos 'n Diktator is. Ek erken dit. Ek is bly dat hy dit sê, dan het ek nie nodig om dit te sê nie.

Oor die bierdrink episode, Port Natal Skool het ek nie gesê wanneer dit was nie. Ek het dit nie met dieselfde doel gebruik, as wat Dr. de V. dit hier gebruik. Dit was 'n ou geval, wat met die teenswoordige geval niks te doen het nie, behalwe met Mnr. Read.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Ds. v. R.

In die Kerkraad Notule word wel gesê "Word daar bier gedrink" daarop sou ek nie "Ja" geantwoord het nie as dit werklik so gestel was nie. "Worddaar bier gedrink" gee te kenne as 'n reël.

"Is daar bier gedrink by 'n besondere geleentheid" dan sou my antwoord "JA" gewees het.

Omtrent die wyke: waar die 32 wyke in ons gemeente is het ek vir Ouderling Theunissen gevra hoeveel ons verlede jaar gehad het, het hy geantwoord 29. Derhalwe het Ds. L. 13 besoek, Dr. de Vos 10 en Ds. v. R. 6. Daardie 6 is besoek in 4 maande se tyd, begin September einde Desember.

Ek wil beweer dat daar nog in Dr. de V. se afdeling huisgesinne oorgebly het wat nog nie besoek is nie. Dit is aan my gesê deur Ouderling Muller.

In die nuwe skema vir 1944 volgens 'n besluit van Dr. de Vos 21 Januarie 1944 sou hy vir 'n jaar die hospitaalwerk doen. 'n Werk wat hy bepaald verwaarloos het in die verlede, omdat hy uitgegaan het van die beginsel dat hy alleen verplig is om diegene te besoek wat hom laat roep en hom laat weet dat hulle daar is.

Sedert my terugkeer begin September 1943 het ek omtrent 200 besoeke by krankes afgelê of hulle my laat weet het of nie. Die deel wat aan my gegee is, was baie groter as 6 wyke.

Ds. Liebenberg het vrywillig toegestem om my daarmee te help, omdat ek min tyd had.

Pred. Durban-Wes. Om terug te kom tot die syfers. Was Ds. v. R. die hele jaar 1942 alleen?

Ant. Ek was.

Vraag: Wat betref die jaar 1943 was Dr. de V. vir 11 maande in die gemeente bygestaan, en in daardie geval beperk deur 'n meritus Hulp-Leeraar. en was Ds. v. R. vir 5 maande ook werksaam in die gemeente. Is die gegewens reg.?

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Dr. de V. Heeltemal korrek.

Pred. Durban-Wes. Wil die Ring se aandag daarop vestig dat hierdie gegewens in aanmerking geneem moet word. Besoek bevorder kerkbesoek en daar is meer werkkragte in die gemeente en dat nie alleen die syfers wat genoem is invloed het nie. Dit is Huisbesoek, sowel as finansies.

Dr. de Vos. Ek erken dit. Ek bedoel die toppunt wat die Gemeente bereik het is in teenstryd met die chaos wat in die gemeente is.

Pred. Durban-Suid. Dr. de V. het melding gemaak in sy stuk van Beëlsebul... in die geskiedenis wat homself herhaal."
Het ek die regte afleiding gemaak dat daar moontlik 'n vergelyking getref wil wees tussen Dr. de V. en die Here Jesus self wat die beskuldigde was. Dit is die indruk wat ek gekry het.

Voorsitter: Ek dink dit is die indruk wat ons algar gekry het.

Ds. v. R. Ek ontken wat hierby gesê is.

Oud. P.m.Burg.Wes. (1) Ek stel voor dat die Ring in Kamera gaan vir 'n paar minute.

Dr. d.v. , Ds. v. R. en Sekretaresse verlaat kamer.

Punt 3. Elke ontkenning wat Ds. v. R. het sal getuies voor moet geroep word. Die getuies is nie naby ons nie, sommige is ver.

byvoorbeeld Ds. Liebenberg, Mnr. Theunissen en Oud. Du Preez.

"Hulle het na Rossburgh gegaan en gevra of hulle Ds. Liebenberg nie sal neem nie ens"...

Die stuk is in die Ring se hande.

Ds. v. R. Ontken dat die gegewens wat hy ontvang het dat dit in die Ring se hande is. Getuie Roux en Cilliers. Dit is gans onmoontlik om die getuies te roep een vir een en op die ontkennings te antwoord.

Scriba Het net 1 stuk ontvang en is deur 3 persone onderteken.

Die brief is onderteken deur Mnr. du P. Mnre. van Schalkwyk en Jordaan.

RH.

Dr. de. V. Ek wil die Ring vra of hulle genoeë daarmee sal neem

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

met die ingehandig de stukke en dat Ds. v. Rooyen daarop antwoord.

Dat Ds. v. R. die geskrewe stukke sal gebruik en dat die Ring aanvaar sonder dat ek dit verder verduidelik

<u>Ds. v. R.</u> Ek ontken nie in totaliteit wat daar gesê word nie, maar die manier waarop dit gestel is en ek ag dit ook nie van baie groot belang nie, want ek ag dit nie my plig om Dr. de V. 'n antwoord skuldig te bly nie op daardie menigvuldige klagtes en aanhalings omdat dit iets heel gemaklik was uit verband was en met 'n hele ander doel behaal kan word as wat oorspronklik bedoel is.

<u>Pred. Noordkus.</u> Moet ons verstaan dat Dr. de V. die stuk wat op die Maandag op die tafel gelê is, sonder verduideliking, as Rings-gegewens sal laat, waaroor beoordeel kan word en dat hy gewillig is dat die geskrewe stuk van Ds. v. R., opgestel nadat Ds. v. R. insae had in sy klagskrif, as verweer daarteen sal beskou, mits Ds. v. R. daarmee genoeë sal neem.?

<u>Dr. de V.</u> Ja.

<u>Pred. Noordkus:</u> Stelvoor dat aan die versoek van Dr. de V. voldoen sal word.

<u>Ds. v. R.</u> Dit beteken dat my stuk wat van die begin van die sitting van die tafel af weggevra is, weer ingehandig kan word ?

<u>Voors.</u> Ja.

<u>Tweede Oud. P.M.Burg.</u> Kan ons daaroor in Kamera besluit?

<u>Voors.</u> Ja.

Algemeen aangeneem.

Ds. de V. Ds. v. R. en Sekre. verlaat die kamer.

Vergadering hervat weer.

<u>Voors.</u> Ons voel dat ons nie op hierdie stadium 'n verandering in die Prosedure wil maak nie en dat ons self tog wil voortgaan. Ons wil 'n baie ernstige beroep op die Broeders maak dat hulle ons behulpsaam wees om die saak te haas. Ons sal baie dankbaar wees as u kan oorlees en dat die Broeder antwoor Ons wil nie tekort doen aan enige iets nie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

**Dr. de V.**

Ek het toe hierdie stuk ingehandig is, die besluit op 12 Januarie gedoen om, aangesien daar 'n stuk van Ds. v.R. ingekom het, die saak te laat val.

U werk hierop 'n saak wat teruggetrek is. Ek het aan Ds. v. R. geskryf om na die pastorie te kom en dat die saak teruggetrek is. As die saak voortgaan ek sal voortgaan in selfverdediging met die minste bitterheid in my hart.

Ek kan net vir u sê dat dit vir my nie 'n lekker saak is nie. Ek is doodmoeg binnekant. Ek het geen die minste benul om daardie stukke te ontken en om getuies te roep nie. Dit sal onnodige tyd neem om sake te bewys. Daar is dinge wat Ds. v. R. ontken, hy het reg om te erken. Ek sal die kerkraadslede gaan haal.

Ek sal op hierdie moment bly wees as die Ring sal aanvaar soos dit gestel is en maak daarmee wat u wol.

**Scriba** Dr. het u gemeen dat u dan heeltemal die Ring verlaat.

**Ds. d. V.** U kan oordeel dat ek die Ring verlaat.

Ek staan nie hier deur een persoon aangeval, maar die Ring vra vir my baie vrae. Hier is ander 15 persone en u moet hulle onder kruisverhoor kry. Dit is 'n saak wat binne 'n week afgehandel word. Ek voel self dat ek dit in die hande van die Ring stel sonder my teenwoordigheid.

**~~Scriba~~:** Hier is nie een van die persone wie teen my verklaar of teen wie ek verklaar het, met wie ons kwaaivriende is nie.

**Scriba:** Dink u nie dat ons Ouderling Theunissen moet roep as getuie.

**Dr. de Vos** Dan moet die ander ook om.

**Scriba** Ons is nie van plan om hulle te roep nie. Ek voel dat Ouderling Theunissen geroep moet word. Die klagskrif het betrekking op die laaste een.

**Ds. v.H. P.M.Burg.**

Het die ring nie besluit hoe om aan te gaan oor die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

/gaan

oor die stuk nie.

**Voors.** Dit is so.

**Ds. v. R.** Ek is ook doodmoeg en siek. Ek het griep gehad verlede week en ek ly op die oomblik aan kroniese-ghitaar.

**Voors.** Ons moet voortgaan. Ons voel almal moeg. Hy lees 1 Jon. 14 1ste versie. "Julle harte moet nie ontroer word nie"......

Ek het meer lus gehad om gisteraand in die stof te val omdat ek so diep onder die indruk gekom het van die toestand wat hier heers. Ons werk wag in ons gemeentes. Ek is gewillig om tot 12 uur Saterdag nag aan te gaan. Ek voel hierdie werk is ernstig. Ons mag nie en kan nie die gemeente langer in hierdie toestand hou nie.

**Ds.v.R.** Ek sal dankbaar wees as u aangaan.

**Ds. d.V.** Ek kan nie. Ek kan my nie verdedig nie.

**Ds. v. R.** Ek wil die Ring graag help soveel as moontlik. Ek sal nie re-ageer op alles nie. Net aan u verduideliking gee.

**Dr. d. V.** Mag ek die Ring verlaat.

**Pred. Noordkus.** Die Ring hou die reg voor om hom in te roep as getuie vir inligting.

**Oud. Greytown:** Mag ek die vraag so stel aan Dr. de Vos.:

**Vraag:** Hy sien nie kans om verder getuienis te ly of verdedigend op te tree nie. Is hy dus gewillig dat die Ring sal oordeel met die gegewens voor hulle.

**Scriba:** Voeg by "Waarom sien Dr. de Vos nie kans nie!"

**Dr. d. V.** Ek is doodmoeg en afgemat en sien nie kans om aan te gaan nie.

**Oud. Greytown** Herhaal :"Is Dr. de Vos gewillig dat die Ring verder die saak sal beoordeel met die gegewens voor hulle.

**Dr. d. V.** Ek het gesê Ja.

**Pred. Noordkus** Ek voel dat hoe bitter swaar dit ook is die saak is so groot en die eis van 'n reg so belangrik dat, al moet dit tot die uiterste van ons kragte , dat daar moet reg

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

geskied en as daar miskien belangrike gegewens agterweë bly, dan beskou ons dit as die plig van Dr. de Vos om te bly.

Oud. P.M.Burg. (2) Stel voor dat die Ring Dr. de Vos tegemoet kom en een van die lede sy stuk voor moet lees, waar hy teenwoordig bly.

Dr. de Vos. Ek is gewillig dat die Ring die ding neem en dit oordeel soos hy wil.

Voorsitter U sal te hulp gekom word. Iemand anders sal lees, maar in u teenwoordigheid.

Ds. v. R. Voordat u dit tot stemming bring. Ek het 'n verklaring gemaak dat alles wat hier aangehaal word as beswaar teen my demissie onteenseglik aandui dat daar geen basis van samewerking bestaan nie en dat die verskynsel van sulke.......

Hoewel dit 'n onreg sal wees teenoor my is ek gewillig dat Dr. de V. dit as 'n geskrewe stuk inlewer . 'n deel is behandel. En dat ek nie onderneem om my verder te verdedig daarteen nie. Dit is 'n onreg teenoor my wat die rekords betref as dit wel nageslaan word.

Pred. Noordkus: As die moontlikheid van so 'n voorstel kan verwag word, dan moet ons verdaag tot die volgende Ringsitting om die besluit van die ring te herroep.

Voorsitter: Ons sal die ander punte behandel. Sal u dan u stuk gee dat die Scriba dit lees.

Dr. d.V. Ja.

Sk: Scriba lees die skrif.van Dr. d. V.

Ds.v. R. Antw. "Ons pastorie beklad is."

Ek het weergegee as waarheid wat daar plaasgevind het. Dit is nie die waarheid wat 'n pastorie beklad is nie, maar dit is die reputasie wat'n gemeente het. Ook nie deur 'n enkele daad van onvriendelikheid nie, maar deur verskillende dade oor 'n lang tydperk.

Dus die pastorie word nie beklad deur wat eens op 'n tyd gesê word teen die pastorie nie, maar die deurgaans /ondervinding

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

/ondervinding

van nie een nie, maar meer as een, van die gasvryheid van so 'n huis. Ek is jammer as dit so beskou word deur een insident wat weergegee is dat die pastorie beklad is, maar van die waarheid kan ek nie afwyk nie.

Wat hier weergegee is, is tweedehandse kommentaar op tweedehandse inligting en hier is heelwat onjuisthede. Hoewel dit oor die algemeen die strekking daarvan staaf.

Ons het nie 'n woord gerep van Mevr. d. V. nie. Sy het ons vriendelik ontvang. As ons ontvangs daar in sy Pastorie die ideale ontvangs is van 'n medebroer deur Dr. d.V. dan is ons baie jammer.

Hier is gespreek van die voorstelling van Mnr. Roux as jeug-arbeider. Ons het nie gesê dat Dr. de V. hom voorgestel het nie.

Ek het aan Mnr. Roux gesê "U kom bid vir ons, of u sê u bid vir ons. Heeltemal goed, maar dan moet u nie met bevooroordeling in u hart teenoor ons bid nie. Dit sal nie help nie.

Hulle het nie kom vrede maak nie, hulle het informasie kom vra.

Wat die aanhaling van Mnr. Roux betref moet ek net se dat Dr. de V. hom sterk aanbeveel het. en toe Ouderling Nel gevra het, wat van die A.E.B., toe het Dr. d.V. met die hand gewys d.w.s. dit het nou niks daarmee te doen nie.

Al wat ek Mnr. Roux wou wys was dat sy aanstelling baie haastig geskied het. m.i. moes daar kennis van gegee gewees het tot die volgende vergadering, voordat hy aangestel moes geword het.

Hierdie met die vuis te slaan .... Dit is nou natuurlik die kommissie wat wel hulle name gegee het wat hieroor gerapporteer het.

Ek het aan die Strewers-deputasie gesê toe ons ingenooi is om tee te gaan geniet het ek laggend gesê:

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

/gee

"Met hierdie twis verander my karrakter heeltemal totaal "
en toe ons inloop "Ek voel somar of ek met die vuis kan slaan."
Ons het toe nog daaroor gelag en ek het toe langs Mnr. Cilliers gaan sit aan die tafel in die eetkamer en so op sy skouer gedruk en 'n grap met hom daaroor gemaak, menende hy moet dit nie so ernstig opvat nie.

Wat hierdie saak betref wil ek net sê, so moeg as ek is en so krank as ek voel, deins ek nie daarvoor terug nie, maar wat my vrou betref staan sy onder die jurisdiksie van die Kerkraad. In daardie geval weier ek beslis om dit toe te laat. Ek wil net sê dat sy verkeer in 'n kretieke periode van haar lewe op sigself ernstig genoeg. 4 Jaar lank ly sy aan suikersiekte en gedurende die laaste 3½ maand so te sê is haar senuwees in so 'n toestand geraak dat hierdie soort van vervolging heelmoontlik die laaste strooi kan wees en wie sal die verantwoordelikheid daarvoor dra.? Ek wil net sê sy het familie behalwe myself en ek kan u net verseker hulle sal nie stilsit nie. Dit is nie 'n dreigement uit die lug gegryp nie. Daar was al 'n brief in van Mnr. Maré Retief. Dit was 'n privaat brief van een man teenoor 'n ander Dr. de Vos het dit openbaar. Dit is net 'n deel van die brief.

Ek het nie aan Mnr. Mare Retief laat weet dat hier gebeur het nie.

As Dr. de V. 'n gedeelte van daardie brief weergee in sy geskryf aan die ring, dan is dit sy saak. Hy maak 'n privaat brief publiek. Die saak is net waarom gee hy nie die hele brief weer nie, dan sou die Ring gesien het met watter soort van 'n man Dr. d.V. te doen het soos Mnr. R.Maré.

**Dr. d.V.** ... As die Ring begeer dat ek die brief moes ingelewer het, dan sal ek dit doen.

**Voorsitter:** Wil u getuies inroep.

**Dr. d.V.** Nee.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

**Punt 4 aan die orde.** Word gelees.

**Ds. v. R.** Ek wil nie meer daaroor praat nie. Ek het dit alreeds aangestip.

**Punt 5.** Word gelees.

**Ds. v. R.** Hierdie is natuurlik 'n gesprek tussen Mnr. Retief en Mnr. Theunissen, wat ek niks mee te doen het nie. U sal wel die waarheid hoor as Mnr. T. inroep.

Hierdie is 'n growwe belediging teenoor Mevr. v.R. wat deur Mnr. Retief op skrif gestel is.

Ek wys op daardie sin in verband met die verskoning aan Dr. de Vos.

My stuk wat ek ingelewer het bewys alles behalwe dat sy kom ekskuus moet vra.

Ek wil verklaar dat Mnr. T. vir Mevr. v.R. gewaarsku het vir daar dieselfde Mnr. Retief omdat hy die kwaadstoker is tussen die twee pastorieë.

Ons het verneem gisteraand hier dat Mnr. Retief nie met juistheid weet of hy op 5 Desember aan die pastorie in Manningweg was nie Dus beteken die gesegde aan die einde van daardie briefie "Ds. en Mevr. v. R. was nie van plan om ons pastorie te besoek nie"..... Dit beteken dat daardie gevolgtrekking totaal onjuis is.

**Voorsitter:** Sal ons getuies inroep.

**Ds. v. R.** Ek weet so goed dat die bewering so verdraaid is dat ek gladnie van plan is om Mnr. T. in te roep nie. Dit is 'n stukkie verbeeldingswerk.

**Punt 5 (Deel 2)** word gelees.

**Ds. v. R.** Na wat gisteraand gebeur het glo ek nie Dr. d.V. sal beweer dat die een se verslag die ander verslag steun of bewys as waarheid nie.

Ek wil net my antwoord op die mooi brief van Dr. de.Vos, wat hy nie weergee nie, lees.

lees die brief "Ek waardeer.....

Die brief word oorhandig.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

**Ds. v.R.** gaan aan.

Dit is aan my ter hand gestuur, ek moes daarop antwoord.

**Pred. DurbanWes:** Was hy oortuig daarvan dat wat Mnr. Retief aan hom meegedeel het kan weergee word as waarheid in die lig van ondervinding wat hy met Mnr. Retief kon gehad het.

**Dr. de V.** Ek sê die ander verslag bevestig dit.

**Ds. v.R.** Wat die Strewers betref. Ek meen ek het gesê dat hulle nie gekom 'n woord van vrede gepraat het nie. Hulle het informasie kom inwen.

Ek sou graag Elizabeth Botha voor die ring wou ondervra, as daar geleentheid is.

**Scriba:** Ds. v. R. moet haar self roep.

Ek moet sê dat ek gebid en die Here gedank het vir hulle aanwesigheid en dat hulle geduldig geluister het na ons verduideliking oor die saak. Hulle is daar weg nie in die onkunde waarmee hulle daar gekom het nie.

Derhalwe is dit vir my pynlik om die getuienis te sien, wat daar opgestel is en die handtekeninge van die name. Ek is baie jammer dat Mnr. H.A. Cilliers opgegee is as getuie nie voor hirdie vergadering kan verskyn nie. 'n Ou Vriend van jare, maar ek moet u sê ek verbaas my oor sy houding. Maar as ek dink aan die rigting wat hy nou in die laaste tyd ingeslaan het, dan kan ek dit enigsins verstaan, want hy het 'n ondersteuner geword van buitenkerklike bewegings. Hy steek dit ook nie weg nie en het derhalwe vervreemd geraak van ons kerk, hoewel hy ouderling is.

Hy het nog laas vir my opgebel nadat hy van 'n konferensie gekom het en vir my die groete oorgebring van Mnr. Malan, vroeër Ds. Malan.

**Dr. d.V.** Ds. v.R. het die A.E.B. daar genoem hy het dit skynbaar genoem as insinuasie.

Ek is gewillig om al die briewe wat die Kerkraad my opgedra het om te voer met die A.E.B. oor hulle beleid hier ter tafel te le

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

en wat ek ook gevoer het met 'n Vrystaatse Predikant oor daardie saak. Hierdie beleid is deur die Kerkraad met waardering goedgekeur en is in die notule gelees.

Ek wil net aan Ds. v.R. vra of hy in hierdie gemeente sal ontken dat hy die A.E.B. bepleit het en dat daar geld gegee is aan die A.E.B. in die gemeente deur die Kerkraad.

<u>Ds. v.R.</u> Ek wil antwoord op wat daar gesê is aangaande die A.E.B.. Daar is geen insinuasie teen Dr. d.V. nie . Hy praat van afsonderlike redes. Ek sê nie hulle staan in daardie opsig in verband met Dr. de Vos nie.

Ek is bewus van sy standpunt, ek meen in 1940 of 1941 wat ons saam ingeneem het teenoor die A.E.B. Ek sê nie dat Dr. d.V. daarvan afgewyk het nie. As hy nou vir my vra of ek die A.E.B. bepleit het en die Kerkraad dit geldelik ondersteun het. Ek is nie bewus daarvan nie, maar as dit waar is dan is dit nog voordat die Sinode hulle daaroor uitgespreek het en ek was onkundig in verband daarmee..

<u>Scriba Lees Punt 6.</u>

Na die lees hiervan stel die Scriba voor dat die Ring verdaag tot 7.30. n.m.

Die vergadering heropen 7.30. n.m.

<u>Ds. v.R.</u> Dit spyt my dat Dr. d.V. hier melding gemaak het van sy ontvangs, en skynbaar het ons verre tekort geskiet of ons plig van welvoeglikheid versuim, maar ek wil vir hom sê dat hy waarskynlik nie soveel ondervinding het van stadslewe en en derhalwe nie met die plattelandse gewoonte in sy gedagte na Durban kom nie.

Ons het maar net so gekom en is deur twee kerkraadslede by die stasie ontmoet. Ons het 'n hele tyd gestaan en wag en uiteindelik het Broeder Verg gekom en ewe haastig gesê dat dit hom spyt dat hy laat is. Ek sal julle net wys waar julle moet tuisgaan.

Ds. Linde het ook met 'n moterkar gekom uit die Vrystaat Ons het ook geweet watter dag hy kom, maar net soos in die geval

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

/geval

van Dr. de V. het ons nie geweet welke uur hy hier sou aankom nie.

Vandag mag daar meer mense wees wat vry is gedurende die dag, maar hoe verder jy terugkom in die geskiedenis van die Gemeente hoe minder kan jy kry wat vry is.

Ongelukkig ook was my vrou en ek daardie tyd juis in 'n beproewing. Sy met 'n voet waarop sy nie kon trap nie, ek met 'n regterhand wat ek nie kon gebruik nie.

Ek wil nou nie tekenne gee dat dit vir ons onmoontlik gemaak het nie, maar in elkgeval baie moeilik.

Ons het hulle hier ook ontvang by Linwood Villa Privaat Hotel, wat ons geskik geag het by die kerk. Saam met die ander familie lede, twee broers en hulle gesinne en ons meen ons het hulle ontvang so gasvry as wat ons kon onder die omstandighede.
'n Groot geselligheid in een van die groot sale, wat vol was, is gereël.

Dat ons nie vir hulle welkomsadresse gegee het nie, is ons gewoonte. As u na die gemeente kom kry u nie 'n adres nie, maar slegs as u hier weggaan. U kry slegs 'n welkomstoespraak namens die verskillende liggame en dit is gedoen.

Gewoonlik word aan die pastorie moeder of vrou van die predikant 'n ruiker blomme aangebied, maar in hierdie geval is 'n mandjie vrugte gegee, o dat ons gedink het aan die kindertjies.

Dit doen enigsins pyn aan dat daar nou melding van gemaak word dat Dr. d.V. nie aan die Nagmaalstafel genooi is nie.

Dit was eenvoudig te wyte aan 'n gevoel by my dat ek dit sou verkies het as ek tussen my mense gesit het in 'n vreemde plek en hy het tussen sy twee broers gesit en ek het gemeen dat as dit ek is, sou ek liewer daar wou gesit het, maar mense verskil in geaardheid. Dit spyt my nou dat ek my eie gevoel in daardie geval laat seëvier het i.p.v. hom liewer te vra.

Dat Dr. d.V. die leeuw aandeel van die werksaamhede gedurende die eerste jaar gekry het is heel natuurlik

/Ek het so gedink.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

/Natuurlik

Ek het so gedink. Hier kom 'n nuwe predikant heelwat jonger dan myself, hy kry 6 weke verlof. 14 dae nadat hy hier aangekom het, die verlof wat hom verskuldig was by Roodepoort.
Hy moet sy werksaamhede in die nuwe gemeente begin. Ek het gedag hy sou dit verwelkom.

Omdat ek so bekend is met omstandighede, het ek vir hom die program uitgemaak met my ondervinding. Dit is nie Mevr. V.R. wat die program opgemaak het nie, sy het my net gehelp met die afskryf daarvan.

Die deel wat ek aan hom gegee het vir huisbesoek was 'n deel wat so langsamerhand 'n verandering ondergaan het sonder dat ons dit juis gemerk het. Daardie deel het baie meer mense gekry in die jaar wat voorafgegaan het. Dit het 'n populêre woonbuurt geword. Dit het die meeste van die voorstede ingesluit van hier na Pinetown.

Ek het gedag die nuwe predikant sal tog so gou as moontlik wil kennismaak met die Gemeentelede. Ek gee vir hom die deel wat die meeste ouderlinge het, wat tyd tot hulle beskikking het.

Ek kan net in verband met Punt 5 sê dat ek dieselfde met betrekking tot Ds. Linde gedoen het. Hy het dit waardeer.

Ek sou nie graag 'n aanmerking wil maak oor punt 6 nie. Dr. d.V. het nou eenmaal die gawe wat nie alle predikante het nie en dit is om geld uit die mense se sakke uit te haal..

<u>Punt 7.</u>

Dit is waar van die wyk wat ek verplig is om te besoek. Voordat ek aangaan.

Ek sou graag aan die Vergadering wil vra wat is die oogmerk met huisbesoek. IS dit net 'n plig wat die predikant moet vervul of is dit 'n noodsaaklike werk waarvoor die Kerkraad verantwoordelik is. Moet die ouderling nie met die predikant in aanraking kom en raadpleeg en toesien dat hulle wyk besoek word nie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

As daar omgeruil word met werkkring of werksfdeling is dit nou juis so noodsaaklik dat die een Predikant moet volg op die voetspore van die ander, of is die groot saak dat die Gemeente besoek word en die twee moet mekaar help en die jongere moet die ouere help.

Waar dit 'n derde predikant is, spreek dit vanself dat die reël nie toegepas kan word nie.

Hierdie program kwessie wat uit die hande geneem is van die ouer predikant het net gekom aan die einde van die eerste jaar, toe die ouere predikant uit eie beweging 'n verandering sou gemaak het.

1940 Pinkster tyd: het die verantwoordelikheid vir die / deur die ongesteldheid van die ouer leeraar, Pinkster totaal geval onder die reëling van Dr.d.V. Die volgende Pinkster was ek gesond en vris en het ek gedag dat dit vanselfsprekend is dat dit nou my beurt was in die stad. Nogtans het ek voor die uitmaak van die program, 'n brief aan Dr. de V. geskryf en hom gevra sy keuse aan my te laat bekom skriftelik of ons die Pinkster bidstonde om die beurt sal hou en of hy verkies om dit in die buitewyke te hou. Of ons gebruik sal maak van die Program wat gepubliseer word van onderwerpe..

Die program is uitgemaak deur my, die Sondagaand meen ek is oopgelaat, sodat ek kan uitvind in die buite wyke of een van die sale beskikbaar was vir 'n diens. Ek het aan die menne in Wentworth gesê, as dit moontlik is gaan ons vir hulle 'n diens gee, Sondagaand en nie Woensdagaand, soos hier aangegee is, as ons dit kan regkry. Maar ek hoor kort daarop van Mnr. d.Toit dat die saal nie beskikbaar daardie aand sal wees nie. Ek het gedag dat die Kerkraadslede die saak aan die lede sou verduidelik. en Dr. de Vos gevra het of hy die aand gaan afgee aan Wentworth aangesien ek in die stad moes wees vir die diens.

Intussen hoor ek dat Rossburgh Dr. d.V. sonder my wete geraadpleeg het en hy het toegestem om die diens daar waar te neem, maar ek het gedag dat dit nie saak sou maak, aangesien die saal nie beskikbaar was nie.

/Ek het Broeder....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Ek het Broeder Meintjes ernstig bestraf, omdat hy sonder my medewete Dr. d.V. gevra het om die diens waar te neem, maar toe ek gesien het, hoe die saak opgevat word, het ek geswyg en dit het 'n nasleep gehad.

As gevolg van die diens wat op Wentworth misluk het, toe Dr. d.V. op P.M.Burg met Nagmaal gaan help het, het ek, toe ek sien waar dit heengaan, die skuld op my geneem, maar met 'n mate van sarkasme. Daar moet tog 'n sondebok wees en ek sal dit dan maar wees.

Daardie aand het Dr. de Vos in die Kerkraadsvergadering gesê "Broeder dit is gereel".

~~Hy vra Vrydagaand voor Nagmaal sy Kerkraadvergadering om afwesig te wees.~~

Ek het gedag dat Dr. de Vos die Vrydagaand verlof sou vra, dan het die Kerkraad geweet wat ek geweet het, maar hy was in die Vergadering, en dan het die saak natuurlik heel anders verloop. Ek het onderneem om die aanddiens, wat Dr. d.V. in die kerk moes neem, maar my beurt op Seaview kon ek nie afstaan nie, omdat by die buitedienste gewoonlik ook kindertjies gedoop word of ons daarvan weet of nie.

Dit was een van die dreigende botsings wat ek gedag het en ek sou dit liewer vermy het al kry ek die skuld.

No. 16. In begin 1947 het ek vir 14 dae na Pretoria gegaan eenvoudig omdat daar vir my geen kans oorgebly het vir verlof nie.

Dr. deV. het weens sekere omstandighede die voorkeur gekry vir verlof gedurende die vakansietyd. Al kans vir 'n bietjie rus was om op Kersaand weg te spring vir 'n bietjie verademing vir 14 dae. Binne 14 dae was ons weer terug. Dr. d.V. is gevra om sekere dienste waar te neem. Ons het vir Mnr. T. gesê hy moet dit tog asseblief reël.

Nadat Dr. d.V. daardie dienste waargeneem het op 4 Januarie het hy gesê, nou begin my verlop vanaf 5 Januarie en ons het geen objeksie gemaak nie.

/Daardie onverkwik..

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

/objeksie gemaak nie.

Daardie onverkwiklike geskiedenis van die Fullardsaak, meen ek het ek al duidelik gemaak.

Iemand, ek dink die Scriba het gesê dit is 'n saak wat in 5 minute uit die weg geruim kon word, het meer as 'n jaar geneem. Dit was die eerste groot onaangenaamheid tussen ons.

Hierdie geval van verdediging van Dr. d.V. teenoor 'n gemeentelid is maar een en dieselfde waaroor andere aanvalle van gewag gemaak is.

My antwoord was eenvoudig: "Hoe kon ek, ek was nie in die kerk nie. Ek het nie geweet wat hier aangaan nie. Dit is beter om te swyg as om 'n mede-broeder op 'n valse manier te beskerm."

Punt 18: Ek erken dat ek gesê het dat Dr. d.V. het 'n "One Track mind". In Afrikaans sou ek gesê het "enkel spoor mentaliteit". Ek het nie by daardie geleentheid gesê dat mens nie by hom kan verby kom nie.

Hier is verskillende los gesegdes ook in hierdie afdeling wat ek sou gesê het. Niks word hier gemeld van die samehang, maar hierdie ontken ek beslis

"Hier is ek baas ens."

Dit is nie so nie. Ek het gesê "Dit is my diens ek het die reg om te sien dat dinge ordelik gaan en ek het reg om die brief in hande te kry, sodat ek kan weet wat daarin staan om toe te ste dat dit gelees word.

Die Orreliste Mevr. Fullard. Dr. de Vos het vir ons verduidelik dat die kerk lede ipso facto verval van die buite wyke wat afgesny is van die Moederkerk. en sê hy so ook die Orrelliste en na analogie dink mens dit is reg as jy nie die kans kry om daaroor na te dink nie.

Net die Sondag daarop was ek in die konsistorie kamer voorgekeer deur kerkraadslede "Ek meen ons het 'n fout gemaak." Dit is 'n betrekking wat 'n vergoeding dra en solank as die orrelliste haar werk doen kom dit nie vir ons daarop aan waar sy woon nie. /een Broeder....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

"/woon nie"

Een Broeder het gesê, dit moes u liewer nie gesê het nie.

So het ons geleer om maar liewer te swyg, as om opinies uit te spreek.

<u>No. 23.Diplomas.</u> Ek is gevra om die Diplomas te teken voor ek weggegaan het.

In verband met die oorhandiging van boeke hang natuurlik af van omstandighede of ek toe nog my verantwoordelik geag het.

Hierdie van die diens is darem regtig te belaglik.

Hoe weet Dr. deV. wat ek vir die Engelse predikant geantwoord het. Ek het baie moeilik gekry met versoeke om deel te neem aan funksies saam met die ander deel van die volk en dit was werklik soms moeilik om te weet wat om te doen. Ek het tussen twee vure gestaan, veral toe dit oorlogtyd was.

<u>No. 21. Dankdiens</u> Ek ag hierdie afdeling van die stuk nie as belangrik nie.

Dit was juis die rede vir die uitstel, omdat ons nog nie geweet het of alles ingekom het. Dit was 'n bietjie te vroeg.

<u>Dr. d.V.</u>

Mevr. v. R. het aan ouderling Meintjes verklaar op die kar na P.M.Burg: Sy het die programme vir die volgende kwartaal wat eindig met Pinkster Maart.

<u>Vraag.</u> Het ek nie aan Ds. v. R. gevra in Mei 1941 dat ons ons werk saam moet bespreek.

<u>Dr. v. R. Antw.</u> Ek kan sê: Ds. v.R. het ek nie vir u 'n brief geskryf nie.

<u>Ds. v.R. Antw.</u> Ek kan nie onthou nie.

<u>Dr. d.V.</u> In 1941 14 Mei, toe die groot moeilikheid gekom het met die Pinkster, sal u sien dat Ds. v. R. nog op elke moontlike wyse dit probeer verongeluk het

Programme is vasgestel einde van Maart vir Pinkster.

In Pinkster, toe ons reeds al besig was met die ou programme is deur Ds. v.R. kennis gegee met 'n poskaartjie onder my deur van die verandering in die program. Daar het ek die gewysigde

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

gewysigde
gekry, terwyl die ou program al 'n paar dae aan die gang was.

Pinkster het begin.

'n paar dae voor Pinkster skryf ek aan Ds. v. R. hierdie brief.

Nadat die programme reeds uitgegee is:
Waarneming volgens opgestelde program om die beurt

(2) Teken apart. Ek elders u Sentraal. Waar is die elders. Teken asseblief u naam op 1 of twee.

**Ds. v.R.** Ek het Dr. d.V. opgebel en gevra of ons volgens program die Pinkster dienste saam gaan hou. Toe sê hy, hy het nog nie die program gesien nie. Dit het al verskyn in die Kerkbode, en hy sien dit toe daarna en toe skryf ek hom daardie briefie.

Toe verstaan ek het hy hom nog nie gehou aan die program nie.

**Dr. d.V.** Ek ontken dit beslis. Dit is 'n versindsel.

Ek skrywe aan Ds. V.R. 14 Mei 1941. "Bespreking van die werksaamhede deur die twee pastorieë sal heilsaam wees." Hy sal vandag nog daarop antwoord.

Hy het vandag te kenne gegee aan die Ring dat hy my kon stuur waar hy wil. Dit is wat hy ook aan Mnr. Meintjies gesê het in daardie onverkwiklike stryd wat hier van melding gemaak word.

Pinkster het begin 22 Mei Rossbur. se Kerkraadslede besluit om elke aand 'n bidstond daar te hê, predikant of nie predikant nie. Toe het hulle dodelike fout gemaak en dit was om Mevr. de V. te vra om vir 'n paar aande die diens daar te hou en nie vir Mevr. v. R. nie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

/Mevr. v. R. nie.

Op 23 Mei laai ek Mevr. d. V. by Rossb. af en ek gaan deur na Seaview, toe ek terugkom en Mevr. d.V. daar oplaai, vra Ouderling Meintjies my of ek nie gewillig sal wees om Rossb. se Pinkster biduur op Maandag 2 Junie te kom afsluit nie.
Ek willig toe in, mits hulle Sondagaand die afsluiting in Sentraal bywoon.

24ste Saterdagaand. hou Ds. v. R. 'n biduur op Rossb. terloops vertel Mnr. Meintjes my van Maandagaand 2 Junie. Ds. v. R. het hom bloedig vererg en gesê "hy sal hier nie preek nie."

25ste Sondag. Toe is die gewysigde program opgestel wat daardie dreigement uitvoer. Sondagmiddag is ek na Redhill en Ds. v. R. na .

Oud. [illegible]. Meld dat hy teleurgesteld is dat hy voorgestel het dat die stukke deur die Ring gelees moet word en wat deur die Geagte Scriba gedoen was, wat ek meen net so moeg is,

**Dr. d.V.** Maak eksepsie. Hy het nie geweier nie, hy het gesê hy was ~~te moeg~~.

as enige van die persone hier teenwoordig. Omdat Dr. de. V. gesê het hy is te moeg en selfs op 'n versoek deur die Voorsitter geweier het om te antwoord.

**Dr. d.V.** Maak eksepsie. Hy het nie geweier nie. Hy het gesê hy is te moeg.

Verdaging vir tee.

Voortsetting van die vergadering.

**Dr. d.V.** Op hierdie stadium teken Dr. d.V. beswaar aan teen die Snelskrif-Skryfster. Vra of sy familie is van iemand wat 'n klagte teen hom ingehandig het.

Antwoord. Nie sover ek weet nie.

Vraag: Is u familie van Mnr. Jonker.

Antw. Ja. Aangetroude.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

**Pred. Durban-Wes.** Ek stel voor dat daardie 'n skyn van wantroue is teen die handeslwyse van die Ring.

Vergadering neem voorstel algemeen aan.

**Dr. d.V.** - **Sondag 25ste** (middag) Ds. v. Rooyen het die gewysigde program onder my deur deurgestoot. Hy het die program toe so verander dat my beurt op Rossburgh toe skoon weggeval het Hy verplaas my na Redhill sonder dat Redhill dit wis. Hy besluit om self die diens Sondagaand i.p.v. Maandag af te sluit op Rossb.

**Voorsitter:** Was die Gemeente daarmee tevrede, was daar nie reperkussies nie?

**Antw.** Dit het groot repurkussies gehad. Ek sal nog daarby kom.

**Maandagaand.** op Briardene deur homself. Ek moes Sondagaand die diens hier afsluit.

Die motief van Ds. v. R. om Sondagaand die diens te daar te hou, Sea en Rossb. en Briardene se mense kennis te gee dat hulle daar af sou sluit, derhalwe sal die kerk Sondagaand hier leeg wees. Hy gee my toe 'n ongevraagde vakansie Maandagaand.

Toe ek Sondagmiddag terugkom van Redhill sien ek die onverkwiklike affêre.

Maandag oggend omtrent 10 uur bel ek Ds. v. R. en sê aan hom dat dit uiters onwenslik is om die program in Pinkster tyd so te verander.

Die Angel was dat Mevr. d.V. daar gehelp het, soos Mevr. Linde. Dat dieselfde in die verlede gedoen is. en die gruwel is dat Ds. v. R. my oor die telefoon gesê het dat Rossb. se kerkraadslede dit saam met hom so verander het. Ek het dit swaar gesluk oor die telefoon, aangesien hulle dit met my gereël het, maar terwyl dit deur die kerkraadslede van Rossb. besluit is, is ek gewillig om my by die nuwe program aan te sluit.

Toe ek besig was op die telefoon, kom Broeder Meintjes, Ouderling van Rossb. op die stoep. Toe ek die telefoon afsluit

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

/afsluit
vraOuderling Meintjes · waarom wysig julle die program saam met Ds. v. R. nadat julle dit met my gereël het."
Ek kan Ouderling Meintjes se bewering nie hier herhaal nie.
Hy was baie kwaad. Hy gaan dadelik na die telefoon terwyl ons daar staan en hy bel Ds. v. R.

Hy vra Ds. v. Rooyen waarom sê hy aan Dr. d.V. dat ons die program saam met hom verander het, terwyl dit nie waar is nie.

Hulle het 'n gesprek daar gehad, taamlik driftig, soos dit my gelyk het volgens Mnr. Meintjes.

Mnr. Meintjes verwittig Ds. v. R. dat die program so sal bly soos hy was. Daarop het Ds. v. R. die telefoon neergegooi.
Mnr. M. het nog 'n ruk gestaan met die gehoorbuis en dit toe neergesit.

Mnr. M. het by my kom sit in die Studeerkamer en beslis ontken dat hulle dit saam met Ds. v. R. verander het.

**Ds. v. R.** ... Dit toon duidelik aan dat Dr. de V. destyds meer Ouderl. Meintjes geglo het as vir Ds. v. R.

**Dr. d.V.** 'n Tydjie daarna bel ek vir Ds. v. R. Ds. v. R. het die dilemma gou raakgesien en die eerste maal wat ek my kan herinner sê hy vir my "Nou broer wat gee u aan die hand".

Ek sê toe vir Ds. v. R. "Die beste sal wees ons hou by die ou program, en ek sluit die dienste Maandagaand af op Rossb. en Ds. v. R. op Briardene.

Sondagaand hier toe ek op die kansel klim se Ds. v. R. vir my. "Kondig asseblief af dat ek nie Maandagaand op Briardene sal wees nie. Dit lyk my die mense van Briardene is hier."
Derhalwe het hy toe Maandagaand vakansie gehad.

**Pred. Noordkus** Ek het 'n Ruk gelede die vraag gestel wanneer daardie dokument opgestel is, waarvan gekwoteer word en mag ek aan Dr. d.V. vra of hy dagboek hou van gebeure. Daar is nou gemeld feite wat nie in 'n brief geskrywe is nie. Daar is fyner besonderhede aangegee. Daar is b.v. die gesprek Maandag oggend omtrent 10 uur. "Toe ons besig was op die telefoon, Mnr. Meintjes op die stoep gestaan het" en dan die gesprek ook word aangehaal wat

/Mnr. Meintjes....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

/aangehaal wat

Mnr. Meintjes oor die foon gesê het nadat hy 'n sekere sin sou voltooi het,"want toe hang Ds. v. R. op, want toe sluit die gesprek".

Vraag. Mag ek net vra hoelank gelede daardie insident afgespeel het.

Scriba. Antw. Pinkster 1941 2 Junie.

Pred. Noordkus. Is daardie gegewens in 'n Dagboek opgeskrywe Ja of Nee.

Ds. d.V. Nee.

Ek het 'n bietjie verduidelik dat ek die datums hier voor my. Dit is in Ds. v R. se handskrif opgestel.

Dit is 'n skerp insinuasie teenoor die twee leeraars.

Pred. Noordkus. Ek het 'n vraag gestel of hy boek hou van 3 jaar gelede, om gesprekke selfs by benodiging, woordelik aangehaal.

Dr. d.V Ek sê vir daardie predikant dat ek het die datums hier.

Gaan na ouderling Meintjes en vra wanneer hy dit ook opgeskryf het.

Pred. Durban-Suid. Is dit volgens Ned. Geref. Beginsels dat Susters sal voortgaan in leiding van Pinkster bidure vir 'n gemengde gehoor. Was dit 'n gemengde gehoor.

Antw. Dr. d.V. Dit was 'n gemengde gehoor.

Vraag. Pred. Durban Suid. Is dit volgens Ned. Geref. beginsels.

Dr. d.V. Hy was korter gelede op die Kweekskool as ek. Hy sal self weet.

Diaken Melmoth. Ek wil graag na aanleiding van Punt 19, van Dr. d.V. weet, hy het hier aangehaal van Dr. Kuyper. Ek wil graag wéet of dit dieselfde Dr. deV. is wat op Helpmekaar dienste gehou het vir 'n Offisiers-vergadering van die O.B.

Dr. d.V. Ja.

Vraag. Onthou u die diens wat u daar gehou he omtrant wat die Bybel sê. "As ons rebeleer in ons eie land, dan is dit nie sonde nie".

Ant. Dr. d.V. Dit ontken ek beslis. ~~Dit is 'n leuen.~~

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

/beslis.

Ek herhaal ek ontken dit beslis dat ek dit daar gesê het.

**Diaken Melmoth.** Ek bring dit voor, omdat ek meen dat die gebruik wat Dokter maak dat die bybel se so of so sê. Hy het ons die paar dae wat hy daar was die indruk gegee met daardie woorde dat as ons huistoe gaan en ons rebeleer, dat dit nie sonde is nie. Dit is die aand by die vuur. Het ons gevoel dat dit is verkeerd om tussen jong manne, wat nog onverantwoordelik is, om so te sê daar ons land in so 'n gevaarlike toestand was, bloed verloor het by die duisende.

**Ds. d. V.** Laat u dit toe Geagte Voorsitter.

**Voorsitter.** Die stuk is op die tafel.

**Diaken Melmoth.** Ek het nog al die tyd, so oud as wat ek geword het probeer om die waarheid te praat en dit is vir my die grootste bitterheid wat ek nog deurgegaan het om te sien hier in die Ring twee predikante van ons Gemeente so mekaar weerspreek . Daarom het ek die punt opgehaal, as 'n soort van toets, maar ek wil nie hê dit moet verder gaan nie, omdat daar mense is in ons land, wat betrokke is in die saak, wat getuie moet gee in die saak. maar ek het Dr. d.V. gevra of hy ons Kapelaan was daardie tyd.

**Dr. d.V.** Ek maak ernstig beswaar teen wat die lid sê.

**Diaken Melmoth.** Ek het net gevra of u dit gesê het, toe ontken u dit. Dit is wat ek gehoor het en dink ons was oor die 150.

**Scriba.** Lees "Ek was Kaplaan Kommandant van die O.B." .... verder "Die twee partye het openlik kant teen my gekies..."

**Diaken Durban-Wes.** (handwritten: mnr Mulder)

**Vraag.** Wanneer het Dr. deV. onder die indruk gekom dat die O.B. nie 'n gewenste organisasie was nie.

**Antw. Dr. d.V.** Dit staan in my stukke

**Vraag.** Moet ek aanneem dat die misverstand Augustus 1941. Dr. d.V. onder die indruk gekom het.

**Scriba.** lees. Dr. d.V. se geskrif. "Dit het met my goed gegaan.... tot in Augustus ens. "

/Diaken Durban-Wes...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Diaken Durban-Suid. Ek verklaar nou hier in die Ring dat na die misverstand 1ste Maandag in Augustus 1941. Dr. d. V. verklaar het dat hy dit 'n saak van gebed gemaak het en dat hy oortuig is dat die O.B. 'n Godgestuurde beweging is.

Vraag. Ek wil graag weet van Dr.De. V. wat het gebeur dat hy toe weer 'n ander ingewing gekry het.

Antw. Dr. d.V. Ek het die datum genoem te Winterton. Dr. v. Rensburg was daar.

Diaken D.-Suid. Ek vra dit veral met die oog daarop dat Dr. d.V. gesê het, hy het dit 'n saak van gebed gemaak. en hy het 'n ingewing van God ontvang dat dit 'n God-gestuurde beweging is. Ontken Dr. d.V. dat hy dit gesê het.?

Dr. d.V. Ek ontken dit nie, waar was dit?

Ant. Diaken Dit was op Wentworth by 'n geleentheid van 'n Lentefeesviering . 'n Jukskeitoernooi was daar afgespeel.

Dr. d.V. Ek kan gladnie die datum onthou nie, maar ek sal dit gladnie ontken dat ek dit gesê het nie.

Pred. Durban-Wes. Is 'n ingewing van God dan feilbaar.?

Dr. d.V.Ant. Die ingewing van God is nie feilbaar nie, maar die mens. is feilbaar.

Pred. P.M. Burg. Ag.v H. Ek wil graag weet van Dr. d.Vos of dit nou werklik sy ontdekking was dat 'n Calvinis nie 'n Nasionaal Sosialis kan wees. Wat hom beweeg het om uit die O.B. beweging te tre en of dit was dat daardie Winterton Samekoms die Kommandant tevelde getrek het teen die Nasionaliste en hulle gemaan het om buite stemming te bly by die eleksie wat sou kom.

Ant. Dr. d.V. Ek bly by my verklaring dat dit my grootste rede was. Wat Ds. v. Heerden verklaar is op 'n geheime vergadori

Dr. d.V. Vraag: Het sy vrou hierdie eed gebreek.

Antw. Ek het daar geen benul van nie.

Vraag. Het sy vrou dit vir hom vertel?

Antw. Nee sy het ~~gee~~ nie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

**Dr. d.V.** Ek is dankbaar vir die Scriba dat hy vanmiddag die punte gelees het.

**Scriba.** Ons is bly om te sien dat Dr. d.V. weer sy kragte herwin het.

**Punt No. 7. is aan die Orde.**

**Dr. d.V.**

Ek maak die Ring daarop attent dat op 10 Desember is 'n brief aan Ds. v. R. deur die Kerkraad geskrywe. Ons is besig met die hangende ondersoek wat daar was.

**Voors.** Daar is geleentheid vir vrae.

**Scriba.** U maak melding van sekere sake. U sê o.a.
"As Ds. v. R. sou weggaan ens"
"'n Brief van die Aktuaris is voorgelees"

**Vraag.** Ek wil graag vra, is dit 'n brief wat u of Ds. v. R. van die Aktuaris ontvang het?.

**Ant.D.r D.V.** Ek het dit ontvang.

**Scriba:**

"Ek het 'n brief gekry van die Aktuaris, wat my handelswyse steun". Is die Brief van groot belang?

**Ant.** Dit is. Daar is die Aktuaris, se brief by die Kerkraad gelees.

**Vraag:** Hoekom het u nie 'n antwoord van u Kwestor gevra nie?

**Ant:** Ek het nie daaroor gedink nie.

**Oud. v. P.M.B. (2)**

Gaan die Vergadering die versekering kry dat Dr. d.V. nie weer 'n repliek gaan lewer oor Punt No. 7. wat hy so pas gelees het. Hy het sy geleentheid gehad, vir sy repliek. Ek wou nie op 'n vroeëre geleentheid daarop attent maak nie, omdat ek gereken het dat in die geval van No. 6 so 'n repliek werklik na Ds. v. R. op daardie punt gespreek het, nie heeltemal in orde was nie.

**Voors.** Nee.

**Scriba.** Ek wil graag die brief insit wat ek aan Dr. d.V. geskryf het in verband met wat hy hier noem. Die antwoord wat ons hom gegee

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

/gegee

het was "Ek beroep my op Artikels 289 281 .....

**Ds. v.R.** Ek wil nou vra of hierdie kennisgewing aangaande daardie 27 Desember Vergadering of daardie alternatiewe punte op die agenda nou werklik geplaas is uit konsiderasie vir Mevr. v.R.

**Ant. Dr. d.V.** Soos dit daar gestel is.

**Ds. v. R.** By die lig wat ons hierdie laaste paar dae gehoor het, uit die mond van Dr. d.V. Mag die Here God haar bewaar vir daardie soort van konsiderasie.

**Vraag.** Hierdie brief onderteken deur Kotz'e ens. Is dit Ouderlinge?.

**Ant. Dr. d.V.** Ds. v. R. sal hulle beter ken as ek.

**Ds. v. R.**

Dit is almal Diakens. Ek wou dit graag uit die mond van Dr. d.V. gehad het, omdat hierdie brief voorgelees is na 'n Reëlingskommissie Vergadering, wat die Kerkraad Verg. voorafgegaan het, toe het ek gesê : "Het ons dan nie ouderlinge wat kan waak oor die prediking van die predikant nie.

Nou wil ek net hier sê dat dit 'n baie goeie voorbeeld is van die gees wat die laaste tyd die gemeente ingesluip het het dat bekeerdes en jongmanne hulle aanmatig om kritiek uit te oefen oor predikante, selfs die waardige ou Vader Liebenberg in kluis.

Ek meen dit is 'n nuwe verskynsel in die Ned. Geref. kerk van Durban en ek verbaas my dat Dr. d.V. dit nogal opneem in sy klagskrif.

**Pred. Durban-Wes.** Ek wil net 'n bietjie inligting hê. Kom daardie persone miskien aan Ds. v. R. se pastorie.

**Ds. v. R.** Met daardie vredespogings wat die Strewers geloots het, het hierdie Calitz,die laaste ondertekenaar, in die pastorie gekom. Dit is die enigste een.

**Dr. d.V.** Dit is moontlik dat Roodman ook daar kon gewees het eenkeer.

**Vraag.Dr. v.V.** en wie nog.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Ant. Ds. v.R. Moontlik van Aswegen.

Dr. d.V. Dit blyk dat daar vier moontlikes kon gewees het.

Ds. v.R. Calitz onthou ek omdat hy saam met die Strewers -afvaardiging gekom het. Ek het nie so 'n helder idee hoeveel dit was nie.

Pred. Durban-Suid.

Meen Ds. v.R. dat, indien Dr. d.V. daardie aand met die Kerkraads Verg. toe Mevr. v. R. Saamgekom het, na haar gegaan het, daar 'n moontlike vrede tussen hulle twee sou gewees het.

Dr. v.R. Absoluut, nie net met die doel nie, maar met 'n ernstige begeerte omdat sy van my verneem het dat ek vrede gemaak het. Daar is getuies daarvoor. J. Cilliers en Mnr. Rinken en W.Delarey. Daar is nog twee ander wat in die kar gesit het.

Dr. d.V. Ek ontken dit beslis dat Mevr. v. R. na die Kerk gekom het om vrede te maak.

Ds. v.R. het aan die Kerkraad gesê dat Mevr. v.R. buitekant is in die kar en sy het griewe en sy wil hierdie griewe voor die Kerkraad kom lê,en dit is die waarheid hierdie

Die ander wat Ds. v. R. nou vertel was om Dr. d.V. in 'n strik te lei, vir hom uit die konsistorie kamer te kry en die Kerkraad besluit te breek. Daar is getuies dat wat die persone wat by die kar was en binne ook verklaar het, die halwe waarheid was. Daar was ook ander persone by die kar wat Ds. v. R. nie nou wil noem nie.

Ds. v.R. Ek sal hulle noem. H. Cilliers en Esterhuizen. Hulle het agter die kar gestaan.

Dr. d.V. Daar is 'n speletjie afgespeel. Ds. v.R. het nie die moed gehad om die persone te noem nie.

Ds. v.R. Dr. d.V. gee vir my meer krediet vir sluheid as wat ek besit. Hy het gesê daar word vreeslike dinge van julle gesê in die gemeente en Mevr. v. R. het geen vrede gesoek nie, met Dr. d.V. nie, maar sy wou ook vir die Kerkraad vra, wat word van ons gesê ons wil voor Nagmaal graag alles weet.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

**Dr. d.V.**

Dit is nie in die Kerkraad deur een persoon verklaar nie en die Notule moet dit bewys.

**Pred. Noordkus.** Is hierdie insident nie deeglik ondersoek nie?.

**1ste Oud. P.V.Burg.** J.S. Cilliers het hier gister getuig dat hy Dr. d.V. gesmeek het om buite na die kar te gaan om met Mevr. v.R. te gaan vrede maak. Hy het dit tweemaal gedoen en Dr. d.V. het beslis geweier.om te gaan vrede maak.

Is dit dan nou nie bewys dat Mevr. v.R. gekom het tot by die kerk om vrede te maak?.

**Ds. v.R.** Ek wil beweer dat daar getuie is dat Mevr. v.R. gesê het dat as Dr. d.V. net uitgekom het en vir haar hand gegee het, sy gewillig was om dit te aanvaar. Mevr. v.R. het gekom na die Kerkraad Verg. en ek het vir haar gesê dit is die enigste uitweg. Ek het haar gebring.

Deur Dr. d.V. as Voorsitter is geweier om 'n kommissie aan te stel omstaande die Verg. te kyk, wat hulle daaraan kan doen om haar tegemoet te kom.

Nadat ek voorgestel het om die Verg. te verdaag vir 'n kwartier om dan onoffisieel vir Dr. d.V. 'n kans te gee om uit te gaan na die kar. Ek het bygevoeg dat ek daar sal bly sit hy kan getuie saamneem, het hy nog geweier om van daardie geleentheid gebruik te maak.

In daardie instansie het hy gesê vrywilliges kan gaan na die kar en toe het daar persone gegaan wat getuienis kan aflê.

Mnr. J. Cilliers het my byna onderstebo gehardloop, want ek het gesien hulle het 'n glas water daar uit. Toe sê ek, "Nee nou gaan ek kyk wat met my vrou gebeur". Hy het inderhaas Dr. d. V. ook gespreek in die hoop om hom sover te kry om na die kar te gaan.

Is dit reg van Dr. d.V. om driemaal te weier uit die Voors Stoel om iets in daardie rigting te doen, om motiewe te gaan toeskryf aan Mevr. v.R. waar hy nie eers die moeite gedaan het om uit te vind wat sy begeer of verlang nie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Dr. d.V.

Hierdie stukkie is 'n samesflandsing of 'n verbreking wat die Notule self aanwys.

Daar is voorgestel deur Ds. v.R., maar sy handige Ouderling sê dit is hy wat dit voorgestel het, hoewel hy later nie geweet het wie dit is nie, om vir 'n kwartier te verdaag om die Kerkraads lede toe te laat om met haar te gaan praat. Die Notule wys aan dat ek gesê het in die Kerkraads Vergader ng dat ek gewillig is om haar hand te gaan vat.

Sal Ds. v.R. nou hierdie ernstige saak erken dat hy gesê het aan ouderlinge en diaken dat dit sy grootste geskenk is op sy Verjaardag en dat hy aan andere verklaar het dat hy dit vir sy vrou gaan sê.

Hy was so haastig dat hy sy ouderling by die konsistorie vergeet het.

Ek moet my korriseer, hy het sy vrou gaan sê

"Ons het vrede gemaak"

Is dit nou waar dat hy een van sy gemeente lede opgebel het en voorbidding gevra het, vir sy vrou, dat sy inmekaar gestort het en na die bed moes gaan toe sy dit hoor.

Ds. v. R. het aan die Kerkraad verklaar dat hy daardie nag nie 'n oog toegemaak het nie en dat hy vrees vir onenigheid in sy huis.

Het hy aan Mvr. d.V. verklaar dat hy arbei al aan sy vrou van gisteraand af, maar kan hy haar nie beweeg nie?

Ds. v.R. Ek verklaar hier baie plegtig en ek dink ek het dit gesê dat ek in die kar toe ons ry huistoe vir twee wat by my was gesê het "Ons h t vanaand vrede gemaak onder 'n verdowingsmiddel"

Toe ek by Mevr. v. R. kom en sy vra "Ja wat het gebeur" toe sê ek vir haar"ons het Vrede gemaak."

Sy: "Hoe het julle vrede gemaak"

Toe sê ek "Onder 'n verdowingsmiddel"

Ek het gevoel soos iemand wat in 'n strik gevang is. Die vredesvoorstel was gemeng met 'n patetiese beroep op die gevoel.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

**Scriba.** Lees punt 8.

**Ds. v.R.** Toe het ek vir Mevr. v. R. gesê dit is die Hospitaal arbeid wat ons in die posisie beland het. Noodgedwonge deur die Kerkraad, wat nie deursien het dat dit 'n manoewer was om posisie en nie 'n egte vredesvoorstel nie.

Ek sit met my redes vir aanvraag van demisie in my sak, maar ek voel dat in daardie atmosfeer wat geskep is, deur daardie mosie van orde, ek dan beskuldig kan word vir 'n vredesversteurder en ek wou nie gehad het die Kerkraad moet so 'n besluit neem. Toe het ek daardie beweging gemaak om maar net die hand te vat.

Ek merk in die Notule dat die eerste punt weggelaat is, dat daar wedersyds om ekskuus gevra sal word, daarom het ek opgestaan en my hand gegee.

Dr. d.V. het ons gered of liewer vooruitgesien van 'n valse vrede, deur volstandig te weier om ook met Mevr.v.R. vrede te maak. Hy was derhalwe die man wat die situasie gered het, daarom het ek by die volgende vergadering, toe ek Voorsitter was, hierdie stukkie gelees, voordat ons begin het.
Eseg. 13 vers. 10-14. ...."Sy fondament sal ontbloot word...."

Dit is die leiding wat Gods woord vir my gegee het.

As Dr. uitgegaan het en hy het vir Mevr. v.R. hand gegee, dan het daardie toestand werklik bestendig geword van 'n valse vrede, terwyl daar geen vrede was nie. Geen vrede in die Gemeente nie en dit is wat Mevr. v.R. onder my aandag gebring het.

"Die Predikante het in die Kerkraad vergadering vrede, terwyl die gemeentelede nog ontevrede is".

Ek erken dat sy 'n beter deursig gehad het dan die meeste van die kerkraadslede, maar sy het gesê "As julle vrede het, wil ek dit ook hê.

**Dr.d.V.** Ek weet nie of die Ring nou onder die woorde van Ds. v.R. dik swart letters moet trek nie en dit met 'n vergrootglas moet lees nie. Ek is hom dankbaar vir die onthulling. Dit is presies soos dit is.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Dat as ek uitgegaan het sou dit niks gebaat het nie, en op die woorde van Mevr. v. R. dat sy 'n beter deursig gehad het as meeste van die Kerkraadslede.

**Ds. v. R.** Voeg by "Saam met my en andere".

**Dr. d.V.** Daardie stuk bring vir ons nader aan die waarheid waarna die Ring soek. Ek wil die Ring se aandag daarop vestig by die Notule van die Vergadering op 21 Januarie en wel op die rol wat Ds. v.R. daar gespeel het en dit vergelyk by wat hy nou nou sê wat hy op die kar aan twee Gemeente Lede gesê het en wat hy in sy pastorie aan sy vrou gaan vertel het.

Hy ontken dus dat hy gesê het dat dit die grootste geskenk was op sy verjaardag wat hy kon ontvang en beken dat daardie hele rol wat hy by die Kerkraad gespeel het in verband met sy hand gee aan my vals en hipokrities was en ek wol baie graag dat die Ring daarop sal let.

Ds. v. R. het nie geantwoord op die vraag wat hom gestel is dat hy voorbidding vir Mevr. v. R. gevra het, en ook nie op wat hy aan Mevr. de Vos gesê het. Dit is die rol wat Ds. v. R. gespeel het in verband met die hele Vredespoging en daarom is ons aan daardie pastorie nie toegelaat nie, omdat hy dit 'n Gemeentesaak wou maak en hy het dit reggekry.

Ds. v. R. verklaar voor die Ring dat 'n deel van die voorstel weggelaat is uit die Notule.

**Ds. v.R.** Soos ek die Notule gehoor het toe dit gelees is is die Eerste punt nie gelees nie.

Ek kan net sê dat ek kan nie my herinner dat ek so iets aan Mevr. d.V. gesê het en dat ek bedoel het dat ek in die Vergadering op 'n hipokritiese wyse Dr. d.V. se hand geneem het nie. Ek het bedoel dat op daardie moment was daar geen ander uitweg nie, dat ek gesê het dat dit die grootste geskenk met my verjaardag was, omdat ek dit toe nog nie gerealiseer het wat ek en andere gedoen het nie.

In die kar, voordat ek die pastorie bereik het, het ek begin besef en kan daardie persone getuig dat ek daardie woorde gebruik het.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Dr. d.Vos.

Sal die Notule van die 22ste in aanmerking geneem word wat op die Vergadering toe verklaar was.

Pred. Durban-Wes.

Is dit nie waar dat Dr. d.V. as Voorsitter van die Kerkraad groot en Moeilike sake as het ware van dietafel gereël het wat 'n aanbod van vrede betref waar daar wel op ingegaan moesword soos b.v. die saak van Fullard en Onderwysers.

Dr. d.V.

Op daardie bewuste aand is die Notule gelees en in die Notule hetdaardie gesprek gekom van Ds. v.R. se demisie. Daar was 'n brief van Ds. v. R. gedateer 10 Desember.

Scriba. Lees Notule. Wys daarop dat Ds. v.R, demissie vra by die Ringskommissie en nie by die Kerkraad nie. Die brief moes gladnie by die Kerkraad gedien het nie. Op grond van Artikel 251 dat die versoek voor die Ring gedien het.

Ds.v.R.

In die voorstel word daar gepraat va die onenigheid van die predikante. Die Scriba het gese dat Ds. v.R. die Notule by 'n latere geleentheid sou teken. Hy beweer dat hy dit nie geteken het nie omdathy beswaar teen die Notule gemaak het dat die vergadering onwettig was.

Ek het toe stil gesit om te kyk wat van dieafferegaan word.

Scriba. Die Scriba gee kennis dat die volgende getuies die volgende dag ingeroep sou word:

Ouderling Theunieesn Mnre. Wilken, Muller, Rinken en Pfeiffer

Ds. v. Rooyen sal Mevr. v.d. Merwe inreop as getuie.

Die vergadering word verdaag tot die volgende more.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Memorandum. Bylae V

Die redes waarom ek die ondergetekende Saterdagaand 22/1/44, teen die voorstel gestem het dat Dr de Vos onthef word van alle blaam uit die verdere versteuring van vrede, is as volg:-

1. Dr de Vos is as voorsitter en kerkraadslid mede-pligtig aan die sogenoemde* besluit van die Kerkraad Vrydagaand (21/1/44) waarby vrede gemaak sou gewees het o.a. tussen hom en mev. van Rooyen sonder dat sy enige aandeel of seggenskap in die maak van die vrede gehad het. So 'n vrede is onnatuurlik, ~~en~~ ~~onskriftuurlik~~ en onsielkundig, en as mev. van Rooyen haar nie daarby kan neerlê nie, kan die Kerkraad nie sonder om haar te hoor die blaam op haar lê en Dr de Vos verontskuldig nie.

2. Mev. van Rooyen was Saterdagaand (22/1/44) gewillig om Dr de Vos te ontmoet dog hy het geweier. Verder was hy ook nie bereid om haar om verskoning te vra nie hoewel hy Vrydagaand kragtens sy eie konsepvoorstel gewillig was om dit te doen. Hy het ook Saterdagaand (22/1/44) as voorsitter by die verdaagde vergadering geweier om die saak sonder kennisgewing te beroep (wat nie nodig was nie) en mev. van Rooyen toe te laat om voor die Kerkraad te verskyn. Om hierdie redes o.m. beskou ek dat hy nie redelikerwys alles in sy vermoë gedoen het om die vrede tussen hom en haar te herstel nie. As leraar en geestelike leier rus daar nie die verpligting op hom om uit te staan hoe regverdig hy hom ook al in die saak ~~beskou~~ gevoel, haar wat hy ~~nog~~ beskou as die skuldige en swakkere tegemoet te kom toe sy gewillig was om hom te ontmoet.

3. Die onderhawige voorstel is op versoek van Dr de Vos gemaak nadat hy in afwesigheid van beide Dr en mev. van Rooyen laasgenoemde beskuldig het dat sy uit die verbreking van die [Lewende] [illegible]-pastorie-vrede

* Sien bylae A.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

verantwoordelik was en nou weer uit die sogenaamde vrede van Vrydagaand (21/1/44). Aangesien dit hier nog steeds gegaan het oor die geskil tussen hom en mev. van Rooyen het Ds de Vos nie die reg om onder sulke omstandighede as voorsitter op te tree nie en die vergadering in die afwesigheid van die teenparty in sy guns te beïnvloed nie in 'n voorstel waarin hy deurentskuldig en die teenparty, ipso facto, skuldig verklaar word nie.

Verder wens ek ook aan te toon dat die vereiste twee-derdes van die Kerkraad (Artikel 45 (24)) nie teenwoordig was toe die besluit geneem is nie (Stemming 30-6) en die besluit is derhalwe onwettig.

W.D. de la Rey.
Diaken.

Die notulering van bogenoemde redes is my geweier op die Kerkraadsvergadering van 10/2/44 op protes van Ds de Vos. Ds van Rooyen in voorsittersstoel sê dat dit gebruiklik is om die versoek te doen op vergadering wat die ~~voorstel~~ besluit geneem is

Bylae W Beëdigde Verklaring.

Wynand Donald de la Rey, woonagtig te Craiglee, Bulwerweg 207, Glenwood, Durban, verklaar onder eed as volg:

Ek is 'n diaken van die N.G. Gemeente, Durban. Sondagmore, 16 deser, het ek na die Sentrale kerk in Smithstraat gegaan. Ek het ongeveer twintig voor elf daar aangekom en dadelik aangestap na die konsistorie. Ek het 'n klomp kerkraadslede en Ds W. Odendaal voor die konsistorie-deur sien saamdrom. Hul was in woordewisseling met twee ouderlinge en wat saam met 'n diaken van Stalkungh in die konsistorie-deur gestaan het en die toegang versper het. Ek het van iemand verneem dat Ds Odendaal toegang geweier word en dit het die indruk wat ek gekry het bevestig. Die gevoelens het begin hoog loop en iemand het gesê: kom ons gaan roep die mense. Ek het gesê: nee, bly weg. Daarna is skielik toegang tot die konsistorie verleen en ek het saam met die ander na binne gegaan. Ek het Ds de Vos by die tafel sien staan en 'n groot aantal kerkraadslede rondom. Ds Odendaal het hulle met die hand begin groet. Ek het op sommige van die gesigte van kerkraadslede groot spanning en opgewondenheid bemerk. Ds Odendaal het langs Ds de Vos plek ingeneem en wou by begin aansit. Ds de Vos lees toe 'n telegram van die Ring voor waarin gesê word dat alle stukke i.v.m. die moeilikhede in die Durban-gemeente na die Ringskommissie terugverwys is en dat die plaaslike leraar, Ds de Vos, intussen van al sy ampspligte onthef is en dat die Sondagskool normaal

W.D. de la Rey.

sal aanvang. Dr de Vos sê dat [illegible]
niks in die konsistorie te maak nie [illegible]
[illegible]
(Dr de Vos) genader en gevra om Ds Odendaal [illegible]
toe te laat nie. Hy vertel toe van die geval
van Dr A. Murray waar hy as afgevaardigde
na 'n gemeente gestuur is, dog dat die deur
in sy gesig toegeslaan is en dat hoewel die
saak tot by die „Privy Council" in Engeland
geneem is, hulle niks kon maak nie.

Ds Odendaal sê: broers ek is hier namens die
Ring om my plig te doen. Dr de Vos sê toe waar
dat hy voor hy weg is na die Ringsitting, Ds
Liebenberg gevra het om die oggenddiens waar
te neem, dog nou het Ds Liebenberg sonder
sy toestemming of die van die kerkraad vir
Ds Odendaal gevra om te preek. Kragtens artikel
25 van die Kerkwet mag geen leeraar in
die gemeente van 'n ander preek sonder die
toestemming van die pastor loci of die kerkraad
nie en Ds Odendaal sal dus nie toegelaat
word om te preek nie. Ds Liebenberg sê dat
aangesien Ds Odendaal die aankondiging van
die besluit van die Ring moes maak hul
gemeen het dat Ds Odendaal maar moes preek,
dog hy (Ds Liebenberg) is gereed om die diens
vanmôre waar te neem. Dr de Vos sê: na
dit is nou te laat, ek preek.

Ds Odendaal wys Dr de Vos toe daarop dat hy
kragtens die Ringsbesluit van sy pligte ontslaan
is en dat hy (Ds Odendaal) ~~[illegible]~~ derhalwe as konsulent
optree. Hy is net hier om sy plig te doen.
Hy glo egter nie in geweld nie en as hy nie
toegelaat word om dit te doen nie gaan hy dit
nie met geweld eis nie. Hy waarsku egter
die broers dat hulle almal die belofte geteken
het om die kerkwet te gehoorsaam. Dr de Vos

W.D. de la Rey.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

vra toe dat die wat teen Ds Odendaal stem hulle hande moet opsteek. Iemand maak [illegible] dat dit onwettig is. Wat lyk na 'n meerderheid van die kerkraadslede steek hulle hande op. Dr de Vos het maar kondig nie die telling aan nie. Hy vra toe dat die wat vir Ds Odendaal stem hulle hande moet opsteek en hy tel 17 wat vir Ds Odendaal is. Ds Odendaal vra toe dat diegene wat teen hom gestem het hulle name asseblief moet gee. Dr de Vos sê: jy hulle kan dit doen, en 'n paar roep uit: ja ons sal, ons is nie bang nie! Ek word gevra om die handtekeninge te neem. Iemand sê: ná die diens, dit is tyd om in te gaan. Ouderling de Klerk sê: nee, nou vóór ~~die~~ ons ingaan. Ouderling Botha ~~gee~~ waarborg toe namens diegene wat teen Ds Odendaal gestem het dat hul hulle handtekeninge ná die diens sal gee.
Dr de Vos vra toe vir iemand om te bid. Daarna doen Ds Odendaal 'n beroep op diegene wat vir hom en die handhawing van die Ringsbesluit gestem het om die diens by te woon en nie weg te gaan nie. Dr de Vos bestyg toe die kansel en lees die besluit van die Ring aan die gemeente voor. Daarna voeg hy by dat die kerkraad intussen besig geraak het en besluit het om sake in hulle eie hande te neem. Die kerkeiendom is in die naam van die kerkraad geregistreer en kragtens artikel 25 mag niemand in die gemeente preek sonder hul toestemming nie. Die besluit van die Ring sal na die kerkraadsvergadering in oorweging gaan. 'n Aantal mense verlaat die kerk.

Na die diens in die konsistorie vra Ds Odendaal weer vir die name van diegene

W.J. de la Rey.

wat toen hom gestem het ewaak ...
wat uit hom gestem het. Dr de Vos se ...
broers niemand kan sulle verplig om te ...
nie, sulle doen dit nie. Hom ons lief.
Ek kan ondersteuning toe te bring by my waarheid ... my
by en al diegene wat teen Dr Odendaal
gestem het, weer toe. Meeste van die wat
vir Dr Odendaal gestem het teken daarna
By die aanstelling het Dr de Vos weer
gepreek. Ek het wederom beswaar gemaak
dat hy, gesien die kerkbesluit, oftewel as
pastor loci in die konsistorie en dat hy
preek dog hy het my beswaar geignoreer!

W.D. de la Rey.

Die verklaarder erken dat hy ten volle
op hoogte is met die inhoud van hierdie
verklaring en dat dit die Waarheid is
Deceased voor my te Durban op hierdie
18de dag van April 1944

Ghuw. [illegible]

[signature] Inspekteur
Kommissaris van Ede
Natal Afdeling.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Bylae X.



EDWARD JOHN MULLER, woonagtig te 39 Palm Grove, Overport, Durban, verklaar onder eed as volg:

Ek is 'n ouderling in die N.G. Gemeente, Durban. Op sondagmôre 16 April het ek ongeveer 9.25 by die kerk aangekom die opening van die sondagskool by te woon. Die saaldeure was toegesluit en ouderling M. Hattingh was in die konsistorie. Ek is meegedeel dat hy die sleutel van die saal het en weier om dit oop te sluit. Ek het hom toe gaan vra op wie se gesag hulle weier om die saal vir sondagskool oop te sluit. Hy het geantwoord 'op besluit van die sondagskoolkommissie. Ek het hom toe gevra of hulle hulle dan nie onderwerp aan die besluit van die Ring nie; hy het gesê 'Nee.' Ek het hom toe gewys op die telegram van die Ring en hulle besluit. Hy sê die Ring het geen seggenskap oor ons nie en hy weier beslis om die saal oop te sluit. Ek het hom toe gevra om self die sondagskoolkommissie se besluit aan die kinders en ouers bekend te kom maak. Daar was by die tyd ongeveer 146 kinders en 'n aantal ouers teenwoordig. Hy het egter geweier. Ouderling Rinken het daarna die ouers en kinders meegedeel wat gebeur het en hulle toe gevra om maar weer huis-toe te gaan.

Ongeveer 10.45 dieselfde môre het ek na die konsistorie gegaan. By die deur het ek gesien dat Ds. Odendaal toegang geweier word deur drie of vier kerkraadslede. Ek het hulle gevra kragtens watter reg hulle Ds. Odendaal toegang weier. Hulle het toe gesê dit is hulle eie besluit dat Ds. Odendaal nie sal preek nie. Dr. de Vos het toe na hulle gekom en gesê hulle moet Ds. Odendaal maar ~~moet~~ laat inkom. Binnegekom het Dr. de Vos die besluit van die Ring gelees en daarby gevoeg dat 'n meerderheid van kerkraadslede kom genader het en gevra het dat Ds. Odendaal nie moet preek nie. Hy het verder gesê dat Ds. Odendaal niks hier te sê het nie en toe vertel dat die konsistorie deur in Dr. Murray se gesig toegeslaan is toe hy eenkeer ~~ty~~ 'n geneemte as afgevaardigde gekom het en dat hulle self tot ~~by~~ die Privy Council in Engeland gegaan en niks kon maak nie. Hy sê verder dat hy Ds. Liebenberg gevra het om die dienste die sondag waar te neem dog dat Ds. Liebenberg vir Ds. Odendaal gevra het om te preek sonder sy toestemming. Hy het toe uit die wet gelees dat geen leeraar in die gemeente van 'n ander mag preek sonder die kerkraad se toestemming. Ds. Liebenberg sê toe hy is gereed om te preek. Ds. Odendaal sê hy is daar namens die Ring en moet sy plig doen. Hy glo nie in geweld nie. Dr. de Vos vra toe dat die kerkraadslede moet stem of hy of Ds. Odendaal moet preek. Iemand het toe gesê dat dit 'n ongekonstitusionelde vergadering is en ons kan nie stem nie. Die meerderheid het gestem dat Dr. de Vos moes preek. Toe vra hy wie vir Ds. Odendaal stem, en hy tel 16. Ds. Odendaal vra toe dat al wat vir Dr. de Vos gestem het hulle name moes teken en ook die wat vir hom gestem het. Ouderling Botha gee die versekering dat hulle die kerkraadslede wat vir Dr. de Vos gestem het, na die diens al hulle name sal teken. Dr. de Vos het in die kerk van die preekstoel af die telegram gelees van die Ring en daarby gevoeg dat die Kerkraad besluit het dat hy die diens moet waarneem. Hy het gesê die kerk is die eiendom van die kerkraad en verder ook iets aangaande artikel 25.

Na die diens in die konsistorie het Ds. Odendaal weer Dr. de Vos daaraan herinner dat die kerkraadslede hulle name moet teken soos beloof. Dr. de Vos sê toe : julle teken niks, kom ons loop. Niemand van die wat vir hom gestem het wou toe teken nie. Die wat vir D. Odendaal gestem het, het toe hulle name geteken.

E.J. Muller

DIE VERKLAARDER ERKEN DAT HY TEN VOLLE OP HOOGTE IS MET DIE INHOUD VAN HIERDIE VERKLARING EN DAT DIT DIE WAARHEID IS. BEEDIG VOOR MY TE DURBAN OP HIERDIE 18DE DAG VAN APRIL, 1944.

[signature]
D/INSPEKTEUR.
KOMMISSARIS VAN EDE, [illegible]

Getuie:- W.D. de la Rey.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Bylae Y

144

**HENDRIK [illegible]** verklaar onder Eed:

Ek is Ouderling van die N.G. Gemeente Durban, woonagtig te 93 Hospitaalweg, Durban.

Saterdagmiddag 23 April 1944 om ongeveer 4 uur n.m. is ek deur Ouderling H. Storm in kennis gestel dat Dr. de Vos gevra het dat sy kerkraadslede die aand om 7.30 n.m. by die pastorie moet bymekaar kom. Aangesien ek siek was het ek eers beswaar gemaak, maar later het ek gevoel ek moet gaan om te hoor wat gaande is. Ek het toe Ouderling Storm meegedeel dat ek sou gaan, en 7.00 nm was ek by Ouderling Storm en ons is toe per kar na die pastorie van Dr. de Vos. Daargekom het ek op die stoep gaan sit want ek het moeg en siek gevoel. Dr. de Vos het ons daar [illegible] verwelkom. 'n Rukkie later is ons na binne en ek en Ouderling Storm en Stiegers het saam op een bank gesit. Ouderling Storm vra toe vir Ouderling Stiegers wat op die Ringsitting gebeur het. Ouderling Stiegers antwoord hulle het ons predikant afgesit. Meer kerkraadslede en ander mense het grandeweg aangekom en in groepies staan en gesels tot ongeveer 7.30. n.m. Toe het die mense ingekom en Hallelujaliedere gesing. Die eerste lied was No. 437 "Ek maak jul tot vissers van mense". Na sang het Ouderling F. Botha (afgevaardigde na Ring) opgestaan en die ongeveer 60 of 70 aanwesiges toegespreek. Dr. de Vos het nou in die gang gestaan en was nie veronderstel om teenwoordig te wees nie. Ouderling Botha se toe dat diaken Roux later aan die vergadering sal voorlees wat gebeur het by die Ringsitting, maar hy wil net se dat die Ring alles vooraf klaar afgehandel gehad het aangaande die moeilikhede in ons gemeente. Dr. de Vos het teen alles geprotesteer, dog dit is nie in aanmerking geneem nie. Die Ring het hulle (die afgevaardigdes van Durban) swak behandel en feitelik geen notisie van hulle geneem nie. Hy het daarna diaken Roux ( die ander afgevaardigde) geroep om te kom aflees wat by die Ring gebeur het. Toe Diaken Roux inkom het Dr. de Vos hom uit die gangdeur geroep en gevra dat hy hom eers moet kom sien. Intussen het ons 'n lied gesing. Toe diaken Roux terugkom, het hy gese: Christenbroers en susters ons moet verstaan Dr. de Vos is nie nou op hierdie vergadering teenwoordig nie, maar ons sal as ons klaar is, hom inroep om ons toe te spreek. Toe het hy die besluit van die Ring aangaande die Durban-gemeente-moeilikhede voorgelees, naamlik dat Dr. de Vos Vrydagmore eers tydelik geskors was, maar daarna is dit tydelik teruggetrek en is aan hom tyd gegee om sy demissie aan te vra voor dieselfde aand. Dr. de Vos het geprotesteer en geweier om dit te doen. Toe het die Ring hom sonder enige verdere verhoor alle kerklike en geestelike werk verbied tot tyd en wyl die Ringskommissie wat oor die sake moet kom sit, uitspraak gegee het. Daarop het van die aanwesiges uitgeroep: Ons sal dit nie toelaat nie !

[signature] [signature] /Diaken Roux.....

Bylae Y

**HENDRIK [illegible]** verklaar onder Eed:

Ek is Ouderling van die N.G. Gemeente, [illegible], woonagtig te 93 Hospitaalweg, Durban.

Saterdagmiddag 25 April 1964 om ongeveer 4 nm. is ek deur Ouderling H. Stern in kennis gestel dat Dr. de Vos gevra het dat sy kerkraadslede die aand om 7.30 [illegible] by die pastorie moet bymekaar kom. Aangesien ek siek was het ek eers beswaar gemaak, maar later het ek gevoel ek moet gaan om te hoor wat gaande is. Ek het toe Ouderling Stern [illegible] dat ek sou gaan, en 7.00 nm was ek by [illegible] en ons [illegible] pas kom na die pastorie van Dr. de Vos. Daar gekom het ek op die stoep gaan sit want ek het moeg en siek gevoel. Dr. de Vos het ons daar [illegible] verwelkom. 'n Rukkie later is ons na binne en ek en Ouderling Stern en Stiegers het saam op een bank gesit. Ouderling Stern vra toe vir Ouderling Stiegers wat op die Ringsitting gebeur het. Ouderling Stiegers antwoord hulle het ons predikant afgesit. Meer kerkraadslede en ander mense het geandeweg aangekom en in groepies staan en gesels tot ongeveer 7.30. n.m. Toe het die mense ingekom en [illegible] gesing. Die eerste lied was No. 437 "Ek maak jul tot [illegible] van mense". Na sang het Ouderling F. Botha (afgevaardigde na Ring) opgestaan en die ongeveer 60 of 70 aanwesiges toegespreek. Dr. de Vos het nou in die gang gestaan en was nie veronderstel om teenwoordig te wees nie. Ouderling Botha se toe dat diaken Roux later aan die vergadering sal voorlees wat gebeur het by die Ringsitting, maar hy wil net se dat die Ring alles vooraf klaar afgehandel gehad het aangaande die moeilikhede in ons gemeente. Dr. de Vos het teen alles geprotesteer, dog dit is nie in aanmerking geneem nie. Die Ring het hulle (die afgevaardigdes van Durban) swak behandel en feitelik geen notisie van hulle geneem nie. Hy het daarna diaken Roux (die ander afgevaardigde) geroep om te kom aflees wat by die Ring gebeur het. Toe Diaken Roux inkom het Dr. de Vos hom uit die gangdeur geroep en gevra dat hy hom eers moet kom sien. Intussen het ons 'n lied gesing. Toe diaken Roux terugkom, het hy gese: Christenbroers en susters ons moet verstaan Dr. de Vos is nie nou op hierdie vergadering teenwoordig nie, maar ons sal as ons klaar is, hom inroep om ons toe te spreek. Toe het hy die besluit van die Ring aangaande die Durban-gemeente-moeilikhede voorgelees, naamlik dat Dr. de Vos Vrydagmore eers tydelik geskors was, maar daarna is dit tydelik teruggetrek en is aan hom tyd gegee om sy demissie aan te vra voor dieselfde aand. Dr. de Vos het geprotesteer en geweier om dit te doen. Toe het die Ring hom sonder enige verdere verhoor alle kerklike en geestelike werk verbied tot tyd en wyl die Ringskommissie wat oor die sake moet kom sit, uitspraak gegee het. Daarop het van die aanwesiges uitgeroep: Ons sal dit nie toelaat nie!

[signatures] Diaken Roux.....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

 

/toelaat nie !

Diaken Roux sê dat die Ring onregverdiglik teen [illegible] de V[illegible] gemeente-afgevaardigdes was en het verder uit[illegible] onbillikheid van die Ring en gesê dat hulle [illegible] waar-af teen ;Dr. de Vos besluit gehad het. Op versoek van [illegible] is daar toe deur iemand 'n voorstel gemaak dat Dr. de Vos [illegible] predikant bly, die Ring betaal hom nie, die [illegible] het hom [illegible] beroep nie, ons het hom beroep en ons betaal [illegible] en hy [illegible] die gemeente. Hierdie voorstel is met applous [illegible] teenstem. Die kerkraadslede wat teenwoordig [illegible]. Vyf-en-dertig het opgestaan, maar ek het bly sit. Die [illegible] is aangekondig as Sö. Toe is Dr. de Vos gevra om in te [illegible] hy het ingekom geklee in manel en witbef met sy toga oor die arm. Diaken Roux deel hom toe mee dat hierdie kerkraad hier [illegible]dig besluit het dat hy hul predikant moet bly en hulle sal hom nie laat gaan nie, hulle ignoreer die uitspraak van die Ring, want die Ring het hom nie beroep nie en betaal hom ook nie. Dr. de Vos het daarna gesê: Broers en susters die Ring het besluit om my, my vrou en my kinders in die veld uit te sit. Die gehoor skree: Nooit nie ! skande! Ons sal dit nie toelaat nie ! Dr. de Vos wys na sy toga oor sy arm en sê: Die Ring neem my mantel weg. Die gehoor skree weer: Nooit nie ! Ons sal dit nie toelaat nie! Hierop staan ouderling Meintjes op, neem die toga van Dr. de Vos se arm af en hang dit om Dr. de Vos. Toe staan almal, behalwe ekself op en sing:"Prys den Heer met blyde galme" Dr. de Vos sê : Broers, dankie, julle het my mantel omgehang en ek aan-vaar dit. Dit meen ons ignoreer die Ring geheel- en-al. Hy ver-duidelik toe dat daar geen klagtes teen hom was nie, slegs dat 'n ses of sewe kwaadstokers vals dinge na die Ring gestuur het. Op aandrang en advies van Dr. de Vos word die volgende besluite ge-neem: (a) Ds. Odendaal sal nie toegelaat word om die volgende more in die konsistorie in te kom nie of enige uitvoering te gee aan die besluit van die Ring nie.

(b) Dat die Sondagskool nie toegelaat sal word om die vol-gende more gehou te word nie; die deur sal gesluit gehou word.

(c) Al die kerkraadslede moet die volgende more vroeg daar wees om uitvoering te gee aan bogenoemde besluite. Ander gesag-gesinde kerkraadslede moet ook in kennis gestel word om daar te wees.

In verband met (a) verduidelik Dr. de Vos dat die Ring ons nou sal moet dagvaar, dog hul het geen hoop nie. Hy wys daarop dat daar twee vorige gevalle was waar die predikant en sy Kerkraad die afgevaardigde van 'n hoër Kerkbestuur die die konsistorie en die kerk geweier het. Hy het die geval ge-noem van Dr. Andrew Murray in wie se gesig die deur toegeslaan is en waar die Ring die saak in die hof verloor het en dat Dr. A. Murray tot na die Privy Council in Engeland gegaan het, en niks kon maak nie en alle onkoste moes betaal.

Iemand vra toe: as ons die saak verloor,wat dan? Dr. de Vos sê dan weet ons wat om te doen. Iemand anders vra: Wat van die Kerkwet ? Dr. de Vos antwoord: Ons het besluit

/om die....

/besluit

om die Ringsbesluit te ignoreer en het die [illegible]

Verder sê Ds. de Vos dat by die [illegible] Vrydagaand (21/4/44) elkeen van ons kerkraadslede wat kan [illegible] en die wat ook nie hier is nie teenwoordig moet wees sodat ons 'n kworum kan hê.

Daar is toe verder ook besluit dat Dr. de Vos Sondag beide die oggend- en aanddienste in die Sentraal-kerk sal waarneem.

Daarna spreek o.a. Ouderling Meintjes sy waardering uit oor die bereidwilligheid en dapperheid van Dr. de Vos en spreek sy teleurstelling uit oor die partydigheid van die Ring en voeg daarby dat 'n ou predikant in Uitenhage Sondag gesê het die vloer van die hel is uitgelê met predikante.

Die byeenkoms word toe afgesluit met 'n dankgebed. Toe is gevra dat al die kerkraadslede teenwoordig hulle handtekening moet gee. Dr. de Vos vra daarop dat nie net kerkraadslede nie, maar almal teenwoordig hulle naam moet teken in die boek wat hulle op sy verjaardag geteken het. Hierop het ek uitgeloop en toe ek op die stoep kom vat diaken Esterhuizen my aan die arm en sê ek moet my naam kom teken. Ek sê toe ek is siek en wil 'n bietjie asem gaan skep. Hy sê daarop dat hy 'n siekekundige is en kan sien dat ek lieg en dat ek nie siek is nie, maar dat ek wil vlug, verder dat as ek die trappe afstap hy my sal vertel wat ek is. Dr. de Vos en Ouderlinge Steyn en Jordaan kom nou ook uit en laasgenoemde neem my aan die arm en sê: "Broer kom teken nou maar". Hierop sê ek: ek is beledig en ek weier nou beslis om te teken, waarop ek die pastorie-gronde verlaat het.

Van die kerkraadslede wat daar teenwoordig was ken ek die volgende by name:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Ouderling | F. Botha | Diaken | C. Botha |
| " | W. Meintjes | " | Esterhuizen |
| " | J. Kruger | " | Roux |
| " | H.C. Steyn | " | Etsebeth |
| " | Bucknall | " | van Schalkwyk |
| " | H. Cilliers | " | van Aswegen |
| " | Jordaan | " | Smidt |
| Scriba | Cilliers | " | W. Meintjes |
| | | " | Maartens. |

[illegible signature] [illegible signature]

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Bylae Z

IV

(No. 20.)

Nº 64

Evansweg 203
21 Apr. 1944

Scriba Ned. Ger. Kerk
Durban

Geagte mnr. Skriba,
Hiermee die bedanking van Dr. D.J. de Vos as leraar van die Ned. Ger. Kerk (Gemeente) Durban sowel as by bedanking as lid van die Ned. Ger. Kerk. Ek is soos u weet on verhoord geskors deur die Ring van Pietermaritzburg.

Hiermee ook die bedanking van die ondergetekende of gemelde kerkraadslede as kerkraadslede sowel as lidmate van die Ned. Ger. Kerk. U weet hulle is ook on verhoord geskors, ten minste die meerderheid van hulle, en ook sonder dat hulle weet wie hulle aanklaers is. Stuur asb. die lidmaatsertifikate so gou as doenlik.

Godsdank die gebreekte juk ... is gebreek. Waar die Gees van God daar is vryheid.
Boeke ens. nog in my besit sal af op aanvraag.

Opreg, die uwe
D.J. de Vos.

Afskrif gestuur aan Ringskriba 7/6/44

